# DIE GESKIEDENIS VAN WOLMARANSSTAD TOT MET UNIEWORDING 1910

JOHANNES STEPHANUS COETZER

VERHANDELING

ter voldoening aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (Geskiedenis) in die fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

STUDIELEIER: DR. H.D. LONGLAND

POTCHEFSTROOM
JUNIE 1986



Thomas Spence Leask (1853-1946)
"Die Vader van Wolmaransstad"

(dr. I.L. Firth - Wolmaransstad)

INHOUD BLADSY


Lys van illustrasies en foto's i

Voorwoord ii

HOOFSTUK

1. Die nie-blanke in Wes-Transvaal tot met die koms van die Voortrekkers 1

2. Die vestiging van die blanke in die Wolmaransstadse distrik 9

3. Die geskiedenis van boerdery in die Wolmaransstadse distrik in die negentiende eeu en die problematiek daaraan verbonde 34

4. Die stigting en ontwikkeling van Wolmaransstad en distrik 98

5. Kerkgeskiedenis in die Wolmaransstadse distrik 151

6. Skoolstigting en ontwikkeling van die onderwys in die Wolmaransstadse distrik 170

7. Wolmaransstad tydens die twee vryheidsoorloë tussen die ZAR en Groot Brittanje 195

8. Die era van heropbou vanaf vredesluiting tot Uniewording 241

Bylaes 310

Bibliografie 312

Abstract 319

## LYS VAN ILLUSTRASIES EN FOTO'S — TEENOOR BLADSY


| | |
|---|---|
| Foto van S. Broadbent en T. Hodgson | 10 |
| Foto van Lewis Broadbent | 11 |
| Kaart van Trekkerkolonies 1838-1850 | 21 |
| Foto van J.M.A. Wolmarans | 101 |
| Foto van H.J. Badenhorst en eggenote | 112 |
| Foto van Thos Leask en gesin | 148 |
| Foto van Thos Leask se winkel | 150 |
| Foto van genl. S.P. du Toit | 199 |
| Foto van krygsgevangenes op Bermuda | 239 |
| Foto van hotel en bank, Wolmaransstad | 272 |
| Foto van dorpsraad van Wolmaransstad | 278 |
| Foto van CNO-skool te Wolmaransstad | 299 |

## VOORWOORD

Die belangrike plek wat Wolmaransstad en distrik vandag in die boerderygemeenskap van Wes-Transvaal inneem, het skrywer genoop en gemotifeer om op wetenskaplike wyse 'n bietjie dieper in die pioniers- en vormingsjare van die distrik en sy inwoners tot met Uniewording te gaan delf. Hieraan het daar beslis 'n behoefte bestaan aangesien die enigste literatuur wat nog oor die geskiedenis van die dorp en distrik gepubliseer is, naamlik P.H.S. van Zyl se "Geskiedenis van Wolmaransstad", bloot 'n geleentheidspublikasie is. As sodanig en as synde populêre leesstof is die inhoud daarvan noodwendig nie wetenskaplik verantwoord nie.

Hoewel dit waardevolle inligting bevat wat nie in ander sekondêre bronne opgeteken is nie, bevat dit opsigtelike leemtes waarvan die versuim om die presiese datering van gebeure weer te gee die vernaamste is. Gebrek aan historiese kontinuïteit in die ontwikkelingsgang van 'n bepaalde faset of tema kom op verskeie plekke voor en skep historiese gapings wat gebeure in die lug laat hang. In vele gevalle het vaagheid by die relaas van gebeure die navorsingswaarde daarvan in 'n hoë mate bevraagteken.

Die onderhawige studie is dus nou 'n poging om 'n vakwetenskaplike sintese van die ontwikkelingsfases van die geskiedenis van die Wolmaransstadse distrik in al sy fasette aan te bied en bestaande leemtes daarin te probeer aanvul. Skrywer maak egter nie enigsins daarop aanspraak dat die werk 'n volledige weergawe van genoemde ontwikkelingsgang bied nie. Daarvoor het te veel onopgetekende kennis van die wel en wee van die distrik gedurende die negentiende eeu saam met die uitgestorwe geslagte van daardie era verlore gegaan.

Die historiese ontwikkelingsgang van die distrik is weens die groot omvang van sy streeksgeskiedenis net tot met Uniewording gevoer en is dié periode as 'n geslote eenheid behandel. Laasgenoemde historiese gebeurtenis is as afsluitingspunt geneem omdat die periode van heropbou na die Anglo-Boereoorlog toe min of meer voltooi was, 'n politieke era daarmee afgesluit is en 'n totaal nuwe politieke bedeling toe betree is.

Weens die aard van die onderhawige studie is die bespreking van die verskillende temas chronologies en tematies benader. Die temas is dan deurgaans in aparte hoofstukke tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog gevoer. Na die oorlog is die proses van heropbou binne die bestek van een hoofstuk ook weer tematies behandel. Die navorsing ten opsigte van die periode voor 1890 is grootliks bemoeilik deur die gebrek aan primêre bronne deurdat die Staatsargiefbewaarplek in Pretoria oor geen dokumente van Wolmaransstad ten opsigte van die periode beskik nie. Vir bronnemateriaal moes daar dus teruggeval word op gepubliseerde argivale materiaal, staatspublikasies soos Volksraadsnotules en staatskoerante, op koerante soos veral De Volkstem en De Potchefstroomer, op proefskrifte en verhandelinge, op sekondêre literatuur en op kerk- en onderwysrekords.

As kernbron vir die navorsing het egter vir die periode vanaf 1876 gedien die herinneringe van Thomas Spence Leask. Deurgaans is die temas teen die agtergrond van die opset soos dit in die res van die ZAR was, aangebied en is dié opset ook vir die Wolmaransstadse distrik van toepassing gemaak, veral waar inligting ten opsigte van laasgenoemde gebied te karig was om 'n samehangende geheelbeeld van die betrokke tema daar te stel. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het 'n groot hoeveelheid kerklike en amptelike rekords ook in die slag gebly waardeur die navorser in 'n hoë mate van potensiële navorsingsmateriaal beroof is. Die periode tussen vredesluiting en Uniewording is egter relatief goed gedokumenteer en het nie noemenswaardige navorsingsprobleme opgelewer nie. Ter wille van milieu is alle historiese eenhede van geld, gewig, inhoud, mate en afstand behou. Die gemetriseerde weergawe hiervan is deurgaans daarna tussen hakies weergegee.

Hierdie navorsing is moontlik gemaak deur die bydrae van verskeie persone en instansies aan wie ek groot dank verskuldig is. Eerstens gaan my diepe dank en waardering aan my studieleier, dr. H.D. Longland, vir sy wetenskaplike leiding, raad, aanmoediging en insiggewende kritiek wat nie net onontbeerlik was vir die betrokke navorsing nie, maar dit ook 'n genotvolle ervaring gemaak het.

Vervolgens ook my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

Die personeellede van die Staatsargief in Pretoria; die NG-Kerkargief in Pretoria; die NH-Kerkargief in Pretoria, die Gereformeerde Kerkargief in Potchefstroom en die Ferdinand Postma-Biblioteek van die PU vir CHO in Potchefstroom,

dr. I.L. Firth van Wolmaransstad vir sy belangstelling, hulpverlening en beskikbaarstelling van dokumentêre materiaal,

die Stadsraad van Wolmaransstad vir finansiële ondersteuning aan die navorsing,

die Departement van Rekenaarsdienste van die PU vir CHO vir die beskikbaarstelling van hulle apparaat,

die RGN wie se finansiële bystand tot die navorsing hiermee erken word,

die inwoners van Wolmaransstad en distrik vir hulle belangstelling in en ondersteuning aan die navorsing,

mnr. Z.L. Pretorius vir sy belangstelling en waardevolle wenke,

mnr. H.M. Robinson en mej. C.C.E. Koorts wat gehelp het met die taalkundige versorging van die navorsing en aan

Ina, Stefanie en Liezel vir hulle belangstelling, ondersteuning, geduld, opofferings en die skepping van 'n liefdevolle atmosfeer waarin ek kon werk.

My hoogste dank gaan egter aan ons Skepper deur wie en tot wie alle dinge is.

J.S.COETZER
POTCHEFSTROOM
JUNIE 1986

# HOOFSTUK 1

## DIE NIE-BLANKE IN WES-TRANSVAAL TOT MET DIE KOMS VAN DIE VOORTREKKERS

Die ongeveer twee dekades voor die intog en vestiging van die Boere in Wes-Transvaal was dié gebied nog die toneel waar naakte barbarisme die botoon gevoer het. In hul onversadigbare bloeddorstigheid en magsbeheptheid het die sterkere swart stamme onverpoosd en onvermoeid op die swakkeres jag gemaak en onder laasgenoemde verwoesting, dood en ellende gesaai. In die nimmereindigende jagtog was daar maar altyd die voortvlugtendes wat hulle iewers, uit vrees vir hulle lewens, moes skuilhou. Gesogte wegkruipplekke was veral beboste rante en koppies. So het ook die rante oos van die huidige Wolmaransstad as uitstekende wegkruipplek vir menige vlugtende horde gedien. Tasbare bewys hiervan is byvoorbeeld te vinde op onder andere die plase Blinkklip en Klipfontein waar rotstekeninge, gemaak deur rondswerwende Boesmans en Korannas, nog voorkom. In genoemde rante het onder andere vroeër die Korannas onder Mathlawatsie gewoon totdat ook hulle weer voor sterkere stamme op die vlug moes slaan.[1] Aan 'n Boesman, ene Matloasi of Maqua'si wat ook op 'n tydstip alhier gewoon het, het Makwassie sy naam ontleen.[2]

Teen die begin van die negentiende eeu het die Tswanavolk 'n uitgestrekte gebied ten noorde en ten weste van die Vaalrivier bewoon.[3] Met die koms van die eerste groep Voortrekkers na Transvaal, nagenoeg vier dekades hierna, het die bevolkingsverspreiding in dié gebied egter totaal anders daar uitgesien. In Januarie 1837 het die eerste

[1] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.10.

[2] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.32.

[3] G.M. Theal, *History of South Africa from 1795 to 1872*, p.432.

Voortrekkers Wes-Transvaalse grondgebied betree. Dit was naamlik die kommando onder aanvoering van Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz op pad na Mosega om 'n strafekspedisie teen Silkaats uit te voer. Die kommando het die Vaalrivier by Kommandodrif in die huidige Wolmaransstadse distrik oorgesteek.[4] In November 1837 het Potgieter en Piet Uys 'n tweede strafekspedisie teen Silkaats onderneem. Potgieter het berig dat hy tydens dié ekspedisie vanaf die Vaalrivier tot by Mosega 'n woeste en onbewoonde landskap aangetref het met slegs 'n enkele Baharutsi wat by die Wondergat skuilgehou het.[5]

Uit hierdie verklaring en ook aan die hand van berigte van jagters, sendelinge en reisigers blyk dit duidelik dat met die koms van die Voortrekkers in Wes-Transvaal laasgenoemde gebied, dit wil sê die gebied tussen die Vaalrivier, die Kalahari-woestyn en Silkaats se vesting by Mosega, feitlik totaal ontvolk was. So byvoorbeeld het Andrew Bain in hierdie tyd dié gebied beskryf as "a great waste, teeming with game, where a few Bechuana hunters might occasionally be seen...Cultivation of the ground had of course ceased and the survivors of the former inhabitants were eking out a miserable existence on the border of the desert...."[6]

Hierdie toedrag van sake was hoofsaaklik die uitvloeisel van die sogenaamde Dfiqane of verdelgingsoorloë wat ook in onder andere Wes-Transvaal van 1823 af deur eers Mantatisi en haar Bathlokwa en toe deur Silkaats en sy Matebele onder die swart stamme gevoer is. Die Dfiqane het losgebars nadat Silkaats met 'n groep volgelinge van die Zoeloes weggebreek het ten einde aan Tsjaka se tirannieke oorheersing

[4] C. Potgieter en N.H. Theunissen, Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter, p.70.

[5] C. Potgieter en N.H. Theunissen, Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter, p.84.

[6] G.M. Theal, History of South Africa, pp.476-477.

te ontkom. Mantatisi het terselfdertyd in die huidige Vrystaat met haar krygsoperasies begin. Tydens hulle omswerwinge het die twee groepe nie net dood en verwoesting onder die swart bevolkings in veral die Transvaal gesaai nie, maar ook talle lede van die verslane stamme in hulle geledere opgeneem sodat hulle algaande tot twee uiters gedugte en gevreesde krygsgroepe ontwikkel het. Die toestand van ontvolking in onder andere ook die Wolmaransstadse omgewing teen die veertigerjare van die agtiende eeu is ook tydens die era van die Dfiqane teweeggebring. Om die invloed wat die Dfiqane op die verspreiding van die swart stamme in Wes-Transvaal en op die mate van ontvolking van dié gebied gehad het, aan te toon, is dit nodig om 'n kort oorsig te gee van die geskiedenis en verspreiding in Wes-Transvaal van die Barolong, en meer spesifiek van die Barolong-Seleka in die voor-Dfiqane-era, asook van hulle lotgevalle tydens die Dfiqane en hulle verspreiding daarna.

Aan die begin van die negentiende eeu het die Tswanavolk die gebiede noord en wes van die Vaalrivier bewoon.[7] Een van die Tswanastamme, die Barolong, het die hele gebied tussen die huidige Zeerust en Wolmaransstad bewoon.[8] Hulle het ryk en magtig geword en teen die middel van die agtiende eeu die toppunt van hulle voorspoed onder die kapteinskap van Tau bereik.[9] Tau het hom met sy stam by Taung gevestig, maar is hier deur die Thlapings vermoor. Hierna het sy stam na die omgewing van die Malopo teruggetrek.[10] Omdat die stam te groot geword het en as gevolg van stamtwiste, is besluit om die stam onder

[7] W.F. Lye & M. Murray, *Transformations on the Highveld: The Tswana and Southern Sotho*, p.36.

[8] C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter*, p.36.

[9] P.J. Oosthuizen, Die geskiedenis van Marico tot 1900, p.6.

[10] W.F. Lye & M. Murray, *Transformations on the Highveld: The Tswana and Southern Sotho*, pp.29-30.

die kapteinskap van Tau se vier seuns te verdeel. So het die Baseleka-, die Baratlou-, die Batshidi- en die Barupalanastamme ontstaan.[11] Die Baseleka het hulle na vele omswerwinge in 1795 onder kapteinskap van Moreke by Thabeng (tans Buisfontein) naby die huidige Schoonspruit gevestig.[12] Moreke is tydens 'n geveg met die Batlatla gedood en is deur sy seun Sifonello opgevolg.[13] In 1823 het hy met sy stam gevlug om aan die aanrukkende Mantatese-hordes te ontkom. Tydens hulle vlug het hulle die sendelinge Samuel Broadbent en Thomas Hodgson teëgekom. Dié here was op soek na 'n swart stam om te bearbei en het hulle aldus daar en dan by die Barolong aangesluit. By Makwassiespruit het Sifonello 'n geskikte omgewing gevind waar hy vir hom 'n stat opgerig het. Later dieselfde jaar het hy en sy stam die stat tydelik ontruim toe die Mantatese digby die stat verbygetrek het sonder om dit aan te val.[14]

Teen ongeveer hierdie tyd het Silkaats en sy Matebele by die samevloeiing van die Vaal- en die Suikerbosrandrivier aangekom en hulle tydelik hier gevestig. Van hier af het hulle strooptogte op ander stamme wat ten weste van hulle woonagtig was, onderneem.[15] Sendeling Broadbent het in die verband berig dat vanaf 1823 Sotho's en Kwenas weswaarts deur Barolonggebied begin vlug het voor 'n stam genoem die "Matabeles".[16] In April 1824 het die Bataung onder Molitsane Sifonello se stat by

[11] S.M. Molema, The Bantu - past and present, pp.40-41.

[12] G.M.K. Schüler, Die BaRolong van Thaba'Nchu, O.V.S. : 'n Studie van kultuurverandering, p.28.

[13] G.W. Stow, The native races of South Africa, p.504.

[14] G.W. Stow, The native races of South Africa, pp.509-510.

[15] R.K. Rasmussen, Migrant Kingdom : Mzilikazi's Ndebele in South Africa, p.45.

[16] G.W. Stow, The native races of South Africa, p.511.

Makwassie aangeval, die Barolong verslaan en die stat, asook die woning van Broadbent verwoes. Sifonello en sy stam was verplig om te vlug en is ver langs die Vaalrivier af verdryf tot in die omgewing van Moos, 'n paar kilometer van die huidige Bloemhof af.[17]

In Augustus 1825 het die sendelinge Hodgson en Archbell - laasgenoemde het vroeër dié jaar uit Kaapstad aangekom - vir Sifonello en sy volk oorreed om na sy ou woonplek by Makwassie terug te keer. Die verblyf was egter van korte duur, want in die daaropvolgende maand het Sifonello met behulp van 'n groep Bergenaar-Griekwas die Bataung aangeval en toe die aanval afgeslaan is, het hy besluit om die Wes-Transvaalse gebied permanent te verlaat. Hy het hom nou met sy stam by Platberg in die Vrystaat gaan vestig. Hier is hy in die dertigerjare deur sy seun Maroka opgevolg.[18] As gevolg van vrees vir Silkaats se moord- en plundertogte en ook as gevolg van oorbevolking in die omgewing van die huidige Klerksdorp, het die res van die Baselekastam teen 1830 onder leiding van sendelinge Edwards en Archbell na Thaba'Nchu verhuis.[19] In 1829 het Silkaats se Matebele 'n vergeldingsaanval op die Bataung onder Molitsane uitgevoer en hulle tot by die Modderrivier in die Vrystaat verjaag.[20] Nadat Mantatisi en haar volgelinge in 1823 uit die Transvaal na die Vrystaat teruggekeer het, was die swart bevolking tussen die Drakensberg en die Molopo grootliks aan die genade van bendes plunderende Griekwas en Korannas oorgelaat. Hulle rol is deur Silkaats en sy Matebele oorgeneem toe hulle teen 1830 met hulle aanvalle op die stamme in Wes-Transvaal begin het.

[17] G.W. Stow, The native races of South Africa, p.513.

[18] W.G. Mears, Wesleyan Barolong Mission in Trans Orangia 1821 - 1884, p.12.

[19] C.J. Maritz, Voogbestuur en nasievorming by die Batswana van die R.S.A., p.218.

[20] G.M. Theal, History of South Africa, pp.474-475.

Spoedig het hulle die mag van die Bangwaketse-, Bahurutsi-, Bakatla- en die Bakwenastamme vernietig en hulle uitmekaargejaag. Aanvalle is ook op die Barolong gemaak. Van dié stamme is sommige by die Matebele ingelyf, terwyl ander òf oor die Vaalrivier gevlug het òf in die Kalahariwoestyn skuiling gaan soek het.[21] So byvoorbeeld is Gontse, Tawane en Moroko, drie Barolongopperhoofde, en hulle stamme in 1833 deur die Wesleyaanse sendelinge oorreed om na Thaba'Nchu te verhuis.[22] Ook Matlabe, 'n Barolongkaptein wat deur Silkaats onderwerp is, en as 'n vasal van hom opgetree het, het in 1835 voor Silkaats se oorheersing van sy woonplek by Thabeng gevlug en hom by die ander Barolong by Thaba'Nchu gevestig.[23]

Die enigste nie-blankes, sover bekend, wat met die koms van die Voortrekkers na Wes-Transvaal in die Wolmaransstadse distrik woonagtig was, was 'n groepie Korannas onder Massou wat hulle in 1829 by die huidige Zendelingsfontein tussen Klerksdorp en Wolmaransstad gevestig het en teen 1850 nog daar woonagtig was.[24] Volgens Paul Kruger was hulle die enigste stam in Wes-Transvaal wat nie weens die aanslae van die Matebele uit hulle oorspronklike woongebied padgegee het nie.[25] Nadat Silkaats in 1837 voor Potgieter uit oor die Limpopo gevlug het, het baie van die vlugteling-swartes uit hul skuilplekke na hulle oorspronklike woongebiede in Wes-Transvaal teruggekeer. Die vrees vir Silkaats het

[21] P.J. Oosthuizen, Die geskiedenis van Marico tot 1900, p.7.

[22] J.J. Snyman, Die Naturellestamme in Marico vanaf die 18e eeu tot die verdrywing van die Matebelestam in November 1837, p.17.

[23] J.J. Snyman, Die Naturellestamme in Marico vanaf die 18e eeu tot die verdrywing van die Matebelestam in November 1837, p.17.

[24] J.A. Engelbrecht, The Koranna, p.35.

[25] J.F.P. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.72.

egter nog tot in die veertigerjare voortgeduur, wat verhinder het dat die stamme die saak van heropbou met erns aangepak het.[26] 'n Belangrike rede vir vele se terugkeer na Wes-Transvaal was dat hulle hul onder die beskerming van die Boere veilig gevoel het. Hulle getalle alhier het gevolglik vinnig aangewas, sodat dit van 'n geskatte 10000 teen 1840 na 100000 teen 1853 toegeneem het.

Grond is deur die Boere aan die instromende swartes voorsien, eerste aan veral dié wat Boere hulp verleen het in hul stryd teen Silkaats. So byvoorbeeld is 'n stuk grond by Maklaong (nou Machaviestad) in 1839 aan Matlabe, 'n Barolongkaptein wat tydens die Boere se eerste aanval op Silkaats in 1837 as gids opgetree het, gegee. Die opperhoofde en kapteins wat na Transvaal teruggekeer het, het skynbaar geen beswaar gehad teen die feit dat die Boere nou jurisdiksie oor die gebied uitgeoefen het nie. Hulle het die nuwe gesag erken en selfs verwelkom omdat hulle nou in vrede kon lewe. Matlabe het byvoorbeeld op 12 Oktober 1839 verklaar dat die "verrinneweerde" land wat deur Potgieter van Silkaats verower is, aan die Boere behoort en dat geen swart stam daarop aanspraak kon maak nie.

So ook het Massouw en Moshete van die Barolong die Boere se aanspraak op die verowerde grond erken en dit deur hulle "herhaalden afstand van hunne aanspraken" bevestig.[27] Mettertyd het daar egter ontkennings van sekere swart leiers dat hulle hul aan die gesag van die Boere onderwerp het, gekom. Hierdie verandering in die houding by die swartes jeens die Boere kan hoofsaaklik aan die invloed van dr. Livingstone en sy kollegas van die Londonse Sendinggenootskap toegeskryf word. Dié probleem sou vererger word deur die vreemde swartes wat nie voorheen

[26] R.K. Rasmussen, Migrant Kingdom : Mzilikazi's Ndebele in South Africa, pp.135-136.

[27] J.F.P. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.72.

in die ontruimde gebiede gewoon het nie, maar nou daarheen begin stroom het.[28]

Die belangrikste uitvloeisel van die ontvolking wat deur die Dfiqane teweeggebring is, is dat in Wes-Transvaal 'n uitgestrekte niemandsland geskep is. Met die intog van die blankes in hierdie gebied na 1837 was hier dus 'n bevolkingsvakuum. Uitgestrekte gebiede het braak gelê en wag op besetting deur die nuwe inwoners. Dit was dan ook die geval in die Wolmaransstadse omgewing waar die blanke intrekkers vir hulle plase van hul keuse en na hulle hart kon uitsoek sonder enige vrees dat hulle eiendomsbesitreg moontlik deur die vroeëre nie-blanke bewoners betwis sou kon word.

[28] J.F.P. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, pp.69-70.

# HOOFSTUK 2

## DIE VESTIGING VAN DIE BLANKE IN DIE WOLMARANSSTADSE DISTRIK


Die vestiging van die blankes in die Wolmaransstadse distrik het in twee fases geskied, naamlik met die koms van die blanke sendelinge en die Voortrekkerboere in onderskeidelik die twintiger- en veertigerjare van die negentiende eeu. Die eerste fase was hoogs tydelik van aard terwyl die tweede fase in 'n permanente vestiging in die distrik sou oorgaan. Tussen die twee fases sou daar dan meer as 'n dekade verloop waartydens die genoemde distrik weer totaal van blankes ontvolk was as gevolg van die vertrek van sendelinge uit die gebied teen 1826.

Die eerste sendelinge om hulle in die huidige Transvaal en Wolmaransstadse omgewing te vestig, was Samuel Broadbent en Thomas Hodgson (kyk foto op volgende bladsy) van die Wesleyaanse Sendinggenootskap. In die jaar 1823 het hulle hul met hulle gesinne onder die Rolong van kaptein Sifonello naby die huidige Makwassie gevestig.[1] Hulle het spesifiek die Rolong uitgesoek, omdat hulle onder 'n stam wou werk wat nog nie deur ander sendelinge bearbei is nie.[2] Hulle aankoms in Wes-Transvaal was egter op 'n baie ongeleë en gevaarlike tydstip aangesien die Dfiqane of verdelgingsoorloë toe juis in hierdie rigting begin versprei het. Toe hulle op 13 Januarie 1823 met 'n deel van die Rolongstam kennis gemaak het, was dié juis op vlug voor die Mantatisi-hordes.

Op 9 Februarie 1823 het hulle Sifonello opgespoor en 'n tyd lank by hom en sy stam by hulle tydelike vesting gebly. Die sendelinge het toe

[1] J. du Plessis, Christians Missions in South Africa, p.176.

[2] R.L. Cope (ed.), The journals of Rev. T.L. Hodgson, p.3.





Sendelinge S. Broadbent en T.L. Hodgson
(Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis)

vooruit getrek na Matlwase (Makwassie) waar Sifonello beplan het om sy woonkwartiere in te rig.[3] Aan dié gebied is voorkeur gegee omdat daar 'n fontein en waterlope in die nabyheid was en omdat daar volop weiveld vir vee was.[4] Die terrein is in die Witpoort-omgewing op die noordelike helfte van die plaas Leeuwdoorns in die huidige Wolmaransstadse distrik.[5] Op 8 April 1823 het die sendelinge hier aangekom en dadelik begin om 'n huis te bou.[6] Volgens Broadbent se beskrywing was dit 'n regte hartbeeshuis, gemaak van pale, balke, klei, latte en met 'n grasdak.[7]

Op 1 Julie 1823 het mev. Broadbent geboorte gegee aan 'n seun, Lewis (kyk foto op volgende bladsy), die eerste blanke kind om in die Transvaal gebore te word. Op 9 Julie 1823 het die Hodgsons na Griekwastad vertrek om voorrade te gaan haal. Tydens hulle afwesigheid het die Mantatese-hordes digby Makwassie verbygetrek. Sifonello en sy stam het tydelik gevlug, maar die Broadbents het in hulle huis agtergebly omdat mev. Broadbent te swak was om te vlug. Vir drie dae lank het die Mantatese by die stat verbygetrek sonder om dit aan te val.[8] Die feit dat die Broadbents nie voor die Mantatese gevlug het nie, het dadelik

3 R.L. Cope (ed.), The journals of Rev. T.L. Hodgson, pp.4-6.


4 W.A. Venter, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu, p.23.

5 J.J. Oberholster, Die historiese monumente van Suid-Afrika, p.312.

6 R.L. Cope (ed.), The journals of Rev. T.L. Hodgson, pp.4-6.

7 J.J. Oberholster, Die historiese monumente van Suid-Afrika, p.312.

8 W.G.A. Mears, Wesleyan Barolong Mission in Trans Orangia 1821-1884, p.9.



Lewis Broadbent

(Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis)

die bygeloof van die Rolongs gaande gemaak sodat vele van hulle vir lank daarna dit nie gewaag het om naby die sendingstasie te kom nie.[9]

'n Tydperk van betreklike rus en vrede het hierna vir die Rolongs aangebreek waartydens die sendelinge hulle taak met ywer kon aanpak. Inboorlinge van verafgeleë gebiede het kom handeldryf. Sommige het yster gebring waaruit pikke, byle, spiese en messe gemaak is. Van die stamme wat deur die Matebele geplunder is, het by die Rolongs kom skuiling soek en is toegelaat om hulle daar te vestig.[10] Sommige van die ouers was so arm dat hulle hul kinders verkoop of verlaat het. Om die rede het die sendelinge 'n tipe van weeshuis vir dié kinders by hulle stasie ingerig. Die Rolongs is aangemoedig om lande te bewerk en koring te verbou.[11] Ook ander gewasse soos mielies, boontjies en pampoene is deur hulle gekweek. Deur proefnemings het die sendelinge die geskikste tye vir die aanplant van gewasse probeer vasstel. Hulle was dus die eerste om te bewys dat mielies, tans die stapelgewas van Wes-Transvaal, daar sonder besproeiing gekweek kan word.[12] Die sendelinge het die Rolongs ook geleer om water te bekom deur putte te grawe.[13]

Die grootste struikelblok vir die sendelinge in die verkondiging van die evangelie te Makwassie was die taalprobleem. "It must not...be expected

[9] G.W. Stow, The native races of South Africa, p.510.

[10] G.M.K. Schüler, Die BaRolong van Thaba'Nchu, O.V.S. 'n Studie van kultuurverandering, pp.32-33.

[11] W.G.A. Mears, Wesleyan Barolong Mission in Trans Orangia 1821-1884, p.9.

[12] W.A. Venter, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu, p.27.

[13] W.G.A. Mears, Wesleyan Barolong Mission in Trans Orangia 1821-1884, p.9.

for some time", skryf hulle, "that the Gospel can be made known to them, for although Brother Broadbent can converse upon common subjects, we have not one interpreter who can be employed in explaining the Gospel to them."[14] Hulle tolk was 'n swart seun van veertien jaar, maar hy was nie geneë om hulle in hul sendingwerk by te staan nie.[15] Die sendelinge het hulle dus dadelik daarop toegelê om die Tswanataal aan te leer. Na 'n tyd het mev. Broadbent die Onse Vader in Tswana vertaal.[16] Die sendelinge het 'n elementêre skoolboekie in Tswana opgestel wat die alfabet, die Onse Vader, die Tien Gebooie en die Apostoliese Geloofsbelydenis bevat het. Dié boekie het Hodgson toe later in Kaapstad tydens 'n besoek van hom aldaar laat druk.[17] Met behulp van 'n eenvoudige drukapparaat wat Archbell in 1825 uit die Kaap saamgebring het, kon hy die alfabet en woorde van twee en drie letters druk. Hy kon nou begin om die Rolong te leer lees en skrywe. Aanvanklik het die swartes die sendelinge van towery verdink wanneer hulle hul sien skryf het. Dog mettertyd het hulle die waarde van die geskrewe woord besef. So byvoorbeeld het Sifonello die sendelinge versoek om hulle ook dié kuns aan te leer veral om te voorkom dat die boodskappers boodskappe verkeerd aan die ander hoofmanne sou oordra.[18]

[14] W.A. Venter, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu, p.26.

[15] W.A. Venter, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu, p.26.

[16] W.J. de Kock (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek deel 1, p.127.

[17] H. Guest, Voortrekkerdorp, p.15.

[18] W.A. Venter, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu, pp.241-242.

Deur middel van Hodgson se dagboek kry ons 'n kykie in die stamlewe van die Rolongs. Ons sien byvoorbeeld dat 'n misdaad soos diefstal met die dood strafbaar was deur die skuldige dood te steek of te verdrink.[19] In sy dagboek maak Hodgson melding van die talle sterftes in die stamgeledere as gevolg van honger. Dit is egter met totale gevoelloosheid deur die ander stamlede bejeën. Daar was skynbaar geen simpatie met noodlydendes nie. Dit spreek byvoorbeeld uit 'n inskrywing van 8 Desember 1824 in sy dagboek: "From the natives we were given to understand that the woman had died of hunger but as usual her awful death (at a time when the people abound in milk) and the fact of her body being dissected by their own dogs and the crows, excited no concern of sensation of horror or pain."[20] Hy berig ook dat ouers en kinders skynbaar min vir mekaar omgegee het.[21] Volgens Broadbent was kinderruilhandel 'n algemene gebruik onder die Rolongs.[22] Vroue is dikwels vir ander vroue verruil, vir vee verkoop of as geskenke weggegee.[23]

Op 3 Februarie 1824 het sendeling E. Edwards van die Wesleyaanse Sendinggenootskap vanuit Kaapstad by Makwassie aangekom. Hy was vir sendingwerk onder Chudheep en sy Korannas bestem, maar hy het eers berig gebring dat Hodgson na die Kaap moes terugkeer. Archbell sou hom opvolg, en hy, Edwards moes in Makwassie bly totdat Archbell daar sou arriveer. Kort na Hodgson se vertrek op 9 Februarie 1824 en voor

[19] R.L. Cope (ed.), The journals of Rev. T.L. Hodgson, pp.201-202.

[20] R.L. Cope (ed.), The journals of Rev. T.L. Hodgson, p.208.

[21] R.L. Cope (ed.), The journals of Rev. T.L. Hodgson, p.209.

[22] J.J. Snyman, Die Naturellestamme in Marico vanaf die 18e eeu tot die verdrywing van die Matebelestam in November 1837, p.18,

[23] W.A. Venter, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu, p.346.

Archbell se aankoms, het Edwards Makwassie verlaat en hom by Moos onder die Korannas gaan vestig. Weens sy versleegtende gesondheidstoestand kon Broadbent nie alleen die werk oop die sendingstasie behartig nie en het hy besluit om na die Oostelike Provinsie te gaan en om daar aan te sterk.[24]

'n Paar dae na sy vertrek uit Makwassie in Mei 1824 is die Rolongs deur die Bataungs aangeval. Die Rolongs is verslaan, die stat te Makwassie is vernietig en die stasie, wat nou onbeman was, is verwoes. Die Bataungs het 'n sakkie buskruit in Broadbent se huis gekry en dit probeer kook, maar met noodlottige gevolge vir die omstanders. Huulle het ook 'n pistool van Broadbent in die vuur probeer verhit. In die proses is die een wat daaroor toesig gehou het, in die ontploffing wat daarop gevolg het, gedood.[25] Sifonello en sy stam het nou suid-weswaarts tot by Moos uitgewyk.[26] Die stasie by Makwassie was gevolglik nou heel verlate.

Teen die begin van 1825 het Hodgson uit die Kaap teruggekeer en Archbell met hom saamgebring. Hulle het Sifonello by Moos aangetref en hom oorreed om na Makwassie terug te keer. Op 6 Augustus 1825 het hulle in Makwassie aangekom en dadelik weer begin huisbou en tuine aanlê. Hulle verblyf sou egter minder as twee maande duur, want Sifonello het op 18 September 1825 'n aanval teen die Bataungs geloods, maar is verslaan. Uit vrees vir vergelding deur die Bataungs het hy die gebied 'n paar dae later vir goed verlaat en hom later by Platberg, in die huidige Vrystaat, gaan vestig. Die sendelinge het geen keuse gehad as om saam met hulle te verhuis nie. Vir tien maande lank het Sifonello en sy stam aan die noorderoewer van die Vaalrivier rondgetrek.

[24] W.G.A. Mears, Wesleyan Barolong Mission in Trans Orangia 1821-1884, pp.9-10.

[25] C. Northcott, Robert Moffat, pioneer in Africa, p.93.

[26] G.W. Stow, The native races of South Africa, p.513.

Hy was nog steeds begerig om na Makwassie terug te keer, maar vrees vir die Bataungs het hom daarvan weerhou. 'n Geleentheid dat vrede moontlik tussen Sifonello en Molitsane van die Bataungs gemaak kon word, het hom nou voorgedoen. Hyhop, die Korannahoof wat met Molitsane vrede gemaak het, het laasgenoemde se woonkwartiere in die omgewing van Makwassie besoek. Hodgson het hom daarheen vergesel. Molitsane het Hodgson vriendelik ontvang en hom verseker dat hy vir hom en Archbell nie by Makwassie sou molesteer nie en verklaar dat hy begerig was om met Sifonello vrede te maak. Sifonello het hom egter nie vertrou nie en wou nie sy woord aanvaar nie. In Julie 1826 het Hodgson en Archbell hulle by Platberg naby die huidige Warrenton gaan vestig. Hiermee is die sendingaksie by Makwassie finaal beëindig.[27] Dit het misluk hoofsaaklik as gevolg van die onmag van die Rolongs om hulself teen die omringende swart stamme te beskerm.

Hoewel hulle verblyf in die Wolmaransstadse distrik maar van korte duur was, het die Wesleyaanse sendelinge se aktiwiteite groot betekenis vir die omgewing waarin hulle werksaam was, ingehou. Hulle invloed het hulle oor 'n breë terrein laat geld. Nie net was hulle ware pioniers op die gebied van die sending en die onderwys in Transvaal nie, maar hulle het ook op ander terreine soos dié van die landbou, die maatskaplike en militêre lewe 'n beskawende invloed op die swartes gehad. Ook het hulle geografiese gebiede, wat tot op dié stadium aan die blanke onbekend was, bekend gestel en so tot die uitbreiding van die kennis van die landstreke noord van die Vaalrivier bygedra.[28] Ook is die dagboeke wat hulle bygehou het vir ons 'n uiters waardevolle bron van kennis van die wel en wee van die swart stamme in Wes-Transvaal gedurende die twintigerjare van die negentiende eeu.

[27] R.L. Cope (ed.), The journals of Rev. T.L. Hodgson, pp.11-12.

[28] W.A. Venter, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu, pp.343-344.

Die sendingpos by Makwassie het met verloop van tyd nie slegs totaal verval nie, maar sy standplaas het in vergeteldheid geraak. In 1938 het Thomas Leask van Klerksdorp daarin geslaag om die standplaas van die sendingpos weer op te spoor. Hy is gelei deur die inligting verkry van 'n ou Boesman, wat in 1910 die plek waar die bouval toe nog te sien was, met vier klippe gemerk het.[29] Hoewel dié ruïne die enigste konkrete oorblywende getuienis van die sendingaksie van destyds is, het hulle diep genoeg pionierspore getrap om voort te leef in die annale van die Wes-Transvaalse geskiedenis.

Na die vertrek van die sendelinge uit Wes-Transvaal sou meer as 'n dekade verloop voordat die volgende groep blankes hulle opwagting hier sou maak. Dié groep het uit Voortrekkerboere bestaan wat hulle teen die einde van die dertigerjare van die negentiende eeu in die omgewing van die huidige Potchefstroom kom vestig het. Van hier af het hulle toe weer verder binneland toe verskuif. Sommige het suidweswaarts getrek en in die veertigerjare plase in die huidige Wolmaransstadse distrik begin beset.[30] Die huidige Wolmaransstadse distrik was vanaf sy vestigingsjare as die Makwassiewyk bekend en was deel van die Potchefstroomse landdrosdistrik.[31] Waar daar na die distrik Wolmaransstad verwys word, verskyn daar dus in dokumente die benaming Makwassie met sy baie wisselvorme in sy spelling. Die benaming sou tot in 1896, toe Wolmaransstad as afsonderlike distrik verklaar is, in swang bly.[32]

[29] J.J. Oberholster, Die historiese monumente van Suid-Afrika, pp.312-313.

[30] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.26.

[31] D.J.P. Haasbroek, Die geskiedenis van Potchefstroom 1838-1881, p.21.

[32] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.40.

By 'n bespreking van die vestigings- en pioniersgeskiedenis van 'n distrik moet daar noodwendig eers min of meer 'n periode afgebaken word waarbinne die betrokke geskiedenis hom voltrek het. In die geval van die blanke boer wat hom in die Wolmaransstadse distrik gevestig het, kan ongeveer die eerste drie dekades na afloop van die Groot Trek as sy vestigings- en pioniersjare beskou word. Die periode mag dalk as onrealisties lank voorkom, maar daar moet besef word dat die trekgees by die Trekboer na die jare van rondtrek tydens die Groot Trek nog so sterk aanwesig was, dat hy 'n rustelose wese was wat hom maar moeilik permanent aan 'n stuk grond laat bind het. As die trekgees hom gepak het, het hy vir die geringste rede of selfs sonder enige grondige rede hoegenaamd weer sy grond verlaat en elders vir hom 'n plaas uitgesoek. Sprekend hiervan was die geval waar die broers Bezuidenhout Potgietersrust in 1861 besoek het en waartydens een van die broers vertel het dat hy "door bykans vyftig huisgezinnen van de Makwassie verzogt was om naar erven en gelegendheden voor plaatsen uittezien die allen naar hier willen".[33] Die een broer het toe aan hulle geskryf en aanbeveel dat hulle daarheen moes kom. Vir dié aansienlike bevolkingsverhuising wat toe wel plaasgevind het, is ook geen rede aangegee nie.[34]

As gevolg van hierdie tipe verhuisings en individuele rondtrekkery is bevolkinsgvakuums geskep wat die volle besetting van plase in die Wolmaransstadse distrik tot teen die sewentigerjare van die negentiende eeu vertraag het. So byvoorbeeld verneem ons teen 1867 nog van 'n korrespondent van "Maquassi" wat in 'n brief aan die *Transvaal Argus* berig het van die baie mense wat die voorafgaande maand (Desember 1866) in die distrik ingetrek het.[35] As die datums van inspeksie van plase

[33] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.262.

[34] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.262.

[35] *Transvaal Argus*, 10.1.1867.

as maatstaf geneem word, kan tot die slotsom gekom word dat die vestigingsproses in die Wolmaransstadse distrik teen ongeveer 1870 afgerond was. Dié afleiding word gegrond op die statistiek dat daar tussen die jare 1850 en 1870 159 plase in dié distrik geïnspekteer is teenoor die slegs een plaas tussen 1870 en 1880.[36]

'n Belangrike stabiliserende faktor in die verband was gewis die invloed wat die Kimberleyse diamantvelde op die boerdery in onder andere ook die Wes-Transvaal gehad het. Die bevolkingsametrekking op die diamantvelde het 'n goeie mark vir boerderyprodukte geskep. Vir die eerste maal het die boer nou die ekonomiese potensiaal van intensiewe boerdery in vergelyking met dié van die tipe onderhoudsboerdery wat hy bedryf het, ingesien. Die waarde van grond is ook nou eers ten volle besef en 'n groot aanvraag daarna het ontstaan.[37] Die boer het ook besef dat intensiewe boerdery van hom sou vereis om een spesifieke plaas op te bou en daarop gevestig te raak. Waar hierdie besef dan ook eers by 'n boer deurgedring het, sou die trekgees grootliks daardeur geblus wees.

Samevattend kan dus gesê word dat die vestigingsgeskiedenis van die Wolmaransstadse distrik hom geredelik tot afbakening leen. Om egter aan hierdie vestigingsperiode voldoende historiese inhoud te gee sodat daaruit 'n sinvolle geheelbeeld van die geskiedenis van dié periode verkry kan word, is nie in dieselfde mate moontlik nie. Die rede hiervoor lê opgesluit in die feit dat die doen en late van die Boere tydens hulle pioniersjare in die Wolmaransstadse distrik in 'n redelike mate vir die navorser 'n geslote boek is en wel as gevolg van die gebrekkige dokumentasie van gebeure in dié gebied vanaf die aankoms van die Trekkers alhier tot in die jaar 1876. Van dié jaar af kry ons aan die hand van die dagboek van Thomas Spence Leask vir die eerste maal werklik 'n oorsigtelike beeld

[36] A.R. Fleischack-versameling, verw. 10, lêer (a)2, lys no. R6817/82.

[37] P.A. Naude. Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.139.

van die gebeure en menslike aktiwiteite in en om die huidige Wolmaransstad.

Inligting oor die geskiedenis van die Wolmaransstadse distrik voor 1876 is uiters skraal en is beperk tot amptelike stukke soos byvoorbeeld die Volksraadsnotules en die Locale Wetten en tot enkele koerantberigte. Selfs die Staatsargief in Pretoria het byvoorbeeld geen dokumente oor Wolmaransstad rakende die periode voor 1890 nie. Verskeie faktore het tot dié toedrag van sake bygedra. Die belangrikste was seker dat dit aanvanklik ylbewoond en so afgeleë van die hoofdorp Potchefstroom was, dat die doen en late van die distrik se boere by implikasie ongerapporteerd sou verbygaan. Van die boer se kant af sou daar ook geen boekstawing van gebeure wees nie, aangesien dit nie juis in sy aard was om so 'n tipe selfopgelegde taak uit te voer nie. Die moontlikhede om brokkies inligting van geskiedkundige belang aan die hand van korrespondensie van die boere aan 'n koerant te bekom, word die navorser grootliks ontneem, omdat die boere in die Wolmaransstadse distrik nie juis van dié medium gebruik sou kon maak om hul menings te lug nie en wel as gevolg van hul afgesonderde ligging ten opsigte van Potchefstroom waar hulle naaste koerant uitgegee is.

Die distrik het verder so lank uit die kalklig gebly omdat dorpstigting so lank agterweë gebly het. Geskiedenis kry eers werklik inhoud en sy beslag waar mense in 'n gemeenskap saamgegroepeer word en daar interaksie tussen hulle geskied wat dan as geskiedenis opgeteken kan word. In die geval van Wolmaransstad sou die geleentheid tot interaksie en groter kommunikasie eers werklik geskep word met die koms van Thomas Spence Leask na Makwassiespruit in die jaar 1876.[38] Die winkel wat hy daar opgerig het, het die slagaar van die distrik geword, die vergaderplek van die boer, die smous, die jagter en transportryer.[39] Dit het dus die grondslag gevorm vir die ontwikkeling tot en die latere

[38] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.52.

[39] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, pp.44 en 52.

totstandkoming van 'n dorp aldaar. Dinge het op 'n groter skaal en teen 'n vinniger tempo begin geskied en het die nodige stimulasie en regverdiging vir die boekstawing van gebeure van die dag verskaf.

Hoewel die beskikbare inligting oor Wolmaransstad se wordingsjare beperk is, is dit nogtans van so 'n aard dat ons aan die hand daarvan 'n idee kan kry van die vestigingspatroon en -probleme van dié periode. Dit stel ons ook in staat om 'n historiese ontwikkelingsgang te onderskei en dié periode geskiedkundig te oorbrug.


'n Aanknopingspunt met die pioniers- en vestigingsgeskiedenis van die Wolmaransstadse distrik vind ons in P.H.S. van Zyl se geskiedskrywing oor Wolmaransstad waar hy berig dat die Trekkers se waens na 1840 'n algemene gesig in die omgewing van Makwassie geword het.[40] Die stelling kan ongelukkig nie veel gewig dra nie, aangesien dit nie deur meegaande data gerugsteun word nie en dit ook nie deur dokumentêre bewys gestaaf word nie. Volgens Potgieter het die eerste intrekkers eers teen 1845 in die distrik aangekom.[41] Die eerste dokumentêre bewys wat dui op die aanwesigheid van blanke boere in die Wolmaransstadse distrik dateer uit die jaar 1849 en is in die *Voortrekker-Argiefstukke* te vinde. In dokument R165/49 word daar verwys na ene "Frans Hendrik Camfer" van "Uitkyk gel. aan de Noord zyde van Vaalrivier tusschen de Makwaggies (Makwassieberge) en Vaalriv, op het Hooge veld".[42]

Veel meer insiggewende inligting ten opsigte van veral die omvang wat die vestiging in die distrik reeds aangeneem het, vind ons in die dagboek van ds. A. Murray waar hy beskryf hoedat hy op 30 November 1850,

[40] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.26.

[41] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, ongenommerde bylae. (Kyk sketskaart op volgende bladsy.)

[42] H.S. Pretorius e.a. (samestellers), *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849*, p.355.


Gebiede deur die blankes betrek voor 1840
Gebiede deur die blankes betrek van 1840-1845
Gebiede deur die blankes betrek van 1845-1850
Die pyle dui die herkoms en be= stemming aan van die vernaamste trekbewegings vanaf 1838 tot 1850
DIE TREKKERKOLONIES
1838-1850
SUID-EN WES-TRANSVAAL
AAPJESRIVIER
MARICO
MOLOPO
MAGALIESBERG
POTCHEFSTROOM
SUIKERBOSRAND
KLERKSDORP
MAKWASSIE

nadat hy tien uur lank te perd, versprei oor twee dae, vanaf Klerksdorp langs die Vaalrivier afgery het, 'n klein gemeente van ongeveer 150 mense besoek het en vir hulle 'n kerkdiens gehou het.[43] Volgens Potgieter se berekeninge kon hierdie betrokke bevolkingskonsentrasie nie sover as die huidige Bloemhof of Christiana gewees het nie, maar moes dit inderdaad naby die huidige Wolmaransstad tussen die Vaalrivier en die Makwassiespruit gelê het.[44] In 1852 het ds. Murray, vergesel van ds. J.H. Neethling, weer hierdie gebied besoek wat hy genoem het "de kerkplaats voor de menschen aan Onder-Vaalrivier".[45] Volgens hom was daar tydens dié besoek baie mense by die kerkdiens.[46]

Van 1851 af kry ons aan die hand van die Transvaalse Argiefstukke meer geredelik dokumentêre bewys vir die aanwesigheid en doen en late van die blanke boere in die Makwassiewyk. So byvoorbeeld het daar in 1851 'n verklaring van ene Sameel (sic) J. de Beer van Va(a)lrivier voor die Volksraad gedien. In dié verklaring het hy beswaar gemaak teen die optrede van Mallerei, 'n swart kaptein, teenoor hom op sy plaas in die "Makwasseiberg".[47] Op 20 Mei 1852 het komdt. P.C. Bezuidenhout van "Makwaziebergt" per brief aan die landdros van Potchefstroom die lot van

[43] J. du Plessis, Het leven van Andrew Murray, p.131.

[44] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.58.

[45] C. Spoelstra, Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, p.128.

[46] C. Spoelstra, Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, p.128.

[47] D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (samestellers), Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, dokument R347/51, p.145.

die boere in sy omgewing bekla.[48] In die Transvaalse Argiefstukke van 1853 verneem ons vir die eerste keer van die teenwoordigheid van veldkornette in die Makwassiewyk, naamlik van Jan van Wyk wat aan die westekant van die "Makwassespruyt"[49] en van Vredrek de Beer en nog drie ander wat by "Makwatsseiberg" aangestel is.[50]

Probleme met swartes het D. Verwey van "Makwassiespreyt" beweeg om op 20 April 1853 'n brief in dié verband aan die landdros van Potchefstroom te rig.[51] Makwassiewyk het in 1857 weer amptelik in die nuus gekom deur 'n skrywe op 6 April van dié jaar van ses burgers van "Makwasiberg" aan veldkornet De Beer waarin hulle die aanstelling van T.F. Dreyer as kommandant-generaal in die plek van Schoeman bevraagteken.[52] In die daaropvolgende sestigerjare was daar 'n toename in die aantal briewe en versoekskrifte wat aan die landdros van Potchefstroom of aan die Volksraad gerig was. Daar word slegs na enkele verteenwoordigende voorbeelde van sodanige dokumente verwys. Op 8 April 1864 is veldkornet J.G. Waldek van "Makwaase" beboet omdat hy

48 D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (samestellers), Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, dokument R402/52, p.205.

49 D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (samestellers), Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, dokument R530/53, p.340.

50 D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (samestellers), Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, dokument R529C/53. pp.338-339.

51 D.W. Krynauw en H.S. Pretorius (samestellers), Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, dokument R518/53. p.329.

52 J.H. Breytenbach (samesteller), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 3, 1854-1858, dokument R1439/57, p.478.

nie 'n sitting van die Volksraad te Pretoria bygewoon het nie.[53] In 1865 het 'n petisie, gedateer 17 Maart 1865 en onderteken deur 48 burgers van Makwassiewyk en waarin gekla is oor die opmeting van plase en die aanteken van grondregte, voor die Volksraad gedien.[54]

Teen 1866 was daar skynbaar sodanige behoefte aan die stigting van 'n dorp vir die distrik, dat daar op 22 Oktober 1866 'n mosie van die "inwoners van Makwasi", waarin daar verlof gevra is vir die aanlê van 'n dorp, voor die Volksraad gedien het.[55] Aan die hand van die datums van inspeksie van plase kry ons 'n verdere aanduiding vanaf watter jare die eerste blanke boere die distrik binnegetrek en geokkupeer het en ook teen watter tempo dit geskied het. So byvoorbeeld was die plaas Ijzerspruit, die eiendom van Gert Swanepoel en wat destyds binne die Makwassiewyk geval het, die eerste in die distrik om geïnspekteer te word. Dié inspeksie is naamlik op 20 November 1850 deur J.F. Dreyer gedoen.[56] Die volgende plase in die distrik om geïnspekteer te word, was Zendelingsfontein op 24 Oktober 1851 en Klipfontein en Palmietfontein op 25 Oktober 1851.[57] Daar was nie 'n voorgeskrewe periode waarbinne 'n plaas na okkupasie geïnspekteer moes word nie. Daarom kan ongelukkig nog nie van die datums van inspeksie afgelei word wanneer 'n plaas geokkupeer is nie. Tog lewer dié datum wel afdoende bewys

[53] J.H. Breytenbach en D.C.Joubert (samestellers), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 5, 1864-1866, dokument VR.573/64, pp.155-156.

[54] J.H. Breytenbach en D.C. Joubert (samestellers), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 5, 1864-1866, dokument E.V.R.108, pp.320-321.

[55] J.H. Breytenbach (samesteller), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 6, 1866-1867, p.57.

[56] Staatsaktekantoor, Landregister, verw. LG 240/63, DB 198, Folio 46, 19.11.1853.

[57] A.R. Fleischack-versameling, verw. 10, lêer (a)2, R5817/82.

dat dié betrokke plaas op dié betrokke tydstip wel reeds beset was. Die inspeksiedatums toon ook aan dat daar teen die jare 1860 en 1870 onderskeidelik 58 en 159 plase in die Makwassiewyk geïnspekteer was. Tussen 1870 en 1880 is slegs een verdere plaas geïnspekteer wat daarop dui dat skynbaar alle plaasgronde in genoemde distrik teen 1870 reeds geokkupeer was.[58]

In die vestigingsgeskiedenis van die Wolmaransstadse distrik het die grondbesitstelsel wat destyds in die ZAR in swang was, 'n integrale rol gespeel veral ten opsigte van vestigings- en boerderypatrone en verdien dus om voorts van naderby beskou te word. 'n Faktor wat die funksionering en implementering van die grondbesitstelsel aanvanklik in 'n hoë mate beïnvloed het en in dié verband besliste vermelding verdien, was die feit dat daar met die koms van die eerste blankes na die Wolmaransstadse distrik alhier feitlik 'n staat van totale ontvolking geheers het. Die enigste swartes wat in die distrik woonagtig was, was 'n groepie Korannas onder Massouw wat hulle by die huidige Zendelingsfontein bevind het.[59] As gevolg van die afwesigheid van swartes was dit dus nie nodig om by die uitsoek en toekenning van plase rekening te moes hou met moontlike botsende grondaansprake van 'n plaaslike swart bevolking nie. Die eerste blanke intrekkers het dus voorwaar 'n absolute vry hand gehad om vir hulle grond na hul smaak en keuse te kon uitsoek.

By die uitsoek van 'n stuk grond waarop die boer sy plaas wou aanlê, moes sekere faktore in gedagte gehou word. Seker die belangrikste faktor in dié verband was 'n voldoende watervoorraad op die grond, hetsy in die vorm van fonteine of spruite. Wolmaransstad val in die somerreënvalgebied en daarom was die aanwesigheid van 'n watervoorraad vir die winter 'n belangrike oorwegingspunt by die uitsoek van 'n plaas.

[58] A.R. Fleischack-versameling, verw. 10, lêer (a)2, R5817/82.

[59] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, pp.55-56.

Standhoudende strome was skaars. In die somer het die spruite wel sterk gevloei, maar het gou weer afgeloop. Die Vaalrivier se water kon nie vir besproeiingsdoeleindes gebruik word nie, maar het wel veesuipwater voorsien.[60] Die vleie en spruite het egter op baie plekke standhoudende waterkuile gehad. Ook was ondergrondse water in vleie en spruite volop en kon maklik verkry word deur putte te grawe. Die waarde wat die Trekboer aan waterbronne geheg het en sy noue verbondenheid daarmee en afhanklikheid daarvan, word duidelik weerspieël deur die plaasname wat in die Makwassiewyk toegeken is, soos byvoorbeeld Doornfontein, Driefontein, Klipfontein, Jakkalsfontein, Leeufontein, Leeupan, Kareepan, Vlakpan, Boskuil, Kareeboskuil, Rietgat, Syfergat ensomeer. Waterbronne en die regte daarop het selfs twiste veroorsaak, soos in die geval van die plaas Strydfontein wie se naam sy oorsprong te danke het aan 'n twis tussen twee boere oor die betrokke fontein.[61]

Die beskikbaarheid van genoegsame hoeveelheid brandhout[62] en geskikte en voldoende hoeveelheid weiveld was verdere bepalende faktore by die uitsoek van 'n plaas. Weiveld was daar wel in oorvloed. Oor die algemeen was dit soet en met 'n goeie drakrag. Hiervan getuig die aanwesigheid van groot troppe wild wat die eerste intrekkers alhier aangetref het.[63] Vrugbare grond was seer sekerlik ook 'n bepalende faktor, maar was ondergeskik aan die ander faktore omdat die Trekboer by uitstek tog veeboer was. Die swartes het spoedig 'n bron van arbeid vir die blanke boer geword en daarom beskou Potgieter selfs destyds die aanwesigheid

[60] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.3-4.

[61] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.26-27.

[62] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.220.

[63] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.3-4.

van swartes as 'n aanbeveling vir 'n betrokke gebied.[64] Dit kon egter aanvanklik slegs as faktor in die Wolmaransstadse distrik se grensgebiede geldend gewees het, aangesien die sentrale dele van die distrik nog van swartes ontvolk was.

Vrae wat vervolgens opduik en die aandag verg, is onder andere wie almal op grond geregtig was, op hoeveel elke burger geregtig was en op watter wyse en basis plase uitgesoek en besitreg daarvan gekry is. Om oor dié vrae uitsluitsel te verkry moet ons die grondbesitstelsel wat vanaf die vroegste jare in die ZAR in swang was, van nader toelig. Die klem sal dan veral val op die afbakening, toekenning en opmeting van plase en die toekenning van grondregte. Die vooruitsig om goeie en genoegsame hoeveelheid grond te bekom, was een van die groot dryfvere van die Groot Trek. Dit is dus begryplik dat die Trekkers wat hulle na vele ontberinge ten noorde van die Vaalrivier gevestig het, op genoegsame grond aanspraak sou maak. Daar was terselfdertyd ook geen sprake dat die Trekker die grond wat hy vir sy boerdery verkry het, van die staat sou koop nie. Die beginsel dat elke Trekker vanselfsprekend reg gehad het op die besit van grond, het allerweë gegeld. Dié siening van die Trekkers is verder versterk deur hulle oortuiging dat die Boer 'n geroepene was om die Christelike beskawing uit te dra en dat die grond in Transvaal ook tot sy beskikking was in die uitvoering van sy roeping. Met hierdie gedagte het die Trekker sy nuwe vaderland beset.[65]

Die beslissing oor grondregte het by die Volksvergadering of Volksraad berus. Hierdie liggaam het van die standpunt uitgegaan dat alle burgers wat aan die Groot Trek deelgeneem het, geregtig was om kosteloos grond

[64] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.303.

[65] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.61-63.

of plase in besit te neem.[66] Hoewel min aan ons bekend is oor die uitgee van plase in die wordingsjare, kan met sekerheid aangeneem word dat elke Trekker ten minste een plaas in besit mog neem.[67] Spoelstra stel dit dat elke burger, dit wil sê elke manspersoon bo die ouderdom van sestien jaar, twee plase vir hom kon uitsoek, naamlik een vir saaigrond en een vir weiveld.[68] Sommige boere het selfs drie plase bekom soos in die geval van Gert Petrus Jacobs wat die plase Uitkyk, Rooipoort en Rietkuil, elk ongeveer 6000 morg groot, in besit geneem het.[69] In 1853 het die Volksraad egter besluit dat niemand wat na 1842 oor die Vaalrivier getrek het, op meer as een plaas reg sou hê nie.[70] Die 1858-grondwet het verder bepaal dat grond wat teen dié jaar nog nie uitgegee was nie, die eiendom van die staat geword het. Met toestemming van die staat kon burgers hulle wel daar vestig.[71] In 1858 het die Volksraad ook besluit dat burgers ook een of meer "leningsplase" kon besit. Hierdie instelling moes as bron van inkomste vir die staat dien.[72]

[66] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.63.

[67] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.64.

[68] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, p.1.

[69] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.27.

[70] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899, Volksraadsbesluite 23.9.1853, artikel 70, p.25.

[71] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899, artikel 7 van die 1858-grondwet, p.35.

[72] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.67.

Elke seun het by die bereiking van die ouderdom van sestien jaar by sy veldkornet 'n dokument as bewys gekry dat hy reg op 'n plaas het. Dié bewys moes hy dan by die landdros registreer teen betaling van 'n halfkroon (25 sent). Dié bewys het as 'n "uittreksel" bekend gestaan.[73] Die burger het nou met die uittreksel wat hy bekom het vir hom in die geproklameerde gebied 'n plaas uitgesoek. Hy het die plek wat hy as die middelpunt van die plaas beskou het, gemerk en dit die "ordonance" genoem. Op die uittreksel moes dan 'n beskrywing van die plaas gegee word. Die landkommissie het hierna die grenslyne van die plaas te perd kom afry.[74]

Die afmetings van 'n plaas is bepaal deur met 'n perd teen 'n gegewe snelheid vir 'n gegewe tyd in verskillende rigtings te ry. In die instruksies vir landkommissies is in 1860 bepaal dat die gang van die perd by die afry van die grense van die plaas 300 Rynlandse voet per minuut moes wees.[75] In die instruksies vir die inspekteurs van plase kry ons 'n aanduiding van die grootte en vorm van die plase. Daarin word dit as volg beskryf: "Elk plaats bepaalt en toegelegd groot zijnde een uur gaans over kruis; doch indien enige plaats niet in het vierkant moge liggen, zal aan twee of drie kanten zoo veel grond worden bijgenomen tot dat dezelve over kruis gerekend en een uur gaans uitmaakt. De plaatsen zullen niet langwerpiger gemaakt worden dan drie kwartuur gaans in de breedte."[76] Sulke plase was bereken om ongeveer 3000 morge

[73] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, pp.2-3.

[74] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, p.2.

[75] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899, artikel 2 van die instruksies vir landkommissies, 1860, p.132.

[76] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899, artikel 1 en 2 van Volksraadsbesluit 21.11.1853, p.26.

groot te wees. Dié afmeting is dan ook bepaal in die grondwet van 1858.[77] Tog was feitlik alle plase veel groter as wat volgens wet voorgeskryf was, omdat ruiters tydens afmeting teen 'n te vinnige pas gery het.[78]

Om te verseker dat alle plase van water voorsien sou wees, is verskeie bepalings deur die Volksraad gemaak. Volgens die 1853-instruksies aan inspekteurs moes hulle toesien dat die fonteine wat tussen plase geleë was, verdeel word.[79] In 1861 is verder bepaal dat waar twee fonteine 'n halfuur (te perd) van mekaar geleë was, die grond in twee plase verdeel kon word.[80] Deurdat elke manlike burger by die bereiking van die ouderdom van sestien jaar reg op 'n plaas bekom het, het sommige gesinne so baie grond verkry, dat hulle dit nie alles wou hê nie en hulle hul uittreksels verkoop of verruil het, soms selfs aan persone in die Vrystaat of die Kaapkolonie.[81] Dat dié gebruik spoedig tot probleme en onmin sou lei, spreek uit die feit dat daar reeds in 1863 'n memorie, onderteken deur agtien burgers uit Makwassiewyk, voor die Volksraad gedien het. In die memorie het hulle versoek dat bepalings gemaak moes word ten

[77] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899, artikel 7 van die 1858-grondwet van die ZAR, p.35.

[78] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, p.3.

[79] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.102.

[80] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1899, Artikel 3 van die instruksies vir inspekteurs van plase, p.145.

[81] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, p.4.

opsigte van plase wat aan persone behoort wat nie in die ZAR woonagtig was nie.[8.2]

Die uitmeet van die plase het op so 'n wyse geskied dat daar soms tussen plase stukke oorskietgrond, genoem uitvalgrond, oorgebly het. Die laaste intrekkers in die distrik moes dan maar met hierdie tipe grond tevrede wees. Een sodanige stuk grond het blykbaar op die teenswoordige plaas Klippan uitgeval, terwyl 'n ander van ongeveer 50 morge met die naam Drie-Angel tussen die plase Rooipoort, Rietkuil en Uitkyk uitgeval het. Dié stuk uitvalgrond is later deur die eienaars van Uitkyk aangekoop en vorm vandag deel van die plaas.[8.3]

Die volgende stap wat die boer moes neem ter verkryging van uiteindelike volle eiendomsbesitreg op sy plaas, was naamlik om die plaas te laat inspekteer. Dit het in hoofsaak behels die inspeksie van die bakens wat tydens die afmeet van die plaas opgerig is. By afwesigheid van landmeters is dié funksie aanvanklik deur inspekteurs van plase gedoen.[8.4] Die inspekteurs was gewoonlik 'n veldkornet bygestaan deur twee betroubare burgers.[8.5] Inspeksie is gewoonlik gedoen waar daar geskille ontstaan het tussen bure oor weiveld of waterregte, sodat grondbriewe uitgereik kon word en omdat die staat die inspeksie ook

[8.2] J.H. Breytenbach (samesteller), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 4, 1859-1863, p.180.

[8.3] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.29.

[8.4] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.88.

[8.5] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.90.

nodig geag het vir die heffing van grondbelasting en rekognisie.[86] In die Wolmaransstadse distrik was die inspeksie van plase teen 1870 so te sê voltooi.[87] Die inspeksies was maar bra onbetroubaar en onakkuraat. Die taak van die inspekteurs is bemoeilik deurdat bakens soms op onbevredigende wyse of selfs glad nie opgerig was nie.[88] Ten opsigte van die afbakening en opmeting van plase het daar veel verwarring onstaan, sodat daar feitlik tot aan die einde van die bestaan van die ZAR verbetering en hersiening van reedsgedane werk moes plaasvind.[89] Pogings wat aangewend is om die probleem op te los, het onder andere behels die aanstelling van 'n landmeter in 1864, 'n landmeter-generaal in 1867[90] en die aanname in 1866 van wetgewing waarin voorskrifte gegee is ten opsigte van die oprigting van bakens.[91]

Nadat 'n boer se plaas geïnspekteer is, kon hy by die landdros van sy betrokke distrik aansoek doen om grondbriewe ten opsigte van die

86 P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, pp.88-89.

87 A.R. Fleischack-versameling, verw. 10, lêer (a)2, R5817/82.

88 P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.92.

89 P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, pp.85-86.

90 P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.94.

91 P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.92.

betrokke eiendom.[92] Die feit dat daar voor 1866 nie 'n sentrale kantoor was waar die grondbesit van die burgers geregistreer kon word nie, het tot baie teenstrydige aansprake en verwarring gelei. Daarom is daar in 1866 'n registrateur van aktes aangestel wat in samewerking met die landdroste en die staatspresident sou funksioneer.[93] Die registrateur van aktes kon egter ook nie juis die probleme rakende grondregte doeltreffend oplos nie en dus moes die landkommissies bly voortbestaan om te help in die oplossing van grondregkwessies.[94] Teen die jaar 1870 was feitlik alle beskikbare grond in die Wolmaransstadse distrik afgebaken, beset en geïnspekteer. Tog sou daar in dié betrokke jaar, toe die uitgee van uittreksels deur die regering gestaak is, ook in dié distrik, soos dit die geval in die res van die ZAR was, mense wees wat uittreksels besit het, maar geen plaasgrond meer kon bekom nie. Om dié persone tevrede te stel, het die regering toe aan elkeen vir elke uittreksel wat hy kon inlewer, 'n dorpserf gegee. Dié erwe staan dan vandag nog as "burgerreg-erwe" bekend.[95]

Samevattend kan dus beweer word dat die vestigingsgeskiedenis van die blanke in die Wolmaransstadse distrik hom tussen ongeveer die jare 1845 en 1870 voltrek het. Toe die beskikbare landbougrond teen 1870 ten volle geokkupeer was en die stimulerende uitwerking van die ontdekking van diamante op die landbou en veeteelt die boer tot 'n herwaardering van sy grond en tot 'n nuwe benadering van sy boerdery gedwing het, is

[92] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.82.

[93] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.82.

[94] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, pp.84-85.

[95] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, p.7.

hy grootliks van sy trekgees genees, het hy tot stilstand gekom en was hy gevestig.

## HOOFSTUK 3

# DIE GESKIEDENIS VAN BOERDERY IN DIE WOLMARANSSTADSE DISTRIK IN DIE NEGENTIENDE EEU EN DIE PROBLEMATIEK DAARAAN VERBONDE

Die geskiedenis van boerdery in die Wolmaransstadse distrik dateer so ver terug as dié dag toe die eerste blanke intrekkers die grense van die distrik oorgesteek het en wel omdat hulle toe die gebied as boere betree het. Die pionierboere was gewese Voortrekkers wat hulle oorspronklik in die omgewing van die huidige Potchefstroom gevestig het en toe van die veertigerjare van die negentiende eeu af van hier af geleidelik suidweswaarts uitgewyk het. Die Voortrekkerboer het wel tydens die Groot Trek en vir geruime tyd tydens die wordingsjare van die ZAR swaar op jag as bron van voedselvoorsiening geleun, maar was nog in die eerste plek boer en dan eers jagter, met sy vernaamste doelstelling en begeerte om in die nuwe vaderland as boer 'n nuwe begin te kom maak. Met die aankoms en vestiging aldus van die eerste boere in die Wolmaransstadse distrik, het boerdery en in besonder veeboerdery onmiddellik alhier 'n aanvang geneem.

Soos Wolmaransstad vandag nog die sentrum van 'n plattelandse boerderygemeenskap is en deur boerdery gedra en gerugsteun word, so was boerdery van die distrik se ontstaansjare af die spil waarom alles gedraai het. Dit was tydens die hele tydperk wat die verhandeling dek feitlik die enigste ekonomiese aktiwiteit in die distrik. Die geskiedenis van die distrik is dan ook in 'n hoë mate in werklikheid maar die geskiedenis van die wel en wee van die boer en sy boerdery. As gevolg van hierdie verweefdheid kan en moet 'n relaas van die boerdery met reg die kern vorm van die geskiedenis van die Wolmaransstadse distrik en sal dit by implikasie die ander aspekte in die ontwikkelingsgang van die dorp en distrik noodwendig in omvang ver oortref.

Inligting oor die tipe boerdery bedryf deur en die lewenswyse en boerderymetodes van die boer in die Wolmaransstadse distrik tydens sy vestigings- en wordingsjare alhier, dit is tot ongeveer 1870, is uiters

beperk. Inteendeel, dokumentêr-gerugsteunde gegewens ten opsigte van dié periode rakende genoemde aspekte, ontbreek in so 'n mate dat dit onmoontlik is om aan die hand van sodanige dokumente enigsins 'n beeld te probeer daarstel van die boerderyaktiwiteite soos dit in werklikheid bedryf is. Die inligting tot ons beskikking is te vinde in 'n groot aantal memories van boere wat voor die Volksraad gedien het, in enkele berigte in staatskoerante, in verslae deur ds. Andrew Murray en in statistiek ten opsigte van plase. As inligtingsbronne is dit egter totaal ontoereikend.

Ten opsigte van die periode na 1870 vind ons 'n gestadigde toename in die omvang van inligting oor die distrik en sy boere. Enersyds kan dit verklaar word as synde 'n normale uitvloeisel van groei en ontwikkeling wat 'n distrik mag beleef en wat gestalte kry in die oprigting van skole en kerke, in dorpstigting en -ontwikkeling en in blote bevolkingstoename. Rapportering en optekening van gebeure sou dus noodwendig op groter skaal geskied. Aangesien die boer en sy boerdery vir die grootste deel van die negentiende eeu die spil was waarom die meeste aktiwiteite van die distrik gedraai het, sou daar in dié proses noodwendig direk of indirek ook inligting dienaangaande opgeteken word. Andersyds was dit die ontwikkeling van die diamant- en goudbedryf in onderskeidelik die sewentiger- en tagtigerjare en die ingrypende invloed wat dit op die boer, sy boerderypatroon en sy lewenswyse gehad het, wat bygedra het tot die groter "publisiteit" wat die boer en sy boerdery in die ZAR en dus ook in die Wolmaransstadse distrik in dié era gekry het. Die inligting betreffende die periode na 1870 is hoofsaaklik vervat in bronne soos koerante, staatskoerante, Volksraadsnotules, die herinneringe van Thomas Spence Leask en van persone wat in dié betrokke era geleef het.

Om 'n geheelbeeld van boerdery en sy ontwikkelingsgang in die Wolmaransstadse distrik te kan gee, sal daar, waar leemtes ten opsigte van inligting is, noodwendig teruggeval moet word op inligting tot ons beskikking oor boerdery in die res van die ZAR en sal dié inligting veralgemeen en op die boer van die Wolmaransstadse distrik van toepassing gemaak word. As regverdiging vir hierdie veralgemening kan aangevoer word die feit dat daar destyds geen beduidende verskille in die lewenswyse en boerderymetodes van die boere in die verskillende

distrikte van die ZAR en dan ook meer spesifiek in die Wes-Transvaal bestaan het nie. Dié boere het immers in 'n hoë mate almal met dieselfde probleme en gevare geworstel, dieselfde terugslae, rampe en ontberings beleef en dieselfde groeipyne ervaar. Die geskiedenis van boerdery van Wes-Transvaal was dus maar in wese ook dié van die Wolmaransstadse distrik.

As aanknopingspunt tot die verhaal van boerdery in dié distrik kan dien 'n oorsig van die geografiese gesteldheid van die distrik om te kan bepaal in watter mate die distrik hom tot die beoefening van die Voortrekker se tipe boerdery geleen het. Volgens die Departement van Landbou se indeling val die distrik in die sogenaamde Droëlandsaaistreek van die Transvaalse Plato.[1] Die gebied se grond is 'n ysterhoudende tipe wat wissel van rooibruin swaar sandleem tot 'n ligte sandleem. Eersgenoemde besit 'n goeie waterhoudende vermoë en is vrugbaar. Die vaalbruin sandleem is hoofsaaklik waaisand wat skraal en suur is. Die gemiddelde reënval van die gebied is 560 millimeter per jaar waarvan 80% in die somermaande val. Die gebied het behalwe karee- en doringbome wat plek-plek voorkom, min natuurlike bome. Die vrugbare grond en die redelike goeie reënval het egter gesorg vir 'n digte grasbedekking. Die veld is oor die algemeen soet met 'n goeie drakrag. Daarvan getuig die aanwesigheid van groot troppe wild wat die eerste intrekkers hier aangetref het. Standhoudende strome was skaars. In die somer vloei die spruite en strome wel sterk, maar hulle loop gou weer af. Die Vaalrivier se water kon nie vir besproeiingsdoeleindes gebruik word nie, maar het wel veesuipwater voorsien.[2] Die grasbedekking en die klimaat van die distrik het hom dus uitstekend tot veeteelt geleen, en soos met verloop van tyd bewys is, die grondtekstuur en klimaat tot veral droëlandsaaiery. Die distrik was vir alle soorte vee geskik en met geen

[1] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, p.2.

[2] P.A.Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, pp.3-4.

noodsaak om gedurende die wintermaande met hulle te trek nie.[3] Heel paslik het 'n korrespondent van Wolmaransstad in die goeie reënjaar 1891 aan *De Potchefstroomer* berig dat die vee in die distrik in so 'n goeie toestand was dat "degenen die hun duizenden telden met weerzin èen van hun getal wouden afstaan."[4]

Die eerste taak wat 'n boer in die uitleg en ontwikkeling van 'n onbewerkte plaas gehad het, was ten opsigte van watervoorsiening. Voordat hy 'n plaashuis vir hom sou oprig, moes daar eers in die fontein wat water vir die huis en landerye sou voorsien, 'n studam gemaak word. Dié fontein kon soms selfs 'n hele paar myl ver van die voorgenome plaashuis af wees. Vanaf die fontein is 'n watervoor gegrawe tot waar die water die oppervlakte kon bereik op die plek waar die landerye aangelê moes word. As die woning nie self 'n fontein gehad het nie, is dit dan naby die watervoor opgerig. Waar water uit 'n spruit of rivier gehaal is, is die grootte van die dam in sommige gevalle deur die owerheid bepaal. In sulke gevalle is daar ook bepaal dat daar nie meer as een voor op 'n plaas mag wees nie en dat die water in die voor elke aand teen sononder in die spruit teruggekeer moet word. Waar water uit 'n voor van 'n dam op 'n buurman se plaas af verkry is, het daar dikwels twis tussen die betrokke bure ontstaan.[5]

Nadat die wateraanleg voltooi was, het die boer vir hom 'n woning, bekend as 'n hartbeeshuis, begin bou. Die mure wat baie laag was, was van riet wat met klei gepleister was. Die dak was met gras bedek. Waar goeie kleigrond was, is die mure van grassooie gebou en met klei gepleister. Totdat hulle die huis betrek het, het die boer en sy gesin

[3] H.T.M. Bell & C.A. Lane (comps.), *A guide to the Transvaal*, p.168.

[4] *De Potchefstroomer*, 24.7.1891.

[5] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.244.

in tentwaens gewoon.[6] Die hartbeeshuis van ongeveer 20 by 40 voet (ses by twaalf meter) het geen plafon gehad nie en is dikwels slegs deur 'n gordyn in 'n woon- en slaapkamer verdeel. Hierdie primitiewe en slegs tydelike woning is later deur 'n groter, sterker en meer permanente een vervang, gebou van òf gebrande òf rou bakstene of van sandsteen met gras- of selfs sinkdakke. Dié tipe huis het egter eers in die sestigerjare hulle verskyning gemaak.[7]

Na voltooiing van sy woonhuis sou die boer vervolgens eerste aandag aan die aanlê van 'n tuin en die bou van veekrale, 'n perdestal en 'n waenhuis gee.[8] Gewoonlik is ook 'n klompie bloekombome op die werf aangeplant. Die geloof was skynbaar dat dit die malariamuskiet van die werf sou weer.[9] Nou kon die boer sy volle aandag aan die uitleg en opbou van sy plaas en die vestiging van sy boerdery wy. Hoewel die Wolmaransstadse distrik hom uitstekend tot veeboerdery geleen het, sou daar in die distrik, soos ook in die res van die ZAR die geval was, tot in die sewentigerjare geen beduidende vooruitgang op die terrein van die boerdery merkbaar wees nie. Een van die faktore wat tot dié toedrag van sake bygedra het en op hierdie stadium nadere toeligting verg, het voortgespruit uit die aard van die boerderystelsel wat die boer bedryf het, naamlik een waar vir eie onderhoud geboer is. Dié stelsel van onderhoudsboerdery wat hy ook vroeër in die Kaapkolonie beoefen het, moes hy nou noodgedwonge in die ZAR kom voortsit.

Met sy vestiging alhier het sy afsetmoontlikhede ingrypend gekrimp en die geleentheid om beskawingsgoedere te koop het grootliks verminder.

[6] F. Lion Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, p.418.

[7] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.124.

[8] F. Lion Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, p.419.

[9] F. Lion Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, p.344.

Hy was dus nou vir sy lewensonderhoud en die voorsiening van huishoudelike en gebruiksartikels des te meer op homself en sy boerdery aangewys. Gevolglik het die boerdery 'n lewensbedryf geword, 'n doel op sigself, die leefwyse self.[10] Die boer moes hom op vele terreine van die boerdery self kon help. Dat hulle dit wel gedoen het, spreek uit Stuart se getuienis oor hulle veelsydigheid: "Bijna zonder uitzondering zijn zij te gelyk, behalve uitmuntende scherpschutters te paard, veefokkers, landbouwers, metselaars, steenhakkers, timmerlieden, rietdekkers, schrijnwerkers, smeden, wagenmakers, leerlooijers en schoenmakers, en de vrouwen kledermaaksters."[11] Hy kon ruimskoots in sy eie voedselbehoeftes voorsien. Die stapelvoedsel was vleis verkry van vee of selfs wild, melk, brood, mielies en groente.[12] Die boer het self sy koring gemaal, aanvanklik met behulp van die sogenaamde "Noorsmeul" en later deur die perdemeul.[13]

Voordat materiale geredelik bekombaar geword het, het die boer vry algemeen van wildsvelle gebruik gemaak vir die maak van klere.[14] Sy veekuddes het neweprodukte gelewer wat vir die maak van rieme, trektoue, stroppe, skoene, riempies en vet vir kerse en seep gedien het.[15] Die lopers vir sy voorlaaier het hy self in sy koeëlvorm gegiet.

[10] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859-1899, p.18.

[11] J. Stuart, De Hollandse Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, p.210.

[12] F. Lion Cachet, De worstelstryd der Transvalers, p.421.

[13] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, pp.99-100.

[14] F. Lion Cachet, De worstelstryd der Transvalers, p.421.

[15] Potchefstroom Herald, 26.9.1972.

Sy kruit, doppies en loodstawe het hy by die smous vir wildsvelle geruil.[16] Dié patroon van onderhoudsboerdery sou voortgaan tot en met die ontdekking van diamante wat die stimulus vir die boer gebied het vir die oorskakeling na 'n tipe intensiewe boerdery.

Nou verweef met boerdery in die wordingsjare was die jag. Die geskiedenis van boerdery in die ZAR sou dan ook onvolledig wees as die rol wat jag daarnaas gespeel het, nie vermeld word nie. Toe die blankes Transvaal binnegetrek het en daar nog geen landerye was nie, het die wild, wat in groot getalle aanwesig was, vir hulle as vername bron van voedsel gedien. Tot in die sestigerjare sou baie boere nog swaar op jag ter aanvulling en ondersteuning van hul boerdery en lewensonderhoud leun.[17] Hoewel gegewens oor jagter en jag in die Wolmaransstadse distrik uiters skraal is, kan geredelik aanvaar word dat jag vir veral vleis en velle, toe wild nog hier volop was, op groot skaal beoefen is. Aan genoeg wild het dit immers nie hier ontbreek nie. Anderson berig in 'n inskrywing in sy dagboek van die baie steenbokke, blesbokke, springbokke en wildebeeste wat hy tussen die Schoonspruit en die huidige Bloemhof aangetref het.[18]

In dieselfde trant het Leask nog in die laat sewentigerjare berig van springbokke, blesbokke en swart wildebeeste wat in hulle duisendtalle in die distrik voorgekom het. Hy het beweer dat hy gewoonlik sommer van hulle stoep (die winkelstoep in die eertydse Makwassiespruit) op die wild geskiet het.[19] Dr.Wangemann berig ook van die groot troppe bles- en springbokke en swart wildebeeste wat hy tydens sy reise in die ZAR in

[16] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, pp.8-9.

[17] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.133.

[18] A.A. Anderson, Twenty-five years in a wagon, p.49.

[19] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.35.

1866-1867 tussen Mamusa (Schweizer Reneke) en Potchefstroom teëgekom het. Hy beskryf hoedat 'n trop van genoemde diere vir langer as 'n halfuur by hom verbygestorm het.[20] Wild is egter op so 'n groot skaal gejag en uitgeroei dat daar reeds in 1858 'n wet uitgevaardig is wat 'n bepaalde skietseisoen veronderstel het sowel as 'n verbod op die vermorsing van vleis van sekere wildsoorte.[21] By afwesigheid van olifante en renosters sou die produkte van die boer se jag in die Wolmaransstadse distrik tot vleis, biltong en velle beperk wees. Velle is dan òf verkoop aan òf by smouse of winkeliers verruil of op die mark verkoop.

Die Voortrekkerboer wat hom in die Transvaal gevestig het, was hoofsaaklik 'n veeboer en vir etlike dekades sou veeteelt ook die vernaamste vorm van grondbenutting by die boer wees. So laat as 1880 nog het Froude verklaar dat die rykdom van die Transvaalse boer in sy skape en beeste gelê het.[22] Soos die veekuddes van die eerste Voortrekkerboere wat hulle in die Transvaal gevestig het uit beeste, skape en perde bestaan het, sou dit ook die geval wees met dié van die eerste boere in die Wolmaransstadse distrik. Die kuddes sou ook maar klein in omvang wees, omdat die jare van onbestendige rondtrek terdeë sy tol onder die vee geëis het.[23]

Om verskeie redes was beesboerdery in die Transvaal die gewildste vorm van veeboerdery. Hulle moes naamlik as trekdiere vir die wa en ploeg

[20] F. Jeppe, Die Transvaal'sche oder Südafrikanische Republik, p.17.

[21] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, p.303.

[22] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, pp.240-241.

[23] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.23.

dien en moes melk en velle vir allerlei gebruike voorsien. Beesboerdery het minder arbeid vereis, beeste was beter bestand teen roofdiere, daar was minder siektes waarvoor die beesrasse vatbaar was en geskikte weiveld was volop. Die vier beesrasse waarmee geboer is, was die Zoeloebees, die Afrikanerbees, die "Vaderlandsche" bees en die Friesbees.[24] Beeste was tydens die wordingsjare 'n belangrike ruilartikel wat aan handelaars aangebied is. Reeds in 1858 het ds. Van der Hoff gemeld van die duisende slagbeeste wat van die Transvaal na die Kaapkolonie uitgevoer is. 'n Paar jaar later het die Transvaal Argus ook berig van die florerende uitvoerhandel van beeste na Natal en die Kaapkolonie.[25] In hierdie handel sou die boer van die Makwassiewyk beslis ook sy kwota gehad het. Hoewel gunstige omstandighede die aanteel van beeste bevorder het, was daar tydens die wordingsjare feitlik geen toename in beesgetalle nie. Die rede hiervoor moet gesoek word in die gebrek aan 'n binnelandse mark, in veesiektes en omdat daar tydens die periode van onderhoudsboerdery weinig stimulasie was wat tot intensiewe boerdery aanleiding kon gee.[26]

Die ontwikkeling van die diamantvelde om Kimberley en van die Witwatersrandse goudmyne het as sterk stimulasie vir beesboerdery gedien. 'n Groot aanvraag na trekosse het deur die toename in transportry na en van die myne af ontstaan. Die hoër pryse wat osse nou behaal het en die groter vraag na vleis en suiwelprodukte wat deur die nuwe markte geskep is, het 'n nuwe belangstelling in beesboerdery gaande gemaak. Soos die boere geleidelik meer saailande onder die ploeg gebring het, is die vraag na osse verder verhoog. Die onderverdeling

[24] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.24.

[25] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.124.

[26] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.27.

van plase sou egter meebring dat die boer sy troppe beeste sou moes verminder. In die proses het akkerbou toe geleidelik op veeteelt begin veld wen.[27] Beesboerdery het egter in die Wolmaransstadse distrik sodanig gevorder, dat daar in 1896, voordat die runderpes soveel verwoesting onder die veekuddes aangerig het, in die distrik 43331 beeste getel is.[28]

Skaapboerdery het tydens die wordingsjare in die ZAR nie dieselfde inslag as beesboerdery gevind nie en is inderdaad verwaarloos. Faktore wat hiertoe bygedra het, was onder andere die aanwesigheid van groot getalle wild en die daarmee gepaardgaande handelswaarde van die produkte van jag,[29] die gebrek aan 'n wolmark en die skaap se relatiewe geringe waarde as slagvee.[30] Verder het die boere tydens die Groot Trek soveel skape deur diefstal en veesiektes verloor, dat die kuddes waarmee hulle in die Transvaal geland het, so klein was, dat skaapboerdery vir etlike jare nie 'n lewensvatbare bedryf was nie.[31] Dit is egter opvallend dat toe wild as welvaartsbron teen 1859-1860 sterk begin verswak het, skaapboerdery vordering begin vertoon het. Die boere het veral in wolskape belanggestel. So byvoorbeeld verneem ons dat die Transvaalse boere reeds in 1858 hul landbouprodukte in die Vrystaat vir veral

[27] Een Hollander (pseud.), Toen en thans, p.119.

[28] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies deel 2 , p.66.

[29] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.125.

[30] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.28-29.

[31] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.28.

Merinoskape gaan verkwansel het.[32] Wolproduksie het sodanig toegeneem dat wol reeds in 1860 vir die eerste maal uitgevoer is.[33]

Aanvanklik was die vetsterttipe skaap die oorwegende ras. Die Trekkers het wel Merinos met hulle op die trek geneem, maar weinig van hulle het in die Transvaal aangeland.[34] Die Merino het geleidelik die vetstertskaap verdring, omdat daar voor die opening van die Randse goudmyne weinig aanvraag vir slagskape was en omdat laasgenoemde se wol nutteloos was. Wol het ook vir die boer as bron van inkomste gedien veral toe hy later kontant daarvoor kon kry.[35] Die wolmark was ook nie van plaaslike aanvraag afhanklik nie, daar dit 'n uitvoerproduk was waarvoor daar altyd 'n aanvraag was. Die boer het ook nie vervoerprobleme ten opsigte van die wol gehad nie, daar hy dit aan die winkelier of op die mark verkoop het.[36]

Gedurende die jare van onderhoudsboerdery was skaapboerdery die afdeling wat met 'n mimimum van arbeid en kapitale uitgawes 'n inkomste verskaf het waardeur verbruikersgoedere aangekoop kon word. As gevolg van die slegte finansiële toestand van die ZAR tot ongeveer 1870, moes die wol gewoonlik vir huishoudelike benodigdhede ingeruil word.

[32] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.125.

[33] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies deel 2 , p.125.

[34] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.28.

[35] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.33.

[36] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.31.

Later, met die verbetering van die wisselkoers, was kontant soms verkrygbaar van winkeliers by die verkoop van wol.[37] Met die ontdekking van goud aan die Rand is skaapboerdery ook gestimuleer deurdat 'n groter mark vir vleis geskep is en deurdat die spoorwegaanleg na die myne die vervoer van wol na die hawens vergemaklik het.[38]

Die Hoëveldstreek, waarin die Wolmaransstadse distrik geleë is, het hom as baie geskik vir skaapboerdery bewys. So byvoorbeeld was byna die helfte van die 3000 bale wol wat die ZAR in 1864 uitgevoer het, uit die Potchefstroomse distrik afkomstig.[39] Die *Transvaal Argus* het ook in dié tyd na die "skaapwêreld" van Suidwes-Transvaal met Bloemhof as die sentrum daarvan, verwys.[40] Hoewel die skaapboerdery deur die ontdekking van goud gestimuleer is, sou dit in Wes-Transvaal as gevolg van die toename in landboubedrywighede geleidelik in omvang afneem namate weiveld in saailande omskep is.

Perdeboerdery is nooit op groot skaal deur die Transvaalse boer beoefen nie. Dit is egter met die grootste sorg gedoen vanweë die perd se groot waarde vir kommandodiens en as saal-, kar- en verewaperd.[41] Die waarde wat aan perde geheg is, spreek dan ook uit die verbod op die verkoop

[37] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.37.

[38] H.B. Thom, *Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika*, p.102.

[39] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.126.

[40] *Transvaal Argus*, 26.6.1866.

[41] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.37.

daarvan aan swartes wat in 1858 van krag geword het.[42] Perde wat in hulle besit gevind is, kon selfs met geweld van hulle verwyder word.[43] Die ras wat die boer geteel het, is die "Boerperd" genoem. Dit was die produk van 'n kruising van 'n Arabier met verskeie ander rasse. Die boer het net 'n paar merries vir aanteel vir eie gebruik aangehou. Daar is as gevolg van die hoë voorkomste van perdesiekte selde vir die mark geteel. In vergelyking met ander plaasdiere was perde, veral die wat teen perdesiekte gesout was, altyd baie duur.[44]

Die deursnee boer het verder ook 'n troppie bokke, varke en pluimvee aangehou wat hoofsaaklik vir huishoudelike gebruik bedoel was.[45] Die meeste van die pionierboere in die Transvaal het tydens hulle verblyf in die oostelike distrikte van die Kaapkolonie ook landerye en tuine gehad waar hulle vrugte, graan en groente vir eie gebruik verbou het. Hulle was dus goed met dié vertakking van die landbou vertroud.[46] Sodra die boer en sy gesin herberg gehad het en sy veekrale voltooi was, het hy grond gebraak vir die saai van koring en mielies en die aanplant van groente en vrugtebome. Weens die gebrek aan 'n binnelandse mark en omdat die bewerking van grond nie beskou is as 'n bron van inkomste waardeur die stoflike besit vermeerder kon word nie, is slegs vir eie

[42] Volksraadsbesluit, artikel 19 van 17 September 1858.

[43] Volksraadsbesluit, artikel 74 van 19 September 1858.

[44] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.38-39.

[45] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.39.

[46] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.20-21.

gebruik voorsiening gemaak.[47] Eers in die vyftigerjare, nadat die eerste fase van die vestiging voltooi is, het landbou meer aandag geniet.[48]

Die boer het sy ploegwerk met sy selfvervaardigde "Boerploeg" gedoen.[49] Met die ploeg kon hy tot twee akkers per dag omploeg. In 1860 is die "Boerploeg" verdring deur die no. 75 ploeg en dié weer deur die "Gansnek", die eerste ploeg wat ten volle uit yster vervaardig was. Die boer het ook sy eie êe gemaak.[50] Grond was vlak geploeg, onvoldoende bemes en gesaaides nie genoeg bewerk nie. Werk in verband met die landbou is grotendeels aan swartes, wat beslis nie geskikte landbouers was nie, toevertrou. Gevolglik was daar 'n neiging by die boer om meer arbeiders aan te hou as wat vir doeltreffende werkverrigting nodig was en het daar onwillekeurig 'n aanpassing van die boerderymetodes by die arbeidspotensiaal van die werksvolk geskied.[51]

Die verbouing van koring vir die verskaffing van brood was aanvanklik die belangrikste vertakking van landbou. Omdat koring in die somer roes gekry het, is dit slegs in die winter gesaai en dus moes dit besproei

[47] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.23.

[48] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.41.

[49] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, p.86.

[50] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, pp.89-92.

[51] A.N. Pelzer, Gekiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.11.

word.[52] Elke boer het 'n stukkie koringland gehad wat hy besproei het deur water in vore daarheen te lei. Die onbestendigheid van die mark en die feit dat die Vrystaat meer vir koringboerdery geskik was, het meegebring dat daar nooit noemenswaardige vordering met koringverbouing gemaak is nie.[53] Die verwoestende uitwerking wat die Anglo-Boereoorlog op boerdery gehad het, het ook die finale nekslag vir koringboerdery in die Wolmaransstadse distrik meegebring. Voortaan sou die klem eerder op mielieverbouing volgens die droëlandstelsel val.[54]

Mielies is aanvanklik op baie beperkte skaal op die besproeibare grond binne die landmuur of omheining gesaai sodra die koring afgeoes was. Die grond het egter spoedig te klein geword en die mielielande is mettertyd na die droë bulte verskuif. Die droëlandboerdery het arbeidskoste verminder, omdat daar minder onkruid was om uit te roei. Mielielande moes weens die afwesigheid van wisselbou en gebrek aan bemesting dikwels verlê word om nuwe grond te kon ploeg. Die gedurige wisseling van saailande was die oorsaak dat die omheining van gronde en wetgewing in verband daarmee uitgebly het. Onomheinde mielielande was dan ook een van die grootste sorge van die boer. Die vee moes bedags voltyds opgepas word en snags op kraal staan.[55]

Die ontwikkeling van die diamant- en goudmynbedryf was 'n kragtige stimulus vir mielieboerdery. 'n Groot mark vir mielieprodukte is veral deur die swart mynwerker geskep. Droëlandboerdery het ook toegeneem

[52] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.244.

[53] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.42-43.

[54] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.54.

[55] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.44-45.

namate daar 'n afname in die koringproduksie was. Teen 1883 was die oorgang na droëlandboerdery reeds in volle swang. Hoewel dit 'n aansienlike toename in produksie meegebring het, moes die ZAR nog tot 1896 mielies invoer om in die aanvraag te voorsien.[56]

Hawer was van die vroegste jare af die vernaamste voergewas in die ZAR. Die ryp hawer is afgesny, gedroog en in gerwe gebind. As voergewas was dit 'n gesogte artikel wat goeie pryse op die mark behaal het. Dit kon met gemak op reise saamgeneem word en is by die uitspanning aan die perde gevoer. Gars is minder algemeen verbou en is hoofsaaklik as groenvoer gebruik.[57] Elke boereopstal het sy groentetuin en vrugteboord gehad. Die groente het slegs in eie behoeftes voorsien, maar van die vrugte is gedroog en op die mark gebring.[58]

'n Bykomstige bron van inkomste is vir die boer met die ontwikkeling van die diamantmyne in en om Kimberley geskep. 'n Groot aanvraag vir brandhout vir die stoomenjins op die myne het naamlik alhier ontstaan. Die boere in Wes-Transvaal was maar te gretig om in hierdie behoeftes te kon voorsien. Die boere van die Makwassiewyk het ook lustig aan hierdie houtvoorsiening aan die myne meegedoen en wel in so 'n mate dat Thomas Spence Leask in sy dagboek daarna as 'n tragedie verwys het. In dié verband het hy beweer dat: "Practically all the camelwood trees were transported to Kimberley, from our whole district."[59] Die hout is veral op die plase Katboschfontein, Weltevreden, Welverdiend en

[56] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.144-146.

[57] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.46-47.

[58] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.48-49.

[59] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.37.

Kameeldoorns gemaak. Net die dikste dele van die boom is gebruik en die res net so laat lê Die boere het die hout vir tussen een pond en een pond tien (R2,00 en R3,00) aan die transportryer verkoop wat weer op sy beurt tussen dertig en veertig pond (R60,00 en R80,00) daarvoor in Kimberley gekry het.[60] Die regering kon hierdie uitroei van bosse nie verhinder nie, omdat alle bosse op plase wat nie spesifiek by die toekenning van die plaas deur die regering uitgehou is nie, die eiendom van die plaaseienaar was en hy na goeddunke daaroor kon beskik.[61]

By die boekstawing van die geskiedenis van die ZAR tydens die negentiende eeu is daar een aspek wat deurlopend en dominant was, naamlik die probleme waarmee die boer te kampe gehad het en wat hom teen die draai van genoemde eeu in 'n volwaardige oorlewingstryd gewikkel laat raak het. Sommige van die probleme is suksesvol oorbrug en opgelos, ander het meer intens geword, terwyl nuwes as uitvloeisel van die ontwikkelingsgang van die land met verloop van tyd ontstaan het. Dat veral die eerste paar dekades na vestiging noord van die Vaalrivier groot opoffering, moed, aanpassings en deursettingsvermoë van die boer geverg het, spreek vanself. Tereg noem A.N. Pelzer hierdie wordingsjare dan ook die "worsteljare".[62]

Die knellendste en mees onmiddellike probleem onder die eerste intrekkers was die staat van verarming waarin vele van hulle as gevolg van die onbestendige lewe tydens die Groot Trek verkeer het.[63] Die probleem het vererger by veral diegene wat na hulle aankoms in die Transvaal nog

[60] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.37.

[61] Volksraadsbesluit, artikel 116 van 28 Mei 1869.

[62] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.7.

[63] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.20.

vir etlike jare rondgetrek het op soek na geskikte verblyfplek. In die proses kon hulle nie na wense van die geleenthede wat die nuwe bodem hulle gebied het, gebruik maak nie en het hulle verdere verliese aan vee en besittings gely. Volgens Naude was die pionierboer in Transvaal se aanvanklike stryd nie soseer teen die natuurkragte as teen die bedreiging van die inboorling nie. In dié stryd moes die behartiging van die boerdery vir eers 'n ondergeskikte rol speel, is die boerdery in die proses verwaarloos en het dit verarming in die hand gewerk.[64] Die pionierboer in die Makwassiewyk was egter grootliks gevrywaar teen die gevare en die ontwrigtende uitwerking wat die swartes vir die boer en sy boerdery ingehou het, omdat die distrik aanvanklik vrywel totaal van swartes ontvolk was. Hulle sou dus in dié periode al hulle aandag aan hulle boerdery kon wy en gouer op hulle voete kon kom en gevestig raak.

Dat verarming egter by vele boere in die Transvaal ernstige afmetings aangeneem het, blyk uit die talle memories voor 1860 aan die regering gerig waarin die burgers hulle stoflike nood bekla het, uit die vele armsorgtoekennings gemaak aan behoeftige gesinne en die talle aansoeke om vrystelling van hoofbelasting.[65] Of die boer in die Makwassiewyk in dié era hierdie nood in dieselfde mate ervaar het, is weens gebrek aan stawende dokumente moeilik te bepaal. Tog kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat ook hulle wel aanvanklik deeglik die verarmende effek van hulle swerfjare sou ervaar het. Pelzer verwys immers na die armoede wat tydens dié era in "vrywel elke deel van die Republiek voorgekom het."[66]

[64] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.484.

[65] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, pp.14-20.

[66] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.15.

Die probleem wat grootliks die republikeinse boer se koms na dié gebied ten grondslag gelê het, naamlik die drang om vry en onafhanklik van Britse oorheersing te wees, het in die nuwe vaderland nooit sodanig na die oppervlak gekom dat dit 'n noemenswaardige invloed op die boer en sy lewenswyse gehad het nie. Die probleem van Britse inmenging in sake van die Transvalers is in elk geval in 1852 met die sluiting van die Sandrivier-konvensie voorlopig opgelos en sou eers weer in die sewentigerjare sy invloed laat geld.

'n Probleem waarmee die republikeinse boer reeds tydens die Groot Trek te kampe gehad het en wat hom benoorde die Vaalrivier nog jarelank sou teister, was naamlik dié van roofdiere. In die Makwassiewyk het dit tydens die wordingsjare van wild gewemel, maar eweneens ook van aas- en roofdiere soos jakkalse, wildehonde, rooikatte, luiperds, wolwe en leeus. Leeus het wydverspreid voorgekom. Leeufontein, ten weste van die Makwassierante, was een van die waterrykste plase. Dit was die drinkplek van grootwild en aldus die geliefkoosde plek waar die leeus hul prooi voorgelê het. Plekname soos Leeudoorns, Leeupan, Leeubos en Leeukop vertel dan ook van die destydse aanwesigheid van leeus in die distrik.[67] Die roofdiere was 'n groot bedreiging vir die boer se veekuddes en het hom groot ongerief en moeite besorg. Dit het hom genoodsaak om snags sy vee in die kraal te laat slaap en hulle bedags te laat oppas. Ape en bobbejane was volop in die Makwassierante en het sekerlik hul kwota skade in die nabygeleë mielielande en vrugteboorde aangerig. Die probleem met roofdiere sou egter soos die distrik digter bevolk geraak het, in omvang afgeneem het. So byvoorbeeld moes die leeu geleidelik die aftog teen die boer se geweer blaas. In 1876 is volgens oorlewering die laaste leeu in die Makwassiewyk op die plaas Uitkyk deur Gert Jacobs geskiet.[68] Die stryd teen veral die ander groot kleinveedief, die jakkals, sou egter nog vir talle dekades onverpoosd voortgesit moes word.

[67] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, pp.28-29.

[68] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.29.

Die stryd teen die roofdier is egter verdwerg deur 'n probleem wat van die vyftigerjare af 'n donker skaduwee oor die bestaan van die boer in die Makwassiewyk begin gooi het. Die probleem wat algaande in intensiteit toegeneem het en die lewe van die boer versuur, verswaar, ontwrig en soms onhoudbaar gemaak het, was naamlik die insypeling en vestiging van swartes in die distrik en al die negatiewe komplikasies wat dit vir die boer, sy gesin en sy boerdery ingehou het. Die eerste boere wat hulle in die Makwassiewyk gevestig het, het buiten vir 'n groepie Korannas onder Massouw by die huidige Zendelingsfontein, 'n totaal ontvolkte gebied aangetref.[69] Hulle was dus teen konfrontasie met die swartes gevrywaar.

Die toedrag van sake sou egter spoedig verander. Nadat Silkaats in 1837 oor die Limpopo verdryf is, het baie van die swartes wat voor hom gevlug het uit hul skuilplekke na hulle oorspronklike woongebiede in Wes-Transvaal teruggekeer. Baie het onder die Boere beskerming kom soek. Aan diegene wat die Boere in hul stryd teen Silkaats bygestaan het, is selfs grond toegestaan. Aanvanklik het die swartes die blankes se jurisdiksie oor hulle en hulle gebiede aanvaar.[70] Soos die stamme egter weer sterker geword het, het hulle hul vrees vir die blankes verloor. Toe hulle boonop nog deur die Engelse sendelinge, handelaars en reisigers teen die Boere opgestook is, het sommige van hulle 'n opstandige en aggressiewe houding teenoor die Boere begin inneem. Spoedig het sommige van hulle dan toe ook tot aanvalle op en plundertogte teen die Boere oorgegaan. Die meeste stamme is tydens Silkaats se Dfiqane verarm en die boer se groot troppe vee was nou net 'n te aanloklike buit om met rus gelaat te word.[71]

[69] J.A. Engelbrecht, The Koranna, p.35.

[70] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, pp.69-72.

[71] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.101.

Hierdie nuwe bedreiging sou die boer in die Makwassiewyk nie gespaar bly nie, want ook hierheen het van die swartes teruggekeer van wie party op brutale wyse op grond in die distrik aanspraak gemaak het. So byvoorbeeld het S.J.J. de Beer op 2 Desember 1851 in 'n verklaring vermeld hoedat hy in September 1850 op sy plaas by Makwassieberg deur 'n swart kaptein Creistejan Mallerei gekonfronteer is ten opsigte van die besitreg van die grond. Volgens Mallerei het die landdros Lombaard geen reg gehad om sy (Mallerei) se vader se grond aan hom (De Beer) toe te ken nie. Op astrante wyse het Mallerei sy vinger onder De Beer se neus gehou en hom toegevoeg: "Jullen verdomden boeren zal nout de regt hebben om op dezen gronden te woonen."[72] De Beer het dit toe maar gerade geag om sy plaas 'n tyd lank te verlaat.

Vir die boer in die Makwassiewyk het hiermee 'n era aangebreek waarin hy baie jare lank brandwag sou moes staan om huis en haard teen die aanslag van die swartes te beskerm. Guest beweer dan ook dat veediefstalle in die omgewing van Makwassiespruit teen 1850 reeds vry algemeen voorgekom het.[73] Aan die hand van klagskrifte gerig aan die landdroste, die kommandant-generaal en later die president kan in 'n mate 'n beeld daargestel word van die aard en omvang van die vergrype van die swarte teen die boer tydens die negentiende eeu.

Veediewery en algemene onveiligheid in sy distrik het skynbaar vir komdt. P.C. Bezuidenhout van Makwaziebergt (sic) beweeg om op 20 Mei 1852 sy lot per brief teenoor landdros Smit van Potchefstroom te bekla. Uit die brief het dit geblyk dat sy wyk se mense baie beswaard was en hom lastig geval het omdat hulle "en soo ene gedureg duisternis niet kan leven wat dat wey onze leven niet zeker ben".[74] In 'n brief aan landdros Lombbart (sic) het D. Verwey van Makwassiespreyt (sic) op 20 April 1853

[72] Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, R.347/51, p.145.

[73] H. Guest, Voortrekkerdorp, p.39.

[74] Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, R.402/52, p.205.

berig dat die Corhaners (Korannas) na die Vetrivier gevlug het na 'n skermutseling met die burgers. Hy het die toestand aldaar as so kritiek beskou, dat hy dit as noodsaaklik geag het dat kommandant-generaal Pretorius self daarheen moes afreis om ondersoek te kom instel. Hy het verder berig van ene Matjouawa wat van hulle beeswagters weggevoer het en die beeste aan hulle genade in die veld gelaat het.[75] Dat die toestand in die distrik beslis sorgwekkend was, blyk verder uit 'n skrywe van 10 Mei 1853 van veldkornet P.C. Bezuidenhout van Makwatsseiberg (sic) aan kommandant-generaal Pretorius. In die skrywe het hy verklaar "heef dei menssei gevlug voor dei kaffer".[76] Hy het verder berig dat 'n groot aantal Griekwas en swartes van ene Lopoi op 15 April die Vaalrivier met (gesteelde) perde oorgesteek het. Hy het terselfdertyd ook sy bedanking as veldkornet ingedien weens die passiewe houding van komdt. Jan Jacobs teenoor wat hy (Bezuidenhout) van praat as "oorlogten".[77]

Die onrus in die distrik en die spanning wat tussen Boer en Swarte geheers het, het ook duidelik gespreek uit 'n skrywe van komdt. J.J. Jacobs van Oersonskraal waarin hy berig het dat hy op 20 Mei 1853 vertrek het op 'n besoek aan die swart stamme (in die distrik) om die toestand aldaar te ondersoek. In die brief het hy dan ook melding gemaak van die "groot oproer" onder sy mense en dat hy hulle darem tot bedaring kon bring.[78] Veediewery en strooptogte het sodanig toegeneem dat dit gerade geag is om in 1854 'n kommando van Klerksdorp af op 'n vergeldingstog teen opstandige swartes in die distrik te stuur. Dit kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat van die burgers

[75] Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, R.518/53, p.329.

[76] Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, R.529c/53, pp.338-339.

[77] Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, R.529c/53, pp.338-339.

[78] Transvaalse Argiefstukke 1850-1853, R.532/53, pp.342-343.

van Makwassiewyk ook hierdie veldtog sou meegemaak het.[79] In dié jaar het landlopery onder swartes soveel probleme geskep dat die Krygsraad bepaal het dat geen swarte sonder 'n pas van sy werkgewer mog rondgaan nie. In tyd van algemene onrus was 'n oortreding van hierdie bepaling selfs met die dood strafbaar.[80]

In 1858 het Mahoera en sy Batlapin 'n inval in Wes-Transvaal gemaak en onder andere waens en vee gesteel. Skynbaar het boere in die Makwassiewyk ook tydens die inval verliese gely. Dié feit blyk uit 'n memorie van 4 Augustus 1866 wat deur 63 burgers van Makwassie aan die Volksraad gerig is. In die memorie het die memoraliste die Volksraad na die voorwaarde waaronder die Krygsraad in 1858 met Mahoera vrede gesluit het, verwys. Omdat Mahoera nie sy verpligtinge in dié verband nagekom het nie, het die boere geëis dat die regering òf Mahoera dwing om die boere se geroofde vee en verliese uit te betaal òf dat die verowerde grond vir plase vir die boere oopgestel word. Hulle het dan ook aan die gewaande staat van vrede wat tussen die regering van die ZAR en die swart opperhoofde bestaan, gewanhoop, omdat hulle in "het geheel geen vreede kan bespeure".[81]

In 1863 het die bedreiging wat die swartes vir die veiligheid van die blankes in Wes-Transvaal ingehou het, sodanige afmetings aangeneem, dat die waarnemende kommandant-generaal van die ZAR, T.J. Snyman, op 5 September die veldkornet van Makwassie, Abel Erasmus, skriftelik opdrag gegee het om soveel moontlik van sy wyk se mense byeen te roep ten einde op 'n onverwagte aanval van die swartes voorbereid te wees. Die Kommandant-Generaal het naamlik inligting bekom dat ene Schoeman

[79] H. Guest, Voortrekkerdorp, p.40.

[80] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.168.

[81] Suid-Afrikaanse Argiefstukke vol. 6, 1866-1867, E.V.R. 109/185, pp.112-113.

vir Mosjesj en Mahoera opgesteek het om tot 'n aanval op die ZAR oor te gaan. In die brief word dan ook benadruk dat die veldkornet sy voorbereidings met die grootste geheimhouding moes doen.[8.2]

Swartes wat boereplase sonder passe betree het en ander wat bakens versteur het, was vir die boere 'n verdere bron van wrewel soos afgelei kan word uit 'n brief wat ene kaptein Motlabani aan veldkornet Coetzee te Vaal Revier (Makwassiewyk) gerig het.[8.3] Die swartes het in hulle aansprake op grondgebied in die Makwassiewyk al hoe vermeteler en radikaler geword. In dié trant het veldkornet C.J.H. Coetzee van Zoutpan op 4 November 1867 berig dat die swartes die boere se besitreg op alle grondgebied tussen Zoutpan en Makwassiespruit totaal ontken en dit as hulle eiendom opgeëis het. Hy was uiters beswaard oor die onseker en onveilige toestande in sy wyk en het die President verwyt dat hy toegelaat het dat hulle soveel jare onder die swart nasie moes ly. Hy het voorgestel dat die grond met die swartes geruil word om, soos hy dit gestel het, "uit de elend" te kom.[8.4] Ene kaptein Gassiebon het selfs so ver gegaan om die boere die trekpad te belet, omdat, volgens hom van sy mense hulle in Potchefstroom in die tronk bevind het en daar dus tussen hulle en die Boere 'n staat van oorlog was.[8.5]

'n Ander groot euwel wat die lewe van die boer en sy gesin in gevaar gestel het, was die gebruik dat veldkornette passe aan "Jagtkaffers"

[8.2] Suid-Afrikaanse Argiefstukke vol. 4, 1859-1863, Notule van die Volksraad, 5 September 1863, p.555.

[8.3] Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 7, 1867-1868, dokument R820/65, pp.202-203.

[8.4] Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 7, 1867-1868, dokument R1122/67, pp.201-202.

[8.5] Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 7, 1867-1868, dokument R1115/67, p.202.

gegee het om op "gemeten plaatsen " te mag jag. 'n Korrespondent het in 1867 aan die *Transvaal Argus* berig dat veldkornet Cornelis Coetzee van Makwassie duisende sodanige passe aan swartes toegestaan het. Hy het die stelsel betreur en op die gevare gewys wat dit veral vir die vroue en kinders kon inhou, veral omdat die meeste moorde op die blankes in die verlede juis aan hierdie betrokke swartes toegeskryf kon word.[8.6]

Die Britse administrasie van Transvaal van 1877 af tot 1881 het nie verligting van die boer se probleem met die swartes meegebring nie. In 'n brief aan *De Volkstem* het 'n burger van Makwassie in 1878 sy begeerte uitgespreek dat die Administrateur van Transvaal dié distrik so spoedig moontlik moes besoek om orde in die betwiste gebied te kom skep. Hy het betoog dat die boere baie jare lank met groot verdraagsaamheid teenoor die swartes geleef het, maar dat die Korannas en Barolongs wat kort tevore die gebied betrek het, die verhouding tussen die blankes en die swartes ernstig versteur het. Die swartes het die boere van hulle plase waarop hulle jare lank gebly het, verdryf en die Korannas het die boere verhinder om sout by die soutpanne te skraap. 'n Openlike botsing tussen die boere en die swartes oor die kwessie is 'n kort rukkie tevore net betyds deur die tussenkoms van die veldkornet voorkom. Die korrespondent het dus beslis die moontlikheid dat 'n oorlog oor die soutpan tussen die twee groepe sou uitbreek, voorsien, sou die kwessie nie bevredigend opgelos word nie.[8.7]

'n Dekade later het daar nog geen verligting van die spanning tussen Boer en swarte ingetree nie; inteendeel dit het geëskaleer. Die spanning het veral toegeneem soos meer swartes die distrik betrek het. Die burgers in die Makwassiewyk het egter nie net te doen gehad met die bekamping van swart oproerigheid en onrus in sy distrik nie, maar hy kon selfs as daar elders in die ZAR gevaar gedreig het, vir kommandodiens aldaar opgeroep word. So byvoorbeeld het veldkornet

[8.6] *Transvaal Argus*, 10.1.1867.

[8.7] *De Volkstem*, 21.5.1878.

A. Erasmus en veertien burgers uit die Makwassiewyk in Maart 1868 aan 'n veldtog teen Mapela by Makopaanspoort in die Zoutpansberge deelgeneem.[88] In 1876 het 'n kommando van Makwassiewyk ook aan die veldtog teen Sekoekoenie deelgeneem.[89] In 1883 het *De Potchefstroomer* berig van veldkornet Campher en 30 burgers van Makwassie wat op 22 Februarie van dié jaar deur die dorp getrek het op pad om elders te gaan diens verrig.[90] In dieselfde jaar het dié koerant verder berig van Makwassieburgers wat 'n ekspedisie teen die swart opperhoof Mampoer meegemaak het.[91] Op 20 November 1885 het 137 burgers van Makwassiewyk onder bevel van komdt. Piet Cronje aan die veldtog teen Dawid Massouw Riet Taaibos by Mamusa (Schweizer Reneke) deelgeneem. In die veldslag het veldkornet Reynders van Makwassie gesneuwel.[92]

Uit die voorgaande relaas van die jarelange aggressie, vyandelikhede en vergrype van die swartes teen die blankes kan 'n goeie idee gevorm word van die mate waarin dit 'n ontwrigtende, belemmerende en ondermynende invloed op boedery moes gehad het. Vir die boer moes dit beslis 'n tipe oorlewingstryd gewees het om homself en sy posisie onder dié ongunstige, onveilige en onsekere omstandighede teenoor die swartes te kon handhaaf en nog sy boerdery sinvol te kon voortsit. As gevolg van die afgesonderdheid van boereplase van mekaar was die boer, sy gesin en eiendom baie kwesbaar teen aanvalle van die swartes. Teen veediefstalle het die boer bra weerloos gestaan. In geval van sodanige diefstal moes

[88] S.P. Engelbrecht (samesteller), *Paul Kruger's amptelike briewe 1855-1877*, p.134.

[89] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.33.

[90] *De Potchefstroomer*, 28.2.1883.

[91] *De Potchefstroomer*, 31.10.1883.

[92] J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaal se geskiedenis, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1957, p.146.

hy dit aan die naaste veldkornet rapporteer wat dan lyste van die gesteelde goedere opgestel en by die swart kapteins ondersoek gaan instel het. Aanhoudende veediefstalle het later tot die toepassing van die kommandostelsel of tot die byeenroep van patrollies om die veediewe te soek, gelei.[93] Om veediefstalle te bekamp is pasregulasies in 1866 vir die swartes ingestel. Dit was primêr daarop gemik om die swartes se onbeheersde rondlopery te bekamp.[94] Dit sou egter spoedig blyk nie die gewenste resultate te hê nie.

Vir beskerming van huis en haard was die boer grootliks op homself aangewys. Aan dié lewenspatroon was die meeste pionierboere egter gewoond, omdat hulle aan die Oosgrens voor die Groot Trek onder byna soortgelyke omstandighede geboer het. In tye van gevaar kon hy hom amptelik op die veldkornet om hulp beroep, maar teen die tyd dat die veldkornet 'n patrollie of kommando bymekaar sou hê, was die kwaad gewoonlik reeds gedaan.[95] Wanneer 'n boer 'n veldtog moes meemaak en daartydens verliese gely het, is hy eerste uit die goedere wat tydens die veldtog gebuit is, vergoed. As daar na die toekennings wat aan swaargewondes of aan naasbestaandes van gesneuweldes gedoen is en na

[93] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, p.234.

[94] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, p.277.

[95] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, p.235.

die regering se oorlogsonkostes afgetrek is, nog buit oor was, is dit ook onder die burgers verdeel.[96]

'n Kwessie wat in 'n groot mate die boer se probleme met die swartes ten grondslag gelê het en daaraan momentum verleen het en wat aldus vermelding verdien, was naamlik die besit van vuurwapens deur die swartes. Voor die koms van die Trekkers na Transvaal was vuurwapens alreeds onder sommige swartes bekend. So byvoorbeeld het Louis Trichardt op 28 Maart 1837 gewere en kruit by 'n Bawendakaptein, ene Rasethau, gekry.[97] In die daaropvolgende veertigerjare is wapens en ammunisie op groot skaal deur Engelse sendelinge, handelaars en reisigers aan die swartes voorsien. Die besit van vuurwapens het die swartes hulle die blankes se gelyke laat voel en hulle hul vrees vir laasgenoemde laat verloor. Aangespoor deur hierdie valse gevoel van mag wat die geweer aan hulle verleen het, het hulle nou tot plundertogte en aanvalle op die boere oorgegaan.[98]

Die erns van die probleem het die Volksraad beweeg om in Oktober 1848 'n totale verbod op die besit van 'n wapen deur 'n swarte te plaas. Alle wapens wat in hulle besit gevind sou word, sou verbeurd verklaar word.[99] Dié wetgewing en ook latere wetgewing in dié verband het egter geen uitwerking op die wapenvoorsiening aan die swartes gehad nie. Die smokkelhandel in wapens het inteendeel sodanig gefloreer dat dit in

[96] J.D. Vorster, Die verdedigingstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1864, p.39.

[97] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.199.

[98] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.101.

[99] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.202.

1853 deur wetgewing met die dood strafbaar gemaak is.[100] Selfs dié bepaling het nie as afskrikmiddel gedien nie. Die skaal waarop die swartes bewapen is, moes noodwendig die verhouding tussen hulle en die boere verder vertroebel. Die swartes het steeds meer astrant, aggressief en militant geraak.

Die boere van Makwassiewyk sou ook nie dié tendense gespaar bly nie. In 1876 byvoorbeeld het kaptein Gassiebon met 35 gewapende ruiters by 'n uitspanning in die distrik opgedaag en die Jacobse wat daar uitgespan het, beveel om dadelik te vertrek en "geen juk op de gront te laat komen voor aan Makwassiespruit" nie.[101] Die wapens moes in die geval beslis hard gespreek het, want die Jacobse het toe nog ewe gedwee 'n os en ses skape aan genoemde Gassiebon vir die gebruik van die uitspanning betaal. Ook was hulle magteloos om iets te doen aan die feit dat na die genoemde betaling nog ses van hulle beeste deur genoemde swartes gesteel is.[102]

Die finale nekslag vir die ZAR se stryd teen die wapenhandel is deur die ontwikkeling van die Kimberleyse diamantvelde meegebring. Die duisende swartes wat daarheen gestroom het, het op groot skaal gewere na die ZAR teruggebring en dit aldaar weer verkoop. Teen 1873 het die regering besef dat hy magteloos was om die invoer van vuurwapens te belet en toe maar oorgegaan tot die heffing van 'n invoerbelasting op vuurwapens. Swartes was egter nog steeds verbied om wapens binne die ZAR te koop. Van 1876 af moes swartes wanneer hulle buite hulle woongebiede met 'n vuurwapen beweeg het, in besit van 'n pas vir sodanige vuurwapen gewees het. Hierdie reëling sou egter meer troos

[100] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.208.

[101] Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 7, 1867-1868, dokument R1116/670, p.202.

[102] Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 7, 1867-1868, p.202.

bied as wat dit vir die veiligheid van die boer in die praktyk van waarde sou wees.[103]

Die toestroming van duisende swartes na die goudmyne in die tagtigerjare het beslis 'n uitdunning van hulle getalle op die platteland meegebring. 'n Logiese uitvloeisel hiervan sou wees dat die spanning tussen die Boer en die swarte verlig sou word. Ongelukkig het die snelle aanwas onder die swartes en hulle insypeling na en plakkery op ongeokkupeerde- en maatskappyplase dié moontlikheid geneutraliseer. In die loop van jare het wrywing ook op ander verhoudingsvlakke tussen die Boer en die swarte ontstaan. So byvoorbeeld het 'n korrespondent van Witpoort in 1896 in 'n brief aan De Potchefstroomer oor die groot toename in swartes by die dorp gekla, oor die feit dat kafferstatte voortdurend verrys het en oor die stank wat van die lokasie afkomstig was. Aan die beloftes om die swartes uit die dorpsveld te verwyder, is niks gedoen nie. Hy het gedreig om die regering se hulp in te roep en om te trek as die saak nie aandag kry nie. Volgens hom het die swartes die mense ook snags uit die slaap gehou met hulle geraas. Hy het hulle dan as niks minder as 'n plaag beskou nie.[104]

Die verhouding tussen die Boer en die swarte is verder vertroebel toe die swarte bewus begin word het van die gespanne verhouding tussen die Boer en die Britse immigrant. Van laasgenoemde groep het die swarte meer simpatie en toegeeflikheid ontvang en het dus algaande meer tot hulle aangetrokke gevoel.[105] Die konflik tussen Boer en swarte sou tydens die Anglo-Boereoorlog tot 'n hoogtepunt gevoer word met die verraderlike wyse waarop vele swartes die Boer in die rug gesteek het

[103] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.208.

[104] De Potchefstroomer, 23.7.1896.

[105] P.A. Naude. Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.226.

deur die wapen saam met die Engelse teen hom op te neem as gevolg waarvan vele swartes deur die Boeremagte tereggestel is.

Seker die mees aktuele probleem waarmee die republikeinse boer van meet af te kampe gehad het en wat in die gang van jare vir die boer steeds knellender geword het, was die arbeidsprobleem. Die probleem het om die verkryging van 'n genoegsame aantal arbeiders vir elke boer gesentreer. In die hantering van die probleem het die boer homself in so 'n mate van die swart arbeider afhanklik gemaak en met soveel toegeeflikheid teenoor hom opgetree, dat hy in 'n groot mate homself te blameer het vir die latere arbeidsprobleem wat sy boerdery lamgelê het en vir die onstaan van die plakkersprobleem. Die kern van die pionierboer in die Transvaal se probleem rakende arbeid moet allereers gesoek word in en teen die agtergrond van sy siening van en sy ingesteldheid teenoor handearbeid as sodanig. Die Voortrekkerboer was in die Kaapkolonie daaraan gewoond dat die nie-blanke vir hom handearbeid verrig en hy sou die tradisie in die Transvaal wou voortsit. Daar was dan terselfdertyd by die boer 'n geestesgesteldheid teen die verrigting van harde handearbeid.[106] Verder het hy dit as deel van sy roeping gesien om die heidense swart volkere te beskaaf en te kersten. Hy het geglo dat arbeid die vernaamste middel was om die barbaar te kon beskaaf en dus wou hy hom leer werk.[107]

Terwyl die boer nog rondgetrek het, was hy op homself en sy gesin vir die verrigting van handearbeid aangewys. Na sy vestiging egter het die vraag na arbeiders onstaan. Die arbeidsbehoefte van die boer in die onontwikkelde land was groot. Ewe groot was die groot verskeidenheid take wat verrig moes word. Voor die gebruik van doringdraadheinings

[106] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.10.

[107] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.186.

het die boer baie veewagters benodig om die vee teen roofdiere te beskerm, hulle uit die lande te hou en te verhoed dat hulle wegloop. Arbeiders was nodig om klipmure om veekrale, landerye en tuine te pak, dekgras te sny, watervore te grawe, spit- en skoffelwerk in die tuine te doen, die perde te versorg, te help slag, rieme te brei en as touleiers en wadrywers te dien. Swart vrouens is gebruik as huishulp, vir die vee van die werf, vir houtkap, vuurmaak en vir die stamp van die graan in die stampblok.[108]

As bron van arbeid was die boer hoofsaaklik op die swarte aangewys. Op sy seuns kon hy nie veel reken nie, omdat baie van hulle al jonk getrou en met hul eie boerderye begin het.[109] Van die beginjare af in die Transvaal was die arbeid van die swarte by die blanke se boerdery ingeskakel. In dié jare was die swarte nog erg verarm as gevolg van Silkaats se uitdelgingsoorloë onder hulle. Hulle was aanvanklik dus genoodsaak en maar te gewillig om die boer behulpsaam te wees in ruil vir beskerming en lewensmiddele.[110] Soos sy lewensomstandighede egter verbeter het, het sy gewilligheid om hom aan die boer te verhuur, verminder. Onder normale omstandighede was dit in elk geval teen die stamgebruike van die swartes dat die man handearbeid verrig. Hierdie ingesteldheid van die swarte is deur die boer as "ondiensbaarheid" en "onwilligheid" om vir hom te werk, vertolk.[111]

[108] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, pp.85-86.

[109] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.226.

[110] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.188.

[111] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.86.

Die boer moes en wou ten alle koste arbeid bekom. Aanvanklik was die boer toe ook glad nie ongeneë om grondgebied aan die swartes in die nabyheid van die blankes toe te ken nie. Die plasing van swartes was sodanig dat hulle enersyds nie 'n gevaar vir die boer moes kon word nie, maar dat daar andersyds maklik van hulle dienste gebruik gemaak kon word.[112] Die boere kon egter nie genoeg arbeiders bekom nie en dus het die Volksraad in 1850 besluit dat die veldkornet voortaan belas sou word met die plig om arbeiders vir die boere in hulle wyke te werf.[113] Waar 'n swarte geweier het om vir 'n boer plaasarbeid te verrig, kon die veldkornet hom selfs lyfstraf oplê. Die stelsel waar 'n veldkornet mag gehad het om die swarte tot dienslewering aan die boer te dwing, het hom tot misbruike geleen en het beslis tot veel wrywing en botsings tussen Boer en swarte aanleiding gegee.[114] Arbeiders is ook bekom deur die toepassing van die sogenaamde "inboekstelsel" waarvolgens swart weeskinders in die sorg van boere geplaas is.[115]

In 1851 het die Krygsraad aan swartes wat tussen blankes gewoon het grond, water en weiveld toegeken, weer eens met die bedekte motief om hulle as plaasarbeiders te kon benut. Twee jaar later is selfs leningsplase aan swartes toegestaan.[116] Die toegeeflikheid en verdraagsaamheid wat

[112] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.41.

[113] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.89.

[114] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.190-192.

[115] J.P.F. Moolman, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860, p.91.

[116] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.42.

die boer teenoor die swarte bewys het ten einde sy arbeid te bekom, het die boer later duur te staan gekom, veral toe die negatiewe uitvloeisel van die integrasie van swartes in blanke gebiede hulself laat begin geld het. Die vernaamste van die probleme was plakkery van swartes op privaat plase. Dié verskynsel het alreeds in die vyftigerjare sy kop begin uitsteek en sou algaande vererger.[117] Ook van die euwelsrondom hierdie probleem sou die boer die slagoffer word. Dit het spoedig geblyk dat min van die swartes met plaasarbeid wou of kon volhard. Om hieraan te ontkom, sou hulle eenvoudig uit hul diens moes wegloop. Drostery uit diens het dus algemeen begin voorkom en die boer in die proses met nuwe probleme opgesaal.[118]

Teen 1858 is 'n toestand in die boerdery bereik waar die boer sy bedryf feitlik ten volle aan sy swart plaasarbeiders toevertrou het. Gvolglik moes hy 'n groot aantal swart huisgesinne hê om die ekstensiewe berdery waar te neem, veel meer as wat in 'n goedbeplande bedryf nodig sou wees. Dié verskynsel het weer op sy beurt die aanvraag na arbeiders verhoog.[119] Van 1858 af is deur wetgewing vir die reëling van dienskontrakte tussen die boer en die swart arbeider voorsiening gemaak. Slegs vier gesinne is ook per plaas toegelaat. Dié reëling moes egter spoedig hersien word toe dit geblyk het uit pas met die boer se arbeidsbehoeftes te wees.[120]

[117] J.D. Huyzer, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, p.43.

[118] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.192-193.

[119] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.197.

[120] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.189-199.

Die boer se arbeidsprobleem het met die ontwikkeling van die diamantvelde 'n kritieke wending geneem. Duisende swartes is van die plase na die myne en delwerye deur die hoër salarisse wat hulle daar kon verdien, gelok. Op die diamantveld is hy boonop nog in kontant betaal en selfs met wapens en ammunisie vir sy dienste beloon. 'n Ernstige tekort aan plaasarbeiders het spoedig ontstaan. Om die probleem te probeer oplos, is 'n passtelsel en hutbelasting vir die swartes in 1870 ingestel. Die Volksraad was van oordeel dat die maatreëls die swartes sou verplig om te gaan werk en geld te verdien. Dit het egter nie die probleem opgelos nie soos blyk uit die talle memories teen die wetgewing wat by die Volksraad ingedien is. Nuwe wetgewing wat aangeneem is, kon ook nie die probleem verlig nie.[121]

Die ontstaan van die goudmynbedryf en die daaropvolgende spoorwegkonstruksies het die probleem vererger. Die werksvoorwaardes op die myne en die ander bedrywe was vir die swartes veel aantrekliker as dié van die plaas en hulle is gevolglik in groot getalle daarheen weggerokkel.[122] Arbeiders is ook na die sogenaamde "kompaniesplase" wat ontstaan het, weggerokkel. Samedromming van swartes op dié plase en op ongeokkupeerde grond het so 'n ernstige vraagstuk geword, dat die regering in 1887 die sogenaamde "Plakkerswet" aangeneem het. Dit het egter nie die probleem verlig nie. Van 1889 af, toe die aanvraag na boerderyprodukte op die goudvelde skerp toegeneem het, het die boer die uitwerking van die arbeidsvraagstuk intens begin ervaar. Die boer wat sy boerderyaktiwiteite wou uitbrei om die gunstige mark te benut, is hierin ernstig gekortwiek deurdat hy, terwyl hy nou juis meer

[121] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.199-205.

[122] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.205.

arbeiders nodig gehad het, moes ondervind dat arbeiders nou skielik bitter skaars geword het.[123]

Wat die boere bitter gestem het, was die feit dat, terwyl hulle 'n groot arbeidsnood ondervind het, daar duisende swart leeglêers en landlopers was wat volgens hulle aan die boerdery diensbaar gemaak moes word deur hulle eenvoudig daartoe te verplig. Dit was egter geen oplossing van die probleem nie. Die boer is egter inteendeel spoedig gedwing om 'n heel ander en meer toegeeflike houding teenoor sy swart arbeiders in te neem. Tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is talle mosies rakende die arbeidsprobleem by die Volksraad ingedien en is vele wette aangeneem en aanbevelings gemaak, almal skynbaar sonder enige positiewe resultaat.[124]

Veral tydens die runderpes-epidemie in 1896 en die droogtes daarna, het die gebrek aan arbeiders die boerdery ernstig lamgelê. Die boere was veral verbitter oor die skynbare magteloosheid van die owerheid om hulle te hulp te kom. Die probleem is vererger deurdat baie van die swartes wat tydens die runderpes op die plase gebly het en hulle vee deur die pes verloor het, hierna na die dorpe getrek het om daar 'n heenkome te probeer vind.[125]

'n Mate van verligting vir die boer se arbeidsprobleem is in die negentigerjare deur meer moderne landbouimplemente wat op die mark gebring is, gebring. Van 1893 af het die boer kennis gemaak met implemente soos windpompe, planters, skoffelploeë, petrolaangedrewe

[123] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.206-207.

[124] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.210-211,

[125] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.223-225.

dorsmasjiene, mielieafmaakmasjiene, snymasjiene en 'n groot verskeidenheid soorte ploeë waarvan die stoomploeg seker die heel belangrikste was.[126] Vir die boer wat van die implemente kon bekostig, moes dit van groot waarde gewees het om veral die arbeidstekort en die tekort aan trekdiere wat deur die runderpes veroorsaak is, te oorbrug.

Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was die arbeidsituasie van die boer in die ZAR voorwaar benard en skynbaar besig om steeds meer kompleks en onhanteerbaar te raak. Hoe morbied dit ook al mag klink, is dit ironies dat dié oorlog genadiglik vir die boer 'n tydelike neutralisering van die arbeidsprobleem meegebring het deurdat, toe krygsoperasies die boerderyaktiwiteite in die latere fases van die oorlog tot stilstand gedwing het, arbeidsprobleme toe in alle geval totaal irrelevant geword het.

Die kern van die vraagstuk van plaasarbeid in die ZAR en die faktore wat daartoe bygedra het, word duidelik uitgelig in die bevindings van 'n kommissie van ondersoek wat in 1903 die kwessie van arbeidstekorte in die landbou ondersoek het. Die kommissie het bevind dat daar, bereken teen vyf swartes per plaas, 'n tekort van 50000 werkers was. Onder die oorsake vir die tekorte is genoem die plak op ongeokkupeerde plase en lokasies, die feit dat die boer nie sulke hoë lone as die myne kon betaal nie en die lae lewenstandaard van die swartes wat as landbou- en herdersvolk genoeg besit het om 'n bestaan te maak en dit dus nie vir hom nodig was om hom aan die boer te verhuur nie.[127] Die boere het dus ten opsigte van die arbeidsituasie tereg alle rede tot klagte gehad.

By gebrek aan stawende inligting is dit haas onmoontlik om die rol wat die arbeidsprobleme gedurende die negentiende eeu in die boerdery in

[126] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.481-482.

[127] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.481-482.

die Wolmaransstadse distrik gespeel het, vas te pen. Die problematiek rondom arbeid was egter 'n landswye verskynsel wat sy impak op elke distrik sou laat geld het en gewis ook in die Wolmaransstadse distrik. Dié distrik sou, as synde sentraal in Wes-Transvaal geleë, nie net deel in die arbeidsprobleme wat tydens die wordingsjare in dié gebied ontwikkel het nie, maar ook wel deeglik die nadelige uitwerking van die ontwikkeling van die diamant- en goudmynbedryf op die arbeidsituasie ervaar. Deur die toedoen van die runderpes wat baie bygedra het om die arbeidsprobleem te vererger, moes die distrik, wat ook swaar deur die siekte getref is, beslis, eweneens die arbeidsprobleem teen die draai van die negentiende eeu in al sy felheid ervaar het. Daarom kan met 'n redelike mate van regverdiging beweer word dat die arbeidsprobleme van die boere van die ZAR is sy geheel ook maar die probleme van die boer van die Wolmaransstadse distrik was.

'n Ander ernstige knelpunt vir boere in Wes-Transvaal en 'n aangeleentheid waarmee die boer vanaf die beginjare te kampe gehad het en die mees langdurige sou blyk te wees, was die kwessie van voldoende watervoorsiening vir sy boerdery. Die Wolmaransstadse distrik val in die somerreënvalgebied met min standhoudende strome. Water is dus aanvanklik veral uit fonteine, standhoudende kuile en vleie verkry asook uit damme wat in die riviere gemaak is.[128] Die opdeling van plase onder erfgename het egter in die loop van jare 'n nuwe waterprobleem geskep. Plase is gewoonlik so opgesny dat elke erfgenaam 'n drink- en, indien moontlik, ook 'n leireg in die ou fontein en dam gekry het. Sodanige regte of serwitute is op elke eienaar se kaart en transport aangebring. Voortspruitend uit die stelsel het 'n algemene stelsel van gemeenskaplike fonteine en damme met vasgelegde serwitute ontstaan.

Op baie plase soos onder andere Leeu-, Klip- en Jakkalsfontein sou dit later blyk onmoontlik te wees om die plase so onder erfgename te verdeel dat elkeen drink- en leiregte in die gemeenskaplike fontein kon kry. 'n

[128] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.3-4.

Uitvloeisel van die probleem was dat bultplase ontstaan het. Hierdie bultplase was vir drinkwater op gronddamme aangewys. Weens die relatiewe lae reënval van die distrik moes alle beskikbare water opgevang word en vir die doel is steeds meer opvangdamme in elke benutbare spruit, vlei of laagte gebou. As laasgenoemde damme sou opdroog, het die eienaars daarvan drinkregte in die gemeenskaplike dam gehad. In tye van droogtes moes die damme egter 'n abnormale vrag van serwituutregte dra. Serwituuthouers was medeverantwoordelik vir die oop- en skoonhou van die gemeenskaplike fonteine, damme en leivore.[129]

'n Ander algemene bron van watervoorsiening was putte. Putte is deur putgrawers van beroep, wat van plaas tot plaas gegaan het, gegrawe. Water is deur katrolstelsels uit die putte gehaal. Die stelsel was tydrowend en sou gevolglik spoedig vir meer gevorderde tegnieke soos byvoorbeeld die aanwending van die bakkiespomp moes plekmaak. Dié pompe is op putte met sterk water gebruik. Hulle is deur 'n trekdier geaktiveer, wat gekoppel aan 'n disselboom, al om die put geloop het. Die plaas De Putte veral was bekend vir sy baie putte wat feitlik elkeen van 'n bakkiespomp voorsien was. Baie boere het 'n groot liefde vir die bakkiespomp gehad en sou nog lank na die koms van die windpomp daaraan bly vaskleef.[130]

Die uitbreiding van die boerderybedrywighede na die onstaan van die goudmynbedryf en die gebrek aan genoeg standhoudende strome, het die groot behoefte aan voldoende watervoorsiening beklemtoon. Die waternood wat die 1889-1890-droogte gebring het, het ook getoon dat die plaasdammetjie hopeloos te klein was om 'n voldoende watervoorraad vir die winter op te gaar. Die boer was op homself vir die bou van damme, kanale en watervore aangewys. Eers in die negentigerjare van

[129] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.47.

[130] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.48.

die negentiende eeu het die owerheid hulp verleen om water vir besproeiingsdoeleindes beskikbaar te stel.[131]

Toe die armblankevraagstuk omstreeks 1897 aktueel begin word het, het die regering gepoog om die probleem met behulp van die skepping van besproeiingsnedersettings te verlig. Die eerste skema wat in die ZAR aangepak is, was by Witpoort in die Wolmaransstadse distrik. Die regering het 'n dam in die Wolwespruit laat bou en besproeiingsgrond aan arm burgers toegeken.[132] Dit het daartoe gelei dat in hierdie distrik etlike verdere aansoeke vir besproeiingsskemas gedoen is. In 1898 het die veldkornet van Wolmaransstad aanbeveel dat die regering in die distrik plase opkoop, damme daarop sal maak waarvoor die armes in diens geneem sal word en dan daarna klein stukkies grond onderkant die dam aan die mense verhuur. Die wenk is egter nooit deur die regering in die praktyk toegepas nie.[133] Die probleem van watervoorsiening sou in dié distrik met sy relatiewe droë klimaat nooit doeltreffend opgelos kon word nie. Die koms van die windpomp in die beginjare van die twintigste eeu sou egter groot verligting vir die boer bring, veral omdat water nou op veel doeltreffender en meer konstante basis bekom kon word.

'n Probleem wat die boer in die ZAR veral tydens die wordingsjare ondervind het en waardeur die groei en ontwikkeling van boerdery belemmer en vertraag is, was die staat van ekonomiese isolasie waarin die land hom bevind het en die gepaardgaande gebrek aan afsetmoontlikhede vir boerderyprodukte. In die wordingsjare was boerdery wel hoofsaaklik daarop gemik om in eie behoeftes te voorsien

[131] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.463.

[132] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.474.

[133] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, *Historiese Studies*, jrg. 3, p.18.

en nie soseer op bemarking nie. Tog kon die boer nie al sy produkte soos wol, velle en gedroogde vrugte self verbruik nie. Hierdie produkte moes hy bemark ten einde kontant te bekom. By gebrek aan markte was die boer dus op negosiesmouse en handelaars aangewys om deur middel van ruilhandel sy verbruikersgoedere te bekom.[134] In dié transaksies was die boer die verleë party en het dan gewoonlik ook aan die kortste end getrek. Vee is van die beginjare af per publieke veiling verkoop.[135] Die gebrek aan markte het die boer dus 'n paar dekades lank daarvan weerhou om van onderhoudsboerdery na 'n meer ekstensiewe boerdery oor te gaan.

Die grootste struikelblok in die weg van die benutting van die Kaapse en Natalse markte was die groot afstande daarheen en dan veral die aanvanklike feitlik totale afwesigheid van verkeersweë en die haglike toestand van dié wat wel bestaan het. Die paaie kon slegs deur ossewaens benut word. Reise per ossewa was uiters tydrowend. 'n Dagreis met die tipe vervoermiddel het op ongeveer 25 myl (40 kilometer) te staan gekom.[136] 'n Reis van Transvaal af Pietermaritzburg toe, waar die naaste mark was, het in die wintermaande van twaalf tot vyftien dae geduur en in die somermaande, weens nat paaie en vol riviere, tot so lank as 'n maand.[137] Tydens 'n vloed was die Vaalrivier ook 'n groot hindernis.

[134] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.106-107.

[135] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.131-132.

[136] P.R. Kirby, The diary of dr. Andrew Smith, vol.II, p.216.

[137] Transvaal Argus, 5.6.1860.

Eers in 1858 is 'n pont wat 'n wa kon dra, daarop in gebruik geneem. Die pont was waarskynlik in die nabyheid van Potchefstroom.[138]

Brué oor spruite en riviere het eers in die sestigerjare hulle verskyning gemaak. Driwwe deur spruite het gewoonlik uit moddermoerasse etlike honderde tree breed soos dit deur die waens uitgetrap was, bestaan.[139] Die eerste pont in die Makwassiewyk is in 1867 deur 'n boer oor die Vaalrivier onderkant Kommandodrif opgerig.[140] Swak verkeersweë het dus die boer ontmoedig om met die oog op bemarking meer intensief te begin boer. In die lig hiervan is dit te begrype dat die boere tot ongeveer 1858, toe die Kaapse handelaars in die Transvaal begin belangstel het, hulle wol, weens gebrek aan 'n mark, eenvoudig weggegooi het.[141] Vir die boere in die Makwassiewyk wat kans gesien het om die slegte paaie te trotseer was daar van 1850 af darem 'n mark te Potchefstroom waarheen hulle hul produkte kon neem.[142]

Die rol wat smouse in die bemarkingsproses gespeel het, het gekwyn namate daar vordering op die gebied van vervoer gemaak is. Die smous moes in die sestigerjare ervaar dat die gereelde togryers wat vir die handelaars van die kusdorpe af voorrade aangery het, hom begin

[138] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.152.

[139] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.151.

[140] Transvaal Argus, 9.10.1867.

[141] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.181.

[142] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.108.

verdring het.[143] Aangesien daar eers in 1876 'n winkel in die Makwassiewyk opgerig is, was die smous stellig heelwat langer in die distrik bedrywig.

Die ontwikkeling van die diamantvelde by Kimberley vanaf 1870 het groot verligting vir die boer van Suidwes-Transvaal en dus ook van die Makwassiewyk se bemarkingsprobleme meegebring deurdat daar 'n gunstige mark vir allerlei boerderyprodukte geskep is. Voor die koms van die spoorweg na Kimberley in 1885 kon die boere feitlik enige prys vir hulle produkte vra. 'n Verdere voordeel was dat hulle in kontant vir hulle produkte betaal is. Transportry na en van die diamantvelde het in die proses noodwendig 'n oplewing beleef. Hierdeur het 'n groot aanvraag na trekosse, perde en muile ontstaan wat weer 'n stimulus vir veeteelt was. Die koms van die spoorweg na Kimberley het hierdie bloeiende handel egter weer laat kwyn.[144]

Die oprigting van Thomas Spence Leask se winkel te Makwassiespruit in 1876 was vir die boere van die distrik 'n ligpunt in hul bemarkingsprobleem, want voortaan kon hulle nou by hom hul produkte vir hul huishoudelike benodigdhede gaan verruil.[145] Tydens die Britse bewind 1877-1881 het Britse soldate se teenwoordigheid die aanvraag na boerderyprodukte verhoog, maar om politieke redes het daar by die boere 'n weerstand om hierdie mark te benut, opgebou. So byvoorbeeld het daar in 1878 baie min produkte op die Potchefstroomse mark beland

[143] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.178.

[144] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.137.

[145] J. Orford-versameling, verw.41, p.26.

ondanks hoë pryse en 'n goeie aanvraag.[146] Van 1886 af is 'n groot mark deur die ontwikkeling van die Witwatersrandse Goudvelde geskep. Tot met die aanleg van die spoorweg van Johannesburg na Klerksdorp in Augustus 1897[146] sou die boer van die Makwassiewyk weens swak verkeersweë en afstande nie die volle voordeel van dié mark kon benut nie. So byvoorbeeld het 'n korrespondent van Wes-Transvaal nog in 1888 teenoor De Volkstem gekla dat die boere tydens die somer van die Johannesburgse mark afgesny is, omdat hulle soms dae lank deur vol riviere voorgekeer word.[148] Die boer van die Makwassiewyk het eerder na die verlenging van die spoorlyn van Kimberley na Veertien Strome in 1890[149] aan die Kimberleyse mark voorkeur gegee, hoewel so 'n reis nogtans veertien dae (uit en tuis) geduur het.[150]

Vir die boer is 'n ernstige bemarkingsprobleem geskep deurdat daar van staatsweë niks gedoen is om onoordeelkundige distribusie van produkte en bemarking te verseker nie. Waar alles aan die boer oorgelaat is en waar daar ook geen georganiseerde boerderygemeenskap was nie, is die mark maklik oorstok met 'n gevolglike ernstige daling in pryse.[151] Gedurende die laaste dekade van die negentiende eeu het die hele

[146] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.168.

[147] D.J. Coetzee, Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek 1872-1899, p.109.

[148] De Volkstem, 5.3.1888.

[149] W.P.N. Lötz, Geskiedkundige ontwikkeling van internasionale spoorvervoer in Suider Afrika, p.35.

[150] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.37.

[151] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.124.

boerderypatroon as nawerking van die goudmynontwikkeling ingrypend verander. In die proses het die beskikbare geld wat vír beskawingsgoedere nodig was, direk van die prys wat die boerderyprodukte behaal het, afhanklik geword. Bemarking het dus toenemend die brandpunt van die boerdery geword en die daarstelling van 'n doeltreffende bemarkingsisteem dringend noodaaklik gemaak.[152]

'n Probleem wat met die bemarking van boerderyprodukte verband gehou het en wat veral in die sestigerjare voorgekom het, het naamlik om die wisselkoers gesentreer. Toe geld teen 1864 in die ZAR feitlik totaal verdwyn het, is silwergeld deur die sogenaamde "Goed Voor's" vervang. Dit was bewyse wat deur die staat uitgereik is met die veronderstelling dat dit by enige regeringskantoor vir uitbetaling ingeruil kon word.[153] Skynbaar het winkeliers ook van dié tipe van betaling gebruik gemaak.[154] Weinig beheer het oor die uitgee van dié tipe skuldbewyse bestaan sodat uitbetalings ongereeld geskied het en hulle later hulle waarde heeltemal verloor het. Eers in 1865 is die eerste note in die ZAR in omloop gebring.[155]

Die gebruik van note in die handel was spoedig vir die boere 'n bron van groot wrewel. Hiervan getuig 'n memorie van 68 "Inwoners van Makwasie" wat in 1866 voor die Volksraad gedien het. In die memorie het hulle beweer dat die goewermentsnote net 'n denkbeeldige waarde het. Hulle het dit betreur dat hulle op die Potchefstroomse mark die note as

[152] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.133.

[153] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.98.

[154] Een Hollander (pseud.), Toen en thans, p.115.

[155] A.N. Pelzer, Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel 1, p.89.

betaling vir hulle produkte moes aanvaar, maar dat hulle daarmee òf glad geen goedere kon koop nie òf 'n bybetaling op die prys van goedere moes maak as hulle daarmee wou betaal. Hulle het die Volksraad dus versoek om aan die note dieselfde werklike waarde toe te ken.[156] Van 1870 af het die geldelike posisie van die ZAR begin verbeter en het die probleme van die boer met die wisselkoers geleidelik vervaag.[157]

'n Instelling wat direk uit veeboerdery voortgespruit het, maar soms vir die boer 'n bron van frustasie was, was die skut. Die skut het sy onstaan gehad in die feit dat in die tydperk voordat plase doeltreffend omhein was, daar baie rondlopervee was. Die hoofdoel van die skut was egter nie soseer om sulke vee van die eie kuddes, landerye of weivelde weg te hou nie, maar om die eienaar van die weggeloopte vee in staat te stel om die vee weer terug te vind.[158] Van die beginjare af al moes die boer 'n lys maak van rondlopervee wat hy op sy plaas sou aantref. Op dié lys wat hy aan die veldkornet van sy wyk moes oorhandig, moes hy die ras, kleur, geslag en ouderdom van die vee aandui. Van 1857 af moes sodanige vee vier keer per jaar aan die veldkornet oorhandig word.[159]

Vir die amp van skutmeester moes getender word en as geen tenders ontvang is nie, moes die reg om 'n skut aan te hou per publieke veiling

[156] Suid-Afrikaanse Argiefstukke, no.6, 1866-1867, Eerste Volksraadsbesluit no.109, p.183.

[157] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.37.

[158] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.452.

[159] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, p.259.

verpag word.[160] Die eerste verwysing na 'n skut in die Makwassiewyk vind ons in 'n staatskoerant van 1874.[161] Die wyse waarop sommige skutmeesters die skut bedryf het, het dikwels groot ontevredenheid onder die boere meegebring. Sprekend hiervan is korrespondensie wat boere van die Makwassiewyk aan *De Potchefstroomer* gerig het. Een korrespondent was veral oor die wyse waarop verkopings geadverteer is, gegrief, naamlik in die staatskoerant en nie in *De Potchefstroomer* nie. Prakties gesproke kon geen boer dus van sodanige verkopings kennis neem nie, aangesien hulle normaalweg nie in sodanige staatskoerante insae gehad het nie.[162] Die boer het dus vir sy beswaar grond gehad aangesien 'n advertensie rakende geskutte vee volgens wet in 'n plaaslike koerant en slegs by gebrek daaraan, dan in 'n staatskoerant geplaas moes word.[163] Wat die Makwassiewyk aanbetref, was daar teen 1885 drie plaaslike koerante vanuit Potchefstroom en Klerksdorp waarin sodanige advertensies geplaas kon word.

In dieselfde trant het 'n ander korrespondent van Makwassie later dieselfde jaar bra wanhopig aan die redakteur van *De Potchefstroomer* gevra: "Is er dan voor ons geen redding? Al onse goedere worden door den schutmeester als het ware weggegeven omrede wij in Makwasie geen intekenaars zijn van de Gouvernements Courant."[164] Aldus het hulle nie geweet wanneer hulle vee in die skut beland en wanneer dit verkoop word

[160] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.453.

[161] Staatskoerant der Zuid Afrikaansche Republiek no.557, 23.12.1874, p.4.

[162] *De Potchefstroomer*, 11.11.1885.

[163] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.453.

[164] *De Potchefstroomer*, 9.12.1885.

nie. Hy het ook die feit betreur dat, hoewel die skut volgens wet geslote moes wees terwyl die burgers op kommando was, hulle vee desondanks nog geskut en verkoop is. Die probleme met die skutstelsel sou egter geleidelik afneem en vervaag namate die boere hulle plase begin omhein het en die probleme met rondlopervee in die proses algaande afgeneem het.

'n Vraagstuk waarmee die boer vanuit sy pioniersdae tot ten minste aan die einde van die negentiende eeu te doen gehad het, was dié van omheining van sy grond. Tydens die wordingsjare was daar nog geen sprake van omheining van 'n hele plaas nie. Slegs die tuin, boord en die graangewasse wat besproei is, was omhein en wel deur doringtakke, sisalbome, turksvylanings, kweperlanings of selfs klipmure om dit teen wild en vee te beskerm. Die probleem het aktueel begin word toe daar na die diamant- en goudontdekkings 'n goeie mark vir boerderyprodukte geskep is en die boer hom in toenemende mate op droëlandboerdery begin toelê het. Die nadele aan onomheinde plase verbonde het nou duidelik na vore getree. Die ironie van die saak was dat die boer se landerye normaalweg omhein was, maar dat hulle hul vee dag en nag moes oppas om te verhoed dat die vee die onomheinde landjies van die swartes op die boer se plaas of dié van die plakkers op die ongeokkupeerde plase of goewermentsplase verniel. Om dié rede is baie versoeke tot die regering gerig om omheining van plase en landerye verpligtend te maak. Hiertoe was die regering egter nie bereid nie, omdat dit onbillik teenoor die armer boere sou wees.[165]

In 1893 is wel 'n wet aangeneem waarvolgens 'n boer sy landerye, tuine of boorde as dit binne 300 tree (277 meter) van die trekpad geleë was, moes omhein. Sou hy versuim om dit te doen, kon hy nie, as trekvee

[165] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.455-456.

sy lande sou beskadig, skadevergoeding eis nie.[166] In 1893 het die Eerste Volksraad ook 'n wet aanvaar waarvolgens 'n boer gemagtig is om wel sy grond te omhein.[167] Die toestand van onomheinde plase en landerye het veeteelt ook gestrem en benadeel. Oordeelkundige beweiding van die veld is uitgeskakel. Gevolglik is die grond se drakrag verminder en is grondverwering in die hand gewerk. Verbetering van die veestapel en die taak om die verspreiding van veesiektes te bestry, is ook grootliks hierdeur bemoeilik.[168] Die omheiningsprobleem van die republikeinse boer sou nog vir ten minste die res van die negentiende eeu voortsloer omdat daar teen die draai van die eeu nog geen wetgewing aangeneem was waardeur omheining van plase verpligtend gemaak is nie.

Die grootste vyand wat die boer deur sy hele bestaan nog geken het en waarteen hy grootliks magteloos staan, is die natuur met sy elemente, naamlik droogtes, oorstromings, hael, veesiektes, plantpeste en sprinkane. Met al hierdie rampe het die republikeinse boer gedurende die negentiende eeu wel deeglik te doen gehad en is hy telkens daardeur verarm en sy boerdery ernstig geknou. Hy was ook nog veel meer kwesbaar en weerloos teen die elemente as die hedendaagse boer, omdat hy nie oor die hulpmiddele soos boorapparate, entstowwe en pesbestrydingsapparaat beskik het nie.

Die boer van die Makwassiewyk het ook nie hierdie ellendes vrygespring nie. Die distrik is in 'n somerreënvalgebied geleë en is dus aan periodieke droogtes onderhewig. Gedurende die periode van onderhoudsboerdery, toe die klem nog op veeboerdery geval het, is die

[166] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890-1893, Wet 1 van 1893, p.738.

[167] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890-1893, Wet 9 van 1893, p.793.

[168] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.458.

uitwerking van droogtes nie so erg gevoel dat 'n noodtoestand daardeur geskep is nie. Die bietjie graan wat toe vir eie gebruik verbou was, sou in droë jare 'n kleiner opbrengs lewer, maar sou nie nood en gebrek meebring nie. So byvoorbeeld was daar in 1862 'n ernstige droogte in die ZAR. Tog is bitter min verwysings daarna op te spoor.[169] Klagtes oor droogtes, soos vandag ook nog maar die geval is, het egter nie agterweë gebly nie. In 1878 het 'n korrespondent van Makwassie soos volg aan *De Volkstem* berig: "De droogte houdt ook stand; van het drooge gezaaide is er niets meer."[170]

In 1883 het 'n rampspoedige droogte in die land voorgekom. Baie boere is in armoede en wanhoop gedompel. Volgens die reisiger M.J. Boon het meer as 250000 stuks vee in die droogte gevrek.[171] In 1887 het die droogte weer eens sodanig in die Makwassiewyk geknel dat, volgens 'n korrespondent se skrywe aan *De Potchefstroomer*, baie boere in die distrik sou moes trek as dit nie spoedig sou reën nie.[172] Toe die boere hulle in die tagtigerjare op groot skaal op saaiboerdery begin toelê het, was die boer meer as voorheen vir droogtes kwesbaar en sou 'n mislukking van die oes dadelik 'n noodtoestand in die mielie- en koringbedryf veroorsaak.[173] In 1889 het die droogte weer in Wes-Transvaal toegeslaan. Reeds in Januarie van die jaar het 'n korrespondent van Makwassie aan *De Potchefstroomer* geskryf dat hy oor niks anders as droogtes en

[169] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.443.

[170] *De Volkstem*, 21.5.1878.

[171] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1889, *Historiese Studies deel 2*, p.201.

[172] *De Potchefstroomer*, 12.11.1887.

[173] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.443.

nogmaals droogtes kan berig nie. Hy het voorsien dat hy dié jaar geen mielie sou wen nie.[174] Teen November van die jaar het die landdros van Klerksdorp berig dat die vee in die distrik van maerte weggesmelt het en dat die toekoms donker was. 'n Dag van verootmoediging vanweë die droogte is dan ook die betrokke maand deur die regering bepaal.[175] Van 1889 af tot 1897 was daar met uitsondering van 1893 jaarliks droogtes waardeur honderde boere verarm is. Veral die 1895 droogte het elke distrik van die ZAR in sy wurggreep gehad.[176]

Die ander uiterstes in weergesteldheid het ook voorgekom en sy tol in die Makwassiewyk geëis. So byvoorbeeld het die *Transvaal Argus* in Januarie 1867 oor die skadelike invloed wat die baie reëns van Desember 1866 op die skape in die Makwassiewyk gehad het, berig.[177] In Augustus 1881 het Makwassiespruit en omgewing absolute fratsweer beleef. Daar was naamlik so 'n swaar sneeuval dat die grond vir drie dae lank heeltemal met sneeu bedek was.[178] Veevrektes as gevolg van die abnormale koue weer sou beslis voorgekom het. Tipiese hoëveldse donderstorms het ook hul kwota aan skade in die distrik berokken. So byvoorbeeld verneem ons in *De Potchefstroomer* dat in die Makwassiewyk in November 1883 huise deur die weerlig verwoes en vee daardeur doodgeslaan is en dat gesaaides deur waterstrome en hael vernietig is.[179]

[174] *De Potchefstroomer*, 5.1.1889.

[175] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.444.

[176] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.446.

[177] *Transvaal Argus*, 10.1.1867.

[178] J. Orford-versameling, verw. 41, p.24.

[179] *De Potchefstroomer*, 21.11.1883.

'n Plaag wat dikwels in tye van droogtes voorgekom het en die nood van die boer verder vergroot het, was sprinkane. Berigte van sprinkaanswerms in die Transvaal dateer al uit die jaar 1852.[180] In Makwassiewyk het groot swerms sprinkane in 1867 hul verskyning gemaak, maar weinig skade aan gesaaides aangerig.[181] Van 1892 af het sprinkane egter 'n ernstige plaag in die ZAR geword. Die Wolmaransstadse distrik het egter alreeds in die vorige jaar onder die sprinkane begin deurloop. 'n Korrespondent van De Potchefstroomer het aan die koerant die ellende wat pessiektes in die distrik onder die vee aangerig het, geskets en toe bygevoeg: "Wat echter nu het zegel op dit alles komt zetten zijn de massa's zwermen sprinkhanen. Nauwelijks is de een zwerm voorbij of er komt een andere opdagen, vernielen de alles wat maar kan beschadigd worden."[182] Die volgende jaar het sprinkane die hele onderwyk van Makwassie ingeneem en al die mielies opgevreet, aldus 'n skrywe van 'n boer van die plaas Uitkyk, distrik Makwassie. *Volgens hom kon die skade in duisende sakke bereken word.*[183]

Die ZAR, die Oranje Vrystaat en Noord-Kaapland het nou in die bekamping van die probleem begin saamspan, maar al hulle samesprekings het op niks positiefs uitgeloop nie.[184] In die bestryding van die plaag was die boer se hande afgekap en wel deur die houding van die Volksraad dat die uitroei van sprinkane nie verpligtend gemaak kon word nie,

[180] J.F. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.297.

[181] Transvaal Argus, 10.1.1867.

[182] De Potchefstroomer, 24.7.1891.

[183] De Potchefstroomer, 1.4.1892.

[184] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.440-441.

aangesien dit "een plaag is die van Hooger Hand op ons word gelegd".[185] Intussen het die sprinkane egter soveel nood en ellende meegebring, dat in die woorde van Van der Loo "Boeren menigmaal verplicht zyn hunne woonplaatsen tydelik te verlaten of de liefdadigheid hun te hulp moet komen ter vermyding van hongersnood.[186]

Van die plae en peste wat die boerdery gedurende die negentiende eeu bedreig het, was dit veesiektes wat menige boer in die negentigerjare finaal geknak, hom uit die boerdery gedwing en van hom 'n armlastige gemaak het. Die veeboer was weens die afwesigheid van teen- en voorbehoedmiddels teen veesiektes uiters kwesbaar daarvoor. Boererate wat gebruik is, het soms eerder tot die bevordering van die siekte bygedra.[187] Die mees algemene veesiektes waarmee die republikeinse boer van die wordingsjare af te kampe gehad het, was longsiekte, miltsiekte, bloutong, brandsiekte, perdesiekte en geilsiekte.[188] Runderpes sou eers teen 1896 die eerste keer sy verskyning maak. Van die sewentigerjare af is die wolskaapteelt ernstig deur die afmetings wat die boetebossieplaag in die ZAR aangeneem het, bedreig.[189]

[185] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 2, p.20.

[186] A.N Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 2, p.20.

[187] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.429.

[188] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.361.

[189] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.37.

Al hierdie siektes en peste het die boer in die Makwassiewyk ook geteister. Gelukkig was die distrik vry van die tsetsevlieg. Inligting oor die voorkomste van veesiektes in die distrik tydens die wordingsjare ontbreek geheel en al. In 1878 kry ons die eerste verwysing hierna toe 'n boer van die distrik soos volg aan *De Volkstem* berig het oor perdesiekte in die distrik: "De paardenziekte heerscht met magt. Menig paard heeft tot voedsel verstregt voor de roofvogels, zelfs gezouten paarden worden dit jaar niet gespaard."[190] Volgens 'n skrywe gerig aan *De Potchefstroomer* het brandsiekte in 1883 onrusbarend in die Makwassiewyk toegeneem en groot verwoesting onder die skape gesaai. Die korrespondent het dit betreur dat daar nog nie 'n wet daarteen aangeneem is nie.[191]

Die negentigerjare het ook vir die boer van die Wolmaransstadse distrik 'n era ingelui waarin hy 'n ware stryd om oorlewing sou moes voer. In 'n koerantskrywe het 'n boer van Makwassie die volgende donker prentjie van die aard en omvang van veesiektes in die distrik geskets: "Eerst stierven de schapen aan geilziekte, wat later aan blauwtong, de lammeren aan den worm... Thans bezwijken zij nog van maarte. Onder onze beesten... is de zoozeer gevreesde longziekte uitgebroken."[192] In 1896 het longsiekte weer by Witpoort uitgebreek en groot veeverliese meegebring.[193] Dit was egter runderpes wat in 1896 in die ZAR uitgebreek het wat die grootste verwoesting onder die veekuddes sou saai en tot die ruïnering van menige boer sou bydra. Die siekte het volgens die landdros van Wolmaransstad op 24 Augustus 1896 sy eerste verskyning

[190] *De Volkstem*, 21.5.1878.

[191] *De Potchefstroomer*, 19.7.1883.

[192] *De Potchefstroomer*, 24.7.1891.

[193] *De Potchefstroomer*, 23.7.1896.

in die distrik gemaak, naamlik onder die beeste van J.A. Geldenhuys van Bezuidenhoutskraal.[194]

Ondanks streng beheermaatreëls het die pes vinnig en wyd versprei. Geen doeltreffende voorbehoed- of geneesmiddel was beskikbaar of kon ontwikkel word nie sodat duisende beeste die pes ten prooi geval het. In die Wolmaransstadse distrik het 28025 beeste aan die pes gevrek, 1467 is van kant gemaak, 400 het weer gesond geword en 9839 is nie aangetas nie.[195] Nagenoeg 68 persent van die beeste van die distrik is dus deur die runderpes uitgewis. Die siekte het tot in die tweede helfte van 1897 voortgewoed. Eers in Junie 1897 is 'n doeltreffende voorbehoedmiddel daarteen ontwikkel. Die siekte is spoedig daarna onder beheer gebring.[196] Baie boere het al hul trekvee deur die runderpes verloor.

Om hulle te hulp te kom het die regering teen die einde van 1896 besluit om donkies en muile as trekdiere aan te koop en teen kosprys aan die boere te verkoop. Aan die Wolmaransstadse distrik is 450 donkies en agt muile toegeken.[197] Die getal was so gering , dat dit hoogstens 'n troos, maar geen uitredding kon inhou nie. Die republikeinse boer was wel aan periodieke veeverliese gewoond. Waar die veeverliese egter oor lang tydperke versprei was, het die runderpes sy verwoestingswerk binne enkele maande verrig. Waar die republikeinse boer in die eerste plek veeteler was, moes dié veeverliese hom teen 1897 gewis baie naby

[194] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.409.

[195] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 3, p.66.

[196] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.415.

[197] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.271-274.

aan die verbreking van die hartaar van sy ekonomiese bestaan gebring het.[198]

Op die terrein van die akkerbou het die boer ook met talle insekplae en swamsiektes te kampe gehad. Hoewel hulle hom baie skade berokken het, was hy feitlik magteloos in die bestryding daarvan, omdat daar so min daaromtrent bekend was. Onkruid het 'n yslike probleem geword namate besproeibare grond toenemend met kraalmis en kompos bemes is. Die skadelikste onkruid was die Xanthium spinosum (boetebossie) wat nie akkerbou nie, maar die wolproduksie bedreig het. Reeds in 1871 is wetgewing, waarvolgens grondeienaars verplig was om dié onkruid op hulle plase uit te roei, aangeneem.[199] Die wetgewing het egter nie die gewenste resultate gelewer nie, sodat die stryd teen die onkruid in die negentigerjare nog steeds voortgesit moes word. Soortgelyke wetgewing is in 1895 ter bestryding van die Skotse dissel, wat veral langs die Vaalrivier in die Potchefstroomse en Wolmaransstadse distrikte voorgekom het, aangeneem.[200]

'n Spesifieke plaag in die Makwassiewyk waarvan 'n korrespondent aan De Volkstem melding gemaak het, was ruspes wat volgens hom in 1878 daar in oorvloed was, maar tog vir hulle geen onbekende plaag was nie.[201] Ten slotte het geelvinke ook soms daartoe bygedra om die boer te verpes deur sy gesaaides te verniel. Hiervan kom ons iets te wete uit 'n berig in De Potchefstroomer waarin daar vermeld is van die verskrikking van

198. A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 2, p.64.

199 P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.430-431.

200 P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.435-436.

201 De Volkstem, 21.5.1878.

die "alles vermogende geele vinken" wat die Makwassiewyk geteister het.[202]

Teen die einde van die negentiende eeu het die probleem van verarmde grond die saaiboer ook begin teister. Gedurende die jare van onderhoudsboerdery was die stukkie bewerkte grond klein en het die vee genoeg kraalmis verskaf om die grond te kon bemes. Met die oorskakeling na droëlandboerdery na die ontdekking van goud, het 'n bemestingsprobleem ontstaan. Aanvanklik is die probleem deur die toepassing van wisselbou bekamp. Met die toename in die boerderybevolking en die gepaardgaande onderverdelings, het wisselbou egter onmoontlik geword. Dieselfde grond is jaar na jaar gebruik sodat die vrugbaarheid afgeneem en die opbrengs verminder het. Die verlies van duisende beeste deur die runderpes het ook die beskikbare hoeveelheid kraalmis drasties verminder. Verder het die boer ook geen kennis gedra van die maak van kompos nie. Kunsmatige misstowwe wat wel bemark is, was van minderwaardige gehalte en was dikwels vervalsings. Die regering het ook nie 'n landboudepartement gehad wat die misstowwe skeikundig kon ondersoek om die kwaliteit te toets nie.[203] Hoewel die boer ook teen die probleem bra magteloos was, het hy die gevare van roofbou en onoordeelkundige grondbewerking besef. Die denkende boer was dan ook geneë om raad en leiding wat hy ten opsigte van dié probleem kon bekom, te beproef en te aanvaar.

'n Probleem wat sy vernietigende invloed baie gestadig, maar absoluut meedoënloos op die boerdery laat geld het, was dié van krimping van plaasgroottes. Die krimpingsproses was 'n noodwendige uitvloeisel van die proses waar 'n boer se seun getrou en sy eie boerdery op dieselfde plaas begin het. So byvoorbeeld het J.G. Jansen van Vuuren in 1884 by wyse van sy testament die plase Jakkalsfontein en Witpoort onder sy

[202] De Potchefstroomer, 19.12.1883.

[203] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.477-478.

vier kinders verdeel. Hoewel die erfgename nie gemagtig was om hulle erfdeel aan iemand anders as hulle mede-erfgename te verruil of te verkoop nie en die plase geslagte lank in die besit van 'n familie gebly het, het dit hulle nie verhoed om byvoorbeeld Jakkalsfontein te versnipper deur verdere onderverdelings tussen latere erfgename nie. 'n Ander voorbeeld van onekonomiese verdeling van grond was toe ene Smit 'n deel van die plaas Klipfontein onder sy kinders verdeel het sodat elkeen uiteindelik met net 300 morge hardeveld gesit het.[204]

'n Ander bydraende faktor tot die krimping van plase was die praktyk van boere om gedeeltes van hulle plase te verruil. Op die wyse byvoorbeeld het gedeeltes van die plaas Uitkyk in besit van ene Scholtz en Du Plooy gekom, is Rietkuil onder die Steyns verdeel en het Rooipoort in besit van verskillende eienaars gekom.[205] Kalbasfontein is deur sy eienaar, ene Bredenhann, vir 'n wa en 'n span osse aan ene O'Reilly en Van Eeden verruil.[206] Die onoordeelkundige verdeling van grond, hetsy deur erflating, ruiling of verkoping, het plase versnipper en onekonomiese eenhede geskep. Dié proses het die kiem gedra van die latere skepping van die armblankevraagstuk in soverre dit veroorsaak het dat die boer wat op 'n onekonomiese eenheid geboer het, later verplig was om sy grondjie te verlaat om in die stad 'n heenkome te gaan soek en alhier dan dikwels in groot ellende en armoede verval het. Hierdie tipe "arm bywoners" en "eienaars van stukkies of aandele van 'n plaas waarop geen bestaan gemaak kon word nie" het dan ook deel uitgemaak van die groep mense wat deur die Carnegie Kommissie van Ondersoek na

[204] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.30-31.

[205] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.29-30.

[206] O. Koekemoer, Mondelinge mededeling aan outeur te Wolmaransstad op 10.3.1985.

die armblankevraagstuk in Suid-Afrika as die armblankes van Suid-Afrika getipeer is.[207]

Dié probleem wat jarelank sluimerend, maar wel in wording was, het na die ontwikkeling van die Witwatersrandse goudmyne vinnig na die oppervlakte begin kom. Tot in hierdie stadium het die boer 'n onverskillige siening ten opsigte van die waarde van grond gehandhaaf. Die goeie mark wat die goudmyne vir sy landbouprodukte geopen het, het egter sy oë vir die potensiaal wat boerdery wel ingehou het, oopgemaak. Om die mark te kon benut, sou hy sy produksie moes verhoog. In die weg hiervan was daar egter 'n ernstige struikelblok, naamlik genoegsame grondbesit. Menige boer wat nou meer intensief vir die mark wou produseer, moes vind dat hy vir dié doel te min weiveld en saaigrond gehad het. Die grond wat hy nou dringend benodig het, was beset deur òf sy seuns òf sy bywoners. Al uitweg was dus om grond aan te koop.[208] Die aanvraag wat nou na grond ontstaan het, het die prys skerp laat styg. Die groot gevaar verbonde aan die onderverdeling van plase was die uiteindelike armoede wat dit in die hand gewerk het. Tog het die praktyk ongehinderd voortgegaan. Eers in 1896 het Carl Jeppe, Lid van die Eerste Volksraad, dit gerade geag om amptelik vanuit die Volksraad daarop te wys dat die jonger geslag so snel vermeerder het dat daar met die verdeling van erfgronde vir hulle nie meer 'n bestaan moontlik was nie.[209]

Nou verweef met die probleem van plaasverdeling was die probleem waarvoor die boer grootliks net homself te blameer gehad het, naamlik die van grondloosheid. Die probleem is onder andere veroorsaak deurdat

[207] J.F.W. Grosskopf, Plattelandsverarming en plaasverlating, p.V.

[208] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.142-143.

[209] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.493.

die aanteken van burgerregplase in 1871 gesluit is en deur blote nalatigheid en versuim by die boere om van burgerregte gebruik te maak.[210] Die probleem het grootliks bygedra om die armblankevraagstuk te vererger. Teen 1897 was die kwessie van die armblanke so aktueel dat dit die sitting van die Eerste Volksraad gedomineer het. In dié sitting is daar in die verband ook verwys na die baie burgers in die Wolmaransstadse distrik wat sonder eie grond was.[211] Gedurende die negentigerjare was die boer op 'n onekonomiese plaaseenheid en die bywoner die kwesbaarste vir teenslae en is vele ook dan in dié tydperk deur die droogtes en runderpes geknak en sodanig verarm dat hulle die plaas moes verlaat om in die stede 'n heenkome te probeer vind.

'n Faktor wat ook meegehelp het om die armblankevraagstuk in die geledere van die boerederygemeenskap te vererger, was die afhanklikheidsgevoel wat die boer in die negentigerjare teenoor die regering ontwikkel het. Van die wordingsjare af het die boer sy boerdery sonder enige noemenswaardige staatshulp bedryf. Staatsinmenging in sy boerdery is dan ook net nie geduld nie. Eers gedurende die laaste jare van die Republiek het die natuurrampe wat die boer getref het, hom in sy magteloosheid na staatshulp en staatsvoorligtingsdienste uitgedryf. Geleidelik het die boer in al sy probleme na die staat om hulp begin opsien en in die proses sy onafhanklikheidsin begin prysgee. Die gedagte van voogskap van die staat oor die boere wat nou ontwikkel het, het die boer se inisiatief, motivering en dryfkrag sodanig gesmoor dat dit as 'n indirekte stimulus vir die armblankevraagstuk gedien het.[212]

[210] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.489.

[211] J.F.W. Grosskopf, Plattelandse verarming en plaasverlating, pp.19-20.

[212] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, pp.300-301.

Dat die nood van die boer hoog was, blyk uit die getal aansoeke om regeringshulp wat in die negentigerjare ingedien is en ook uit die blote feit dat hulle hul trots op hul selfstandigheid kon versaak en aansoek gedoen het.[213] Ook in die Wolmaransstadse distrik was die nood hoog. Hiervan getuig die dringende oproepe van die plaaslike veldkornette tot die regering vir die verskaffing van meel en mielies en geld vir kos vir die behoeftiges, want soos een homself uitgedruk het, "komt er geen plan dan vrees ik voor hongersnood in sommige huisgezinnen".[214] Hulpverlening aan verarmde boere is deur die kerk en regering onderneem. So byvoorbeeld het die NH of G-Kerk van Transvaal tussen die jare 1894 en 1898 hulp ten bedrae van 81 pond 10 sjielings (R163,00) aan die boerderygemeenskap te Makwassie verleen.[215]

Die regering het die armlastige boere te hulp gekom deur hulle in diens te neem en arbeid op paaie te laat verrig, riviere te laat skoonmaak en bome te laat aanplant teen 'n loon van vyf sjielings (vyftig sent) per dag en meel teen kosprys.[216] Die staat het ook hulp verleen deur middel van verbande wat deur die amortisasiefonds, die Weeskamer en die Posspaarbank toegeken is.[217] So byvoorbeeld is in die Wolmaransstadse distrik in 1897 en 1898 vyf verbande ten bedrae van 850 pond (R1700,00)

[213] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 2, p.136.

[214] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 2, p.142.

[215] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 3, p.67.

[216] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 3, pp.14-16.

[217] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis tussen die jare 1882 en 1899, Historiese Studies, jrg. 3, p.16.

deur die Posspaarbank toegeken.[218] Met hierdie laaste paar voorbeelde van die staat van verarming waarin baie boere teen die einde van die negentiende eeu verkeer het, word die verhaal van boerdery in die Wolmaransstadse distrik gedurende genoemde eeu afgesluit.

As deel van die slotbeskouing oor die ontwikkelingsgang van boerdery in die Wolmaransstadse distrik gedurende die negentiende eeu, word die fases wat daarin te onderskei is, uitgelig met aanduiding van groei, stagnasie of agteruitgang tydens elke fase. Die eerste fase omvat die periode tussen ongeveer 1840 tot 1870. Tydens hierdie wordingsjare is hoofsaaklik onderhoudsboerdery bedryf, sodat daar weinig groei plaasgevind het. Toename aan veegetalle was bloot toe te skryf aan die feit dat meer plase beset is en meer vee die distrik binnegekom het. Die gebrek aan voldoende afsetmoontlikhede vir boerderyprodukte was in hoofsaak verantwoordelik vir die vorm en karakter wat die boerderybedryf tydens hierdie periode vertoon het.

Die ontwikkeling van die diamantvelde in en om Kimberley vanaf ongeveer 1870 het 'n nuwe fase ingelei. Die gunstige mark wat die bevolkingsametrekking alhier vir boerderyprodukte geskep het, het stimulerend op landbou en veeteelt ingewerk. Hierdie fase wat tot ongeveer 1877 met die Britse anneksasie van die ZAR voortgeduur het, kan beskou word as een van relatiewe groei en vooruitgang op die gebied van boerdery. Dit was egter hoofsaaklik kwantitatief van aard.

Tydens die Britse besetting van die ZAR van 1877 tot 1881 het daar weer 'n fase van insinking in die boerdery ingetree. Dit was toe te skryf aan die gees van opstand en verset by die burgers teen die Britse bewind en aan hulle deelname aan die protesvergaderings en later die Eerste Vryheidsoorlog wat noodwendig tot verwaarlosing en ontwrigting van hulle boerdery moes en sou lei. Na die beëindiging van die oorlog het die boerderyaktiwiteite weer na normaal teruggekeer.

[218] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis tussen die jare 1882 en 1899, *Historiese Studies*, jrg. 3, p.64.

Met die ontwikkeling van die Witwatersrandse goudmyne van 1886 af en die ontsaglike mark wat daar geskep is, is 'n fase betree wat gekenmerk is deur ingrypende veranderings in die boerderypatroon. Vir die progressiewe boer het die nuwe mark groot potensiaal ingehou, maar ook van hom vereis om van 'n ekstensiewe na 'n intensiewe boerdery oor te gaan. Daar is veral op groot skaal tot droëlandboerdery oorgegaan. Hierdie fase was vir die ondernemende boer een van groot aanpassing, veral weens die intensifisering van die arbeidsprobleem en die probleme rakende grondbesit wat in daardie stadium ernstige afmetings aangeneem het.

Hierdie fase waarin die boer hom moes oriënteer ten opsigte van die nawerking van die goudmynontwikkeling op sy bedryf, het slegs enkele jare geduur. Die probleme wat eie aan dié fase was, het in 'n mate ondergeskik geraak aan spesifieke probleme van die finale fase wat aan die begin van die *negentigerjare* binnegegaan is. *Die finale fase is deur* 'n eskalasie van heersende boerderyprobleme gekenmerk, maar veral deur die vernietigende uitwerking van langdurige droogtes, van sprinkaanswerms en die runderpes, waarvan laasgenoemde weer op sy beurt ander probleme geaktiveer het. Tydens die fase het die armblankevraagstuk onder veral die grondlose boere, bywoners en klein grondbesitters pertinent op die voorgrond getree. Die Jameson-inval het ook tydens dié periode sy ontwrigtende en demoraliserende uitwerking laat voel. Tydens hierdie fase het soveel rampspoed en ellende die boer getref, is soveel verarm of uit die bedryf gedwing en het die bedryf self op sulke wankelrige bene gestaan dat die fase beslis 'n laagtepunt en 'n agteruitgang in die bedryf verteenwoordig het. Vir vele was die posisie meer benard as tydens die wordingsjare, veral vir die bywoner en die klein grondbesitter vir wie die dae toe plase nog te kus en te keur was, vir goed verby was.

Die geskiedenis van die boer van die Wolmaransstadse distrik tydens die negentiende eeu, kan, soos dit ook die geval in die res van die ZAR was, met 'n groot mate van regverdiging as suiwer pioniersgeskiedenis beskou word. As pioniers het die boere 'n wilde landstreek getem, dit skoon en bewoonbaar gemaak, en dit bewerk en ontgin. Dit was 'n worstelstryd teen roofdier, barbaar en natuurelemente. In die stryd was dit dan

meesal net deursettingsvermoë, vindingrykheid en taaie volharding wat hulle van ondergang weerhou het. In die negentigerjare egter, toe die boer die slagoffer van die wisselwerking van verskeie probleme geword het, kon selfs hierdie eienskappe nie verhinder dat menige boer nie meer die pas kon volhou nie, sy gees geknak is en hy die handdoek moes ingooi nie.

Teen die jaar 1899 was daar, soos vir die republikeinse boer, vir die boer van die Wolmaransstadse distrik beslis nie die spreekwoordelike lig voor in die wapad nie. Daarvoor was die boerderyvooruitsigte te troosteloos en die donker oorlogswolke wat saamgepak het, 'n te morbiede realiteit.

## HOOFSTUK 4

## DIE STIGTING EN ONTWIKKELING VAN WOLMARANSSTAD EN DISTRIK

Die stigtingsgeskiedenis van die dorp Wolmaransstad moet teruggevoer word na die jaar 1876 toe dit met die koms van die Leask-broers na die terrein van die latere Makwassiespruit sy beslag gekry het. Reeds die vorige jaar het die firma Taylor en Leask 'n winkel, wat deur William Leask te Witpoort bedryf is, geopen. Uit 'n handelsoogpunt was dié ligging egter ongunstig, omdat dit nie aan die hooftransportroete geleë was nie. In 1876 is die winkel gevolglik na 'n punt wat aan hierdie roete geleë was, verskuif. Op hierdie plek sou eers Makwassiespruit en later Wolmaransstad ontstaan.[1] William se broer, Thomas Spence Leask, het hom in die loop van dié jaar by William aangesluit om hom die winkel te help behartig.[2] Hulle het die naam "Makwassiespruit" aan die winkel toegeken. Dit het toe hulle erkende posadres geword en die dorpie wat om die winkel sou verrys, sou dieselfde naam dra.[3] Goeie sake is met transportryers wat tussen Kimberley en Klerksdorp, Potchefstroom, Marico en Magaliesburg bedrywig was, gedoen. Die winkel het spoedig die fokuspunt van die Boer en die swarte van die distrik en van die reisiger geword en het die kern gevorm waaruit die dorp sou ontwikkel.[4]

In hierdie stadium was die distrik deel van die Potchefstroomse distrik en het as die Makwassiewyk bekend gestaan. Die behoefte onder die

[1] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.28.

[2] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.135.

[3] Womaransstad-versameling, verw. 3, p.32.

[4] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.28.

inwoners om Makwassiespruit tot 'n dorp met sy eie distrik verklaar te kry, het gaandeweg sterker na vore getree. Die boere het naamlik gevoel dat dit vir hulle 'n groot beslommernis was om al hul sake in die, vir daardie tyd, afgeleë Potchefstroom, waar die landdros gesetel was, te gaan doen.[5] In die tydperk voor die Britse anneksasie van die ZAR was die republikeinse owerheid egter nie baie geneë om die stigting van nuwe dorpe toe te laat nie. Besware hierteen was dat 'n dorp gewoonlik ook van 'n landdros voorsien moes word en dit vir die owerheid koste meegebring het. Indien daar ook te veel dorpe gestig sou word, sou die dorpies te klein bly en nie lewensvatbaar wees nie. Na die Eerste Vryheidsoorlog het die Volksraad se houding egter verander en is meer geredelik tot dorpstigting toegegee.[6]

Na die beëindiging van die oorlog in 1881 het die veldtog om afstigting van die distrik momentum gekry, toe te skryf aan veral die inisiatiewe wat die Leask-broers in die verband geneem het. Omdat hulle die boere se begeerte tot afstigting gedeel het, het hulle in 1881 die mees prominente inwoners van die distrik, naamlik Piet Bekker, Johannes Waldek, H.S.L. Bosman, Rooi Jan Jonker, H.C. Barnard en ander boere, uitgenooi om met hulle die kwessie van 'n petisie aan die regering vir dorpstigting te kom bespreek. Almal wat by die vergadering teenwoordig was, was ten gunste van sodanige petisie en het alle verdere ondersteuning beloof. Die Leasks het 'n petisie in dier voege opgetrek en het ses persone met die petisie deur die wyk gestuur vir die verkryging van die nodige handtekeninge. Alle kostes wat uit dié deel van die veldtog voortgespruit het, is deur die Leasks betaal.

Die bewoners van Leeufontein en Witpoort no. 71, onderskeidelik ses en tien myl (tien en sestien kilometer) ten ooste van Makwassiespruit, het egter soortgelyke aspirasies as die Leasks en hulle ondersteuners

[5] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.102.

[6] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.175.

gekoester en het terselfdertyd ook begin om petisies te sirkuleer om die beoogde dorp by hulle onderskeie plase geproklameer te kry. Die meerderheid inwoners van die distrik was egter ten gunste van 'n dorp by Makwassiespruit. Kort voor die sitting van die Volksraad is twee persone afgevaardig om die petisie aan ene Prinsloo, die Volksraadslid van Potchefstroom, te oorhandig. Die petisie was egter onsuksesvol. In 1882 en 1883 is soortgelyke petisies weer aan die Volksraad voorgelê, maar is elke keer afgekeur. Eers tydens die 1884-sitting is 'n dorpsgebied vir die Makwassiewyk goedgekeur.

Die regering het egter nie oor voldoende fondse beskik om met die opmeting en proklamering daarvan voort te gaan nie en daarom het die saak eers weer in 1888 aandag geniet.[7] In dié jaar is 'n deputasie bestaande uit J.M.A. Wolmarans, lid van die Uitvoerende Raad en genl. Piet Cronje deur die regering afgevaardig om ondersoek in te stel en te bepaal waar die dorp gestig moes word. Die dorp Wolmaransstad is dan toe ook na hierdie Wolmarans en nie na senator A.D. Wolmarans vernoem nie.[8] Die deputasie het die verskillende partye ontmoet en die voorgestelde plekke, naamlik Makwassiespruit, Witpoort no. 71 en Leeufontein besoek om aanbevelings te kon maak.[9] In Makwassiespruit se guns het die feit dat daar volop standhoudende waterkuile was, dit aan 'n transport- en poskoetsroete gelê het en dit sentraal in die boerderygemeenskap geleë was, getel. Witpoort kon ook met volop water, 'n pragtige geografiese ligging en die feit dat daar toe alreeds 'n kerk

[7] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.10-12 en 31.

[8] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.39. (Kyk foto op volgende bladsy.) Sover vasgestel kan word het J.M.A. Wolmarans geen bande of vorige verbintenisse met die dorp of distrik gehad nie en moet aanvaar word dat sy betrokkenheid by die proklamering van Wolmaransstad as dorp skynbaar die enigste rede was op grond waarvan die dorp na hom vernoem is.

[9] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.20.



J.M.A. Wolmarans

(NH-Kerkargief, Pretoria)

verrys het, spog. Leeufontein was eweneens met volop water en 'n mooi omgewing bedeel.[10]

Op 5 April 1888 het die regering gedeeltes van die plase Vlakfontein en Rooderand, waarop die dorp Wolmaransstad later sou verrys, aangekoop. Hierdie stap was 'n duidelik aanwysing van waar die regering beoog het om die nuwe dorp vir Makwassiewyk te stig.[11] In dieselfde jaar is met die opmeting van erwe in Makwassiespruit begin. Die opmetings is deur die staatslandmeter E.J.P. Jorrisen gedoen. Hy het 400 erwe van 100 voet (31 meter) by 240 voet (74 meter) uitgemeet.[12] In hierdie stadium kry ons die eerste verwysing na die benaming "Wolmaransstad" vir die dorp. Dit vind ons in 'n *Potchefstroom Budget* van September 1888 in 'n beriggie met die bewoording: "Makwasie Spruit will soon be a name of the past. The new township of Wolmaransstad is now completed."[13]

Nadat die opmeting van erwe voltooi is, het Jorrisen, Christiaan Bornman en T.S. Leask straatname toegeken. Hieronder was daar name soos Makwassiestraat, Krugerstraat, Leaskstraat - vernoem na Thomas Spence Leask - en Bornmanstraat. Op 19 Desember 1888 is die eerste 50 erwe verkoop. Van die erwe het tot twaalf pond (R24,00) stuk behaal. As afslaer het die latere wetsagent M. König opgetree. Die eerste grondbriewe is gedateer 9 September 1890 en is nog deur president Paul Kruger self onderteken.[14] Die volgende veiling van goewermentserwe het

[10] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.38.

[11] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.19-20.

[12] *Potchefstroom Budget*, 3.8.1888 en 10.8.1888.

[13] *Potchefstroom Budget*, 21.9.1888.

[14] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.20-21.

eers weer in 1897 geskied. Die gemiddelde pryse was toe tien pond (R20,00) stuk. Een erf het egter 31 pond (R62,00) gehaal.[15]

Ondanks al die aktiwiteite op Makwassiespruit wat onteenseglik daarop gedui het dat die gemeenskap hom vir dorpstigting begin inrig en voorberei het, het die Uitvoerende Raad nog steeds getalm om finaliteit in die saak te bereik. Die gesloer met die proklamering van 'n dorp het sodanige spanning en onmin tussen die drie aspirant-dorpsgemeenskappe laat opbou, dat dit pres. Paul Kruger genoop het om persoonlik by die saak betrokke te raak.[16] Hy het naamlik op 14 Maart 1890 op sy terugreis van Blignautspont af, waar hy met Sir Henry Loch samesprekings gevoer het, by Makwassiespruit en Leeuwdoorns aangedoen. By Makwassiespruit het hy net middagete genuttig, maar by Leeuwdoorns het hy die volgende middag 'n groot aantal burgers toegespreek. Op die vergadering is dorpstigting nie as sodanig te berde gebring nie, hoewel die President dit duidelik gestel het dat 'n landdros of resident-vrederegter beslis nie in daardie stadium vir die Makwassiewyk toegestaan kon word nie.[17] Tog het die President tydens hierdie besoek die kwessie van dorpstigting sekerlik in gedagte gehou en aanbevelings in dié verband gemaak, want minder as drie jaar daarna is Wolmaransstad as dorp geproklameer.

[15] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.15.

[16] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.38.

[17] De Potchefstroomer, 15.3.1890 en 22.3.1890. ('n Verhaal wat deur die jare heen in Wolmaransstad in omloop is, lui dat pres. Kruger glo in 1888 of 1889 tydens 'n besoek aan Makwassiespruit op die westelike oewer van die spruit sou gestaan het en met die woorde "Hier sal die dorp wees" die kwessie van dorpstigting opgelos het. Ongelukkig bestaan daar geen dokumentêre bewyse vir sodanige gewaande besoek en uitspraak van die President nie, moet dit gevolglik as blote oorlewering beskou word en dra dit as sodanig dus geen historiese gewig nie.)

Die bewoording van die proklamasie gedateer 16 Februarie 1891 het as volg gelui:

> "Nademaal de Hoogedelachtb. Volksraad in zijne zitting van den 19den Augustus 1884, bij art.185, van de besluiten van dien datum zijne goedkeuring heefte gehecht aan het stichten van een dorp, gelegen in Maquasi, district Potchefstroom. Zoo is het, dat ik bij deze proclameer en bekend maak, dat, en wel op een gedeelte van de plaatsen Rooderand en Vlakfontein een dorp is en zal zijn onder de naam Wolmaransstad, en dat gemeld dorpsgrondgebied, onderworpen zal zijn aan de administratie, controle en het bestuur van de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en de administratie en het bestuur er van in handen zal gesteld worden van zoodanige ambtenaren als daartoe reeds aangesteld zijn of hierna door de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek zullen worden aangesteld. God behoede land en Volk.
>
> Gegeven onder myne hand te Pretoria dezen 16den dag der maand Februarie achtien honderd een en negentig.
>
> S.J.P. Kruger,
>
> Staatspresident.
>
> Dr. J.W. Leyds,
>
> Staatssecretaris."[18]

Na die bereiking van die mylpaal van dorpstigting, was die inwoners van Makwassiewyk se volgende mikpunt die verkryging van 'n eie distrik, onafhanklik van Potchefstroom. Die inwoners van Witpoort het dadelik weer hulle dorp as keuse vir die toekomstige distriksdorp begin

[18]. Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890-1893, art.320, p.189.

propageer. Die voortreflikhede van die dorp is deur een van die inwoners in die volgende woorde aangeprys: "Witpoort doet den mensch watertanden, om in deze anders zoo droewige gewesten een dorp te hebben. Ons dorp met zijn grooten en veelbetekenden naam "Wolmaransstad" is inderdaad niet van veel betekenis en moet nog zoo zegt men voor Witpoort wijken."[19]

'n Ander korrespondent het in 'n skrywe aan De Potchefstroomer gewys op die ryk waterbronne van Witpoort, op die sentrale ligging tussen Bloemhof en Klerksdorp en op die feit daar reeds begin was met die opmeting van erwe waarvan die eerste veiling op 16 Maart 1892 sou plaasvind. Volgens hom was die algemene gevoel op Witpoort dat die dorp "door de Voorzienigheid voor eene stad is bestemd".[20] Die veiling van die erwe was toe hoegenaamd nie suksesvol nie aangesien geen enkele erf verkoop is nie.[21] Intussen is in 1891 van owerheidsweë besluit om Makwassiewyk as 'n aparte wyk met Klerksdorp as hoofdorp te verklaar. Dit het egter groot teenkanting in Potchefstroom en in die Makwassiewyk uitgelok. Die inwoners van die Makwassiewyk het memories na die Volksraad gestuur om teen die voorgenome proklamering van Klerksdorp as hoofdorp te protesteer. Dit is egter te laat ingestuur en het toe nie voor die Volksraad gedien nie. In Augustus 1891 is 'n openbare protesvergadering te Potchefstroom teen dié stap, wat die "verbrokkeling" van die distrik sou meebring, gehou.[22] Dit het die gewenste uitwerking gehad, want die beoogde proklamering van Klerksdorp as hoofdorp is toe uitgestel.[23] In November 1891 het meer

[19] De Potchefstroomer, 17.4.1891.

[20] De Potchefstroomer, 18.3.1892.

[21] De Potchefstroomer, 1.4.1892.

[22] De Potchefstroomer, 7.8.1891.

[23] De Potchefstroomer, 4.9.1891.

as 650 burgers van Schoonspruit en Makwassiespruit 'n petisie, ter ondersteuning van die Volksraadsbesluit om Makwassie as aparte distrik te verklaar, onderteken. Die regering het die saak toe na die Volksraad vir beslissing verwys.[24] Vir die Volksraad sou dit daarom gaan om te besluit aan watter van die twee dorpe, Klerksdorp of Wolmaransstad, die distrik toegeken moes word.

In 1893 het memories waarin geagiteer is om onderskeidelik Klerksdorp, Wolmaransstad en Witpoort tot distriksdorp verklaar te kry, voor die Eerste Volksraad[25] gedien. Vir dié dorpe het die memories onderskeidelik 604, 400 en 126 handtekeninge ter ondersteuning van hulle aansprake bevat. Memories uit Bloemhof en Lichtenburg het ook Makwassie se saak gesteun en wel as gevolg van die sentrale ligging van die dorp. Die heer Wolmarans het onder andere ter regverdiging vir die verklaring van Wolmaransstad as distriksdorp aangevoer die feit dat die burgers nie hulle belastings by die resident-vrederegter in Wolmaransstad kon betaal nie, maar vir dié doel na distriksdorpe moes gaan.[26] Hoewel die agitasies onsuksesvol was, het Wolmaransstad se burgers nie kopgegee nie. "We continued sending our petitions, which were well signed, with a

[24] *De Potchefstroomer*, 20.11.1891.

[25] Die Eerste Volksraad was die hoogste gesag in die staat. Alle wetgewing van die Tweede Volksraad was onderworpe aan die goedkeuring van die staatspresident , wat daarby die reg besit het om daardie wette weer deur die Eerste Volksraad te laat behandel. Die wetgewende magte van die Tweede Volksraad was beperk tot sake soos mynwese, paaie, posdiens, patente, bosse en soutpanne, maatskappye, regterlike prosedure en ander sake soos die Eerste Volksraad sou besluit. Die vernaamste oogmerk vir die instelling van die twee Volksrade was skynbaar om die onafhanklikheid van die land teen die Uitlanders se stemreg te beskerm. (A.K. Bot, *Transvaalse historiese oorsigte, 1836-1960*, pp.8-9.)

[26] Volksraadsbesluit 919/93, art. 316.

deputation to the Volksraad every year," het T.S. Leask in dié verband verklaar.[27] Die burgers van Witpoort en omstreke het egter ewe hard geagiteer om hul dorp tot distriksdorp verklaar te kry. In 1894 het hulle weer in dié verband drie memories wat deur altesaam 89 memoraliste gerugsteun was, by die Eerste Volksraad ingedien. As deel van die betoog ter ondersteuning van hul dorp is onder andere deur raadslid Schutte aangevoer dat Wolmaransstad en omstreke weens die klipperige grond, ongeskik vir plant en saai was. Volgens hom was daar by Wolmaransstad in die winter ook geen water vir osse nie. Witpoort sou dan ook glo meer hout en beter weiveld en saaigrond as Wolmaransstad gehad het.[28]

Wolmaransstad het egter die stryd gewen want op 30 Julie 1894 het die Eerste Volksraad besluit om Wolmaransstad as afsonderlike distrik te verklaar met 'n eie landdros, wat voorlopig ook in hierdie dorp gesetel sou wees.[29] Die inwoners van Witpoort en omstreke het egter nog nie die stryd gewonne gegee nie. In 'n memorie van 5 April 1895, onderteken deur 77 burgers, het hulle die Volksraad versoek om die landdrossetel van Wolmaransstad na Witpoort te verskuif. Die memorie is egter verwerp omdat die Volksraad dit as onwenslik beskou het om die landdrossetel buite die distriksdorp te vestig.[30]

In 1895 is genl. Piet Cronje toe deur die regering aangewys om die distriksgrense van Wolmaransstad te gaan bepaal.[31] Dié grense was reeds

[27] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.23.

[28] Notule van die Eerste Volksraad, 1894, art. 107, pp.422-425.

[29] Eerste Volksraadsbesluite, 1894, artikels 1048 en 1049, pp.425-426.

[30] Notule van die Eerste Volksraad, 1895, art. 378, pp.215-216.

[31] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.24.

in 1869 geproklameer.[32] Die ontdekking van diamante en die Keate-uitspraak wat daarop gevolg het, sou egter 'n jarelange stryd oor die wesgrens laat ontbrand. Die Keate-uitspraak het die Makwassiewyk se grense direk geraak en enkele gedagtes daaroor verdien gevolglik vermelding. Volgens dié uitspraak van 17 Oktober 1871 is onder andere al die grondgebied van die destydse Makwassiewyk wat ten weste van die Makwassiespruit gelê het, aan die Batlapin en Barolong toegeken. In die proses het die Makwassiewyk meer as die helfte van sy grondgebied verloor.[33] In die praktyk sou die uitspraak egter aanvanklik nie die status quo ten opsigte van die grense beïnvloed nie, aangesien daar in dié stadium nog nie diamante binne die grense van die distrik ontdek was nie en daar dus nog nie werklike belangstelling in die gebied ten opsigte van diamante was nie.

Besliste probleme wat egter voorsien is, wat uit die uitspraak sou voortspruit, was toekomstige aansprake op en die besetting van die afgestane grondgebied deur die swart stamme. Die regering van die ZAR het egter die uitspraak geïgnoreer en sy landdroste en veldkornette opdrag gee om net soos voorheen voort te gaan met die administrasie van die gebied.[34] Die Keate-uitspraak het spoedig geblyk 'n hoog onbevredigende reëling te wees. Vele twiste en stryd het as gevolg van botsende aansprake gevolg. Die Britse regering het dit toe gerade geag om in 1884 met die Londonse Konvensie aan die ZAR feitlik al die

[32] Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, 1869 Proclamatie, p.314.

[33] J.S. Kotze, Geskiedenis van die Wes-Transvaalse diamantdelwerye, p.28.

[34] J.S. Kotze, Geskiedenis van die Wes-Transvaalse diamantdelwerye, pp.30-31.

grondgebied wat hy in 1871 moes afstaan, terug te gee. Hiermee was Makwassiewyk se grense weer in ere herstel.[35]

In Oktober 1895 het genl. Piet Cronje en T.S. Leask na Rietfontein op die Bloemhof-Wolmaransstadpad afgereis en by King se winkel met resident-vrederegter De Beer van Bloemhof samesprekings gevoer ten einde die distriksgrense tussen Wolmaransstad en Bloemhof te bepaal. De Beer se dienste is as laaste uitweg ingeroep aangesien nòg die kommandant nòg die landdros van Bloemhof opgespoor kon word. Leask se voorstel rakende die distriksgrense is sonder teenstem of beswaar aanvaar. Die volgende dag het Leask vir Cronje na Welverdiend vergesel waar Cronje en genl. Koos de La Rey, lid van die Eerste Volksraad, die distriksgrense tussen Wolmaransstad en Lichtenburg bepaal het.[36] Die amptelike bekragtiging van die distriksgrense waarop ooreengekom is, het spoedig hierna gevolg. Op 12 Desember 1895 het pres. Paul Kruger die proklamasie onderteken waarin die grenslyne van die distrik Wolmaransstad soos volg beskryf is:

> "Tussen Bloemhof en Wolmaransstad beginnende op de Z.W.hoek van de plaats Kalkgat, district Bloemhof aan Vaalrivier, zynde baken no.1; van daar met een rechte lyn in noordelyke richting tussen de plaatsen Zoutpan en Rietfontein, tot Leeubosch, baken no. 2; van baken no. 2 noordwaarts tot baken no. 3, SpioenHeuvel west van Katboschfontein de plaats van Jacobus Bredenhaan (Hoekbaken); van daar in noord-oostelyke richting, westelyke lyn van de plaats Doornpan tot Tweelingspan, baken no. 4; van daar in dezelfde richting tot baken no. 5; van daar tot de westelyke hoek van de plaats Biesjeslaagte van C.J. Kirsten het welk een hoekbaken van het district Wolmaransstad zal uitmaken; van daar met een rechte lyn over Brakpan van E.S. Vermaak en Schaapplaats

[35] J.S. Kotze, Geskiedenis van die Wes-Transvaalse diamantdelwerye, p.33.

[36] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.24-25.

van C.J. Kriel, van daar naar de oude werf van E.S. Vermaak, baken no. 6; van daar met een rechte lyn tot baken no. 7 op Bultfontein district Potchefstroom, op het hoogste punt van een kop aan de Noord Oost kant van de woning van Salomon Klaasen en van daar in een zuidelyke richting over de plaatsen Schietfontein en Jakhalsfontein tot een baken op den heuvel te Jakhalsfontein, no. 8; van daar in dezelfde richting over de plaatsen Klippan, Goedvooruitzicht, Cyferfontein en Vaalbosch tot een hoek Matjiesspruit, baken no. 9, aan de Vaalrivier op de plaats van P. Potgieter, zynde de oude hoekbaken tusschen de Wyken Schoonspruit en Makwassie en vandaar met Vaalrivier af tot baken no. 1."[37]

Kragtens dieselfde proklamasie sou daar ook van 15 Januarie 1896 af 'n landdros in die distrik gesetel wees. Van dié datum af sou die Wolmaransstadse distrik dus as onafhanklike distrik begin fungeer. Die eerste landdros vir die distrik was H. de Waal wat teen die einde van Januarie 1896 met sy amptelike werksaamhede begin het.[38] Ooreenkomstig 'n besluit van die Uitvoerende Raad van die ZAR is die distrik op 25 Februarie 1896 in twee wyke verdeel, naamlik Wyk 1 of Makwassiepruitwyk en Wyk 2 of Vaalrivierwyk. Die verdelingslyn het van die plaas Rietfontein van D. Wessels af met 'n reguit lyn na Wolmaransstad en vandaar na die plaas Jakkalsfontein van J.J. van Vuuren gestrek.[39] Hierdie verdelingslyn is egter in 1898 effens gewysig.[40]

Globaal beskou, is dit die verhaal van dorps- en distrikstigting in die Wolmaransstadse distrik. Daar dit egter slegs 'n raamwerk is, moet dit

[37] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.41.

[38] P.H.S. van Zyl, Die gekiedenis van Wolmaransstad, pp.41-42.

[39] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.42-43.

[40] Staatskoerant no. 1359, 28.9.1898.

met fyner detail ingeklee word sodat dit 'n geheelbeeld van die aanloop tot dorpstigting en die daarmee gepaardgaande dorpsontwikkeling kan bied. Vir dié doel beweeg ons weer terug na die jaar 1876, die eintlike geboortejaar van die dorp. Die rol wat prominente persone en faktore in die ontwikkelingsgang van die gemeenskap by Makwassiespruit gespeel het, asook die ontwikkeling en groei op die onderskeie terreine van die samelewing van dié betrokke jaar af sal nagespeur en uitgelig word.

As paslike aanknopingspunt tot die verhaal van die ontstaan en groei van die dorp Wolmaransstad kan dien die vermelding van die aankoms van Thomas Spence Leask, algemeen bekend as Thos, by Makwassiespruit op 10 Oktober 1876.[41] Sy koms hierheen om sy broer William Leask in die winkel by te staan, het 'n era van diens aan die plaaslike gemeenskap ingelui wat tot ver in die twintigste eeu sou strek. Sy naam loop soos 'n goue draad deur die vroeë geskiedenis van die dorp en distrik. As sodanig sal sy doen en late dus noodwendig ook 'n besondere plek by die boekstawing van die geskiedenis van die dorp inneem. Thos Leask het 'n dagboek van gebeure in en om Wolmaransstad van 1876 tot 1902 bygehou. Hierdie dagboek vorm die kern van sy herinneringe oor die era wat hy in latere jare op skrif gestel het. Vir dié herinneringe is die geskiedenis hom baie dank verskuldig, daar dit skitterend lig werp op feitlik alle terreine van die destydse samelewing alhier.

Dit is die kernbron van inligting oor die vroeë geskiedenis van Wolmaransstad en as sodanig vorm dit die ruggraat van die verhandeling waar dit die geskiedenis van veral die dorp as sodanig weergee. Gemeet aan die kennis van en inligting oor die geskiedenis van Makwassiewyk wat ons tot ons beskikking het, moet die aanlê van Leask se dagboek in 1876 as 't ware beskou word as 'n waterskeiding tussen die era waaroor dit begin rapporteer het en dié wat dit voorafgegaan het. Anders gestel, die geskiedenis van die distrik sou, aan die hand van die dagboek, nou eers werklik inhoud begin kry en begin lewe.

[41] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.135.

Thos Leask was in sy twintigerjare toe hy om gesondheidsredes uit Skotland na die ZAR gekom het. By Makwassiespruit het hy as handelaar bedrywig begin raak, 'n professie waarin hy groot sukses behaal het. Eweneens het hy tot 'n gewaardeerde en geliefde gemeenskapsleier van 'n Boeregemeenskap ontwikkel. Die oprigting van die winkel by Makwassiespruit in 1876 het by die boeregemeenskap in 'n langgevoelde behoefte voorsien. Weens sy sentrale ligging in die distrik is die lang togte vir die boer na Potchefstroom, Klerksdorp of Bloemhof om aldaar sake te doen, uitgeskakel. Uit 'n handelsoogpunt was dit ook 'n gunstige plek en tyd vir 'n handelsaak, aangesien daar na die ontwikkeling van die diamantvelde in en om Kimberley 'n lewendige ossewaverkeer tussen hierdie streek en die Potchefstroom-Klerksdorp-omgewing ontstaan het en Makwassiespruit aan hierdie roete geleë was.

Thos Leask was aan die firma Taylor & Leask wat reeds in 1875 te Witpoort, Makwassiewyk begin handeldryf het, verbonde. Die winkel alhier is deur William Leask bedryf. Die huis van Gideon Bosman is gehuur en vir winkeldoeleindes aangewend.[42] Die winkel was egter te ver van die hooftransportroete om lonend te wees. Die firma het toe vir Hendrik Johannes Badenhorst[43] van die plaas Vlakfontein aan Makwassiespruit, en geleë aan die transportroete, genader vir die verkryging van 'n perseel op genoemde plaas met die doel om 'n winkel daar op te rig. Badenhorst het hiertoe ingestem en op 27 April 1876 'n huurkontrak met Taylor & Leask aangegaan. Die huis wat as winkel gehuur is, was op 'n perseel wat in die hartjie van die latere Wolmaransstad geleë sou wees. As synde die eerste kontrak wat in die geskiedenis van die dorp in 'n aangeleentheid rakende die belange van die dorp as sodanig aangegaan is, regverdig dit uit 'n historiese oogpunt seker 'n volledige aanhaling.

Die volledige teks van die kontrak lees as volg:

[42] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.129.

[43] Kyk foto op volgende bladsy.



Veldkornet H.J. Badenhorst en eggenote
(H.J. Badenhorst, Syfergat, Wolmaransstad)

Ik Ondergetekende Hendrik Johannes Badenhorst verklaar by dese wel en wettig verhuurd te hebben aan de Heeren Taylor and Leask winkeliers te Klerksdorp, zeker huis groot 40 by 20 voeten op mijne plaats genaamd Vlakfontein aan Makwassiespruit dist. Potchefstroom, voor de tijd van vijf achter een volgende jaren; het contract in te gaan op de eerste April 1876 voor de somma van vijf en dertig ponden sterling per jaar met de volgende regten; vrije uitspanning voor reisigers en handelaars, vrije weiding en grazing voor dertig beesten meer of minder. Ook geeft ik het regt aan gemelden Heren Taylor and Leask om gebouwen te maken of te doen maken naar hunne goedvinden zonder eisen van uitbetaling en als ik ondergetekende magt huizen of gebouwen maken in gemelde tijd van huur, het aan geen ander te verhuren dan aan gemelde Heren voor dan overeengekomen huurpenningen welke bij aparte akte of aan den voet deses zullen geplaats worden, verders behouwen gemelde firma het regt van huur voor gemelde tijd van vijf jaren zoo dat geen verkoop, noch dood noch regten en wetten des lands desen huur kunnen verbreken. Verders wordt door mij toegestaan dat als de tijd verlopen is en wij kunnen overeenkomen de eerste kans weder te geven aan de Heeren Taylor and Leask om het gebouw of gebouwen met voorregten weder te huren volgens dan overeenkomst. Ook hebben gemelden heren het regt dat als de tijd van huur verstreken is alle winkel meublementen zoo als rakken ook weg te nemen of daar over te beschikken naar hun goeddunken."[44]

Na ondertekening van die kontrak het ene Isaac Jones die geboutjie as winkel begin inrig. Hierdie werk waarvoor hy die bedrag van 116 pond 9 sjielings (R232,90) ontvang het, het hy in September 1876 voltooi. Die geboutjie het uit twee winkellokale, 'n kantoor en 'n slaapkamer bestaan. Na voltooiing van die winkelgebou is die voorrade van die

[44] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.130.

Witpoortwinkel af hierheen oorgeplaas.[45] Thos Leask is nou deur die firma na Makwassiespruit gestuur om hier as winkel-assistent behulpsaam te wees. Weens sy swak gesondheid het hy slegs by tye in die winkel gehelp en hom verder met sy stokperdjie, houtwerk, besig gehou.[46] Nog is 1876 het die Leasks vir hulle 'n huis by die winkel laat aanbou.[47]

Intussen het H.J. Badenhorst, die eienaar van die plaas Vlakfontein waarop die winkel geleë was, op 26 Junie 1876 in die Sekoekoenie-oorlog gesneuwel. Hy het in die veldtog die Makwassiekommando as veldkornet aangevoer. Sy vrou Magrita Lowesa kon sy dood nie verwerk nie, het gekwyn en is die volgende jaar ook oorlede.[48] Die plaas het toe deel van die uitgestorwe boedel geword en is op 'n veiling te koop aangebied. Hoewel die Leasks die hoogste bieders was, het die eksekuteurs besluit om die plaas vir die kinders terug te hou. Die Leasks het die versekering gekry dat die nog bestaande kontrak eerbiedig sou word. Omdat hulle egter sulke goeie sake gedoen het, het hulle in grondaankope belanggestel ten einde verbeterings in die vorm van groter en beter geboue aan te bring.[49] Dit het hulle toe geluk om op 18 Februarie 1879 *die plaas Rooderand, aangrensend aan* Vlakfontein, vir 400 pond (R800,00) van die eienaar C.J. Rood te koop. Hulle het dadelik begin met die bou van 'n stal as onderdak vir veral die perde en muile van die poskoetse, en wel op die grens tussen die plase Rooderand en Vlakfontein.

45 Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.131.

46 Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.135.

47 Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.152.

48 P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.33.

49 Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.131.

Die eksekuteurs van die Badenhorstboedel was nou bereid om die plaas Vlakfontein aan die Leasks te verkoop. Die koop het op 19 Junie 1879 geskied en wel teen 'n bedrag van 1200 pond (R2400,00). Die Leasks was nou in besit van al die grond waarop die latere Wolmaransstad sou verrys.[50] In Oktober 1880 het hulle die plaas Vlakfontein aan J.C. Bornman vir 1140 pond (R2280,00) verkoop, maar die gedeeltes ten weste en ten suide van die Makwassiespruit teruggehou. Dit is dan veral op hierdie gedeeltes dat die dorp ontwikkel het.[51] In Oktober 1880 is 'n wolstoor en in 1882 'n huis vir William Leask voltooi.[52] Die spruit se water was vir menslike gebruik ongeskik en gevolglik moes 'n put gegrawe word. Die water is met behulp van 'n Douglas-waterpomp uit die put gehaal. Gevolglik was daar deur die jaar voldoende water om ook aan die trekdiere van die transportryers en die poskoetse te voorsien.[53]

Die winkel te Makwassiespruit het hom al gou as groot aanwins en seën vir die inwoners van die wyk bewys. Nie net het dit spoedig die handelsmonopolie van die negosiesmouse verbreek nie, maar dit kon ook in elke moontlike behoefte wat die boer en sy gesin destyds geken het, voorsien. Ook het dit as 'n tipe afsetgebied vir boerderyprodukte deur die stelsel van ruilhandel wat daar in swang was, gedien. Ware wat te koop aangebied is, het kruideniersware, huishoudelike gebruiksartikels, 'n groot verskeidenheid van materiale en klerasie en artikels wat van ploegskare tot wapens en ammunisie gewissel het, ingesluit. Selfs lekkergoed is te koop aangebied. Volgens die stelsel van ruilhandel het boere met hulle boerderyprodukte soos wol en velle vir hulle ware betaal. Krediet is geredelik aan klante toegestaan. Die pryse van enkele artikels in die sewentigerjare dien vermeld te word. Koffie en suiker het

[50] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.151.

[51] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.153.

[52] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.147.

[53] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.30-31.

onderskeidelik 2/6 (25 sent) en 1/6 (vyftien sent) per pond (455 gr) gekos, kerse 2/6 (25 sent) vir 'n pak van ses, 'n gallon (4,5l) parrafien aanvanklik 10/- (R1,00), 'n ploegskaar 7/6 (75 sent) en mansskoene tot een pond vyf (R2,50) 'n paar. Waseile is in lengtes van 36 jaart (33 meter) verkoop en was hoog in aanvraag.[54]

Die mees algemene betaalmiddel van die kontantkopers was goue ponde. Banknote is slegs by hoë uitsondering gebruik en wel net as daar 'n tekort aan goue ponde was. Sommige boere soos byvoorbeeld oom Lodewyk Bothma het geweier om banknote te aanvaar. Aan hulle is dan "Goed voors" uitgereik tot tyd en wyl munte weer beskikbaar was.[55] Alle voorrade vir die winkel is van "Parker Wood and Co" van Durban verkry en per ossewa teen 'n koers van twee pond (R4,00) tot twee pond tien (R5,00) per 100 lb. (45 kg) na Makwassiespruit vervoer. Swak paaie en vol driwwe en riviere op hierdie roete het veral in die somer tot lang vertragings in die aflewerings van goedere gelei. Van 1890 af, toe die treinspoor Veertien Strome bereik het, is produkte na Kimberley en selfs Port Elizabeth gestuur en voorraad ook hiervandaan verkry.[56]

Thos Leask het teen 1880 al 'n florerende sakeonderneming opgebou. Van Oktober 1877 af het hy in die distrikte van Potchefstroom, Klerksdorp, Ventersdorp en Lichtenburg begin handeldryf. In dié distrikte was daar nie buitewinkels nie en gevolglik het hy goeie sake gedoen. By die swartes het hy beeste en velle en by die blankes velle, rieme, voorslae en vee gekoop. Aanvanklik het hy 'n transportwa vir sy handelstogte gehuur, maar kon spoedig sy eie koop.[57] Met al die boere wat hy op die togte ontmoet het, het hy op goeie voet verkeer. So

[54] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.175-176.

[55] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.155.

[56] Wolmaranstad-versameling, verw. 7, p.157.

[57] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.162.

byvoorbeeld het hy net voor die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog by Jan "Appel" Jonker gekom. Jonker het toe pas van Potchefstroom teruggekeer. Hier het hy 'n politieke vergadering bygewoon waar 'n resolusie aangeneem is waarvolgens handel met Engelse handelaars ten sterkste afgekeur is. Hierdie resolusie het hom skynbaar in sy optrede teenoor Leask heeltemal koudgelaat, want twee dae lank het hy en Leask sake gedoen sonder om iets daarvan te laat deurskemer.[58] In Maart 1880 het hy sy wa verkoop en 'n volwaardige vennoot in die winkelsaak geword. Tot met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog is hulle deur ene Alfred Salmon bygestaan.[59] Die Leask se gereelde klante was die boere van die distrik terwyl die transportryers en die swartes op pad na die delwerye te Kimberley en terug ook groot koopkrag besit het. Die swartes het gewoonlik in groepe van 50 by die winkel aangedoen. Hulle het 'n goeie mark vir veral kafferkoringmeel geskep.[60] Vir die transportryers moes daar buiten vir water, voer en negosieware ook voorsiening gemaak word vir genoegsame hoeveelhede ghries en teer vir smeer van die waens met houtaste.[61]

Die uitbreek van die vyandelikhede tussen die ZAR en Brittanje in 1880 kon die Leasks, as synde Skotte, in 'n uiters netelige posisie geplaas het. Hulle het egter besluit om heeltemal neutraal teenoor die oorlog te staan. Gevolglik is min van hulle perde of voorrade vir oorlogsdoeleindes opgekommandeer.[62] Die Leasks is ook met die grootste welwillendheid

[58] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.171.

[59] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.10.

[60] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.155.

[61] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.160-161.

[62] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, pp.52-53.

behandel en as deel van hulle beskou.[63] Hulle handel is ook nie juis nadelig deur die militêre bedrywighede getref nie. Inteendeel, dit het selfs 'n oplewing getoon.[64]

Aansluitend hierby en voortspruitend uit die hele kwessie van die bewapening van die ZAR-burgers tydens die aanloop tot die uitbreek van die oorlog, is daar 'n saak wat die Leasks ten nouste geraak het en in hierdie stadium vermelding verdien. Dit is naamlik die sogenaamde "Makwassie Kruidsaak". In die saak is agtien burgers van die distrik vir rusverstoring en roof aangekla. Volgens die klagstaat sou hulle op 12 November 1879 sonder die toestemming van die firma Taylor & Leask ammunisie uit genoemde firma se winkel te Makwassiespruit geneem het. Die Leasks was skynbaar nie geneë om vervolging te laat instel nie, daar hulle simpatie met die Boere oor die beperkende maatreëls wat in dié stadium ten opsigte van die verkryging van ammunisie gegeld het, gehad het. Ene Rae, een van die bestuurders van die winkel, het hom egter verplig gevoel om 'n klag te lê ten einde die firma te vrywaar ingeval die staat hulle voorraad met die ammunisiepermitte sou kontroleer. Die saak het op 17 Februarie 1880 te Makwassiespruit voorgekom. Prokureur van Eck het namens die beskuldigdes opgetree. Op grond van gebrekkige asook teenstrydige getuienis wat deur Rae gelewer is, en op grond van die feit dat al die burgers vir die ammunisie betaal het, is al die beskuldigdes onskuldig bevind en ontslaan.[65]

Gedurende die tagtigerjare sou die handel te Makwassie verder gestimuleer word deur eers die ontdekking van steenkool in die Suide van die ZAR en toe deur die ontwikkeling van die goudvelde op die Witwatersrand. Die gunstige uitvloeisel van dié ontwikkelinge was die

63 Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.6.

64 Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.43.

65 De Volkstem, 24.2.1880 en Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.7-8.

toename in transport en reisigers wat die roete oor Makwassiespruit gevolg het. So byvoorbeeld het *De Volkstem* in 1882 berig dat daar daagliks negentien ossewaens met steenkool van Kliprivier af na Kimberley vertrek het.[66]

Die Leasks se winkel by Makwassiespruit sou nie lank die enigste in die distrik bly nie. Winkeltjies sou spoedig al langs die poskoets- en transportroetes opskiet. Van die eerste buitewinkels was die van King op die plaas Rietfontein, vandag bekend as Kingswood. Op die poskoetsroetes het mettertyd by elke stal aan die einde van 'n trajek 'n winkel ontstaan.[67] Teen 1889 was daar reeds op die volgende plekke buitewinkels : Klipfontein met eienaars die Frost-broers, Renosterspruit met eienaar T. Webb, Bamboesspruit met eienaar J. Dunn, Uitkyk met eienaar J. Summers, Leeuwdoorns met eienaar A.H. King, Uitval met eienaar C. Ferreira en Vaalbos met eienaar W. O'Reilly.[68] Hierdie winkeltjies het gewoonlik as 'n tipe trekpleister vir mense gedien, want heel dikwels het klein nedersettings rondom die winkeltjies opgeskiet.

Die meeste van die handelaars het skynbaar goeie sake gedoen, geoordeel aan die feit dat baie van hulle groot grondbesitters in die distrik geword het.[69] Ongelukkig was daar skynbaar van dié handelaars wie se integriteit volgens oordeel van sommige burgers van die distrik ietwat onder verdenking was. Hierdie opvatting het deurgeskemer toe daar tydens 'n vergadering van die Afrikanerbond te Wolvefontein op 15 Januarie 1884 besluit is om 'n versoek aan die regering te rig en die egtheid van mate en gewigte van die winkeliers in die Makwassiewyk te

[66] *De Volkstem*, 29.3.1882.

[67] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.58.

[68] *The Argus Annual and South African Directory*, 1889, p.881.

[69] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.58.

laat toets.[70] Op Makwassiespruit self het nog winkels verrys, onder andere dié van R. Wolf. Hy het hom ook uitgegee vir horlosie- en klokmaker en ook die herstel van *juwele* en *musiekdose* onderneem.[71] Volgens 'n koerantberig het hy ook wild gevang en verkoop. Aan die hand van dié berig was daar in Januarie 1886 ene Paul met 'n besending wilde diere op pad na Duitsland en wou hy by Wolf nog diere aankoop.[72]

Gedurende 1887 is daar 'n veldtog deur die inwoners van Makwassiewyk geloods om 'n Nasionale Handelsmaatskappy te vorm. Stappe is dan ook gedoen om die plaas van mej. Hayward te huur om 'n Boerewinkel aldaar op te rig. Met hierdie maatskappy en winkel het hulle skynbaar iets soortgelyks as die latere Boerehandelskoöperasie beoog.[73] By gebrek aan dokumente kan egter nie nagevors word wat die verdere verloop van die aksie was nie.

Dit dien in hierdie stadium vermeld te word dat daar met verloop van tyd twee transportroetes deur Makwassiewyk ontwikkel het. Die oorspronklike roete het van Bloemhof af oor Kings Store (Rietfontein), Oersonskraal, Leeuwfontein, Harrisburg en Klerksdorp gegaan. 'n Nuwe roete het ontwikkel van Bloemhof oor Zoutpan, Rietfontein, Bamboesspruit, Wolmaransstad, Driefontein, Klipfontein, Jakkalsfontein en Klerksdorp.[74] 'n Logiese uitvloeisel hiervan was dat daar nou meegeding is om die handel, wat uit die transportry en poskoetsdiens voortgespruit het, na die onderskeie roetes te trek. Ook het die toename

[70] De Potchefstroomer, 30.1.1884.

[71] De Potchefstroomer, 6.1.1886.

[72] De Potchefstroomer, 27.1.1886.

[73] De Potchefstroomer, 12.11.1887.

[74] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.58.

van die aantal winkels in die Makwassiewyk en die groter kompetisie wat dit vir die handelaars onderling meegebring het, die handelaars gedwing om hulle verkoopstegnieke op te knap en hulle betrokke roetes te propageer.

In ooreenstemming hiermee het die handelaar W. Summers van Makwassiespruit in 1888 die roete oor die dorp aan die hand van 'n advertensie in die koerant gepropageer as synde twee uur korter as die ou roete. Hy het ook die versekering gegee dat daar op dié roete "no sand, no turf, nor big stones endangering life and limb" was nie.[75] In aansluiting hierby het ook die Leasks in 1888 die roete oor Makwassiespruit in 'n koerantadvertensie as die korste en beste na Kimberley aangeprys. Volgens die advertensie het hulle gratis stalle en voer vir alle reisigers te perd en per perdekar na en van Kimberley aangebied. Hulle het reisigers verder uitgenooi om self te kom ervaar hoedat 9000 bondels voer binne die daaropvolgende twee maande weggegee sou word.[76] Die regering het egter nou self in die kwessie om die twee roetes ingegryp en dit gerade geag om op 8 Oktober 1888 die roete oor Makwassiespruit as die amptelike publieke pad tussen Klerksdorp en Bloemhof te proklameer.[77]

Met die toename in verkeer en reisigers na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886, het daar 'n groot behoefte aan oornagfasiliteite by Makwassiespruit ontstaan. Om in die behoefte te kon voorsien, het die Leask-broers in Augustus 1888 'n hotel, genaamd die "Makwassie Spruit Hotel", alhier geopen.[78] Ook in die distrik het hotelle verrys. Teen 1890 was daar byvoorbeeld al hotelle te Rhenostersspruit en

[75] Potchefstroom Budget, 9.3.1888.

[76] Potchefstroom Budget, 9.3.1888.

[77] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.32.

[78] Potchefstroom Budget, 24.8.1888.

Klipfontein met T. Webb en D.G.W. Frost as die onderskeie eienaars.[79] In 1898 het die Makwassiehotel met eienaar W. Summers tot stand gekom.[80] In 1891 het die handel in Wolmaransstad 'n terugslag gekry toe die winkel van L. Salinger totaal deur 'n brand verwoes is. Gelukkig was sy winkel verassureer en wel vir die, vir daardie tyd, groot bedrag van 4000 pond (R8000,00).[81] In die negentigerjare is die handel in die dorp uitgebrei deurdat nog 'n winkel alhier deur F. Wronsky opgerig is.[82]

Saam met die handelaars het ook ander professionele persone hul dienste begin aanbied. Reeds in 1889 was daar in Makwassiespruit verskeie persone wat hulle onderskeidelik as hoefsmede, skrynwerkers en messelaars uitgegee het. D.G. Frost het as algemene agent en fotograaf opgetree en H.L. Graen as skilder.[83] Teen 1892 het die dorp ook oor die dienste van 'n bouer en wamaker in die persone van J. Geyer en J.W. Jackson onderskeidelik beskik.[84]

Hand aan hand met die ontwikkeling van die dorp het die groei en vestiging van die poswese, die slagaar van ook die destydse plattelandse gemeenskappe, gegaan. Soos in die res van die ZAR is die verhaal van die poswese in die Wolmaransstadse distrik terug te voer na die era tydens die vroeë vestigingsjare toe elkeen nog vir sy eie pos moes sorg.

[79] The Argus Annual and South African Directory, 1889, p.948. (Hierdie hotelle kon egter hoogstens 'n tipe herberg gewees het.)

[80] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.58.

[81] Potchefstroom Budget, 31.1.1891.

[82] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.58.

[83] The Argus Annual and South African Directory, 1892, p.881.

[84] The Argus Annual and South African Directory, 1892, p.933.

Briewe is toe per geleentheid of met 'n spesiale bode gestuur. Die landdros het ook gehelp om 'n tipe van posdiens in stand te hou. Hiervolgens is pos van buurman na buurman aangestuur. Dit was egter 'n langsame proses en hoogs onbetroubaar. Baie briewe is onderweg deur die boere "opgelees" of het net eenvoudig verdwyn.[8.5]

Die veldkornet was van die vroegste jare af met die reëlings van die vervoer van amptelike briewe belas. Hy het gewoonlik van swart posdraers gebruik gemaak. In die veldkornetinstruksies van 1858 is sy pligte in die verband amptelik beskryf. Hierin word dit hom op die hart gedruk om die waarde van gereelde onderlinge korrespondensie van sy wyk se burgers deeglik by hulle tuis te bring. Die 1858-instruksies het hom feitlik tot 'n tipe plattelandse posmeester verhef.[8.6]

Die burgers van Makwassiewyk moes soms self na Potchefstroom reis om posstukke daar te gaan afhaal. Van hierdie onafgehaalde stukke wat aan hulle geadresseer was, het hulle gewoonlik deur middel van 'n kennisgewing in 'n koerant te hore gekom. So byvoorbeeld het die name van vier persone van Maquassi in dié verband nog in 1869 in die koerant verskyn.[8.7] Hierdie hoogs ondoeltreffende stelsel is egter in 1869 met die ingebruikneming van posseëls beëindig. As uitvloeisel hiervan het die regering die uitsluitlike reg om pos te vervoer, verkry.[8.8] Die burgers van Makwassiewyk sou egter eers van 1876 af die gerief van 'n amptelike posdiens in hulle wyk kon geniet toe 'n "Poststatie" aan die

[8.5] A.N. Pelzer, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, deel 1, pp.32-33.

[8.6] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1950, pp.254-255.

[8.7] *Transvaal Argus*, 12.1.1869.

[8.8] Volksraadsbesluite, 1869, art. 242.

Makwassiespruit opgerig is. Tom Rey het as posagent opgetree.[89] In 1880 het Thos Leask hierdie amp oorgeneem. Die posagentskap was in 'n sinkgebou in die huidige Bornmanstraat gehuisves. Green en Erasmus was die poskontrakteurs. Die pos is aanvanklik slegs deur die poskoets vervoer. Die poskar wat slegs uitgaande en inkomende oorsese pos vervoer het, is later in gebruik geneem.[90]

'n Stadiger en goedkoper diens is deur die sogenaamde "Jubilee Koetsdiens" gelewer. Dit was ligte waentjies deur muile getrek met plek vir twintig passasiers.[91] Die poskoets het natuurlik ook passasiers vervoer. Makwassiespruit was een van die poskoetsstasies waar die passasiers oornag en ontbyt genuttig het. Die koets het gewoonlik tussen 10 nm. (22h00) en middernag daar aangekom.[92] Die poskoetsroete was in trekke van twintig myl (32 km.) opgedeel. Op Rietfontein (Kingswood) was stalle waar die perde omgeruil is. Die volgende trekke was tot Oersonskraal en dan Leeuwdoorns. Wanneer die naderende poskoets se beuel geblaas is, is die perde in die stalle vir die volgende trek in gereedheid gebring.[93] Die poskoets het nie net briewe saamgebring nie, maar was ook 'n belangrike skakel tussen die boeregemeenskap in die Makassiewyk en die res van die ZAR deurdat hy die draer van nuusbrokkies van algemene aard elders in die land was.[94] Die poskoets

[89] Staatskoerant no. 635, 31.5.1876.

[90] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.10.

[91] H. Guest, Voortrekkerdorp, pp.86-88.

[92] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.10.

[93] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.31.

[94] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.32.

sou na die koms van die spoorweg na die ZAR geleidelik deur die trein verdring word.[95]

Die volgende stap in die ontwikkeling van die poswese in die wyk was die oprigting van 'n telegraafkantoor in Makwassiespruit op 6 April 1889. Die inisiatief in dié verband is deur mnr. O'Reilly van Makwassiespruit, wat reeds in 1887 'n petisie vir die oprigting van 'n telegraaflyn van Potchefstroom na Kimberley opgetrek het, geneem.[96] Die diensure van die kantoor was soos volg: Op weeksdae, behalwe Woensdae, van 9 vm. tot 1 nm. (9h00 tot 13h00) en van 2 nm. tot 6 nm. (14h00 tot 18h00) en op Woensdae van 9 vm. tot 1 nm. (9h00 tot 13h00).[97] Die lyn tussen Klerksdorp en Bloemhof was reeds in Desember 1888 voltooi. Die regering wou egter nie dadelik 'n kantoor in Makwassiespruit oprig nie, omdat daar toe nog slegs twaalf persone in die dorp gevestig was. Wanneer daar 'n onderbreking op die lyn voorgekom het, het die superintendent, mnr. McCullum, die lyn by die paal voor die Leasks se huis met behulp van 'n battery en instrument getap om vas te stel op watter trajek die fout was.

Die Leasks het die posowerheid toe 'n kamer van hulle huis aangebied om as kantoor te dien. Die aanbod is aanvaar en terselfdertyd is toe sommer ook 'n pos van telegraafklerk geskep en 'n aanstelling gemaak. A.D. Bosman, afkomstig van Ceres, was die eerste klerk om die pos te vul. By gebrek aan huisvesting moes Thos Leask hom as loseerder by

[95] Die vrees by die transportlui dat hulle deur die spoorweë verdring sou word, was skynbaar een van die motiewe vir die teenkanting wat in 1884 tydens 'n vergadering van Die Afrikanerbond te Koppiealleen, Makwassiewyk teen die beoogde aanlê van takspoorlyne in die distrik sterk na vore gekom het. (De Potchefstroomer, 4.6.1884.)

[96] Potchefstroom Budget, 18.4.1889.

[97] Staatskoerant no. 429, 10.4.1889, p.275.

hom in die huis neem.[98] Ironies genoeg sou hierdie stukkie vooruitgang skynbaar nie al die inwoners van die distrik se goedkeuring wegdra nie. Dit is die slotsom waartoe mens dalk mag kom as gelet word op die feit dat nog enkele jare tevore 'n aantal burgers van die wyk tydens 'n vergadering van die Afrikanerbond te Klipfontein, Makwassiewyk, deel gehad het aan die opstel van 'n memorie aan die regering waarin versoek is dat die "telegraaf" nie verder in die ZAR uitgebrei moes word nie.[99] Van hierdie tipe protes teen vooruitgang is egter nie weer verneem nie.

Die behoefte om geld per pos te kon versend en te ontvang, het aanleiding gegee tot 'n versoekskrif, onderteken deur 66 burgers uit die Wolmaransstadse distrik, wat op 20 Augustus 1891 aan die Posmeester-Generaal in Pretoria gestuur is en waarin vir die instelling van 'n poswisselkantoor in hul dorp gevra is. Die Uitvoerende Raad het skynbaar die nood van die dorp in dié verband terdeë besef, want die versoekskrif is sonder meer toegestaan. Reeds op 1 November 1891 is die posagent A.D. Bosman tot die rang van posmeester bevorder. Sy salaris was 'n skrale 25 pond (R50,00) per jaar.[100] In 1892 het die poskantoor te Wolmaransstad die eerste private possakdiens in die distrik ingestel met A.R. Duffield van Leeuwkop en D. Frost van Klipfontein as huurders.[101] Bosman is in die negentigerjare deur ene Huisenga as posmeester opgevolg.[102] Teen 1899 was daar al twee amptenare op die pospersoneel, te wete R.W. Thornton, wat die pos van posmeester en

[98] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.57-58.

[99] De Potchefstroomer, 17.4.1886.

[100] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.39-40.

[101] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.109.

[102] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.44.

telegrafis behartig het, en M. Hertz, die posagent.[103] 'n Klein geboutjie van hout en sink het die pos- en telegraafkantoor in daardie stadium gehuisves.[104] 'n Posagentkantoor wat aan Potchefstroom ondergeskik was, is op 10 Oktober 1895 te Leeuwdoorns (die latere Leeudoringstad) geopen. Die pos hierheen en na Wolmaransstad is een keer per week deur 'n swarte vervoer.[105] Op 1 Augustus 1897 is Brandewijnskuil as eerste onderkantoor van Wolmaransstad geopen. Die kantoor is egter in latere jare weer gesluit.[106]

Soos die poswese het ook die regspleging in die Wolmaransstadse distrik 'n nederige begin en 'n lang aanloop gehad voordat dit 'n volwaardige plek in die gemeenskap gehad het. Tot en met die aanstelling van 'n landdros in Wolmaransstad in 1896, het die distrik onder die jurisdiksie van die landdros van Potchefstroom gestaan. Die handhawing van die wet en orde het tot op dié datum in die hande van die veldkornette en hulle assistente berus. As eerste magistraat in die wyk moes die veldkornet regspraak ten opsigte van 'n wye verskeidenheid sake wat voor hom gedien het, beoefen. Minder ernstige sake is deur hom verhoor en die ander het hy na die landdros verwys. Voor die instelling van 'n polisiediens het die veldkornet op die platteland ook die rol van polisiebeampte vervul.[107]

[103] Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, pp.281-282.

[104] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.44.

[105] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.112.

[106] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.109.

[107] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel aan die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, pp.297-300.

Die veelsydigheid wat hy as regterlike amptenaar aan die dag moes lê, spreek duidelik uit F.A. van Jaarsveld se betiteling van hom as "militêre offisier, eerste magistraat, vrederegter, polisiedienaar, speurder... publieke vervolger, geregsbode, tronkbewaarder, kommissaris van naturellesake, ... skutbeampte, ... kommisaris van ede, wetshandhawer...".[108] Hy was die skakel tussen die burgers van sy wyk en die landdros aan wie hy ook jaarliks oor haas elke saak in sy wyk verslag moes doen. Hy moes dus voorwaar 'n persoon van groot bekwaamheid wees. 'n Persoon wat in die Wolmaransstadse distrik as veldkornet bekendheid verwerf het, was J.N. Geldenhuys wat in 1896 in dié pos vir die Vaalrivierwyk verkies is.[109] Die veldkornet was gewoonlik terselfdertyd ook 'n vrederegter, maar daar het ook die afsonderlike amp van spesiale vrederegter bestaan. J.C. Bornman het dié pos byvoorbeeld vir etlike jare beklee.[110]

Die aanstelling van 'n landdros te Wolmaransstad het tot na distriksverklaring op 15 Januarie 1896 agterweë gebly. Die pos moes skynbaar 'n gesogte een gewees het, want uit verskeie distrikte soos onder andere Lichtenburg, Klerksdorp, Potchefstroom en Bloemhof het persone hulle vir die pos beskikbaar gestel. Ook mnr. Bosman, die bekende onderwyser van Witpoort, het vir die pos aansoek gedoen.[111] Die keuse het egter op H.L. de Waal, 'n klerk van die landdroskantoor te Barberton geval. Op 23 Januarie 1896 is hy as waarnemende landdros benoem. N.J. Smit, 'n klerk van die Heidelbergse landdroskantoor, is as publieke aanklaer, landdrosklerk en seëluitdeler aangestel. Die

[108] F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel aan die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, p.340.

[109] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.44.

[110] The Argus Annual and South African Directory, 1889, p.948.

[111] De Potchefstroomer, 8.8.1894.

jaarlikse salaris van die twee amptenare was 550 pond (R1100,00) en 320 pond (R640,00) onderskeidelik. Smit se nagedagtenis is vereer deurdat 'n straat in die dorp later na hom vernoem is.[112] Smit is egter spoedig weer verplaas as gevolg van ongegronde bewerings wat hy van die posmeester Huisenga gemaak het. Sy opvolger, Pritchard, het ook nie lank in Wolmaransstad vertoef nie, want hy is reeds weer in Maart 1898 deur I.D. Bosman opgevolg.[113]

Van 9 tot 12 Desember 1896 is 'n verkiesing in die distrik gehou waartydens die burgers 'n landdros moes kies. Die kandidate was De Waal, die destydse waarnemende landdros en J.F.E. de Beer, 'n vrederegter van Potgietersrus. Hulle keuse het op De Waal geval.[114] In 1897 het hy sy permanente aanstelling gekry en is hy in Pretoria as landdros van Wolmaransstad ingesweer.[115] Die landdros het 'n wye reeks pligte gehad en het oor baie mag beskik. Sy aanbevelings by 'n versoekskrif van die burgers aan die owerheid het byvoorbeeld groot gewig daaraan verleen. Hy was verder ook die hoogsbetaalde amptenaar in die distrik. De Waal het die pos beklee totdat die administrasie van die ZAR tydens die Anglo-Boereoorlog in duie gestort het.[116]

'n Noodsaaklike en noodwendige uitvloeisel van die aanstelling van 'n landdros, was die instelling van 'n polisiemag vir die distrik. Tot in hierdie stadium het dié mag uit Kleurlinge, wat die veldkornette op die plase in hulle polisiepligte bygestaan het, bestaan. Die Kleurlinge was nie departementeel-besoldigde amptenare nie en hulle dienslewering was

[112] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.42.

[113] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.114.

[114] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1897,, p.104.

[115] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.42.

[116] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.104.

gevolglik maar van swak gehalte. Gedring deur die behoefte aan 'n doeltreffende polisiemag vir die distrik het 76 inwoners van die distrik in 1896 'n versoekskrif deur bemiddeling van die landdros aan die Volksraad gestuur waarin twee blanke berede polisiedienaars in elk van die twee wyke van die distrik en twee voetpolisie vir die dorp aangevra is. Die Kommissaris van Polisie het hierdie versoek aanbeveel, maar die Uitvoerende Raad van die ZAR was slegs bereid tot die benoeming van die twee voetpolisie. Hierdie magtiging het op 8 Maart 1897 van krag geword. Die polisie is teen 'n jaarlikse salaris van 160 pond (R320,00) aangestel. Die polisiestasie, wat in 'n klein sinkgeboutjie gehuisves was, het onder bevel van sers. Campher gestaan. Hy het hierdie amp tot tydens die Anglo-Boereoorlog beklee.[117]

Die koms van die landdros na die dorp het noodwendig meegebring dat daar spoedig vir nuwe tipe dorpsinwoners, naamlik verhoorafwagtende en veroordeelde gevangenes, huisvesting voorsien moes word. Spoedig na sy diensaanvaarding het landdros De Waal toe ook 'n paar gevangenes gehad vir wie daar nog geen aanhoudingsfasiliteite bestaan het nie. Hy het geen ander uitweg gehad as om hulle gedurende die dag deur sy Zoeloe-kantoorjonge te laat oppas en hulle snags saam met laasgenoemde in sy kombuis op te sluit nie.[118] 'n Gevangenis van hout en sink is tussen Augustus en November 1896 deur twee blanke gevangenes opgerig.[119] Die gevangenis het gedurende die eerste paar jaar van sy bestaan 'n groot aantal langtermyngevangenes, wat by die bou van die dorpsdam gebruik is, gehuisves.

Die gebou was egter skynbaar nie baie effektief nie, want tydens die verblyf van dié gevangenes is dit gerade geag om hulle snags aan 'n ysterstaaf, wat dwarsdeur al die selle geloop het, om die enkels vas te

[117] P.H.S. van Zyl, Geskiedenis van Wolmaransstad, pp.105-110.

[118] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.46.

[119] Wolmaransstad-versameling, verw. 8, p.68.

boei. Hierdie klampe het egter hulle bene laat swel, sodat hulle mediese behandeling moes kry. Volgens landdros De Waal is sommige van die ernstige gevalle soggens na die spruit geneem om te swem te einde die swelsels te laat sak. Hierdie gevangenes is egter weer snags geboei nadat hulle ten volle van hulle skete herstel het. Van dié groep het daar toe een nag veertien uit die gevangenis ontsnap.[120] Op die tydstip het die gevangenispersoneel uit die sipier, Okkert Oosthuizen, en drie blanke en vier swart bewaarders, bestaan.[121] Die gevangenis het gedurende 1898 besoek van die Hoof van Gevangenisse ontvang. Sy verslag was nie te vleiend nie, want hy het nie net die gesondheidstoestand in die gevangenis as sleg bestempel nie, maar moes ook die aandete afkeur omdat die meel sleg, onvoldoende gekook en sonder sout was.[122] Gedurende 1898 is 116 swartes asook vier blankes in die gevangenis aangehou.[123]

In die spore van die landdros en polisie het daar spoedig ook 'n wetsagent (prokureur) gevolg, te wete F.W. König wat in 1898 'n praktyk in Wolmaransstad kom open het.[124] Uit een van sy briefhoofde wat hy destyds gebruik het, en waarvan een hieronder afgedruk is, kan afgelei word watter wye verskeidenheid dienste hy gelewer het.

F. W. KONIG,
(Established 1898),
DEPUTY SHERIFF,
AGENT-AT-LAW,
AUCTIONEER
SWORN TRANSLATOR,
CONVEYANCING
SALE AND PURCHASE OF FIXED
PROPERTIES UNDERTAKEN.

AGENT FOR-
LIFE AND FIRE INSURANCE COMPANIES.

*Tel. Address:* "KONIG."

Wolmaransstad,
Transvaal,

[120] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.47-48.

[121] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.47.

[122] Notule van die Eerste Volksraad, 1899, art. R4038/99, p.321.

[123] Notule van die Eerste Volksraad, 1899, art. R4038/99, p.421.

[124] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.58.

Ander amptenare wat teen 1899 in Wolmaransstad in regeringsdiens was, was onder andere die geregsbode, J.F. Dunn, wat terselfdertyd ook magasynmeester was, en die distriksgeneesheer, Justus Schmauser.[125] Die pos van belastinggaarder het in die vroeë negentigerjare bestaan, maar teen 1899 is daar geen verwysing na sodanige pos te vinde nie. 'n Landkommissie bestaande uit G.J. Bosman, Thos Leask en W.J. du Plooy was ook in werking.[126] Oor die presies aard van sy funksies kòn egter nie nadere besonderhede opgespoor word nie. Op militêre gebied was F.J. Potgieter as distrikskommandant die leidende figuur.[127] Op politieke gebied was die distrik teen 1898 deur twee lede in die Volksraad verteenwoordig, naamlik S.P. du Toit van Witpoort in die Eerste Volksraad en M. König van Klerksdorp in die Tweede Volksraad.[128]

Wat betref die betrokkenheid en eie deelname van die burgers van die distrik aan die politiek, toon die beskikbare dokumente dat dit in hoofsaak tot die bywoning van vergaderings van die Afrikanerbond gedurende die tagtigerjare beperk was. Geesdrif vir die Afrikanerbond het sodanig toegeneem dat daar in Januarie 1885 vier vergaderings in die Makwassiewyk gehou is.[129] Hierdie politieke entoesiasme was, soos elders

[125] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p.339.

[126] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p.339.

[127] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p.339.

[128] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, pp.38-38.

[129] De Potchefstroomer, 14.2.1885.

in die ZAR, die vergestalting van die ontwaking van die Afrikaanse nasionalisme wat deur die Eerste Vryheidsoorlog teweeggebring is.[130]

Aanvanklik is slegs bestuursvergaderings gehou. As gevolg van die uitgestrektheid van die distrik en slegte weersomstandighede was daar by die eerste drie vergaderings nooit 'n kworum om 'n bestuur te kies nie. Op 11 Augustus 1883 is daar toe tydens 'n byeenkoms aan huis van D.G.J. Bosman te Brandewijnskuil besluit om voortaan die kworum vir besluitneming van vyf na drie lede te verminder. 'n Voorlopige bestuur is toe gekies met G.J. Waldek as voorsitter.[131] Op 7 Desember van die jaar is W.C. Hauptfleisch en J.C. Bornman as afgevaardigdes vir 'n vergadering van die distriksbestuur wat op 13 Desember 1883 te Potchefstroom gehou sou word, gekies.[132] Op 12 Julie 1884 is 'n vergadering op die plaas Rietvallei van J. Jonker gehou. By die geleentheid was Lemmer, die Volksraadslid vir Potchefstroom, ook teenwoordig.[133] Gedurende 1886 is nog vergaderings in die distrik gehou.[134] Hierna egter het die belangstelling in die Afrikanerbond, geoordeel aan die totale afwesigheid van verdere beriggewing daaroor in die plaaslike koerante, skynbaar begin kwyn. Die enigste ander geleenthede tot politieke meelewing vir die burgers van die distrik was tydens die presidensiële verkiesings. In besonder was die 1893-verkiesing vir die Wolmaransstadters 'n gedenkwaardige geleentheid omdat pres. Kruger die dorp as deel van sy verkiesingsveldtog met 'n besoek vereer het. Dat die besoek sy volle diwidende vir die President

[130] F.A. van Jaarsveld, Die ontwaking van die Afrikaanse Nasionale bewussyn 1868-1881, p.175.

[131] De Potchefstroomer, 31.10.1883.

[132] De Potchefstroomer, 19.12.1883.

[133] De Potchefstroomer, 23.7.1884.

[134] De Potchefstroomer, 17.4.1886.

afgewerp het, spreek uit die feit dat hy sy teenstander in die verkiesing, genl. Piet Joubert, in dié verkiesing totaal verslaan het.[135]

Die hoër status wat die Wolmaransstadse distrik in 1896 met die aanstelling van 'n landdros gekry het, het spoedig neerslag gevind in die samestelling van 'n komitee om die bestuur van die dorp te behartig. Hierdie sogenaamde gesondheidskomitee is uit die dorp en die twee wyke van die distrik met dorpsbelange gekies. Die komitee het bestaan uit Thos Leask, J.C. Bornman en F.W. König van die dorp, N.J.S. Basson, G.J. van Wyk en W.J. Erasmus van Wyk 1 en H.C.J. Snyders, W. O'Reilly en L.P. Oberholzer van Wyk 2.[136] Aangesien die dorpsgemeenskap toe nog net uit ongeveer twaalf gesinne bestaan het,[137] het hierdie gesondheidskomitee nie veel dorpsake gehad om te behartig nie. Hulle het gevolglik 'n bra vry hand gehad om sake wat meer in 'n boerderylyn was, te ondersteun. 'n Gulde kans hiervoor is hulle tydens die bou van die dorpsdam gebied. Die grootste kampvegters vir dié projek was plaasboere met dorpsbelange.

Volgens 'n proklamasie van 1896 van die regering van die ZAR kon 'n persoon wat dorpsbelange gehad het twaalf trekdiere, tien koeie en tot 100 skape op die dorpsgronde aanhou. Die beheer oor die diere en die skoonhou van die watervore was die verantwoordelikheid van die landdros in samewerking met die dorpsbestuur.[138] Dit was asof die stigting van die gesondheidskomitee die inwoners van die distrik skielik baie meer bewus gemaak het van die gebrek aan mediese dienste wat bestaan het, want spoedig hierna op 2 Februarie 1897 het landdros De Waal in 'n skrywe aan die Staatsekretaris die distrik se dringende behoefte aan 'n

[135] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.58.

[136] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.90.

[137] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.42.

[138] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.90.

distriksgeneesheer uitgestippel. Die nood van die distrik is skynbaar wel deeglik ingesien, want sommer nog die volgende maand is magtiging verleen vir die skepping van sodanige pos teen 'n salaris van 100 pond (R200,00) per jaar. Dr. Justus Schmauser was die suksesvolle applikant vir die pos.[139]

Die aanstelling van 'n gekwalifiseerde geneesheer op Wolmaransstad moes voorwaar vir die inwoners 'n heuglike dag gewees het en een wat hulle met groot gemoedsrus moes vervul het. Vir meer as 'n halfeeu was hulle noodgedwonge op hulself en hulle boererate vir mediese behandeling aangewys. Tot in die tagtigerjare was hulle naaste dokter nog te Potchefstroom. Hierheen moes hulle hul in geval van ernstige siekte of van nood gewend het. Sodanige mediese nood het dan ook periodiek in die Wolmaransstadse distrik geheers. Dit was veral die voorkomste van pokkies wat soms epidemiese afmetings aangeneem het. Vroeg in Augustus 1894 het nege persone aan die Vaalrivier in die Makwassiewyk aan pokkies gesterf.[140] Die toestand het gedurende die maand so versleg dat die landdros en die distriksgeneesheer van Potchefstroom op instruksies van die regering met mediese voorrade en ander lewensmiddele na die Makwassiewyk gegaan het. 'n Paar artilleriste is saamgestuur om die paaie te bewaak om te verhoed dat die siekte versprei.[141]

In September 1887 het *De Potchefstroomer* berig dat pokkies nog periodiek in die distrik voorkom.[142] In 1889 het pokkies weer nege slagoffers in die distrik geëis. Vyf van die oorledenes was uit een gesin, naamlik die

[139] Notule van die Uitvoerende Raad, art. 272, 25.3.1897.

[140] *De Potchefstroomer*, 20.8.1884.

[141] *De Potchefstroomer*, 27.8.1884.

[142] *De Potchefstroomer*, 24.9.1887.

kinders van Andries Waldeck.[143] Omdat die naaste geneesheer te Potchefstroom soms in noodgevalle nie betyds bereik kon word nie en sommige dit ook nie kon bekostig het nie, het 'n besluit wat die regering in 1886 geneem het om dokters wat nie 'n sekere toetsing ondergaan het nie, te verbied om te praktiseer, heftige reaksie onder die inwoners van die Makwassiewyk uitgelok. Die rede hiervoor het naamlik voortgespruit uit die feit dat daar in dié wyk ene William O'Reilley te Vaalbosch al meer as tien jaar lank ongekwalifiseerd 'n praktyk bedryf het. Dat die mediese dienste wat hy gelewer het deur baie inwoners hooggeag, as noodsaaklik beskou en gewaardeer is, het gespreek uit 'n memorie van 'n aantal boere aan die regering om te versoek dat O'Reilley met sy praktyk moes voortgaan. Hulle betoog was dat hy vir meer as tien jaar ryk en arm in die distrik behandel het teen die betaling wat hulle kon bekostig. Tydens die pokke-epidemie was hy die enigste een wat die siekes kon help en gehelp het, ondanks die feit dat hy daardeur sy eie lewe in gevaar gestel het.[144] Of dié memorie die gewenste resultate gelewer het, is egter nie bekend nie.

Baie burgers van die distrik het egter ook hul toevlug tot Thos Leask geneem omdat hy bekend was vir sy behandeling van siekes. Hy was immers 'n gekwalifiseerde apteker en het vir 'n jaar of wat in 'n geneeskundige rigting gestudeer.[145] Die omvang van sy mediese dienste gelewer, was sodanig dat hy selfs 'n dagboek aangehou het vir medisyne aan sy "pasiënte" uitgereik.[146] Met verloop van tyd het sy mediese aktiwiteite en bekwaamhede sodanige agting afgedwing en vertroue ingeboesem dat hy, as gevolg van vertoë wat in die verband gerig is, op 15 Februarie 1899 deur die Raad van Examinatoren in de ZAR toegelaat

[143] De Potchefstroomer, 5.1.1889.

[144] De Potchefstroomer, 24.9.1887.

[145] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.86.

[146] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.114.

is om as geneesheer te praktiseer.[147] Binne die bestek van twee jaar na distrikstigting was Wolmaransstad dus op mediese gebied selfversorgend.

Met distrikstigting aan die begin van 1896 het die dorp oor die noodsaaklikste openbare dienste en kommoditeite beskik om dit 'n lewensvatbare gemeenskap te maak. Een probleem het egter in die weg van toekomstige uitbreiding en vooruitgang gestaan, naamlik die dorp se gebrekkige waterbronne. Alhoewel die standhoudende kuile in die Makwassiespruit voldoende water vir die destydse behoeftes van die dorp verskaf het, sou daar met die oog op toekomstige behoeftes dringende stappe geneem moes word. Die eerste inisiatiewe in dié rigting is reeds in 1895 geneem toe daar deur die inwoners van die distrik op 'n terrein vir 'n dam in die Makwassiespruit besluit is. Die oppervlakte wat die dam sou beslaan, sou die dorpsgronde se grense oorskry en 'n deel van die plaas Vlakfontein, bekend as Port Allen, van J.C. Bornman toestoot. Toestemming vir die bou van die dam en die aanlê van 'n watervoor na die dorp moes dus eers vooraf deur die regering van die ZAR van Bornman verkry word. Dié het hy goedgunstiglik verleen, onderworpe egter aan sekere voorwaardes. Onder andere moes die regering die dam en die watervoor in 'n goeie toestand hou, sou die regering verantwoordelik gehou word vir alle skades as gevolg van lekkasies en sou die regering, indien nodig, 'n brug oor die watervoor moes bou om as vee-oorgang te dien. Verder sou die akte van vergunning vir 99 jaar na bekragtiging geldig moes wees.[148]

Van die eerste take van die nuwe landdros na sy koms na Wolmaransstad was om aan die dambouplanne momentum te gee. Hy het by Publieke Werke die dienste van 'n ingenieur aangevra, maar het as antwoord die opdrag gekry om self die projek aan te pak en wel met die hulp van gevangenes. Op sy versoek het die regering 'n tydelike gevangenis laat

[147] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.86.

[148] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.90-91.

oprig en die nodige personeel daarvoor voorsien.[149] Gereedskap wat twee skotskarre, 'n damskraper, 'n ploeg, kruiwaens, koekepanne, pikke, grawe en ook agt gesoute osse ingesluit het, is teen 'n bedrag van 267 pond 8 sjielings (R534,80) aangekoop.[150] Teen die einde van 1896 het die bouery met 'n arbeidsmag bestaande uit vyftien gevangenes, 'n aanvang geneem. Die getal is spoedig met nog 40 langtermyngevangenes aangevul.[151]

Dit was spoedig vir die inwoners van die distrik duidelik dat hulle die dambouprojek nooit op eie stoom en koste sou kon deurvoer nie. Dus het die burgers op inisiatief van G.J. du Plessis en P. Steyn op 1 April 1897 'n petisie, wat deur 147 van hulle onderteken is, aan die Tweede Volksraad gestuur om die regering by die projek betrokke te probeer kry. In die petisie is die regering versoek om volle verantwoordelikheid vir die bou van die dam te aanvaar. Die dam sou volgens hulle oordeel 'n waarborg vir die groei en opbloei van die dorp wees. Vir hulle beoogde bouplanne sou hulle 3000 pond (R6000,00) benodig, 'n bedrag wat hulle toe ook sommer by voorbaat in die petisie aangevra het. Die regering het gunstig op die versoek gereageer en 'n boukommissie benoem om die dambou te ondersoek. Die kommissie het uit landdros De Waal, komdt. F. Potgieter en J.C. Bornman bestaan. Op 15 Januarie 1898 het die Hoof van Publieke Werke aan die Staatsekretaris voorgestel dat 5000 pond (R10000,00) vir die bou van die dam bewillig word. Die voorstel is toe deur die Ouditeur-generaal onderskryf.[152] Nadat die boukommissie se verslag behandel is, het die Eerste Volksraad op 21 Februarie 1898 die bou van die dam onder eie toesig en met behulp van gevangenes goedgekeur. Die 5000 pond (R10000,00) wat vir die projek aangevra is,

[149] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.90.

[150] Notule van die Eerste Volksraad, 1898, art. 318, p.47.

[151] Wolmaransstad-versameling, verw.7, p.47.

[152] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.46.

is ook toegestaan. Die dam sou by volle kapasiteit 15 voet (4,6 m.) diep, 2000 voet (615 m.) lank en 600 voet (185 m.) breed wees. Ten tye van die goedkeuring van die bouplanne het konstruksie aan die dam al goed gevorder en was 1500 pond (R3000,00) reeds bestee.[153] Amptelik het die dambou toe eers op 23 Mei 1898 'n aanvang geneem. Onder die arbeiders was daar 100 blankes wat deur die runderpes in armoede gedompel was en toe by die dambou teen 'n betaling van vyf sjielings (50 sent) per dag betrek is. Komdt. F. Potgieter is as opsigter oor hulle aangestel. Die grondverskuiwing is deur die blankes gedoen, terwyl die gevangenes in die steengroewe klippe vir die uitpak van die wal gekap het. Die bouery het redelik na wens verloop. Slegs op een tydstip het daar egter 'n moontlike staking gedreig toe die eienaars van die private skotskarre wat die staatskotskarre vervang het, 'n verhoging van die tarief van nege pennies (sewe en 'n half sent) na 2/6 (25 sent) per vrag grond geëis het. Landdros De Waal het hulle egter op taktvolle wyse van hulle eis laat afsien. 'n Tien duim (30 cm.) pyp is in die wal ingebou vir die doel van skoonmaak in geval van toeslikking van die wal en 'n nege duim (27 cm.) pyp het as afvoerpyp van die water gedien.[154] Bouwerk aan die dam het tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 voortgegaan. Ondanks die onvermoeide ywer waarmee vir byna drie lank gewerk is, was die dam in daardie stadium nog baie ver van klaar. Vanselfsprekend is alle bouwerk daaraan toe gestaak.[155]

Die dambouery was vir 'n paar jaar lank die eerste prioriteit by die inwoners van die dorp en ander belanghebbendes. In die proses is sommige ander openbare dienste egter verwaarloos. So byvoorbeeld is die dambou op 4 Augustus 1898 in die Volksraad voorgehou as die rede vir die verwaarloosde toestand waarin die dorp se strate verkeer het. Mnr. König het aangevoer dat die voorkoms van groot klippe in sekere

[153] Notule van die Eerste Volksraad, 1898, art.318, p.84.

[154] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.47-54.

[155] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.47.

strate, veral om die kerk, die gebruik van sodanige strate gevaarlik gemaak het. As gevolg van sy betoog is 'n bedrag van 300 pond (R600,00) toe deur die Tweede Volksraad vir die opknapping van die strate toegestaan.[156]

'n Ander saak wat eenvoudig jarelank agterweë gebly het, maar steeds onontbeerliker geword het, was om 'n brug oor die Makwassiespruit by die dorp te bou. Die gegruisde tipe drif wat hier deur die spruit was, sou tydens 'n vloed eenvoudig verspoel en die drif maar weer spoedig tot 'n moddermoeras uitgetrap word. As die spruit in vloed was, was die drif in elk geval onbegaanbaar vir rytuie. Selfs perderuiters moes dan hulle slag ken om die spruit heelhuids te kon oorkruis. Vele reisigers, soos dit onder andere ook in 1877 met die latere hoofregter Kotze die geval was, was dan ook in die verlede voor die bou van die brug dae lank deur 'n Makwassiespruit wat in vloed was, voorgekeer.[157] In April 1895 was die spruit ook 'n volle week in vloed. Dit was nagmaalnaweek en talle nagmaalgangers moes met behulp van 'n vlot en 'n platboomskuit oor die spruit na die dorp gebring word.[158]

Hierdie tipe ongerief en belemmering het die behoefte by die burgers versterk om by die owerheid vir 'n brug te agiteer. Reeds in die tagtigerjare was daar by sekere inwoners vergesigte van 'n brug oor die spruit. Volgens mnr. O'Reilley van Wolmaransstad het die Kaapstadse firma Robertson en Bain met wie hy in vennootskap was, teen 1889 beoog om 'n ysterbrug van 100 voet (31 m.) lank oor die Makwassiespruit te bou. Die dryfveer agter hierdie beplande projek was skynbaar die oortuiging by die firma dat, as uitvloeisel van die ontdekking van goud

[156] Notule van die Tweede Volksraad, 1898, art. 903, p.415.

[157] Wolmaransstad-versameling, verw. 8, p.97.

[158] Wolmaransstad-versameling, verw. 8, p.140.

in die distrik, daar 'n bloeitydperk vir die dorp voorgelê het.[159] Omdat laasgenoemde hoop toe nie gerealiseer het nie, het daar toe ook van dié brugbouplanne niks tereggekom nie. Ondanks die ongerief wat deur die afwesigheid van 'n brug meegebring is, het die inwoners van die distrik eers in 1898 'n memorie by die Volksraad ingedien waarin gevra is dat 'n brug oor die Makwassiespruit gebou moes word. Onderhewig aan sekere voorwaardes is die versoek toe in dieselfde jaar deur die Tweede Volksraad toegestaan.[160]

Die voorafgaande verwysing na die voorkomste van goud in die distrik verdien miskien nadere toeligting omdat daar tog ook in die distrik in 'n stadium 'n tipe goudkoors geheers het. Dit het voorgekom na die ontdekking van goud deur die Venture Maatskappy van die Leask-broers op die plaas van mnr. Rensinberg aan die noordekant van die Makwassieberg. Dit het dadelik die hoop dat dit die verkoop van erwe in Makwassiespruit sou stimuleer, laat opvlam.[161] In dié gees het W. Leask & Bros. toe ook sommer in die koerant geadverteer dat hulle elke moontlike fasiliteit aan voornemende beleggers wat goudeiendomme in die distrik wou ondersoek, aangebied het.[162] Die goudkoors het hom egter weldra uitgewoed toe bevind is dat die goudneerslae in die distrik van 'n te lae graad was om ekonomies te ontgin. So byvoorbeeld het die prospekteerders wat in 1890 op die plaas Cyferfontein van H.B. Pieterse bedrywig was, na hulle onsuksesvolle soektogte, nie eens die moeite gedoen om hulle prospekteertoerusting en delwersgereedskap weer van die plaas te verwyder nie.[163] In die negentigerjare is diamante langs die

[159] Potchefstroom Budget, 18.4.1889.

[160] Notule van die Tweede Volksraad, 1898, art. 547, p.223.

[161] Potchefstroom Budget, 27.4.1888.

[162] Potchefstroom Budget, 25.5.1888.

[163] De Potchefstroomer, 15.3.1890.

Vaalrivier binne die Makwassiewyk ontdek. Dit was egter ook van so 'n geringe omvang dat dit in daardie stadium weinig invloed op die ekonomiese ontwikkeling van die distrik gehad het.[164]

Dorpstigting het nie noodwendig die onderlinge sosiale verkeer tussen die inwoners van die distrik gestimuleer nie. Groot afstande en swak verkeersweë sou nog lank in dié opsig 'n hindernis bly. Dié probleme sou egter nie sommer die boer van destyds verhinder om sy belangrikste sosiale aktiwiteit, naamlik die nagmaal by te woon nie. Dwarsdeur die geskiedenis van die Boerevolk het die kerk in die middelpunt van sy sosiale lewe gestaan. Die Wolmaransstadse burgers was in die opsig dan ook geen uitsondering op die reël nie. Vir baie verafgeleë boere was onderlinge sosiale verkeer beperk tot dit wat die nagmaalnaweke se saamtrekke hulle gebied het. Vir hulle was dit dan 'n absolute driemaandelikse hoogtepunt.

Afgesien van die kerklike aktiwiteite van die nagmaalnaweke, was dit 'n tyd van gesellige sosiale samesyn waartydens ou vriedskapsbande hernu en nuwes gesmee is. Gedurende die negentigerjare was daar te Witpoort en Wolmaransstad reeds drie kerkgeboue. Die bediening van die nagmaal was tot hierdie plekke wat dan ook tydens die nagmaalnaweke 'n groot toeloop van kerkgangers ondervind het, beperk. 'n Ander kerklike aktiwiteit wat ook gewoonlik goed ondersteun is en wat 'n belangrike wyse van sosiale kontak was, was die kerkbasaar. Van die eerste kerkbasaars waarvan daar melding gemaak word, is in 1883 te Witpoort gehou.[165] 'n Verdere geleentheid vir sosiale verkeer is deur die wapenskoue of "Gouvernements skietwedstryde" gebied.[166] Hierdie byeenkomste wat tot drie keer per jaar gehou is, was vir alle manskappe bo die ouderdom van sestien jaar verpligtend. Dit het onder die beheer van die veldkornet

[164] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, p.339.

[165] De Potchefstroomer, 19.12.1883.

[166] De Potchefstroomer, 7.1.1888.

van die wyk gestaan. Dit was in wese 'n skyfskietkompetisie, maar moes ook dien om die burgers oefening in die skiet- en krygskunde te gee. Die oefening is gewoonlik met 'n toepaslike praatjie afgesluit.[167] As die vrouens en kinders ook die dag teenwoordig was, het daar behoorlik 'n piekniekgees geheers en het die wapenskou die karakter van 'n sosiale byeenkoms aangeneem.[168]

'n Wapenskou wat 21 Mei 1885 te Makwasi (sic) gehou is, het rampspoedig geëindig toe P.J. du Preez, terwyl hy met die skywe besig was, noodlottig deur Gert Rencke getref is.[169] In 1896 is 'n groot wapenskou te Wolmaransstad gehou waartydens die hantering van verskillende soorte gewere gedemonstreer is. By die geleentheid is ook die eerste keer bekendgemaak dat al die burgers deur die regering met Mausers bewapen sou word. 'n Paar kanonne is selfs hier ten toon gestel.[170] Perderesies was 'n vorm van vermaak wat groot aanhang geniet het. Volgens 'n korrespondent van Witpoort was daar by 'n byeenkoms wat aldaar op 24 Desember 1888 gehou is, selfs meer mense as wat by die laaste kerkdiens was. Ewe verwytend het hy toe ook bygevoeg dat resiesbane eintlik net op kerkraadslede se plase te vinde was.[171]

Die burgers van die distrik het skynbaar nie veel erg aan die viering van tradisionele feesdae gehad nie. So byvoorbeeld het 'n korrespondent aan De Potchefstroomer berig dat in die Makwassiewyk die viering van Dingaansdag en ander feesdae totaal geïgnoreer word. Hy het die kerkraad, die vrederegter en die veldkornet daarvan beskuldig dat hulle

[167] B. Spoelstra, Ons Volkslewe, pp.162-167.

[168] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.14.

[169] De Potchefstroomer, 3.6.1885.

[170] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.14-15.

[171] De Potchefstroomer, 7.1.1888,

op dié terrein eenvoudig geen leiding geneem het nie.[172] In die negentigerjare, toe skole op groot skaal in die distrik opgerig is, sou die Skool, deur die toedoen van veral die skoolfunksies wat dit aangebied het, in toenemende mate naas die Kerk as instrument om sosiale verkeer tussen die inwoners van die distrik te bewerkstellig, dien.

'n Ander vorm van vermaak en sosiale verkeer wat in die lewe van die Afrikanerboer van weleer 'n tradisie geword het en ook nie in die Wolmaransstadse distrik agterweë gebly het nie, was danspartye en dan by uitstek die Nuwejaarsdanspartye. 'n Pragtige relaas van sodanige Nuwejaarsdansparty en Nuwejaarsviering en die aanloop daartoe word vir ons deur J.F. van Wyk in sy boek *Die Mauser knal* gebied. Hierdie betrokke "piekniek", soos Van Wyk die funksie genoem het,[173] is op Vaalbank aan die Vaalrivier gehou en het van voor Kersfees 1895 tot op Nuwejaarsdag 1896 geduur. 'n Groot aantal families het hier in 'n tente- en walaer saamgetrek. Op Kersfeesoggend is daar 'n diens gehou. Die res van die dag is stemmig deurgebring. Tussen Kersfees en Oujaarsdagaand het die piekniekgangers hulle op allerlei wyses vermaak. Die kinders het die tyd verwyl met sang, stories vertel en met tradisionele speletjies soos blindemol, swart vark of Ellie Rose. Groot en klein het ook meegedoen aan tipiese Boeresportitems soos jukskei, stoktrek, vingertrek, toutrek, naellope, sakresies en dies meer. Skyfskiet- en visvangkompetisies is ook aangebied. Op Oujaarsaand het die dansery begin en wel op 'n dansbaan van bokseile gemaak. Die jolyt het deurnag aangehou. Om die dansers in die regte stemming te bring en te hou, was wyn sommer vaatjiesgewys beskikbaar. Normaalweg sou die Nuwejaarsdagviering dieselfde patroon as op Oujaarsdag gevolg het, maar in dié spesifieke geval het die nuus van die Jameson-inval in die ZAR die feesgangers op Nuwejaarsdag huiswaarts laat keer.[174] Verdere

[172] *De Potchefstroomer*, 2.2.1889.

[173] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.11.

[174] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp.11-13.

geleenthede tot sosiale samesyn het hom met bruilofsfeeste en begrafnisse voorgedoen.

Op Wolmaransstad self het die sosiale lewe in die negentigerjare skynbaar om die skool en die kerk gesentreer. Hier was die kerkbasaar toe ook al 'n gereelde instelling wat ondanks die gebrek aan die nodige fasiliteite in ere gehou is. So byvoorbeeld berig Thos Leask dat hulle in 1896 die basaar in sy nuwe en nog onbesette winkel gehou het.[175] Daar is geen verwysings na die bestaan van enige organisasie of vereniging in die destydse dorp te vind nie. Die inwonertal was in elk geval ook so klein dat geen sodanige vereniging lewensvatbaar sou kon wees nie. Landdros De Waal maak dan ook slegs melding van die gebruiklike samekomste aan die huis van Thos Leask op Sondagaande waartydens op hartlike wyse gesange saamgesing is. Volgens hom was die negentigerjare in die dorp 'n tydperk waarin die inwoners 'n "konvensionele en sosiale lewe gevoer het en hulle oor niks bekommer het nie," 'n era waarna hy in latere jare as "die goeie ou dae" verwys het.[176]

In die geskiedenisannale van die dorp behoort die besoeke wat 'n paar historiese figure gedurende die vroeë jare aan die dorp gebring het, opgeteken te wees. Een sodanige persoon was Sir Charles Warren wat op 23 Mei 1877 by die Leasks te Makwassiespruit oornag het. Die Leasks het nog nie die nodige fasiliteite gehad nie en daarom moes Sir Charles en sy gevolg op beddens slaap wat op die winkeltoonbank ingerig was. Op versoek van Sir Charles is daar die volgende dag, ter ere van Koningin Victoria se verjaarsdag, 'n salvo van agt skote met gewere wat die Leasks voorsien het, afgevuur.[177] In Mei 1878 het beide Sir Charles en Sir Bartle Frere Makwassiespruit aangedoen. Sir Charles wat drie dae op Makwassiespruit vertoef het terwyl hy op Sir Bartle gewag het, was

[175] Wolmaransstad-versameling, verw. 8, p.171.

[176] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.42.

[177] Sir C.Warren, On the veldt in the seventies, pp.150-151.

na Klerksdorp onderweg. Sir Bartle, wat op pad na die Suide was, is tussen Loukop en Driefontein deur Thos Leask en Adriaan de la Rey ontmoet en na Makwassiespruit begelei. Sir Bartle en sy gevolg het die nag by die Leasks oornag.[178]

'n Ander belangrike besoeker aan die dorp was niemand minder as pres. Paul Kruger self nie. Dit het egter veel later geskied en wel in die jare 1890, 1892 en 1894. Die President was op pad terug van Blignautspont waar hy samesprekings met Sir Henry Loch gevoer het, toe hy op 14 Maart 1890 by Makwassiespruit aangedoen het. Hier is hy deur die burgers van die distrik op 'n ete in die hotel onthaal. By die geleentheid is 'n verwelkomingsadres, opgestel deur J.J. Hofman en D.J. Pieterse, namens nog 50 burgers hom aangebied.[179] Sy tweede besoek wat deel van sy verkiesingsveldtog uitgemaak het, het van 10 tot 12 Desember 1892 geduur. Tydens hierdie besoek het hy by Thos en Leask en sy vrou, Catherine Garriock, tuisgegaan.[180] Vir die inwoners van die distrik moes die besoek van die President voorwaar 'n hoogtepunt gewees het, want hulle het in hulle honderttalle opgedaag om hom te verwelkom. Die President en sy gevolg is deur 200 burgers en 35 rytuie by Jakkalsfontein ingewag.[181]

By sy aankoms in die dorp op die middag van 10 Desember is hy met etlike geweersalvo's verwelkom. 'n Spesiale platform is vir hom opgerig, vanwaar hy 'n adres hom aangebied, aangehoor het. Vir die President was dit 'n vermoeiende dag, want buiten vir die toespraak wat hy moes hou, die antwoord wat hy moes gee op die adres wat hom aangebied is, en die talle vrae van die burgers wat hy moes beantwoord, moes hy

[178] J. Orford-versameling, verw. 41, pp.22-23.

[179] De Potchefstroomer, 15.3.1890 en 22.3.1890.

[180] J. Orford-versameling, verw. 41, p.53.

[181] De Potchefstroomer, 22.12.1892.

letterlik honderde burgers die blad skud. Die aandete was 'n uitgerekte proses wat met 'n aantal kort toesprake gepaardgegaan het. Teen halftien het die President gevra om verskoon te word. Wagte was deurnag aan diens op die stoep voor die President se slaapkamer. Die Sondag het die President die diens in die NG-Kerk waargeneem.[182] Vir hom was die rol nie vreemd nie, omdat hy as 'n groot Godsman 'n voorliefde vir preek gehad het en meermale eredienste waargeneem het.[183] Die Maandagoggend het die President en sy gevolg na Schweizer Reneke afgereis.[184] Oor sy derde besoek in Februarie 1894 is slegs bekend dat hy by die Leasks tuisgegaan het.[185] Ander historiese figure wat aan huis van die Leasks oornag het, was onder andere generaals P. Cronje, J.C. Smuts en J. H. de la Rey asook Lord Milner en Lord Methuen.[186]

In die geskiedenis van Wolmaransstad kan 'n paar persone uitgesonder word vir die prominente rol wat hulle gespeel het. In die verband was dit veral die Leask-broers, te wete Thos en William en gesinne wie se rol as grondleggers spesiale vermelding en evaluering verdien. Van die oprigting van die winkel af in 1876 was hulle die spil gewees waarom die lewe in en om die gemeenskap te Makwassiespruit gedraai het. Die rede hiervoor was tweërlei van aard. Enersyds het hulle winkel deur die groot verskeidenheid lewensmiddele en verbruikersgoedere wat dit aan die boer, reisiger en transportryer verskaf het 'n diens van onskatbare waarde aan die gemeenskap gelewer en het sodoende die fokuspunt van die distrik geword en gebly. Andersyds was dit toe te skryf aan die feit dat hulle die belange van die gemeenskap op die hart gedra het en toe op talle

[182] Wolmaransstad-versameling, verw.7, p.36-38.

[183] D.W. Kruger, *Paul Kruger deel 2; 1883-1904*, p.

[184] Wolmaransstad-versameling, verw.7, p.38.

[185] Wolmaransstad-versameling, verw.6, p.114.

[186] Wolmaransstad-versameling, verw. 8, p.97.

terreine van die samelewing die leiding geneem het ten einde hierdie belange te probeer bevorder. Soos reeds vermeld, het hulle hul onvermoeid vir dorpstigting beywer. Na William se dood in 1893 het Thos sy leidende rol in die agitasie om dorpstigting voortgesit.

Op vele ander terreine het Thos sy gewig ingegooi en hom daarin onderskei. Sy veelsydigheid spreek uit die ampte van posagent, vrederegter, apteker en geneesheer wat hy beklee het. Hy het afwisselend in die skoolkomitee, die landkommissie, die gesondheidskomitee en die boukommissie van die NG-Kerk gedien. As sekretaris van laasgenoemde kommissie het hy die leidende aandeel gehad in die bou van die eerste kerk in Wolmaransstad in 1890.[187] Sy huis het oopgestaan vir diegene wat nog nie oor huisvesting beskik het nie. So byvoorbeeld het hy by geleentheid aan die telegrafis, die landdros en die leraar losies verskaf. Hoewel die familie Skotte was, is hulle sonder voorbehoud deur die Boere aanvaar. Die Leasks het byvoorbeeld van 1878 af vir jare lank 'n Union Jack voor die winkel en later voor die wolstoor gehys sonder dat die Boere in die minste daaraan aanstoot geneem het.[188]

Tydens die Eerste Vryheidsoorlog het die Leasks ook geen vyandigheid teenoor hulle van die kant van die Boerekommando's ondervind nie.[189] Hulle diensvaardigheid in die gemeenskap het hulle nie net bemind onder die Wolmaransstadters gemaak nie, maar ook hoë waardering en verering van hulle ontlok. Heel gepas en tereg is Thos Leask en sy vrou deur hulle tydgenote as die "Ouers van Wolmaransstad" betitel. (Kyk foto op volgende bladsy.) Thos Leask is as die "Vader van Wolmaransstad"

[187] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.69.

[188] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.40.

[189] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.53.



Thomas Spence Leask en gesin

(dr. I.L. Firth, Wolmaransstad)

vereer en word vandag nog as sodanig gehuldig.[190] Sy rol as gemeenskapsleier in Wolmaransstad sou hy na die Anglo-Boereoorlog weer met vrug voortsit. Ander leidende figure in die distrik se geskiedenis was J.C. Bornman en landdros De Waal. Laasgenoemde het veral 'n gewaardeerde rol gespeel om vir die distrik 'n distriksgeneesheer, 'n gevangenis en polisie te bekom. Die dambouprojek is ook grootliks deur hom geïnisieer. Persone uit die distrik wat hulle tydens die Anglo-Boereoorlog onderskei het, word in 'n latere hoofstuk vermeld.

Die ontstaans- en stigtingsgeskiedenis van die dorp en distrik Wolmaransstad soos dit hom gedurende die negentiende eeu voltrek het, omvat die tydperk van 1876 tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. In dié tydperk het daar van die enkele geboutjie te Makwassiespruit in die Makwassiewyk, distrik Potchefstroom, 'n onafhanklike dorp met sy eie landdrosdistrik verrys. Tydens die hele periode was daar, buiten vir die boerdery en die handel soos deur die winkeliers in die dorp en die distrik bedryf en die sout wat in die distrik ontgin is,[191] geen ander ekonomiese aktiwiteite in die distrik wat die groei en ontwikkeling van die dorp kon stimuleer nie. Hiervoor sou die dorp dus ten volle aangewys wees op die normale ontwikkelingsgang waarvan die tempo weer deur die mate waarin daar 'n bevolkingstoename in die distrik voorgekom het, bepaal is.

Wolmaransstad se gunstige ligging aan die transport- en poskoetsroete het egter stimulerend op sy groei en ontwikkeling ingewerk en wel sodanig dat dié dorp, en nie Witpoort nie, in 1891 as dorp en in 1896 as distriksdorp met 'n eie landdros geproklameer is. Nogtans sou die groei teen 'n pynlike stadige tempo geskied sodat daar teen 1899, na nagenoeg 25 jaar van sy grondlegging af, nog nie juis van Wolmaransstad in die ware sin van die woord as 'n dorp gepraat kon word nie. Volgens

[190] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.4.

[191] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.140.

die aantal huise was dit aan geografiese standaarde gemeet niks meer as net 'n blote gehuggie nie. Tog het dit toe al 'n hotel, 'n skool, kerke, 'n eie landdros-, polisie- en poskantoor en gevangenis gehad en oor die dienste van 'n gekwalifiseerde dokter beskik.

Teen 1899 was daar nog maar min permanente geboue in die dorp. Die enigste was die twee kerke, die twee winkels van Leask (kyk foto op volgende bladsy) en Wronsky, 'n hotel en 'n aantal privaatwonings.[192] Daar kon hoogstens vyftien tot twintig huise gewees het as in ag geneem word dat daar teen 1896 maar twaalf privaathuise in Wolmaransstad was.[193] Al die regeringsgeboue, asook die Ebenhaezerskool, was tydelike geboue van sink en hout.[194] Die dorp het toe maar 'n klein inwonertal gehad, waarskynlik selfs minder as die van Witpoort waar daar toe sowat twintig huisgesinne gewoon het.[195] Daarenteen kon die distrik teen 1898 met 'n bevolking van 3100 spog; hiervan was 631 dienspligtige burgers tussen die ouderdomme agtien tot vyftig jaar.[196] Die swart bevolking van die distrik het toe op 3202 te staan gekom.[197]

Hoewel die dorp dus teen 1899 wat sy grootte betref, nog maar 'n bra onbeduidende plekkie was, het dit nogtans aan die inwoners van die distrik die noodsaaklikste openbare dienste en kommoditeite wat destyds beskikbaar was, verskaf. Die inwoners was tevrede met hulle lewensomstandighede en selfs optimisties oor die toekoms van hul dorp.

[192] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p.339.

[193] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.42.

[194] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p.339.

[195] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p.339.

[196] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, pp.36 en 54.

[197] Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p.54.



Thos Leask se winkel, Wolmaransstad
(dr. I.L. Firth, Wolmaransstad)

Hierdie verwagting en hoop was gekoppel aan en gevestig op die dorpsdam wat na voltooiing die groei en ontwikkeling van die dorp sou stimuleer en sy lewensvatbaarheid sou verhoog. Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het egter die vervulling van hierdie verwagting etlike jare lank verydel.

Werk aan die dam moes dadelik gestaak word en sou eers weer na die vredesluiting hervat word. Die dorpie self wat oor 25 jaar met liefde en opofferings opgebou is, is tydens die oorlog in so 'n mate deur brand, vernielsug en plundering beskadig en verniel dat dit grootliks van aangesig verander het. Die oorlog het dus nie net die ontwikkelingsgang van die dorp en distrik tot stilstand gedwing nie, maar die vernietiging wat dit meegebring het, het dié proses ook jare teruggeskuif. Danksy die wilskrag en deursettingsvermoë van die Boer kon die dorp na die oorlog weer uit as en puin opstaan en sy fisiese voorkoms van 1899 herwin. Vir die dorp en distrik om na die oorlog onder die Britse regime en invloedsfeer weer sy siel en karakter van die voor-oorlogse era terug te vind, sou dit egter 'n veel meer traumatiese en langsame proses wees en 'n veel grootser poging verg.

# HOOFSTUK 5

# KERKGESKIEDENIS IN DIE WOLMARANSSTADSE DISTRIK

Die vroeë kerkgeskiedenis van die Wolmaransstadse distrik het in die gees en teken van dié van die ZAR in die negentiende eeu gestaan en moet dus teen dié agtergrond behandel word. Die geskiedenis van kerkstigting in die ZAR kan teruggevoer word na 26 Maart 1842 toe ds. D. Lindley, die Amerikaanse sendeling wat deur die Natalse Volksraad as die leraar van die NG-Kerk aangestel is, vanuit Natal 'n besoek aan Potchefstroom gebring het. Tydens sy besoek het hy die doop en aanneming bedien en 'n lidmaat- en dooppregister aangelê. Dié datum word dan allerweë as die stigtingsdatum van die NG-Kerk in Transvaal aanvaar.[1] Vanaf hierdie kerkstigting tot met die ordening van die eerste voltydse predikant in Transvaal sou egter meer as tien jaar verloop. Verskeie faktore het tot hierdie herderlose tydperk bygedra. Die vernaamste was die akute tekort aan proponente in die NG-Kerk.[2] Daarby het die afkerige houding by die NG-Kerk en by baie predikante teenoor die Trekkers en hulle verhuising uit die Kaapkolonie 'n weerstand by predikante gewek om tot die bediening in die Transvaal toe te tree.[3] Verder het die Transvalers

[1] G.D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885*, p.27.

[2] G.D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885*, p.75.

[3] G.D. Scholtz, *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885*, p.25.

skepties gestaan teenoor die liberale gees wat in die Kaapse NG-Kerk vaardig was.[4]

Tot en met die jaar 1853 was die Transvalers op die dienste van besoekende predikante wat deur die Kaapse Sinode gestuur is, aangewys. Lindley het wel nog in 1844 'n besoek aan die Transvaal gebring, maar sy besoeke toe gestaak omdat hy in onguns by die Boere geraak het toe hy in dié jaar 'n betaalde amptenaar van die Britse regering geword het wat 'n bepaalde politieke rol in hulle belang moes speel.[5] Ander predikante wat die Transvaal tydens dié periode besoek het, was onder andere di. A. Murray (sr.), P.K. Albertyn, P.E. Faure en dr. W. Robertson, almal van die NG-Kerk in Kaapland.[6] Ds. A. Murray (jr.) leraar van die NG-Gemeente Bloemfontein, het in hierdie tydperk vier besoeke aan Transvaal gebring.[7] Die eerste vasaangestelde predikant van die NG-Kerk in Transvaal was ds. D. van der Hoff wat in Mei 1853 te Potchefstroom georden is.[8] Deur sy toedoen het dié kerk egter spoedig 'n Hervormde Kerk geword. In hierdie tyd het 'n ander kerk ook in die Transvaal tot stand gekom, naamlik die Gereformeerde Kerk en wel in die jaar 1859. Die Hervormde Kerk het tot stand gekom as gevolg van die vrees wat ds. Van der Hoff vir die liberale invloed van die Kaapse

[4] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, p.41.

[5] H. Rex, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.138.

[6] H. Rex, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.142.

[7] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, pp.55-64.

[8] H. Rex, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.153.

Kerk gekoester het en omdat hy geen begeerte gehad het dat sy Kerk aansluiting by die Kaapse Kerk moes verkry nie.[9] Verdeeldheid oor die sing van gesange het weer tot die stigting van die Gereformeerde Kerk gelei.[10]

Na die stigting van die Hervormde Kerk te Potchefstroom het die NG-Gemeente alhier weens 'n gebrek aan 'n leraar gekwyn. Dié toestand sou vir vyftien jaar voortduur en is eers met die koms van ds. J.P. Jooste na Potchefstroom in 1868 beëindig.[11] Na die stigting van die Gereformeerde Kerk het 'n kerkstryd tussen die drie Kerke ontbrand wat om die kwessie van die kerkleer gesentreer was[12] en om die bevoorregte posisie van die Hervormde Kerk as synde die Staatskerk van die ZAR.[13] Verder was dit 'n blote uiting van die onverbloemde godsdienstige onverdraagsaamheid van die tyd wat weer met die politieke twis en tweedrag in die ZAR hand aan hand gegaan het.

[9] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, p.79.

[10] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, pp.151-152.

[11] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, p.223.

[12] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, p.209.

[13] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, pp.178-179.

Hierdie kerkstryd sou tot in 1885 toe die NG- en die Hervormde Kerke verenig het, voortwoed.[14] Hierdie vereniging was egter maar bra wankelrig, want nie al die Hervormde gemeentes het aan die vereniging meegedoen nie. Die gemeentes wat nie verenig het nie, het selfs vir hulle twee predikante uit Holland beroep. Toe die Verenigde Kerk in 1889 die naam NH of G-Kerk aangeneem het, het dié groep 'n stryd van stapel gestuur om kerkeiendomme van die Hervormde Kerk wat in 1885 na die Verenigde Kerk oorgedra is, terug te kry. Die uiteinde van die aksie was dat die Hervormde Kerk in 1894 weer as volwaardige Kerk naas die bestaande NH of G-Kerk in ere herstel is.[15] Teen die agtergrond van hierdie kerkgeskiedenis in die ZAR en veral die onverkwiklike kerklike stryd in die negentiende eeu, moet ook die kerklike ontwikkeling in die Wolmaransstadse distrik gesien en geëvalueer word, want ook in dié geskiedenis sou hierdie woelinge na die oppervlakte kom.

In die Wolmaransstadse distrik het die geskiedenis van kerkstigting en die aanloop daartoe hom reeds gedurende die negentiende eeu voltrek. In hierdie ontwikkelingsgang is daar sekere fases te onderskei. Daar was naamlik die tydperk voor 1850 toe lidmate van die Makwassiewyk vir alle praktiese doeleindes herderloos was, die tydperk tussen 1850 en 1852 toe hulle deur rondreisende predikante besoek is, die tydperk tussen 1853 en 1878 toe die lidmate vanuit Potchefstroom deur hulle betrokke predikante by spesifieke kerkplekke bearbei is en die periode tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog toe gemeentes gestig, kerke gebou en eie leraars aangestel is.

Tot in 1850 toe geen predikant nog die grense van die distrik betree het nie, moes elke familiehoof maar die rol van predikant vervul en na die sielesorg van sy gesin omsien. Dié rol het hulle gewoonlik wel goed

[14] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, p.296.

[15] D.J. Potgieter (edit.), Standard Encyclopaedia of Southern Africa, vol. 8, pp.126-127.

vertolk, omdat hulle lewens in die Bybel veranker was. Gedurende die tweede fase het rondreisende predikante soos di. A. Murray en H.L. Neethling van Bloemfontein en Prince Albert onderskeidelik[16] besoeke aan die Makwassiewyk gebring. Ds. Murray se eerste besoek het in November 1850 geskied[17] en die tweede, toe hy van ds. Neethling vergesel was, in 1852.[18] In die periode 1853 tot 1878 het al drie die Afrikaanse Kerke wat toe in die ZAR bestaan het, naamlik die NG-Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk, vaste leraars in Potchefstroom georden. Dié leraars het gewoonlik een maal per jaar die Makwassiewyk deurreis en by vasgestelde kerkplekke vir hulle betrokke lidmate eredienste gehou, die doop en die nagmaal bedien en aannemings gedoen. Tussen die jare 1878 en 1899 was daar in die Makwassiewyk groot vordering op kerklike gebied deurdat daar van elk van die drie Afrikaanse Kerke 'n onafhanklike gemeente in dié wyk tot stand gekom het. Eers in dié periode sou die kerklike lewe en die bediening tot sy volle reg begin kom.

Vervolgens word die ontwikkelingsang van die onderskeie Kerke in die Wolmaransstadse distrik nader belig. Hierin word die Hervormde Kerk eerste vermeld, aangesien die Kerk die eerste was om 'n gemeente in die destydse Makwassiewyk te stig en wel te Witpoort in 1878.[19] Die eerste vasaangestelde predikant van die Hervormde Kerk was ds. D. van der Hoff wat in Mei 1853 in Potchefstroom georden is. Hy sou baie lank die

[16] G.D. Scholtz, Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, p.55 en p.69.

[17] J. du Plessis, Het leven van Andrew Murray, p.131.

[18] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886, p.58.

[19] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.68.

hele Transvaal en dus ook die Makwassiewyk as gemeente hê.[20] Een keer per jaar het hy die kerkplekke by onder andere ook die huidige Makwassie en Wolmaransstad besoek vir die hou van eredienste en die bediening van die sakramente. Dit was veral lidmate wat verder as ongeveer 40 myl (64 km.) van Potchefstroom af gewoon het wat die dienste by die kerkplekke bygewoon het.[21] Dokumentêre bewyse vir hierdie besoeke is bra skraal. Buiten vir die hoeksteenlegging en die inwyding van die kerk te Witpoort wat hy waargeneem het,[22] is daar stawing vir slegs drie verdere besoeke aan die Makwassiewyk, naamlik in 1854,[23] in 1866[24] en in Desember 1873.[25] Die dienste op 11 en 12 Desember 1866 is op die plaas van Jac Barnart gehou. By dié geleentheid is jongmense aangeneem en 28 kinders gedoop.[26] In die jare voordat daar kerkgeboue was, is daar onder bokseile kerk gehou. Piet Coetzee van Driefontein het later 'n

[20] H. Rex, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.153.

[21] H. Rex, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.164.

[22] S.P. Engelbrecht, Eeufees-Album Nederduitsch Hervormde Kerk 1842-1942, p.36.

[23] S.P. Engelbrecht, De Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom 1842-1942, p.52.

[24] Transvaal Argus, 10.1.1867.

[25] H. Rex, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.166.

[26] Transvaal Argus, 10.1.1867.

groot vertrek gebou waar daar tot met die oprigting van die Witpoortse Kerk in 1878/1879 kerk gehou is.[27]

Die hoeksteenlegging van die kerkgebou te Witpoort het op 5 Augustus 1878 geskied en is deur ds. Van der Hoff waargeneem. Hy het ook die inwyding van die kerk op 9 Februarie 1879 waargeneem. Die koste verbonde aan die oprigting van die kerkgebou het 832 pond 8 sjielings en 6 pennies bedra (R1664,85). Op die Saterdag voor die inwyding nan die kerk het die kerkraadslede egter met 'n bedrag van 348 pond (R696,00) wat hulle ingesamel het, alle uitstaande skulde gedelg. Die gemeente het volgens Thos Leask, wat ook teenwoordig was, gejubel omdat dit voortaan nie meer nodig sou wees om onder bokseile te vergader nie en omdat hulle die nuwe kerk sonder skuld kon inwy. Die kerk het 'n sinkdak gehad met 'n sterk dakwerk bestaande uit soliede drie duim (7 1/2 cm.) by nege duim (22 1/2 cm.) balke. Harry Bush was die messelaar, Isaac Jones die skrynwerker terwyl Taylor & Leask die timmerhout verskaf het.[28]

Na die dood van ds. Van der Hoff in 1881[29] het ds. C.W. du Toit van Potchefstroom as konsulent waargeneem. Volgens De Potchefstroomer het hy in Maart 1884 te Witpoort[30] en in April 1885[31] en Augustus 1886 te Makwassie kerkdienste gehou.[32] Tydens die besoek aan Makwassie in 1885

[27] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.68-69.

[28] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.68-69.

[29] H. Rex, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), p.157.

[30] De Potchefstroomer, 27.2.1884.

[31] De Potchefstroomer, 29.4.1885.

[32] De Potchefstroomer, 24.8.1886.

het hy 58 kinders gedoop en is 48 jongmense aangeneem.[33] Ds. Du Toit is deur ds. Malherbe van Bloemhof as konsulent opgevolg. Die amp het hy tot 30 September 1890 beklee.[34]

Van hierdie jaar af tot na die Anglo-Boereoorlog droog die inligting oor die verdere verloop van die geskiedenis van die Witpoortse gemeente grootliks op. Nòg Thos Leask nòg P.H.S. van Zyl het in hulle geskrifte hoegenaamd enige verwysing na die bestaan of die werksaamhede van dié gemeente gedurende die betrokke periode gemaak. Buiten vir die doopregister wat die periode 1892 tot 1911 dek, beskik die Hervormde Kerk se Argief te Pretoria ook oor geen kerkrekords van die Wolmaransstadse distrik ten opsigte van die periode voor die Anglo-Boereoorlog nie. Aan die hand van dié betrokke register blyk dit dat die doop tussen 1895 en 1899 ten minste een maal per jaar by Witpoort bedien is. By implikasie kan aanvaar word dat eredienste by al hierdie doopplegtighede gehou is. Die naam van die leraar wat die doop bedien en dus die daarmeegaande eredienste gehou het, is in die meeste gevalle nie vermeld nie. Name van sodanige leraars wat wel verstrek is, is dié van di. A. Lagerwey en A. Murray - laasgenoemde van die NG-Kerk - wat onderskeidelik op 8 Desember 1895 en 30 Julie 1899 alhier die doop bedien het.[35]

In die Wolmaransstadse distrik was daar 'n groep lidmate van die Hervormde Kerk wat teen 1892 daartoe oorgegaan het om 'n selfstandige gemeente tot stand te bring. Hierdie gemeente, bekend as die Hervormde Gemeente van Wolmaransstad, het sy oorsprong in die gevestigde kerkplek by die destydse Makwassiespruit gehad. Hoewel daar met die stigting

[33] De Potchefstroomer, 29.4.1885.

[34] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.71.

[35] Doop-boek der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Wolmaransstad/Makwassie 1892 - 11 Januarie 1911, bladsye ongepagineer.

van die gemeente nog geen kerklike gebou van enige aard te Wolmaransstad was nie, is die dorp as setel van die gemeente beskou. Die gemeente het maar uit sowat 30 lidmate wat wydverspreid uitmekaar gewoon het, bestaan. Buiten vir Wolmaransstad en Makwassie het plase soos Makouskop, Welverdiend, Knapdaar en Rietfontein in hierdie gemeente geval.[36] Die eerste erediens van die gemeente is op 26 April 1892 op die plaas Welverdiend van W.C. de Beer gehou. By die diens het drie jongmense belydenis van geloof afgelê. Ds. J. van Belkum, predikant van Rustenburg, het die diens waargeneem. Op 6 November 1892 het hy 'n tweede diens gehou en wel in die wolpakhuis van Thos Leask op Wolmaransstad. By die geleentheid het ds. Van Belkum sewe kinders gedoop en is hy tot konsulent van die gemeente verkies. Die eerste kerkraad wat ook toe verkies is, het bestaan uit ouderlinge G.J. Waldeck, G.C. Coertze en diakens F.C. de Beer en P. Geldenhuys. By die geleentheid is ook op die oprigting van 'n kerkgebou te Wolmaransstad besluit. 'n Boukommissie is aangestel waarop onder andere ook Thos Leask, synde 'n lid van die NH of G-Kerk, aangestel is.

Fondsinsameling het skynbaar voorspoedig verloop, want reeds op 21 Oktober 1893 kon die kerkgebou se hoeksteen gelê word. Teen Mei 1896 was die kerkie voltooi. Op die 26ste van die maand is dit toe ingewy. Die oprigting van die kerk het as stimulus vir die uitbreiding en groei van die gemeente gedien. Die kerkraad is byvoorbeeld in 1895 tot tien lede vergroot. Ook was daar 'n skouspelagtige toename in die getal gemeentelede. In 1896 kon die gemeente byvoorbeeld al met 355 belydende lidmate en 514 kinders spog. Reeds in Februarie 1896 kon die gemeente die uitstaande skuld op die kerkgebou aflos nadat 'n basaar, gehou op die 22ste van dié maand, die bedrag van 197 pond 10 sjielings en 9 pennies (R395,07) opgelewer het. Die kerkraad het sy laaste vergadering voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 10 Augustus 1899 gehou.[37] Geen verdere inligting rakende die gemeentelike werksaamhede

[36] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.123.

[37] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, pp.123-124.

of kerkraadsvergaderinge van die gemeente gedurende hierdie negentigerjare is beskikbaar nie, aangesien feitlik al die kerkrekords gedurende die Anglo-Boereoorlog verlore geraak het en Thos Leask se herinneringe geen lig daarop werp nie.

Die tweede kerkgenootskap wat in die Wolmaransstadse distrik tot gemeentestigting oorgegaan het, was die destydse NH of G-Kerk wat in 1878 die stigting van 'n gemeente, bekend as Makwassie Gemeente, goedgekeur het. Die gemeente was gesetel op die plaas Witpoort no. 302 waar ook later die kerkgebou opgerig sou word. Die gemeente is deur ds. C.W. du Toit van Potchefstroom bedien. Die besoeke was egter net tot nagmaalbesoeke beperk.[38] Die gemeente het egter vir "tuisbediening" begin agiteer, dit wil sê vir 'n selfstandige gemeente met 'n eie leraar. Sodanige versoek is toe op 'n vergadering van die Algemene Kerkvergadering der Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de ZA.Republiek, gehou op 1 November 1887, voorgelê. Die versoek is tydens die vergadering deur die kerkraad van Potchefstroom aanbeveel en goedgekeur. 'n Afbakeningskommissie is aangestel en die volmag gegee om 'n kerkraad vir die nuwe gemeente te laat saamstel. Hierdie kommissie het op 4 Februarie 1888 in die kerkgebou te Witpoort vergader by welke geleentheid die gemeente se distriksgrense as volg saamgestel is: Van Krans na Vaalrivier, Leeubosch, Cyferkuil, Klipfontein, Jakkalsfontein, Zendelingsfontein, Doornfontein, Rietkuil, Lakenvlei, Doornspruit, Doornkuil, Kareekuil, Brakspruit, Doornbult; dan na die hoekbaken van Lichtenburg en vandaar na Bamboesspruit, na Spinnekopkraal en die mond van die Makwassiespruit. Op dieselfde dag is die eerste kerkraad ook gekies. Dit het bestaan uit ouderlinge G.C. Grevelink, T.F. Bornman, A.J. van Rooyen en A.A. Pietersen en diakens H.C. Barnard, P.A. Swanepoel, W.J. du Plooy, M.J.J. van Rensburg, P.N.J. van Rensburg, H.W. Knox, J.J. van Wyk en G.M. Rossouw.

38. G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.7.

Die predikant van Bloemhof is as konsulent benoem. Die gemeente sou nog onder sy ou naam bly voortbestaan.[39]

Die pasgestigte gemeente sou egter 'n uiters kort lewensduur hê, want toe Makwassiespruit in 1888 bo Witpoort en Leeuwdoorns as distriksdorp verkies is, het die NH of G-Kerk besluit om die setel van die gemeente vanaf Witpoort na Makwassiespruit te verskuif. Die gemeente te Witpoort het gevolglik in 1889 opgehou om te bestaan. Die kerkgebou te Witpoort is later op 20 April 1891 aan G.J. Bosman, die eienaar van die plaas waarop die kerk was, vir erf no. 327 in Wolmaransstad verruil. Volgens die ooreenkoms sou Bosman en ook sy erfgename die gebou slegs as pakhuis, waenhuis, stal of vir alledaagse huishoudelike doeleindes kon gebruik. Hy mog die gebou egter in geen omstandighede as skool, kerk of vir enige godsdienstige byeenkoms gebruik of vir dié doel verhuur of beskikbaar stel nie. Indien hy hierdie ooreenkoms in enige opsig sou verbreek, sou die kerkraad die reg hê om die gebou onmiddellik te sloop.

Dié beweegrede vir die kerkraad om hierdie buitengewone voorwaardes by die ooreenkoms in te sluit het voortgespruit uit hulle vrees dat die gebou in die hande van die Hervormde Gemeente te Witpoort kon val. Verder het daar ook die gevaar bestaan dat die groep Gereformeerdes te Witpoort, wat nie wou verenig nie, saam met die ontevredenes van die Wolmaransstadse Gemeente seggenskap oor die gebou kon verkry en weer 'n opposisiegemeente sou kon stig.[40] Hierdie skuif van die NH of G-Kerk was 'n openbaring van die afmetings wat die verdeeldheid wat daar in dié stadium op kerklike gebied in die ZAR geheers het, aangeneem het.

Na die ontbinding van die gemeente te Witpoort, het die gemeente dadelik met fondsinsameling vir die bou van 'n kerk te Wolmaransstad begin. Die poging het skynbaar so voorspoedig verloop dat die kontrak vir die

[39] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.120.

[40] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.7-8.

bou van die kerk alreeds op die 15de Mei van die volgende jaar aangegaan kon word. Die kontrak is deur J.C. Bornman, voorsitter van die boukommissie, en J.H. Bergh, die kontrakteur, onderteken. John Gaisford van Potchefstroom was die raadgewende argitek.[41] Die bou van die kerk het nie heeltemal na wense verloop nie, veral nie volgens die oordeel van die boukommissie nie. Hulle het by die kontrakteur beswaar gemaak dat die kerk nie volgens kontraktuele spesifikasies gebou word nie en gedreig dat 'n gekwalifiseerde argitek se hulp en mening in die verband aangevra sou word. Ondanks die onaangenaamheid het die bouwerk sodanig gevlot dat die kerk nog op 31 Desember van dieselfde jaar voltooi is. Die inwyding van die kerk het op 24 Januarie 1891 geskied. Die koste van die kerk het 2735 pond (R5470,00) bedra.[42] Die preekstoel het egter 'n verdere 60 pond (R120,00) gekos. William Summers het die kerkklok, wat toe op 20 Maart 1891 teen 'n koste van twaalf pond tien (R25,00) opgerig is, geskenk.

Die eerste predikant, ds C.J. Snyman, het in Januarie 1891 in die gemeente diens aanvaar. Hy was vir 'n proeftyd van ses maande aangestel en gevolglik moes die kerkraad hom van huisvesting en meubels voorsien.[43] Omdat daar nog nie 'n pastorie was nie, sou hy vir die volle duur van sy verblyf in Wolmaransstad in 'n huurhuis bly.[44] Sy bevestiging is deur ene ds. Frase waargeneem. By die plegtigheid was ds. A.M. de Villiers van Hartbeesfontein, die konsulent van die Wolmaransstadse gemeente, ook teenwoordig. Die eerste kerkraad wat in die nuwe kerk diens sou doen, het bestaan uit die voorsitter, ds. C.J. Snyman, ouderlinge H.J. Dreyer, T.F. Bornman, G.C. Grevelink en A.J. Van Rooyen en diakens C.F. Kriel, A.J.S. Basson, C.J.P. Le Roux,

[41] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.69.

[42] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.73.

[43] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.76.

[44] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.83.

N.J.J. van Rensburg, P.A. Dreyer en H.B. Pieterse.[45] Ouderling Grevelink was ook die Kerk se skriba en kassier. Die amp is hom egter ontneem toe daar bedenkinge oor sy bekwaamheid en sy integriteit onstaan het. 'n Paar maande lank het Dawid Pieterse toe die Kerk se boeke bygehou. Die amp is hierna aan Thos Leask aangebied wat dit aanvaar het. Op 3 November 1892 het hy die Kerk se kasboek en die twee sjielings (twintig sent) kontant wat toe op hande was, oorgeneem. Hy het dadelik met die ouditering van die kasboek begin en growwe onreëlmatighede, waardeur die Kerk tussen 300 en 400 pond (R600,00 en R800,00) skade gely het, daarin opgespoor.[46] Dit was 'n groot finansiële terugslag vir die gemeente as in ag geneem word dat dit aan die jaarlikse salaris van hulle predikant gelykstaande was.[47]

Ds. Snyman het tot Oktober 1893 in die gemeente aangebly. Ds. De Villiers het nou die konsulent van die gemeente geword. Ds. Snyman is deur ds. Paul Nel as leraar van die gemeente opgevolg. Op 5 April 1894 het hy en sy vrou in Wolmaransstad aangekom. Hulle het aanvanklik by die Leasks ingewoon en daarna nog twee huise bewoon voordat 'n pastorie vir hulle gebou sou word. Sy bevestiging as leraar het op 30 Julie 1894 geskied.[48]

By geleentheid van sy bevestiging het die kerkraad ook vergader en besluit om 'n pastorie te bou. 'n Boukommissie, bestaande uit ds. Nel, T.F. Bornman, T.S. Leask, H.C. Barnard en komdt. F.J. Potgieter is toe ook saamgestel. 'n Tender van J.H.A. Edeling vir die bou van die pastorie teen die bedrag van 1250 pond (R2500,00) is aangeneem. Daar sou egter nog baie lank gesloer word voordat die bouery 'n aanvang sou

[45] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.76.

[46] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.77-79.

[47] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.83.

[48] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.83.

neem, want die hoeksteenlegging van die pastorie, waargeneem deur mev. (ds.) Nel, het eers op 16 Desember 1896 plaasgevind. In die hoeksteen is onder andere eksemplare van die volgende publikasies ingelê :

1. De Vereeniging van Desember 1896 (Kerklike blad)

2. De Fakkel van Desember 1896 (Kerklike blad)

3. De Kerkbode (Kerklike blad)

4. De Program van de Algemene Feestviering te Paardekraal 1896.[49]

Toe die pastorie in 1959 verkoop is, is die hoeksteen met dokumente en al eers verwyder.[50] Die N.G.-Kerkdienste is Sondae in die voor- en namiddae gehou. Sondagaande het ds. Nel gewoonlik aan die huis van Thos Leask eredienste in Engels gehou. Oor die mate van sukses wat ds. Nel as sielesorger behaal het, is min bekend. Dat hy egter wel deeglik sy gemeente tot kerklike meelewing kon inspireer, spreek uit die sukses wat hy met sy kerkfunksies tydens sy bediening behaal het. So byvoorbeeld het die 1895-basaar die, vir daardie tyd, pragtige bedrag van 800 pond (R1600,00) ingebring.[51] In 1898 het ds. Nel 'n beroep na Jeppe aangeneem en Wolmaransstad op 14 Februarie van dié jaar verlaat. Ds. P.A. Winter van Hartbeesfontein is as konsulent van die gemeente aangestel.[52]

Ds. Nel is deur ds. M.P.A. Coetsee opgevolg. Hy is op Donderdag, 21 April 1898 te Wolmaransstad ontvang en die daaropvolgende Saterdag in

[49] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.120.

[50] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.122-123.

[51] Wolmaransstad-versameling, verw. 8, p.140.

[52] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.83.

die amp bevestig. Die drie en 'n halfjaar wat hy aan die gemeente verbonde was, was vir hom en sy gesin 'n traumatiese en moeilike tyd. Dit was die jare van die Anglo-Boereoorlog wat sy spoor van verwoesting en ontwrigting ook op kerklike gebied gelaat het.[53] Sy pastorie is byvoorbeeld gedurende die oorlog gedeeltelik afgebrand.[54] Hy was 'n malarialyer en dit was dié siekte en die ontberings wat hy tydens die oorlog deurgemaak het wat sy kragte tydens sy bediening te Wolmaransstad so vinnig afgetakel het. Thos Leask het hom tydens die oorlog te Klerksdorp teëgekom toe hy te voet en in swak gesondheid daar aangekom het.[55] Hy is dan ook alhier op 18 November 1901 oorlede.[56] Die geskiedenis van die NH of G-Gemeente te Wolmaransstad tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is hiermee slegs in breë trekke uitgelig. Die fyner detail daarvan is verlore omdat alle gemeentelike en kerklike dokumente van die gemeente tydens die oorlog in die woorde van ds. H.S. Bosman "meedoogenloos door de Imperiale Strijdmacht is verbrand."[57]

Die Gereformeerde Kerk het eers heelwat later as die ander twee Afrikaanse Kerke tot gemeentestigting in die Wolmaransstadse distrik oorgegaan. Die rede vir dié Kerk se stadige groei was waarskynlik omdat dit die jongste van die drie Afrikaanse Kerke in die ZAR was en dit gevolglik moeiliker was om naas die bestaande Kerke 'n aanhang te verwerf en inslag te vind. Oor die bedrywighede van die Gereformeerdes

53 J.L. Ras, Die lewe en werk van ds. M.P.A. Coetsee (jr.), pp.66-68.

54 Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.83.

55 Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.83.

56 J.L. Ras, Die lewe en werk van ds. M.P.A. Coetsee (jr.), p.68.

57 Ds. H.S. Bosman in sy rapport aan die Sinode, Notule van de Zewende Algemene Vergadering van de Ned. Herv. of Geref. Kerk in Z.A., 1 Mei 1903.

in die Makwassiewyk en die latere Wolmaransstadse distrik voor gemeentestigting in 1898, is daar feitlik niks bekend nie. Ons dra slegs kennis van 'n besoek wat die leraar van Potchefstroom, van wie die naam nie vermeld word nie, ouderling P.A. Venter en diaken F.R.P. de Bruin in Julie 1877 aan lidmate van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom op die plaas Salpeterpan sou gebring het. Tydens die besoek is 'n paar persone met die oog op belydenis van geloof bearbei, terwyl vyf lidmate toe ook voorgestel is. By die vertrek van hierdie sending was daar in die betrokke plaaswyk veertien lidmate en een voorgestelde en een gekose diaken.[58]

Die waarde van hierdie brokkie inligting word egter grootliks geneutraliseer deur die feit dat daar geen spoor gevind kan word van sodanige plaas binne die grense van die destydse of huidige distrik nie. Daar kan dus glad nie met sekerheid beweer word dat hierdie betrokke lidmate wat besoek is wel binne die grense van die destydse Makwassiewyk woonagtig was nie. Die enigste ander verwysing, wat ook maar bra vaag was, na die teenwoordigheid van Gereformeerdes in die distrik, vind ons by G.J.M. Coetzee waar hy melding maak van die "groep Gereformeerdes op Witpoort wat nie wou verenig nie".[59] Die stigting van die Gereformeerde Kerk te Wolmaransstad het in 1898 sy beslag gekry toe 26 manlik lidmate 'n versoek ingedien het om 'n afsonderlike gemeente te mag stig. Die versoek is deur die Potchefstroomse kerkraad goedgekeur en deur die Algemene Vergadering in Januarie 1899 bekragtig.[60] Die eerste vergadering is op 22 April 1899 op die plaas Wolvenkop gehou. Ds. J.L. Murray het as voorsitter opgetree. Die eerste kerkraad wat

58 Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.1.

59 G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.8.

60 Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.2.

gekies is, het bestaan uit ouderlinge W.M. Flemming, J.C. Rossouw, J.H. Fouche en I.J. van den Heever en diakens A.J. Roodt, P. Venter (jr.), L.J. Fouche en A.J. Rencke.[61] Ouderling Van der Heever is as skriba en kassier aangestel. Daar is op die volgende fooie besluit : Een pond (R2,00) vir huweliksbevestiging, 7/6 (75 sent) vir belydenis van geloof en 5/- (50 sent) vir doop.[62] Reeds op hierdie eerste kerkraadsvergadering is 'n brief voorgelê waarin 'n klag gelê is teen suster Elizabeth Cordier gebore Scholtz vir oortreding van die kerklike "inzet".[63] 'n Kommissie bestaande uit drie lede van die kerkraad is gekies om die regering in kennis te stel van die stigting van die gemeente te Wolmaransstad en om verdere korrespondensie te voer oor die verkryging van die plaas Witstinkhoutboom as kerkplek vir die gemeente.[64]

Op 1 Mei 1899 is 'n buitengewone kerkraadsvergadering op die plaas Blinkklip gehou. Op die vergadering is op wyksdeling besluit en dat daar voortaan vir kerklike doeleindes gekollekteer sou word.[65] Die laaste vergadering voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is op 23 Junie op die plaas Blinkklip gehou. Omdat die onderhandelinge oor die plaas Witstinkhoutboom op 'n dooie punt uitgeloop het, is op hierdie

[61] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.3.

[62] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.4.

[63] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.4-5.

[64] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.4.

[65] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.6.

vergadering besluit om Witpoort as moontlike kerkplek te oorweeg.[66] Die uitbreek van die oorlog sou die amptelike kerklike werksaamhede tot en met Januarie 1903 tot stilstand bring. Dit dien vermeld te word dat al drie die Afrikaanse Kerke elk vier erwe in Wolmaransstad besit het, aan hulle geskenk deur pres. Paul Kruger tydens die opmeting van die dorp in 1888.[67]

'n Ander kerkgenootskap wat tydens die negentiende eeu ook predikante na Wolmaransstad uitgestuur het, was die Wesleyaanse Kerk. Lidmate van die Kerk is een maal per maand deur hul leraar, A.S. Sharp, vanaf Bloemhof bedien. Hy is in die tagtigerjare deur ds. J.G. Benson opgevolg.[68] Die Kerk se setel op Bloemhof is egter kort daarna gesluit. Hierna is gemeentelede nog slegs periodiek vanaf Klerksdorp besoek, maar ook dié bediening is in die begin van die negentigerjare heeltemal gestaak. Die Leasks het ook aan die Wesleyaanse Kerk behoort, maar het toe na die opskorting van die bediening te Makwassiespruit, by die NH of G-Kerk aangesluit.[69]

Samevattend kan gestel word dat kerkstigting in die Wolmaransstadse distrik 'n buitengewoon lang aanloop gehad het. Bykans 40 jaar sou verloop vandat die eerste intrekkers hulle in die distrik begin vestig het totdat die eerste kerkie opgerig is. Die rede hiervoor moet hoofsaaklik gesoek word in die uitgestrektheid van die distrik wat meegebring het dat die vestigingsjare alhier tot in die sewentigerjare gestrek het, met

[66] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.9-10.

[67] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.72.

[68] Ds. Benson het onder andere in 1886 en 1888 te Makwassiespruit die doop aan twee van Thos en Catherine Leask se kinders bedien (Wolmaransstad-versameling, verw. 8, pp.178-179).

[69] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.77-79.

ander woorde dat die distrik toe eers ten volle beset geraak het en daar toe 'n groter mate van permanensie in die vestigingspatroon ingetree het. Die ontwikkeling en groei van die gemeenskap te Makwassiespruit en Witpoort vanaf die laat sewentigerjare en die dorpstigting en -ontwikkeling en die oprigting van skole wat daarmee gepaard gegaan het, het bygedra dat kerklike ontwikkeling en groei sodanig gestimuleer is dat daar teen die draai van die negentiende eeu vier selfstandige gemeentes in die Wolmaransstadse distrik was. Hoewel slegs een van die gemeentes 'n eie predikant gehad het, het die konsulente by die ander Kerke vir die gereelde bearbeiding van die lidmate en die bediening van die sakramente gesorg.

In sy geheel gesien was die kerklike en geestelike lewe van die burgers van die distrik oënskynlik kerngesond. Die lidmate van al die onderskeie Kerke het groot entoesiasme, ywer en meelewendheid by gemeentestigting, kerkbou en ander kerksake openbaar. 'n Sterk samehorigheidsgevoel was by die lidmate van elke betrokke gemeente aanwesig. In die verband het Thos Leask byvoorbeeld die Boere as "eerbare mense" en as "een groot familie wat deur bande van broederlike liefde en vriendskap saamgebind was" beskryf.[70] Dit was dan ook grootliks menige Boer, ook in die Wolmaransstadse distrik, se verankerdheid aan sy Bybel en Kerk en sy diepgewortelde geloof wat hom en sy huis deur die ellende en trauma van die Anglo-Boereoorlog gedra het en hom in staat gestel het om daarna weer uit sak en as te kon opstaan.

[70] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.68-69.

# HOOFSTUK 6

## SKOOLSTIGTING EN ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN DIE WOLMARANSSTADSE DISTRIK

In die ontwikkelingsgang van 'n gemeenskap is die onderskeie rolle wat Kerk en Skool daarin vervul normaalweg nou verweef omdat hulle ideologiese grondslae soveel in gemeen het. Die twee instansies stimuleer, voed en vul mekaar wedersyds aan. So byvoorbeeld was een van die primêre beweegredes vir skoolbywoning in die pioniersjare van die ZAR om die kind sodanig geskoold te kry dat hy katkisasie met vrug kon aanpak en aflê. Daarom was dit die ideaal dat 'n gemeenskap oor beide fasiliteite, in watter primitiewe vorm ook al, moes beskik. Soos dit oorwegend die patroon by die ontwikkeling van 'n gemeenskap in die negentiende eeu was, het ook in die Wolmaransstadse distrik die Kerk as die wegbereider vir die Skool gedien, want dit was eers na die stigting van gemeentes en die oprigting van kerkgeboue te Witpoort en later te Wolmaransstad dat onderwys in die distrik tot sy reg begin kom het.

In die Wolmaransstadse distrik is onderwys eers in 1886, met die stigting van die eerste skool in die distrik te Witpoort, op 'n georganiseerde grondslag aangepak.[1] Hierdie skynbare verwaarlosing van die formele onderrig aan die kinders in die distrik wat toe al vir langer as vier dekades bewoon was, moet gesien word teen die breë agtergrond van die onderwyssituasie in die res van die ZAR en die probleme waarmee dit te kampe gehad het. Ten eerste was daar die faktor dat in die wordingsjare die Boere so besig was met die bewoonbaarmaking van hulle nuwe tuistes, dat daar weinig kans vir die verstandelike opvoeding van hulle kinders

[1] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.15.

was. Tweedens was onderwysers so te sê onbekombaar.[2] Buiten vir die onderrig ontvang van die paar onderwysers wat saam met die Trekkers Transvaal toe verhuis het, was die kinders origens op hulle ouers vir hulle onderrig aangewys. Onderrig ontvang van beide onderwysers en ouers het aanvanklik egter ook maar net uit lees en skryfonderrig bestaan.[3]

Die standaard van onderwys was verder ook maar op 'n baie lae vlak, veral te wyte aan die karige kennis waaroor die ongekwalifiseerde onderwyser van destyds beskik het. Die opmerking wat ds. Van der Hoff oor hulle kwaliteit gemaak het, kan miskien as verteenwoordigend van die mening wat destyds van hulle gehuldig is, beskou word. Hy het naamlik verklaar: "Ieder een die ordentelijk lezen, skrijven en reken kan tot de regel van drieën toe, wordt hier een geleerde kêrel genoem en kan en mag zich gerust voor een schoolmeester uitgeven.:[4]

Die organisasie van en kontrole oor die onderwys in Transvaal was tot en met die aanname van die Eerste Onderwyswet in 1866, op 'n losse basis.[5] Hoewel daar in 1874 'n superintendent generaal van onderwys aangestel is,[6] sou die eerste werklike stimulus vir die onderwys in die ZAR eers deur die aanname van die 1882-Onderwyswet geskep word.

[2] J.C. Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838-1937, pp.15-16.

[3] Transvaal Education Department 1876-1976, pp.2-4.

[4] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.8.

[5] Transvaal Education Department 1876-1976, p.8.

[6] Transvaal Education Department 1876-1976, p.12.

Volgens die wet het staatsondersteunde skole nou 'n werklikheid geword.[7] In die Makwassiewyk was daar voor die instelling van amptelike onderwys ook 'n aantal sogenaamde plaasbesoekende onderwysers bedrywig. Die eerste verwysing na die tipe onderwyser in die wyk dateer uit die jaar 1867. In 'n brief aan die *Transvaal Argus* het 'n boer uit die wyk berig dat daar 'n "skoolonderwyser" aangekom het en dat hulle nou "in die gelegendheid zijn om onze kinderen te laten leeren".[8] Uit sy woordkeuse blyk dit dat dit moontlik die eerste onderwyser kon gewees het om in daardie omgewing onderrig te kom gee.

Plaasbesoekende onderwysers wat in die Makwassiewyk bekendheid verwerf het, was onder andere Mathys Smit, Jan Pauten, Bea van Wyk, H.L. van Graan en Herman Harmse. Hulle het gewoonlik vir 'n tydperk van drie maande op 'n plaas vertoef waar hulle dan vir drie tot vier kinders op 'n slag onderrig gegee het. Die onderwyser sou die onderrigpos op die plase slegs aanvaar nadat die kinders die *A.B.C.-Boek* met die hulp van hulle ouers onder die knie gekry het. Onderrig het aan die hand van die *Trap der Jeugd*-boekie, wat teen 7/6 (75 sent) per eksemplaar by Leask se winkel beskikbaar was, geskied. Die ander skryfbehoeftes wat 'n leerling benodig het, naamlik 'n lei, griffel, ink, 'n penhouer, penpunte en 'n skryfboek was ook by genoemde winkel te koop. Vir ouers wat dit kon bekostig was daar die alternatief om hulle kinders na die skole te Potchefstroom of Pretoria te stuur.[9]

Die tradisie van die plaasbesoekende onderwysers sou vanaf die laat tagtigerjare af begin kwyn toe die oprigting van staatsondersteunde skole in die Makwassiewyk 'n werklikheid begin word het. Die eerste sodanige skool is op 4 Januarie 1886 te Witpoort met 'n leerlingtal van dertien

[7] *Transvaal Education Department 1876-1976*, pp.17-18.

[8] *Transvaal Argus*, 10.1.1876.

[9] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.61.

kinders geopen.[10] Die aanloop tot die oprigting van hierdie skool het reeds op 8 Augustus 1884 begin toe 'n kommissie van sewe lede gekies is wat hulle vir oprigting van 'n wykskool moes beywer. 'n Bedrag van 82 pond (R164,00) per jaar vir drie jaar is vir die instandhouding van die beoogde skool en die salaris van 'n onderwyser bewillig. Die skool sou te Witpoort opgerig word en as "De Ebenhaezer Wijkskool" bekend staan.[11] Teen Oktober 1885 kon die skoolkommissie bekendmaak dat hulle die dienste van 'n onderwyser, ene Grevelink, vir hulle beoogde skool verkry het.[12] Die skool sou reeds teen die einde van 1885 geopen word, maar die opening is in die wiele gery deurdat baie ouers vir die onluste aan die wesgrens van die ZAR opgekommandeer is.[13] Die voorsitter van die eerste skoolkomitee was J.C. Bornman. W.A. Hauptfleisch sou as sekretaris optree. Die skool se adres is aangegee as: "P.O. Leewdoorns Makwassie".[14] Die kerkgebou het aanvanklik as skool gedien. Spoedig egter het 'n paar lidmate gekla dat die "skool" liewer deur beeste as deur skoolkinders ontheilig moet word. Hoewel die gemeente hierna met 'n groot meerderheid besluit het dat die skool in die kerkgebou sou bly, het die skoolkommissie besluit om die kerkgebou te ontruim. Die eienaar van die plaas waarop die kerk was, het hom bereid verklaar om 'n

[10] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.16.

[11] De Potchefstroomer, 20.8.1884.

[12] De Potchefstroomer, 28.10.1885.

[13] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.16.

[14] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.16.

skoolgebou met meubels teen 'n bedrag van 30 pond (R60,00) te bou. Die skool sou in Januarie 1887 betrek kon word.[15]

Sommer nog in sy eerste bestaansjaar het die skool inspeksie ontvang, uitgevoer deur ds. C.W. du Toit op 16 Augustus 1886. Weens die uniekheid van die verslag as synde die eerste in die distrik uitgebring en aangesien dit insig bied in die aard en gehalte van die onderrig wat aangebied is, word die verslag in sy geheel aangehaal: "De school is geopend op 4 Januarie 1886 en wordt gehouden in een ruim kerkgebouw. Het geheel maakt ene nette vertoning. Het onderwijs is geheel Hollandsch, omdat er geen aanzoek is voor Engelsch. Het getal scholieren is 37, waarvan 36 tegenwoordig by elementair, daar 12 van nog maar eene maand op school zijn. Zij beginnen te lezen Fondamentsteenen No. 1, leeren schrijven, zingen enz.

Derde klasse 8 teenwoordig.

Lezen : Afr. spel en leesboek, vrij wel, uit het hoofd spellen, zeer goed.

Schrijven : vrij goed. Multiplicatie tafel, zeer gedeeltelik.

Cijferen : tot bij enkele delen goed. Numeratie nog gebrekkig.

Tweede Klasse nog 10 teenwoordig.

Lezen : Bijbel vrij goed.

Tafel van vermenigvuldiging : goed.

Numeratie : het best.

[15] De Potchefstroomer, 13.11.1886.

Bijbelgeschiedenis : Allen te zamen zeer goed."[16]

Die eerste amptelike skooleksamen in die geskiedenis van die Makwassiewyk is op 17 Desember 1886 by die Witpoortskool afgelê.[17] Vir die skool en die omgewing was dit skynbaar 'n baie belangrike gebeurtenis, want groot prominensie is deur middel van 'n koerantadvertensie daaraan verleen. In die advertensie is alle "vriende en belangstellendes" uitgenooi om die eksamen te kom "bywoon".[18] Op die aand voor die eksamen is 'n konsert aan die huis van mnr. Bosman gehou.[19] Dit kan dan ook beskou word as die eerste skoolkonsert wat in die Makwassiewyk gehou is.

Geoordeel aan die gunstige inspeksieverslag wat gedurende 1886 oor die skool uitgebring is, is dit duidelik dat mnr. Grevelink die onderrig aan die skool van die begin af op 'n hegte en gesonde grondslag geplaas het. Dit spreek verder uit die feit dat die Witpoortskool een van die weiniges in die latere Wolmaransstadse distrik was wat tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog voortbestaan het. Op 25 Julie 1887 is die skool weer deur ds. Du Toit geïnspekteer. Hoewel die leerlingtal nou tot 33 gedaal het, het sy rapport 'n besliste vordering in die gehalte en omvang van die onderrig gekonstateer.[20] In Januarie 1888 het die skool 'n tweede leerkrag gekry en wel in die persoon van mej. N.S. Borrius wat Engels

[16] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.17.

[17] De Potchefstroomer, 8.1.1887.

[18] De Potchefstroomer, 31.11.1886.

[19] De Potchefstroomer, 8.1.1887.

[20] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.17-19.

sou onderrig.[21] Die skool het hierna eers weer in Januarie 1890 inspeksie ontvang. Die hoof, mnr. Grevelink, het in dieselfde maand die skool verlaat en 'n skool op Leeuwfontein gaan open. Hy is deur mnr. E.C. Bosman opgevolg. In daardie stadium het die leerlingtal gedaal tot net 28.

Die hele onderwysstelsel was op hierdie tydstip skynbaar maar op 'n bra losse basis georganiseer, sonder definitiewe riglyne of vasgelegde onderrigmetodes. So byvoorbeeld het Bosman op 25 Junie 1891 aan die inspekteur berig dat besluit is dat die skool van 5 Augustus tot 6 September tydelik gesluit sou word, maar as daar moontlik 'n inspeksie sou plaasvind, hy graag teenwoordig sou wou wees ten einde homself op hoogte te stel van die vereistes van die onderwys. Mens kan dus tereg wonder oor watter tipe onderwyskwalifikasies of -ondervinding hy beskik het. Hy het in Desember 1891 uit die pos bedank van welke datum af die skool vir 'n onbepaalde tyd gesluit sou wees omdat daar geen voorsiening gemaak was om die vakature te vul nie.[22]

Die tweede skool wat in die Makwassiewyk opgerig is, was die een onder die hoofskap van T. Steenhuizen te Leeuwfontein, Makwassiespruit. Die skool het egter aanvanklik net van Januarie 1888 tot die einde van dié betrokke jaar bestaan. In Februarie 1890 is dit egter deur Grevelink, vroeër onderwyser te Witpoort, heropen. Soos hy in die geval van die skool te Witpoort gedoen het, het hy nou ook slegs die Superintendent in kennis gestel dat 'n skool gestig gaan word. In dié skrywe vermeld hy dat hy, volgens ooreenkoms met die ouers, nie 'n vaste traktement sou ontvang nie, maar dat sy salaris van die aantal kinders sou afhang. Die skool is gedurende die jaar deur inspekteur C.G. de Jonge geïnspekteer. Hy was met die gehalte van Grevelink se onderrig beïndruk en kon slegs met die Spraakkuns foutvind. Hy het Grevelink

[21] De Potchefstroomer, 28.1.1888.

[22] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.17-19.

toe vir 'n sertifikaat van die derde rang aanbeveel. Grevelink het op sy beurt gerapporteer dat die swak skoolbesoek aan die ernstige droogtetoestand wat geheers het, toegeskryf moes word.

Op 2 Februarie 1891 het die skool opnuut heropen nadat dit op 24 Desember 1890 tot verdere kennisgewing gesluit is. Twee en twintig kinders het die eerste dag van die nuwe skooljaar hul opwagting by die skool gemaak. Vir die eerste maal is onderrig nou ook in die Engelse taal gegee en wel deur mej. A. Jooste. In daardie stadium was daar skynbaar ook nog geen vasgestelde skoolkwartale nie. Dié toedrag van sake het geblyk uit 'n skrywe van Grevelink aan die Superintendent waarin hy duidelikheid gevra het oor die verdeling van skoolkwartale. Hierdie skrywe van hom is van 'n bestelling van skoolhandboeke vergesel. Ter illustrasie van die aard van die handboeke word dié bestelling volledig weergegee. Die volgende boeke is daarin aangevra:

1/2 doz. Z.A. Spel en leesboeken of Fondamentsteen 1 en 11,

1 doz. Leesboekjes voor Std. 11, liefst 1 ste Honderdtal of de Mensch en dieren, 1 ste deel,

1/2 doz. Holst kleine Spraakleer,

1 doz. Holst kort begrip Aardrijkskunde,

1 doz. Jaeger's Pocket Dictionary,

2 doz. Shankey's dubbel zonder musiek.[23]

Die skool het gedurende 1891 sodanig agteruitgegaan, veral as gevolg van die droogte, dat dit skynbaar aan die einde van 1891 opgehou het om te bestaan. Gedurende sy hoofskap moes Grevelink 'n paar maal by

[23] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.19-22.

die Sekretaris van Onderwys oor die ellende wat die wanbetalings van die subsidies vir hom en die skool meegebring het, kla. Gedurende 1891 het hy dan ook amptelik by die Sekretaris van Onderwys om 'n ander pos aansoek gedoen.[24] Gedurende 1889 en 1890 is nog vier skole in die Makwassiewyk opgerig, naamlik te Kareefontein, Uitkyk, Oersonskraal en Bezuidenhoutskraal. Die skool te Kareefontein, wyk Bamboesspruit, is op 1 Maart 1889 met mnr. W.A.L. Schwenn as onderwyser geopen. Hy is later in die jaar deur mnr. H.O.E. van Buuren opgevolg. Gedurende 1890 was die skool vir drie maande gesluit. Die skool is nogtans geïnspekteer, maar die inspeksierapport het Van Buuren in so 'n swak lig gestel, dat hy dit gerade geag hèt om te bedank en die skool te sluit.[25] Teen Mei 1892 het hy egter alreeds weer self 'n skool te Krokodildrif, Pretoria gestig.[26]

Op Uitkyk, wyk Makwassie, is op 1 Mei 1890 'n skool met mnr. C.J. Strydom aan die roer, geopen. Twee maande later is mej. J.J. Lourens as hulponderwyseres aangestel, omdat die leerlingtal toe al op 31 te staan gekom het. In Junie 1891 is hy in 'n skrywe deur die kerkraad van die NH of G-Kerk, Makwassie, gerig aan die Superintendent van Onderwys, van pligsversuim as onderwyser beskuldig deurdat hy glo gedurende skoolure rondgegaan en met sy godsdiensoefeninge twis en tweedrag onder die mense sou gesaai het.[27] 'n Ander skool wat ook maar 'n kortstondige bestaan gehad het, is in 1890 te Oersonskraal met W.A.L.

[24] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.24.

[25] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.23-24.

[26] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.22.

[27] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.24.

Schwenn as onderwyser gestig. In dieselfde jaar is dit egter weer gesluit. 'n Skooltjie met 'n nog korter leeftyd was dié een te Bezuidenhoutskraal wat op 3 April 1890 deur H.O.E. Van Buuren gestig is, maar weer in Julie van dieselfde jaar gesluit het met die heropening van die skool te Kareefontein deur Van Buuren.[28]

Op onderwysgebied was die posisie in die Wolmaransstadse distrik dus teen 1890 dat daar slegs twee skole, naamlik die skool te Witpoort en die te Uitkyk, oorgebly het van die ses wat sedert 1886 in die distrik opgerig is.[29] Vir 'n ontwikkelende distrik was die toedrag van sake sorgwekkend. Kommer oor die toestand is dan ook van die kant van die publiek en die onderwysowerheid uitgespreek. 'n Koerantkorrespondent het in 'n brief ouers van louheid, belangeloosheid en onverskilligheid teenoor die onderwys beskuldig en gewaarsku teen die gebruik om kinders sommer in die loop van die jaar uit die skool te haal. Hy het te velde getrek teen die gedurige verwisseling van onderwysers wat die uitvloeisel was van die kontrakbasis waarop hulle aangestel is. Die stelsel het die onderwysers verder aan spanning in die proses om weer 'n pos te bekom, blootgestel.[30] 'n Ander korrespondent het ook die feit betreur dat belowende kinders te vroeg uit die skool gehaal word en in die volgende woorde gewaarsku wat die uiteinde van ongeletterde kinders in die toekoms sou wees: "Zij zullen hoegenaamd in geene aanmerking komen, maar zullen beschimpt, veracht en als arbeidsvolk der geleerden en rijken gebruikt worden."[31]

[28] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.25.

[29] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.64.

[30] De Potchefstroomer, 27.11.1891.

[31] De Potchefstroomer, 26.11.1891.

Van owerheidsweë is ook fel kritiek gelewer. In die rapport wat die kringsinspekteur, mnr, C.G.J. de Jonge, in 1890 oor onderwystoestande in die Makwassiewyk uitgebring het, het hy tot die slotsom gekom dat daar in die distrik op onderwysgebied nouliks vooruitgang merkbaar was. Hy het dit die ouers ten laste gelê dat die regering meer in die onderwys en opvoeding van die kinders belanggestel het as die ouers. Volgens hom was die ouers skynbaar van mening dat die hoë subsidies van die regering aan die onderwys, die ouers van verantwoordelikheid van hulle kant af teenoor die onderwys onthef. Hy het 'n beroep gedoen dat die ouers dan ten minste moes toesien dat hulle kinders gereeld die skool besoek. In sy rapport het hy ook die tekortkominge in die onderwys en onderrigmetodes uitgelig en wenke aan die hand gedoen. Ten opsigte van feitlik al die skoolvakke het hy fel kritiek gelewer. By Lees het hy die verouderde spelmetodes, die gebrek aan goeie klasleesboeke en die gebruik van die Trap der Jeugd-leesboek sterk afgekeur. Teen die aanbieding van Rekenkunde het hy ernstige besware gehad. Geskiedenis en Aardrykskunde was volgens hom op primitiewe en oppervlakkige wyse aangebied. Die aanbiedingsmetodes van Skrif, Spraakkuns en Kerksang het ook ver tekort geskiet. Daar moes ook volgens hom gewaak word dat Engels nie ten koste van Hollands te veel op die voorgrond geplaas word nie. Die enigste ligpunt vir hom was egter in Bybelse geskiedenis waar die peil van die werk baie bevredigend was.[32]

Die losse basis waarop skole opgerig en eenvoudig net weer gesluit is, asook die gebreke in die onderrigmetodes, was darem nie net tot die Wolmaransstadse distrik beperk nie, maar was eintlik 'n landswye verskynsel. Dit was 'n uitvloeisel van die swak dissipline van die kant van die Departement van Onderwys. 'n Keerpunt het egter gekom toe dr. Mansvelt in November 1891 as nuwe Superintendent van Onderwys aangestel is. Deur sy bemiddeling is 'n nuwe onderwyswet, die sogenaamde Mansvelt-wet, in 1892 aangeneem. Volgens die wet is 'n nuwe stelsel van subsidie vir skole en 'n nuwe stelsel van skoolbestuur

[32] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.26-28.

ingestel, kon slegs behoorlik gesertifiseerde onderwysers aan dorpskole aangestel word en is 'n skoolgids en lys van handboeke saamgestel. Kwekelinge moes byvoorbeeld in besit van 'n sertifikaat van die skoolwedstrydeksamen wees.[33]

Vanaf die implementering van die Mansvelt-wet in 1892 tot met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, onderskei G.J.M. Coetzee[34] twee definitiewe fases of periodes in die ontwikkeling van onderwys in die Wolmaransstadse distrik, naamlik 'n fase van geleidelike uitbreiding tot 1896 en 'n fase van snelle toename in die oprigting van skole tussen 1897 en 1899. Hoewel die nuwe onderwyswet 'n stimulerende invloed op die ontwikkeling van onderwys gehad het, het dit in die genoemde eerste fase nie juis tot die oprigting van nuwe skole in die Wolmaransstadse distrik bygedra nie. Die vernaamste rede hiervoor was die tekort aan onderwysers in die distrik. Dikwels het die blote gebrek aan 'n leerkrag verhoed dat 'n skool opgerig kon word. Dis opmerklik dat die meeste skole wat gedurende hierdie eerste fase gestig is, binne 'n jaar of twee weer moes sluit. 'n Skool moes soms sluit omdat 'n onderwyser elders 'n pos wat vir hom gunstiger was, aanvaar het en sy pos vakant gebly het. As bykomende redes kan aangevoer word die knellende droogtes en die runderpes wat in 1896 ook op die onderwys 'n besliste uitwerking gehad het.[35]

Gedurende 1892 is geen nuwe skool in die distrik opgerig nie. In die jaar was daar ook net twee bestaande skole, naamlik die te Witpoort en Uitkyk. Die Witpoortskool het 'n relatief groot skoolkommissie van sewe

[33] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.29-31.

[34] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.32 en 46.

[35] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.30-31.

lede gehad. Die skool het 'n bestendige bestaansrekord gehad deurdat dit met uitsondering van een kwartaal aan die begin van 1896, toe dit tydelik gesluit was, tot in Mei 1900 voortbestaan het. Onderwysers wat gedurende hierdie periode aan die skool verbonde was, was onder andere mnre. J.H. Viljoen, L.D.C. Bosman, D.J. Rossouw en mejj. M.C. Pienaar en S.J. Rossouw. Die Uitkykskool het nog tot Oktober 1894 voortbestaan, toe dit met die vertrek van die hoof, mnr. J.H. Viljoen, na Wolvenspruit, gesluit is met 'n leerlingtal van 20. Die skool te Oersonskraal wat in 1890 gesluit is, is weer op 2 Oktober 1893 deur mnr. F.H.J. Bender met sestien leerlinge geopen. Met sy vertrek na Klipkuil in 1894 is die skool weer gesluit. Op Kareepoort is daar gedurende 1893 'n skool geopen wat die volgende jaar maar weer gesluit moes word weens 'n gebrek aan 'n onderwyser.[36]

In Wolmaransstad self het georganiseerde onderwys eers met die koms van ds. Paul Nel na die dorp in April 1894 begin vorm aanneem. In die stadium was daar 'n redelike aantal kinders van skoolgaande ouderdom op die dorp en omliggende plase. Ds. Nel het dadelik die dringende behoefte aan 'n skool ingesien. Hy, Thos Leask en 'n aantal ouers het toe samesprekings gevoer om die stigting van 'n skool te bespreek. 'n Skoolkomitee van vyf lede, waarvan ds. Nel die voorsitter en Thos Leask die sekretaris en tesourier was, is gekies. Toestemming is van dr. Mansvelt, die destydse Direkteur van Onderwys, verkry dat mev. (ds.) Nel vir 'n periode van ses maande die onderrig van die kinders kon waarneem. Die naweekhuis van Hercules Dreyer, 'n hout- en sinkgeboutjie, is vir die doel ingerig. Vervolgens is by die regering aansoek gedoen vir die toekenning van 'n erf vir 'n skoolgebou. Erf no. 187 op die hoek van Kok- en Bornmanstrate is vir die doel toegeken.

Die skoolbouprojek wat hierop gevolg het, het tot heelwat onaangenaamheid tussen die skoolkomitee en die Onderwysdepartement aanleiding gegee. Die skoolkomitee het om een of ander rede van die

[36] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.32-34.

veronderstelling uitgegaan dat indien hulle die skool sou bou die regering die koste van die skrynwerker sou dra, terwyl die komitee die steenwerk sou betaal. Die skool is toe voltooi teen 'n koste van 384 pond 17 sjielings en 6 pennies (R769,75) wat voorlopig deur die Leask-broers betaal is. Die naam "Ebenhaezer" is aan die skool toegeken.[37] Na voltooiing van die skool is dr. Mansvelt toe genader om die regering se deel van die koste te bekom. Van hom is egter verneem dat, aangesien die skool op staatsgrond opgerig is, die staat nie die koste sou dra nie. Thos Leask het toe persoonlik na Pretoria gegaan om die saak uit te klaar. Hy het hom egter in 'n onversetlike dr. Mansvelt vasgeloop en onverrigtersake teruggekeer. Op Thos Leask se aandrang het die skoolkomitee toe ingestem om al die geld wat die Leask-broers voorgeskiet het, aan hulle terug te betaal.[38]

Nadat die skoolgebou voltooi is, het die skoolkomitee groot moeite ondervind om 'n onderwyser te bekom. Op al die advertensies wat vir 'n onderwyser geplaas is, sommige selfs in die Kaapse koerante, het net ene W. Theunissen gereageer. Sy aanstelling moes egter deur dr. Mansvelt bekragtig word. Hiertoe was dr. Mansvelt egter net bereid as hy die Transvaalse Onderwyserseksamen gedurende die eerste kwartaal sou slaag. Hierdie vereiste het tot verdere wrywing tussen die skoolkomitee en dr. Mansvelt gelei omdat hy nie dié vereiste aan die Hollandse onderwysers wat hy ingevoer het, gestel het nie.[39] Theunissen het nietemin sy pligte as onderwyser op 5 April 1895 opgeneem[40] nadat ds. Nel van 29 Oktober 1894 af, toe die skool geopen is, as tydelike

[37] Wolmaransstad-versameling, verw. 7. p.62.

[38] Wolmaransstad-versameling, verw. 7. pp.63-64.

[39] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.64.

[40] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.65.

onderwyser uitgehelp het.[41] Die skool het op 9 November 1894 sy eerste inspeksie ontvang. Daar was toe sestien leerlinge wat in drie klasse verdeel was. Inspekteur F.P. Crotz was baie in sy skik met die gehalte van die onderrig en werk wat verrig is en het sewe leerlinge oorgeplaas.[42] Met die volgende inspeksie op 17 Mei 1895 het die leerlingtal tot 25 aangegroei.[43] Theunissen is egter op 24 September 1895 aan longontsteking oorlede. Sy opvolger was Herman A.W. Hesse wat op 10 Februarie 1896 sy amp as hoof van die skool aanvaar het.[44] Hy het in Mei van dié jaar inspeksie ontvang. Die inspekteur was so beïndruk met sy werk dat hy Hesse vir 'n honorarium van tien pond (20,00) aanbeveel het. Die skool het intussen sodanig gegroei dat die leerlingtal nou op 41 te staan gekom het.[45]

'n Skooltjie wat ook net 'n paar maande bestaan het, is aan die einde van 1894 te Klipkuil geopen. Toe die hoof, F.J.H. Bender, aan die einde van 1895 'n pos op Doornbult aanvaar het, moes die skool weer gesluit word.[46] Te Wolvenspruit, wyk Vaalrivier, het in Oktober 1894 'n skool met J.H. Viljoen as onderwyser verrys. Volgens Viljoen was hy egter

[41] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.34.

[42] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp. 35 en 42.

[43] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.43.

[44] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.66.

[45] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.44-45.

[46] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.35-36.

verplig om weens die droogte en die runderpes die skool weer in Desember 1896 te sluit.[47]

Skole was in daardie era skynbaar nie juis aan 'n bepaalde lokaliteit gebonde nie en kon verskuif word. So byvoorbeeld is die skool wat in April 1895 te Doornbult geopen is, in Oktober van die jaar na die plaas Doornpan verskuif. Die diensdoende onderwyser, mnr. F.J.H. Bender, het saam met die skool verskuif. Weens 'n gebrek aan belangstelling moes die skool egter weer in Maart 1896 gesluit word.[48] Mnr. Bender het toe dadelik weer 'n skool te Vaalbank geopen. Hier is hy met groot vrymoedigheid en blydskap deur die skoolkommissie aanbeveel omdat hulle hom toe alreeds twaalf jaar geken het en hy goeie getuigskrifte besit het. Die Superintendent van Onderwys was egter op die tydstip nie baie met hom en die gehalte van sy werk beïndruk nie. Dit was te wyte aan die ongunstige inspeksieverslae wat oor hom uitgebring is. Gevolglik was inspekteur Moora eers na twee inspeksies in die loop van die jaar bereid om die subsidie aan sy skool goed te keur. As gevolg van die runderpes moes baie behoeftige ouers hulle kinders uit die skool haal en gevolglik was Bender genoodsaak om die skool in April 1897 te sluit.[49] 'n Skool wat ook maar van hoogs tydelike aard was, was die een te Kameelbult wat gedurende 1896 gestig en weer gesluit is.[50]

[47] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.36.

[48] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.37-38.

[49] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.38-40.

[50] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.40.

Tydens die eerste fase van onderwys wat op die implementering van die Mansvelt-wet gevolg het, is daar dus nege skole in die distrik gestig, waarvan sewe teen die einde van 1896 reeds weer gesluit was. Op die redes wat daartoe bygedra is, is reeds gewys. Wat die algemene stand van onderwys en onderrigmetodes in die distrik vir dié fase aanbetref, was die prentjie egter glad nie in dieselfde mate so duister nie. Dié feit spreek uit die inspeksies wat deur inspekteurs F.P. Crotz en H. Moora tussen 1892 en 1896 by die skole gedoen is. In vergelyking met die vorige algemene rapport wat in 1890 uitgebring is, was die rapporte hierna oor die algemeen baie meer positief en minder krities. Kritiek was in hoofsaak teen gebrekkige lokale, swak leermiddels, die gebrek aan geskikte leesboeke en teen individuele onderwysers se onbevoegdheid. Daarin is byvoorbeeld vermeld van onderwyser Angerstein wat glad nie eens die Hollandse taal magtig was nie en na Bender, teen wie se bevoegdheid as onderwyser daar ernstige bedenkings was. Teen 1896 het die taak van bevordering van leerlinge nog by die inspekteurs berus aangesien baie onderwysers nog nie daartoe in staat was nie.[51]

In die periode 1897 tot 1899 is skole teen 'n vinniger tempo as voorheen opgerig. Wat insiggewend is, is dat van die elf skole wat in die tydperk opgerig is, net twee weer gesluit is. Gedurende 1897 is skole te Klipfontein, Rondevallei, Bezuidenhoutskraal en Zendelingsfontein opgerig. Hulle is onderskeidelik weer in April 1900, Junie 1897, Mei 1900 en Februarie 1899 gesluit. Die skool te Klipfontein het onder die hoofskap van F. Joubert gestaan. J.H. Viljoen was die hoof te Rondevallei wat, toe die skool na Bezuidenhoutskraal verskuif is, saam daarheen verhuis het. Hy is deur J. Botes en H. Parker opgevolg. Die skool te Zendelingsfontein is na 'n agt maandelinge stryd om 'n onderwyser te bekom, geopen. Die rede vir die gesloer was die Departement se onwilligheid om 'n onderwyser na 'n so afgeleë wykskool te stuur. Die onderwyser, P. de Boer, is toe op 1 Maart 1899 met skool en al na Vlakfontein, waar beter geriewe bestaan het, oorgeplaas. Die skool moes

[51] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.40-60.

op 29 September 1899 sluit toe De Boer vir kommandodiens opgeroep is.[52] Gedurende 1898 is skole te Vliegenkraal, Wolvenkop, Leeuwbosch en Welverdiend geopen. Uitgesonderd die skool te Welverdiend, wat tot in Mei 1900 voortbestaan het, het al die ander skole gedurende 1899 weer gesluit.

Die stigting en vestiging van die skool te Vliegenkraal het met heelwat spanning en 'n briewestryd tussen die skoolkommissie en die Superintendent van Onderwys gepaard gegaan. Dit het naamlik gewentel om die persoon van die nou reeds bekende onderwyser F.H.J. Bender wat deur die skoolkommissie as hoof van die skool aangestel is. Die Departement was egter nie bereid om die skool te erken voordat Bender bewys van sy lidmaatskap van 'n "Protestantsch-Christelike Kerk"[53] en van sy bekwaamheid as onderwyser kon lewer nie. In Maart 1898 het inspekteur J.K.M. te Boekhorst 'n volledige inspeksie by Bender gedoen. Sy algemene indruk was dat Bender totaal onbekwaam vir sy amp as onderwyser was. Te Boekhorst het ook sy godsdienstige oortuigings in twyfel getrek omdat hy nie die skool met gebed geopen en gesluit het nie, maar die inspekteur gevra het om dit te doen. Die Departement het die skoolkommissie nou verplig om vir 'n gesertifiseerde onderwyser aan te vra. Nogtans het die skoolkommissie 'n petisie opgestel om hom by die skool te laat aanbly. Sy hoop om na die einde van 1898 nog as onderwyser aan te bly, is egter finaal verydel toe die Superintendent hom per brief verwittig het dat hy sy plig sou versuim as hy sou toelaat dat die Departement geld sou bestee aan persone wat onbevoeg was vir die onderwysberoep.

Na Bender se vertrek was die skool skynbaar tydelik gesluit, want eers in Junie 1899 is mnr. O.A.L Meyer as onderwyser vir die skool by die

[52] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.46-50.

[53] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.51.

Departement aanbeveel. Nadat hy inspeksie ontvang het, was die bevinding dat ook hy nie aan die vereistes voldoen het nie. Sy aanstelling is dan ook net tot aan die einde van die derde kwartaal goedgekeur. Op 6 Oktober is die skool toe ook in elk geval gesluit.[54] Die Wolvenkopskool het op 1 April 1898 met mnr. H. Parker as hoof tot stand gekom. Op 30 Junie 1898 het hy egter die skool gesluit en die hoofskap van die Bezuidenhoutskraalskool aanvaar. Dit het tot wrywing tussen die ouers van die twee onderskeie skole gelei. Op grond van sy optrede het die skoolkommissie hom van kontrakbreuk aangekla en ook dat hy van Wolvenkop se kinders na die nuwe skool saamgeneem het. 'n Departementele kommissie van ondersoek het egter bevind dat daar wedersyds kontrakbreuk was en dat die konflik tussen die skole blote afguns was wat grootliks 'n kerklike grondslag gehad het.

Die skool te Leeuwbosch is geopen met mnr. H.L. Graen as hoof wat weer deur mnr. P.B. de Bruyn opgevolg is. Die skool moes gesluit word toe hy op 14 Oktober 1899 vir kommandodiens opgeroep is.[55] Die skool te Welverdiend het in Oktober 1898 met mnr. A.H. Klazinga as hoof tot stand gekom. Die hoof was so ywerig dat hy dadelik by die Departement verlof gevra het om gedurende die Desembervakansie ook skool te hou. Hiervoor het hy vergunning gekry, behalwe ten opsigte van 16 en 25 Desember en 1 Januarie. Dit het geruime tyd geduur voordat die skool erken is omdat die Departement moeilik te oortuig was van die doeltreffendheid van die lokaal wat deur die skoolkommissie self aangebou is.[56]

[54] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.51-54.

[55] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.54-56.

[56] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.56-57.

Gedurende 1899 is drie skole gestig, naamlik te Strydpoort, Leeuwfontein en Kareeboschkuil. Te Strydpoort was mnr. J.W. Gehle vanaf 3 Januarie 1899 die hoof. Vanaf 1 Julie van dié jaar is hy deur mnr. S.J.P. le Roux as kwekeling bygestaan. Die skool is op 30 September 1899 gesluit, maar weer aan die begin van 1900 heropen. Skynbaar het die skool tot in Mei 1900 voortbestaan, aangesien verslae tot op dié datum van die skool ontvang is. Die skool te Leeuwfontein wat twee maal, naamlik in 1891 en toe weer in 1897 doodgeloop het, is in Januarie 1899 heropen met mnr. H.J. van der Walt as hoof. In die loop van die jaar is hy ook bygestaan deur die dames E. Basson en J. van Wyk. Die skool het met die uitbreek van die oorlog waarskynlik amptelik gesluit, maar juf. Basson het die werk voortgesit. Verslae oor die skool is egter net tot Mei 1899 voorhande. 'n Skool wat slegs enkele maande bestaan het, was die een te Kareeboschkuil wat op 28 Julie 1899 met mnr. D. Anspach as hoof, geopen het. Die uitbreek van die oorlog sou egter sy bestaan kortknip.[57]

Tussen die jare 1896 en 1899 het die skool te Wolmaransstad merkbare groei en vordering getoon. So byvoorbeeld het die leerlingtal van die skool teen 1898 reeds op 78 te staan gekom.[58] Gedurende hierdie periode was daar buiten H.A.W. Hesse en sy vrou[59] ook die volgende leerkragte aan die skool verbonde: Mejj. M.D. van Reyneveldt,[60] M.C.E. de Beer, S. Geyer, T.B. Bornman, G.Bornman en A.H. de Waal en mnre. J.C.

[57] G.J.M. Coetzee, Geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.58-59.

[58] Verslagen van den staat van het gesubsidieërd- en van het staatsonderwijs in de Z.A.R. over het dienstjaar 1898, p.14.

[59] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.63.

[60] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.60.

van der Walt, C.H.A. Fourie en J.N. Uys.[61] Hesse het tot na die uitbreek van die oorlog as hoof aangebly. Hy het ook later as distrikshoofonderwyser opgetree ten einde die Superintendent van Onderwys oor onderwysaangeleenthede in die distrik te adviseer.[62] Gedurende die laaste kwartaal van 1897 is 'n gekombineerde onderwyserswoning en skoolhostel wat aan 40 leerlinge huisvesting verskaf het, op die hoek van Kok- en Makwassiestrate opgerig. Thos Leask het die geld vir die skrynwerkersmateriaal wat 469 pond 9 sjielings en ses pennies (R938,95) bedra het, voorgeskiet. Toe die skoolkomitee hierna die erf waarop die gebou was, aangekoop het, is genoemde koste weer van die regering verhaal.[63] Die skool te Witpoort het nie in dieselfde mate as dié te Wolmaransstad gegroei nie. So byvoorbeeld was daar teen 1897 slegs 32 leerlinge aldaar op skool.[64]

In die periode tussen 1897 en 1899 is inspeksies in die Wolmaransstadse distrik deur inspekteurs H. Moora en J.K.M. te Boekhorst gedoen. In die rapport wat hulle uitgebring het, was daar die, teen dié tyd, bekende en gebruiklike klagtes oor ondoeltreffende en ontoereikende lokale, meubels en leermiddele, asook oor die individuele onbekwame onderwysers. In die geheel gesien, het dit egter 'n besliste vordering op onderwysgebied weerspieël. Inspekteur Moora het dit veral benadruk dat die vordering en bestendigheid by die Wolmaransstadse en Witpoortse skole te danke was aan die feit dat daar nie so baie wisseling van

[61] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.35.

[62] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.35.

[63] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.66.

[64] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.60.

personeel was nie.[65] So byvoorbeeld was D.J. en S.J. Rossouw vir minstens drie opeenvolgende jare, naamlik van 1896 tot 1898 af, as leerkragte aan die Witpoortse skool verbonde.[66] Die gehalte van onderwys aan dié twee skole was ook van sodanige hoë peil dat inspekteur Moora in 1897 die hoofde van die twee skole onderskeidelik vir verdienstelikheidshonoraria van 25 pond (R50,00) en 20 pond (R40,00) aanbeveel het.[67]

Teen die jaar 1899 het die geskiedenis van onderwys in die distrik al 'n veertien jaar lange aanloop gehad. In die tydperk is 23 skole gestig waarvan twaalf gedurende die jaar 1899 nog bestaan het.[68] Gedurende die eerste sewe jaar is slegs vyf skole gestig. Van 1893 af sou verskeie faktore egter die stigting van skole stimuleer. Onder die natuurlike struikelblokke in die weg van die ontwikkeling en groei van onderwys was onder andere die knellende droogtes van die negentigerjare en die runderpes van 1896. Die vernaamste hindernis was egter die lae peil van die onderwys op sigself. Die knelpunte was veral die gebrekkige inspeksiestelsel, die gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers en die gebrek aan doeltreffende geboue en uitrusting.

Die aanname van die Mansvelt-wet in 1892 het meer gereelde inspeksie van skole meegebring, waardeur die onderwysers meer dikwels en pertinent op tekortkominge gewys is, verkeerde onderrigmetodes uitgeskakel

[65] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.59-61.

[66] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.63.

[67] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.60.

[68] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.64.

kon word en die onderwysers die weg na meer doeltreffende onderrig aangewys kon word. Die gereelde inspeksies het dan ook gewis sy diwidende in die Wolmaransstadse distrik afgewerp. Wat die beskikbaarheid van die dienste van gekwalifiseerde onderwysers betref, was die distrik maar sleg daaraan toe. Tot die einde van 1894 byvoorbeeld was al die leerkragte van die distrik nog ongekwalifiseerd. Gedurende die jare 1895 tot 1898 was daar onderskeidelik drie, twee, twee en drie gekwalifiseerde diensdoende leerkragte in die distrik. In 1898 was daar soveel as tien diensdoende ongekwalifiseerde onderwysers in die distrik. Hulle het hulle aanstellings te danke gehad bloot aan die feit dat daar so 'n groot tekort aan onderwysers geheers het.

Gaandeweg egter is ongekwalifiseerde onderwysers deur inspekteurs verplig om hulle kwalifikasies te verbeter ten einde hulle poste te kon behou.[69] So byvoorbeeld is F. Joubert van Klipfonteinskool en H.Parker van die skool te Bezuidenhoutskraal deur die inspekteur verplig om in Wolmaransstad by H.A.W. Hesse lesse te neem.[70] Hesse, die hoogste gekwalifiseerde onderwyser in die Wolmaransstadse distrik, was in besit van 'n sertifikaat van die tweede klas.[71] 'n Onderwyser is ook tot verdere studie aangespoor deur die maatreël dat die Superintendent van Onderwys 'n skool se subsidie kon terughou totdat die betrokke onderwyser 'n sertifikaat van bevoegdheid en sy bewys van lidmaatskap van 'n

[69] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.65-66.

[70] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.47-48.

[71] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.63.

Protestantse Kerk ingedien het.[72] Onderwyser Bender is byvoorbeeld op hierdie gronde in 1898 ontslaan.[73]

Die meeste skoolkomitees in die distrik het aanvanklik probleme ondervind om doeltreffende lokale vir skoolonderrig te vind. Namate die Departement egter die nodige geld kon verskaf vir die oprigting van geboue deur die skoolkommissies, het die posisie verbeter. So byvoorbeeld het die kommissie van die Wolvenkopskool in 1897 die bedrag van 68 pond 2 sjielings en tien pennies (R136,28) vir die aankoop van hout en sink vir die bou van 'n skool ontvang.[74] In 1898 weer is die bedrag van 174 pond 5 sjielings en 6 pennies (R348,55) aan die Welverdiend Skoolkommissie vir die bou van 'n onderwyserswoning uitbetaal.[75] Namate 'n begin gemaak is met die verskaffing van meubels, skryfborde, boeke en ander uitrusting deur die Departement aan die skole, kon onderwys met meer vrug en gerief onderneem word. Inspeksieverslae oor die onderwysaktiwiteite in die Wolmaransstadse distrik dek slegs die periode tot en met die einde van 1898. Geen verslae is skynbaar ten opsigte van 1899 uitgebring nie. Hierdie laaste verslag toon aan dat daar aan die einde van 1898 altesaam 251 leerlinge op die

[72] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.66.

[73] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.53.

[74] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.55.

[75] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.57.

dorp- en wykskole in die distrik was, wat 'n gemiddelde leerlingtal van ongeveer 28 per skool verteenwoordig het.[76]

Hoewel die onderwys op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog dus, wat getalsterkte aanbetref, in die distrik nog maar in sy kinderskoene was, was die organisasie doeltreffend, die entoesiasme vir die onderwys groot, die ideologiese grondslae daarvan kerngesond en die gees daarvan in harmonie met die van die inwoners van die distrik en land. Die Anglo-Boereoorlog sou egter spoedig nadat dit uitgebreek het, 'n verlammende uitwerking op die onderwys hê en die onderwysmasjien feitlik in sy geheel tot stilstand bring, die onderwysstelsel grootliks laat disintegreer en nadat dit beëindig is, die vervanging van die Republikeinse onderwysstelsel deur een met 'n volksvreemde karakter tot gevolg hê.

[76] Verslagen van den staat van het gesubsidieërd- en van het staatsonderwys in de Z.A.R. over het dienstjaar 1898, p.14.

# HOOFSTUK 7

# WOLMARANSSTAD TYDENS DIE TWEE VRYHEIDSOORLOë TUSSEN DIE ZAR EN GROOT BRITTANJE

In die geskiedenis van Wolmaransstad en distrik tot en met Uniewording in 1910, was dit militêre konfrontasie en botsings tussen die ZAR en Brittanje meer as enigiets anders wat as enkele faktor die mees ingrypende en destabiliserende invloed op die ontwikkelingsgang van die distrik en sy mense gehad het. Die konfrontasies waarvan hier sprake is, was die twee sogenaamde "vryheidsoorloë" tussen genoemde lande gedurende 1880-1881 en 1899-1902. Al die problematiek, soos reeds aangetoon, wat die boer en boerdery gedurende die negentiende eeu in die ZAR ondervind het, soos byvoorbeeld ook die ontwrigtende invloed van die periodieke gewapende botsings met die swartes, het verdof voor en is verdwerg deur die vernietigende impak wat hoofsaaklik die Tweede Vryheidsoorlog op die hele maatskaplike en ekonomiese opset en struktuur van die distrik gehad het. Die omvang van die verwoesting wat deur dié oorlog meegebring is, was sodanig dat dit figuurlik gesproke 'n streep deur 'n opbouproses van meer as ses dekades getrek het. Vandaar die regverdiging om 'n hoofstuk aan die verhaal van die burgers van Wolmaransstad se aandeel in die stryd om die behoud van die vryheid en onafhanklikheid van hulle vaderland te wy. In die verband regverdig die Eerste Vryheidsoorlog hoogstens terloopse vermelding, daar dié stryd vir die inwoners van die distrik slegs 'n vae en veraf werklikheid was in die sin dat die kommando van die distrik volgens beskikbare inligting skynbaar nie aktief by dié oorlogspoging betrokke was nie en die militêre aktiwiteite ook tot gebiede buite die distriksgrense beperk was.

Die Eerste Vryheidsoorlog wat op 16 Desember 1880 uitgebreek het, was op die herwinning van die ZAR se onafhanklikheid wat die land op 11 April 1877 verloor het, gemik. Op laasgenoemde datum het Sir T. Shepstone die ZAR namens Brittanje geannekseer. Hoewel velerlei redes deur Brittanje ter regverdiging van die stap aangevoer is, was dit hoofsaaklik suiwer imperialistiese oogmerke met Suider-Afrika wat die anneksasie ten grondslag gelê het. Omdat die Transvalers op die tydstip

te verdeeld en ekonomies te swak was, om die wapen op te neem, moes hulle die anneksasie aanvanklik maar gelate aanvaar. 'n Toestand van passiewe verset sou egter algaande onder die Transvalers ontwikkel. Dit het uiting gevind in twee mislukte deputasies na Brittanje, 'n versoekskrif aan Brittanje en uiteindelik protesvergaderings waartydens besluit is om die wapen teen Brittanje op te neem ten einde hulle onafhanklikheid te herwin. Die mate waarin die burgers van Makwassiewyk in die protesvergaderings deel gehad het en in die besieling om die wapen op te neem, gedeel het, is moeilik te bepaal.

Dat die burgers wel gebelg was oor die anneksasie van hul land, maar terselfdertyd ook selfbeheersing aan die dag gelê het, spreek uit 'n brief wat 'n korrespondent van Makwassie in Mei 1878 in die verband aan De Volkstem gerig het. In die skrywe het hy sy verontwaardiging uitgespreek teen 'n proklamasie van die regering waarin die burgers teen oproer en rebellie as reaksie teen die anneksasie van die ZAR gewaarsku is. Hy was van mening dat, alhoewel die burgers van die distrik oor die verlies van hulle onafhanklikheid ontevrede was, hulle nie tot wapengeweld sou oorgaan om dit terug te kry nie. In die skrywe het hy ook 'n waarskuwing aan mede-burgers gerig, om, vir geval hulle wapengeweld sou oorweeg, eers aan hulle eie swakheid (militêr) en selfs ontrou te dink. Hy het eerder die bekamping van die probleme met die swartes as eerste prioriteit beskou en 'n beroep op die burgers gedoen om eerder in die verband saam te staan ten einde die rus en vrede te verkry.[1] Hierdie skynbare passiewe ingesteldheid teenoor die anneksasie van hul land kon wel in die vroeë stadium van die Britse besetting onder die burgers aanwesig gewees het.

Tog sou die gees van verset teen die Britse oorheersing soos in die res van die ZAR noodwendig in die distrik algaande toeneem. Dit het byvoorbeeld in Junie 1879 tot uiting gekom toe 'n aantal burgers 'n wet wat deur die Engelse regering ingestel is en wat op die uitreiking van ammunisie betrekking gehad het, verontagsaam het. Hulle het hulle

[1] De Volkstem, 21.5.1878.

naamlik by die winkel van Taylor & Leask te Makwassiespruit self aan ammunisie gehelp sonder dat hulle die nodige permitte vir verkryging van ammunisie besit het.[2] Tydens die oorlog het die regering van die ZAR op 100 sakke buskruit in die winkel van Taylor & Leask beslag gelê. Die buskruit is in die winkel bewaar en aan enigeen met die nodige permit deur die veldkornet uitgereik, verskaf.[3]

In die destydse Makwassiespruit het die lewe tydens die oorlog normaalweg voortgegaan. Die poskar- en poskoetsdiens het egter tot stilstand gekom omdat die perde deur die Boere opgekommandeer is.[4] Aan die buitengewone oplewing van die handel in wapens en ammunisie kon daar ook gemerk word dat daar onrus in die land was.[5] Die oorlog wat net meer as twee maande geduur het, is op 27 Februarie 1881 met die Slag van Amajuba beëindig, sonder dat dit, sover bekend, enige offers van die Makwassiewyk in menselewens of eiendom geëis het. In skrille kontras hiermee sou die Tweede Vryheidsoorlog 'n spoor van verwoesting, dood, bloed en trane nalaat.

Britse imperialisme het eweneens die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 tussen die ZAR en Brittanje ten grondslag gelê. In hierdie geval was die ryk goudvelde van die Witwatersrand die lokaas vir Brittanje. Om hierdie rykdomme te kon inpalm, was Brittanje bereid om enige moontlike strategie aan te wend ten einde Britse gesag weer oor die ZAR te vestig. Die stok wat Brittanje gebruik het om die ZAR mee by te kom, is dié land gebied deur die sogenaamde "Uitlandervraagstuk" wat ontstaan het toe duisende Uitlanders na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 hierheen gestroom het. Die Uitlanders het

[2] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.7-8.

[3] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.5.

[4] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.3.

[5] Wolmaransstad-versameling, verw. 3, p.43.

spoedig vir meer regte begin agiteer, veral vir die uitbreiding van hulle stemreg. 'n Lys van eise en griewe om hervormings wat in 1895 aan die regering van die ZAR voorgelê is, is verwerp. Cecil J. Rhodes, Eerste Minister van die Kaapkolonie, het in Januarie 1896 met behulp van 'n troepemag onder leiding van dr. L.S. Jameson, Administrateur van Rhodesië (Zimbabwe en Zambië), 'n mislukte poging aangewend om die regering van die ZAR omver te werp.

Die gevolg van die Jameson-inval was dat die griewe van die Uitlanders toenemend deur Brittanje as rookskerm aangewend is om 'n oorlog met die ZAR af te dwing. Toegewings wat deur die ZAR aan die Uitlanders gemaak is, het gevolglik geen ontlonting van die spanning wat tussen die twee lande aan die opbou was, gebring nie. Die eise wat die Britse regering aan die ZAR gestel het, het al hoe onredeliker geword sodat pres. Paul Kruger teen Mei 1899 met gebrokenheid moes verklaar dat die Engelse nie die stemreg nie, maar sy land wou hê. Oorlog is nou deur beide lande as onafwendbaar beskou. Die vonk wat die oorlog laat ontbrand het, was die ultimatum wat Kruger op 9 Oktober 1899 aan Brittanje gerig het en waarin onder andere die onmiddellike terugtrekking van alle Britse troepe van die grense van die ZAR geëis is. Die Britte is 48 uur tyd gegun om aan dié eis te voldoen. Die verontagsaming van die ultimatum het die twee lande toe op 11 Oktober in 'n staat van oorlog met mekaar gedompel.

Die burgers van Wolmaransstad is reeds op 29 September 1899 vir krygsdiens opgekommandeer.[6] Hulle aanvoerders was genl. S.P. du Toit (kyk foto op volgende bladsy) en komdt. F.J. Potgieter.[7] Die eerste sewe maande van die oorlog sou die kommando buite die distriksgrense opereer en eers na sewentien maande, naamlik in Februarie 1901 vir die eerste maal binne die distriksgrense met 'n Britse troepemag in 'n skermutseling betrokke raak. Die eerste krygsverrigtinge waaraan 'n afdeling van die

[6] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.23.

[7] M.A. Gronum, *Die bittereinders Junie 1901 - Mei 1902*, p.14.



Genl. S.P. du Toit (links) en personeel, 1899-1902

(Staatsargief, Pretoria)

Wolmaransstadse kommando deelgeneem het, was tydens die Slag van Kraaipan op 12 Oktober.[8] Hulle het ook 'n paar dae lank saam met die kommando's van Marico en Rustenburg onder genl. J.P. Snyman by Mafeking (Mafikeng) geopereer.[9] Op 18 Oktober het hulle saam met genl. J.H. de la Rey se troepemag na Vryburg vertrek. By Barberspan het nog 500 burgers van Wolmaransstad onder kmdt. Potgieter hulle by De la Rey se magte aangesluit.[10] Op 21 Oktober het die Wolmaransstadters ook deel van De la Rey se magte uitgemaak wat Vryburg sonder slag of stoot verower het.[11] Vanaf Vryburg het die gekombineerde magte oor Taungs, wat op 16 Oktober deur kmdt. Tollie de Beer ingeneem is,[12] na Warrenton en tot aan die buitewyke van Kimberley getrek.[13]

Langs hierdie weg het die Wolmaransstadse kommando toe ook by die beleg van Kimberley betrokke geraak. Op 7 November was daar byvoorbeeld 511 burgers van die distrik onder die 2193 man in De la Rey se mag wat

[8] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.27.

[9] J. Oosthuizen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.75.

[10] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.103-106.

[11] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.111.

[12] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.121.

[13] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.132.

by Kimberley saamgetrek was.[14] Van die Wolmaransstadse burgers het alhier noemenswaardige aksies uitgevoer. Op 1 November het 'n aantal van hulle 200 van Kimberley se beeste buitgemaak[15] en op 9 November het hulle die spoorlyn twee myl (3,2 km.) van Kimberley af opgeblaas.[16] Ds. M.P.A. Coetsee van Wolmaransstad het hom op daardie stadium ook daar tussen die troepe bevind.[17] Die Wolmaransstadters onder kmdt. Potgieter was gedurende November 1899 daar by twee geleenthede met 'n Britse mag onder maj. H.S. Turner in skermutselinge betrokke.[18] Toe 'n deel van genl. De la Rey se mag gedurende November 1899 suidwaarts getrek het, het 140 van die Wolmaransstadse burgers by Kimberley agtergebly.[19] Onder veldkornet Van Wyk het 'n groep Wolmaransstadters op 28 November aan die Slag van Modderrivier meegedoen.[20] Op 11 Desember het kmdt. Potgieter en sy manne by Magersfontein hulle kant gebring toe hulle die linkerflank van Mosdrif af noordweswaarts gedek het.[21]

[14] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.138.

[15] De Potchefstroomer, 9.11.1899.

[16] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.139.

[17] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.135.

[18] H.J. Terblanche, Die beleg van Kimberley, pp.84-85 en 88-89.

[19] H.J. Terblanche, Die beleg van Kimberley, p.105.

[20] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.167.

[21] H.J. Terblanche, Die beleg van Kimberley, p.182.

Die oorgawe van genl. Piet Cronje aan Lord Roberts op 27 Februarie 1900 by Paardeberg was vir die Wolmaransstadse kommando 'n rampspoedige gebeurtenis aangesien daar talle van sy lede onder die krygsgevangenes was.[22] 'n Aantal, onder andere die latere komdt. J.H. van Wyk, kon egter betyds uit die laer ontsnap. Hulle het nou teruggeval na die res van die kommando wat in daardie stadium reeds tot op Veertien Strome geretireer het.[23] In daardie stadium het kmdt. Potgieter hom al weer saam met die Krugersdorpse kommando in Natal bevind waar hy aan die beleg van Ladysmith meegedoen het.[24] Die kommando's van Wolmaransstad en Lichtenburg het tot op 6 Mei 1900 by Veertien Strome vasgeskop voordat hulle deur die Engelse onder Hunter daar uitgedryf is.[25] Die Engelse het hulle segetog voortgesit en genl. Du Toit op 15 Mei uit Christiana verdryf.[26] Die dorp is toe as buitepos deur die Engelse ingerig. 'n Deel van die Wolmaransstadse kommando het toe noordwaarts deur die distrik getrek om te gaan help om die Engelse se opmars uit die Vrystaat na Pretoria te gaan probeer stuit.[27]

In hierdie stadium was die krygsmoraal onder die burgers baie laag. Nie net was hulle traag om te veg nie, maar het op groot skaal uit die

[22] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.266.

[23] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.29.

[24] J.H. Breytenbach (red.), Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, pp.102-103.

[25] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.278.

[26] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.292.

[27] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.32.

kommando's begin dros.[28] Hoewel daar begrip is vir die gees van defaitisme wat in hierdie stadium onder hulle vaardig was, kan dit egter ook gekonstateer word dat daar van meet af baie burgers was wat nie hart en siel in die oorlogspoging was nie en spoedig na die aanvang van die oorlog reeds onder allerlei voorwendsels probeer het om tuisverlof te kry. Thos Leask noem verskeie gevalle waar van die burgers op grond van beweerde ernstige siekte onder familielede om sodanige verlof aansoek gedoen het. By nadere ondersoek deur Leask en dr. Dunn het dit dan geblyk dat die betrokke aansprake van alle waarheid ontbloot was.[29] Op hierdie tydstip het die gevaar skynbaar bestaan dat die swartes van Taungs af moontlik 'n aanval in Suidwes-Transvaal kon maak. Derhalwe is veldkornet Van Wyk en sowat 100 man daarheen gestuur om die toestand te gaan ondersoek.[30]

Teen die tweede helfte van Mei het genl. Du Toit ook wel deeglik met die laksheid en die onwilligheid van die burgers om krygsdiens te verrig, kennis gemaak. Op 18 Mei het hy met sowat 100 man na Bamboesspruit vertrek om die Engelse daar te gaan inwag. Op dieselfde dag het landdros De Waal van Wolmaransstad opdrag gekry om alle weerbare manne in die distrik op te kommandeer en hulle na genl. Du Toit se kommando op J. du Plooy se plaas Kareepoort aan die Bamboesspruit te stuur. Die volgende dag egter het Du Toit se kommando tot net 60 man gekrimp sodat hy verplig was om De Waal telegrafies te smeek om alle weerbare manne sonder versuim daarheen te stuur. Hy het ook nou self in die distrik rondgegaan om burgers tot die stryd aan te moedig, maar met weinig sukses. So byvoorbeeld het sy getal manskappe op 31 Mei op slegs 90 te staan gekom. Toe die burgers egter op die dag berig ontvang dat die Engelse na Schweizer Reneke se kant toe opruk, het die meeste

[28] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.292-293.

[29] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.23-26.

[30] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.34.

eenvoudig die kommando verlaat om hulle families te gaan bystaan.[31] Du Toit het wel begrip vir die burgers se optrede gehad aangesien die vroue en kinders in die distrikte Bloemhof en Wolmaransstad met die terugval van genl. Oosthuizen van Wolmaransstad na Klerksdorp toe, aan hulle lot oorgelaat is.[32]

Soos Roberts se magte noordwaarts deur die Vrystaat opgeruk het, het Du Toit se kommando ook in die rigting van Pretoria beweeg.[33] Na die val van Johannesburg op 31 Mei het hy met sy kommando in 'n pas sowat 20 myl (32 km.) wes van Pretoria stelling ingeneem. Hier het hy op 4 Junie met genl. French se leër slaags geraak. Hulle het heldhaftig en verbete teenstand gebied en moes slegs as gevolg van blote getalsoorwig en kanonvuur die aftog blaas.[34] Op 5 Junie is Pretoria deur die Engelse ingeneem. Du Toit het die volgende dag sy kommando by die van genl. Koos de la Rey gevoeg. Vir die volgende paar maande sou die kommando's gesamentlik aan militêre operasies ten weste en suidwes van Pretoria deelneem.[35]

[31] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.295.

[32] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.298.

[33] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.303-309.

[34] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.311-312.

[35] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.314 en 351.

Tien dae na die val van Pretoria is Wolmaransstad deur 'n afdeling Engelse onder Huddleston ingeneem.[36] 'n Onmiddellike uitvloeisel van die inname van die dorp was die grootskaalse neerlegging van wapens deur die burgers van die distrik. Hierdie inhandiging of neerlegging van wapens betrek in hierdie stadium 'n uiters sensitiewe en netelige aspek van die Anglo-Boereoorlog, een wat, om aan geskiedskrywing reg te laat geskied, ongelukkig nie verdoesel mag word nie, maar noodwendig uitgelig moet word. Dit gaan naamlik om die kwessie dat die burgers wat hulle wapens neergelê, die daarmee gepaardgaande eed van neutraliteit afgelê en nie weer tydens die oorlog die wapen opgeneem het nie, in die geskiedenisannale as die sogenaamde "hendsoppers" gebrandmerk staan en na wie daar nog altyd met 'n mate van minagting verwys is. Die Wolmaransstadse distrik het ook 'n groot kwota aan "hendsoppers" opgelewer, want nie minder as 400 burgers van die distrik het hulle op hierdie wyse van die stryd onttrek nie.[37] Hierdie burgers was egter darem nie almal bona fide "hendsoppers" nie, want 'n groot aantal van hulle het, nadat die Engelse Wolmaransstad einde Julie 1900 ontruim het, eenvoudig weer die wapen opgeneem. Hier kan volstaan word met die voorbeeld van die latere kmdt. J.H. van Wyk van Leeuwfontein wat na die aanvanklike wapenneerlegging weer tot die stryd toegetree en 'n volbloed bittereinder geword het.[38]

Die praktyk van wapenneerlegging is deur die regering van die ZAR in 'n ernstige lig gesien. Pres. Kruger het selfs op 9 Junie 1900 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die burgers gewaarsku het dat hulle hul deur die optrede aan hoogverraad skuldig maak. Staatsekretaris F.W. Reitz het ook daarop gewys dat die regering van die ZAR nie die eed van neutraliteit erken nie en die eed nie 'n burger van verdere diensplig

[36] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.43.

[37] A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners"*, p.23.

[38] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.39.

sou vrystel nie.[39] Hierdie onverbiddelike houding van die regering het egter nie die grootskaalse wapenneerlegging verhinder nie. Die demoraliserende uitwerking wat die oorgawe van Cronje by Paardeberg en die besetting van Bloemfontein en Pretoria deur die Engelse op die krygsmoraal van die burgers gehad het, was daarvoor veels te kragtig.[40] Veral toe die regering van die ZAR besluit het om Pretoria nie teen die oprukkende Engelse magte te verdedig nie, het menige burger geglo dat die regering besig was om die stryd gewonne te gee.[41] Die gelatenheid waarmee so vele van die burgers van Wolmaransstad hul wapens by Huddleston neergelê het, moet dus nie te kras beoordeel word nie, maar moet gesien en geëvalueer word teen die agtergrond van 'n gees van defaitisme wat teen Junie 1900 onder die burgers van heel die ZAR vaardig was.

Na die neerlegging van hul wapens is die burgers na hulle plase terug met volle vryheid van beweging. Huddleston het die dorp tot 27 Julie 1900 beset waarna hy na Christiana uitgewyk het om uit die pad van kmdt. Potgieter en genl. Cilliers wat vanaf Klerksdorp in aantog was, te bly. Veldkornet Van Wyk van Leeuwfontein het nou dadelik weer 'n kommando op die been probeer bring. Die feit dat die Engelse hulle gekonfiskeerde gewere vernietig het, het hulle nie ontmoedig nie. Hulle het eenvoudig die vernietigde en uitgebrande gewere weer in 'n werkende toestand omskep. Die eer en erkenning vir die prestasie waardeur inderwaarheid krygsgeskiedenis gemaak is, kom oom Sampie de Beer en sy seuns van Wolmaransstad toe. Hulle was smede van beroep wat met hulle vaardige hande letterlik honderde geweerlope en onderdele weer in volwaardige gewere omgetower het. Elke burger het vir hom op die hoop uitgebrande gewere 'n loop uitgesoek wat by die tipe patrone wat hy iewers begrawe gehad het, sou pas. Met 'n knipmes het hy dan help

[39] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p.31.

[40] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p.23.

[41] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", pp.12-13.

uitsny aan 'n stuk wilgerhout wat as kolf vir sy geweer sou moes dien."[42] Die Wolmaransstadse manskappe kon egter nie almal van herstelde gewere voorsien word nie en gevolglik moes gewere van die Engelse gebuit word. 'n Gulde geleentheid hiervoor het hom egter eers maande later voorgedoen toe genl. Cilliers en kmdt. Potgieter se kommando's 'n gesamentlike aanval op 'n Engelse troepemag naby Hoopstad gedoen het by welke geleentheid hulle 'n groot hoeveelheid wapens en ammunisie buitgemaak het.[43]

Intussen het genl. Du Toit se kommando wat saam met die van De la Rey bedrywig was, op 9 Augustus met die Engelse by die Elandsrivier slaags geraak.[44] Op grond van berigte ontvang van vernietiging van eiendomme in die Wolmaransstadse distrik deur die Engelse, het Du Toit op instruksies van De la Rey na Wolmaransstad teruggekeer.[45] Toe hy op 14 Augustus op die dorp aankom, het hy aldaar 'n gewapende burgermag van sowat 30 man onder Jan Greyling en ene Henning as offisiere aangetref. Die dorp was in 'n verwaarloosde toestand. Die meeste amptenare was die vyand behulpsaam. Du Toit het landdros De Waal in sy amp herstel en vir Frank Pearson as staatsaanklaer aangestel.[46] Dit

[42] J.H. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.38.

[43] J.H. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp.39-40.

[44] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.351.

[45] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.354.

[46] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.354. (Volgens Leask, Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.184-185, is Pearson as landdros aangestel. Dit is egter foutief, want De Waal het Leask se eise vir geneeskundige dienste gelewer nog tot einde September 1900 as landdros geteken. Pearson

was onvermydelik dat arrestasies gemaak is. Gevolglik is persone soos F. Wronsky, 'n winkelier wat uit die geledere van die Engelse polisie gewerf het, Thos Leask wat as pasuitdeler vir die Engelse opgetree het en I.D. Bosman wat as staatsaanklaer die goewermentseiendomme, ammunisie en voedselware vir die Engelse aangewys het, in hegtenis geneem. Du Toit het daarin geslaag om weer 400 man vir krygsdiens bymekaar te kry, maar ongelukkig het net sowat 100 van hulle wapens gehad. Hy het A.G.S. Erlank as krygskommissaris vir die distrik aangestel. Hy moes meehelp om die werksaamhede van die offisiere te verlig, onder andere deur te help met die rantsoenering van die voedselvoorrade.[47]

Gedurende Augustus en September het die Wolmaransstadse kommando hom nog steeds by die van De la Rey bevind. Hulle operasionele gebied was in dié tyd tussen Pretoria en Rustenburg tot by Zeerust.[48] Van ongeveer September 1900 af het 'n nuwe fase in die oorlog ingetree toe die Boeremagte oorgegaan het tot die metode van guerilla-oorlogvoering. Ingevolge die krygsmetode het die Boere nou in klein berede kommando's verdeel, verrassingsaanvalle op veral konvooie en geïsoleerde kolonne gemaak, en dan weer gevlug voordat versterkings opdaag. Oor die bewegings van die Wolmaransstadse kommando gedurende Oktober en November is daar nie duidelikheid nie. Ons verneem eers weer van kmdt. Potgieter en sy manne toe hulle op 3 Desember aan 'n aanval op 'n Engelse konvooi by Van Wykspruit deelgeneem het.[49] Later in Desember het

se handtekening as landdros verskyn eers vanaf Oktober op die vorms.)

[47] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.371-372.

[48] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.359-371.

[49] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.389.

veldkornet Van Wyk en 'n aantal Wolmaransstadse burgers 'n Engelse konvooi tussen Kuruman en Vryburg oorval en 'n groot hoeveelheid Kersfeesrantsoene en ammunisie gebuit. Vier van die waens, volgelaai met koffie, tee, suiker, melk, tabak, sjokolade en meel is na Leeuwfontein, Wolmaransstad gebring. Die voorrade is toe gelykop tussen die burgers van Wyke 1 en 2 verdeel.[50]

Op 23 Januarie 1901 het kmdt. Potgieter en 'n groep van sy burgers saam met De la Rey die Engelse onder Cunningham op die plaas Middelfontein ten weste van Krugersdorp aangedurf.[51] Teen die begin van Februarie was hulle in die omgewing van Zeerust bedrywig.[52] In 'n skermutseling by Basfontein is drie burgers noodlottig gewond.[53] Op hulle terugtog na Wolmaransstad het hulle op 18 Februarie die kommando's van generaals Cilliers, Liebenberg en Du Toit by Hartbeesfontein bygestaan toe hulle met Methuen en sy mag van 5000 man slaags geraak het. Die Boerekommando's moes egter die knie voor Methuen buig en agtien gesneuweldes in die proses afstaan.[54]

Op 3 Maart het 'n groep Wolmaransstadse burgers onder Du Toit saam met Cilliers en sy kommando 'n onsuksesvolle aanval op Lichtenburg gedoen in 'n poging om die dorp van die Engelse te herower.[55] Teen die

[50] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.41-42.

[51] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.415.

[52] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.51-56.

[53] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.66.

[54] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.139.

[55] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.422-424.

voordag van 6 Maart het Methuen se kolonne 'n verrassingsaanval op Wolmaransstad gedoen, maar geen Boere daar gevind nie en ook nie die hoogverraadgevangenes wat hulle wou ontset nie.[56] Die namiddag het hulle op hulle tog van Wolmaransstad na Kommandodrif by Bezuidenhoutskraal met 'n plaaslike kommando slaags geraak. In die geveg wat tot skemer geduur het en onbeslis geëindig het, is onder andere J.F. van Wyk, outeur van *Die Mauser knal*, en toe 'n penkop van vyftien jaar, verwond. In die stadium was daar 'n hospitaal te Witpoort ingerig, waar 'n Rooikruisbeampte, mnr. Klazinga, 'n koeël uit sy skouer verwyder het.[57]

In Maart het Potgieter se kommando by Holfontein, die huidige Barberspan, 'n Engelse mag beslissend verslaan en meer as 200 perde en saals en ammunisie buitgemaak. Na die skermutseling het die burgers na hulle plase teruggekeer om hulle lande te bewerk en gereed te kry vir die volgende plantseisoen.[58] Ook in hierdie tyd het sowat 30 burgers nagenoeg 100 Engelse tussen Leeuwfontein en Uitkyk in 'n hinderlaag gelok en tot oorgawe gedwing. Die Engelse is "uitgeskud" en moes nakend na Wolmaransstad terugstap.[59] Teen die einde van April het Potgieter en sy manne De la Rey bygestaan in 'n geveg teen die Engelse onder Rawlinson naby Hartbeesfontein. Die Boere moes egter die wyk neem toe Methuen se magte ook op die toneel verskyn het.[60] Teen die middel van 1901 het Potgieter en sowat 100 man twee verrassingsaanvalle

[56] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.425.

[57] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp.78-82.

[58] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp.85-90.

[59] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp.93-94.

[60] J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.176-177.

op 'n Engelse laer wat by Kommandodrif aan die Vrystaatse kant van die Vaalrivier gestaan het, gemaak en die vyand heelwat ongevalle toegedien.[61]

Toe die inwoners van Wolmaransstad op 25 Julie 1901 deur die Engelse weggevoer is,[62] was die fase van die sogenaamde "verskroeide aarde-beleid" van Kitchener ten opsigte van die distrik grootliks afgehandel. Volgens dié beleid het die Engelse plaashuise afgebrand, alle lewensmiddele en oeste vernietig, vee weggevoer of doodgemaak en vrouens en kinders na konsentrasiekampe weggevoer. Talle vrouens en kinders het in daardie stadium egter alreeds van die plase af gevlug en hulle in vrouelaers bevind. Die laers was in 'n gedurige staat van voortvlugting voor die Engelse. Veldkornet Van Wyk en 200 man het 'n tydlank in die omstreke van Wolmaransstad geopereer ten einde veral die vrouelaers teen die Engelse te beskerm.[63]

Met die ontruiming van Wolmaransstad het die Engelse skynbaar gevoel dat die verwoestingswerk wat hulle in die distrik aangerig het vir eers voldoende was, want vir die volgende paar maande was dit op die militêre front doodstil in die distrik. Klerksdorp het nou die fokuspunt van die Engelse militêre aktiwiteite geword. 'n Kommando van Wolmaransstad onder veldkornet Van Wyk het dan nou ook vir die eerste paar maande dikwels by die Kaffermyn, Elandsheuwel, sowat elf myl (agtien kilometer) wes van Klerksdorp laergetrek en verkenningswerk van die Engelse troepebewegings na en van Klerksdorp gedoen. Om die tyd te verwyl het die jongklomp soms hul toevlug tot beesvelry geneem. Die bekende Siener van Rensburg het hom ook etlike maande in die geledere van dié kommmando bevind en ook hy moes op 'n dag teen wil en dank die beesvel

[61] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.96-100.

[62] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.115.

[63] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.125-133.

ry.[64] Die kommando het by geleentheid in samewerking met Potgieter se manne meer as 350 Engelse tussen Elandsheuwel en Klerksdorp gevange geneem, "uitgeskud" en al hul voorrade afgeneem.[65] Teen die einde van 1900 moes die kommando's nou daagliks na 'n nuwe oornagplek verskuif as gevolg van die gebruikmaking van swart spioene wat deur die National Scouts teen die Boere gebruik is.[66] Deur die toedoen van dié tipe spioenasie is byvoorbeeld die kommando van kmdt. Potgieter in dié tyd een oggend nog voor sonop op die plaas Ysterspruit onverhoeds deur die Engelse betrap, uitmekaar gejaag en 'n aantal burgers gevange geneem.[67]

Teen Desember 1901 het Potgieter en sy kommando hulle met 'n aantal krygsgevangenes en 'n groot aantal vee in die Makwassierante noordoos van Wolmaransstad skuilgehou.[68] Methuen wou Potgieter bitter graag vastrek. Op 11 Desember het hy toe gevolglik met twee troepemagte vanuit Klerksdorp teen hom uitgetrek. Die een mag onder kol. Kekewich het in die rigting van Korannafontein (Ottosdal) getrek en die ander een onder Methuen na Wolmaransstad. Op 12 Desember het Kekewich by Korannafontein met Vermaas slaags geraak en hom verhinder om hom en sy mag by Potgieter aan te sluit. Op 13 Desember het Methuen by Kareepan 'n konvooi met voorrade wat vir Potgieter bestem was, onderskep en 22 waens en 3500 stuks vee gebuit. Op 17 Desember het die gesamentlike magte van Methuen, Kekewich en Von Donop Potgieter toe uit sy vesting verdryf. Hulle kon hom nie gevange neem nie, maar

[64] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp.134-137.

[65] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.147.

[66] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.148.

[67] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, pp.149-154.

[68] J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p.181.

hy moes al sy vee agterlaat.[69] Op 28 Desember het Methuen en Kekewich nogmaals by die Makwassierante op Potgieter gaan jag maak, maar ook dié poging was tevergeefs.[70]

In hierdie stadium dien daar verwys te word na die stand van die militêre organisasie in die ZAR en die posisie van die kommando's ten opsigte van klere, voedsel en mediese dienste soos dit aan die einde van 1901 was. In sy rapport aan pres. Kruger in Desember 1901 het genl. De la Rey berig dat die Boererepublieke se administrasie en militêre organisasie nog goed gefunksioneer het. In elke distrik in die ZAR en die Vrystaat was daar 'n wettige landdros aangestel. Waar 'n dorp in Engelse hande geval het, is 'n distrikslanddros aangestel. Elke militêre afdeling het 'n militêre hof gehad. In byna elke tweede distrik was 'n veggeneraal wat die orde moes handhaaf as die kommandant-generaal of sy assistent nie teenwoordig kon wees nie.[71] Die posisie betreffende klere was haglik. Baie was in velle geklee of in klere gemaak van bokseil of tentseil. Baie was natuurlik in die kakieklere wat van die Engelse gebuit was, geklee. Dié gebruik was natuurlik teen die uitdruklike opdragte van die militêre owerheid, maar baie burgers is nie juis 'n ander keuse gelaat as om dié verbod te verontagsaam nie.[72] Wat die beskikbaarheid van mediese dienste aan die kommando's betref, was die toestand nog hagliker, want slegs een dokter,

[69] J.H. Breytenbach (red.), Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, p.181. EN P.H.S.van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.139.

[70] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.140.

[71] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.527.

[72] Ambtelijke verslagen van generaal J.H. de la Rey en Generaal J.C. Smuts, alsook andere stukken betreffende den oorlog in Zuid-Afrika, kort geleden ontvangen door de Boerenvertegenwoordigers in Europa, en met hun toestemming openbaar gemaakt, p.7.

naamlik die Rus, De van Reuvenkampff, was nog in die geledere van en tot beskikking van die Boerekommando's.[73] Voedselvoorrade was baie skaars en het by die Wolmaransstadse burgers hoofsaaklik uit mielies en kafferkoring bestaan.[74]

In Januarie 1902 het pres. M.T. Steyn en genl. C.R. de Wet die Wolmaransstadse kommando se laer naby die teenswoordige Harrisburgse stasie besoek, hulle in 'n kort toesprakie bemoedig en in die laer oornag. Die volgende dag is pres. Steyn na Witpoort om aldaar 'n dokter te raadpleeg.[75] Gedurende Januarie 1902 was 'n paar Engelse kolonne met dryfjagte in die distrik bedrywig en die Wolmaransstadse kommando het al sy moeite gehad om nie vasgekeer te word nie.[76] Gedurende Februarie het kol. Von Donop in afwesigheid van Methuen laasgenoemde se leërmag aangevoer. Hy het Wolmaransstad op 8 Februarie beset om die dorp as hoofkwartier vir sy toekomstige operasies te gebruik. Omdat die dorp nie aan die spoor geleë was nie, was hy afhanklik van konvooie wat sy voorrade vanaf Klerksdorp moes aankarwei. Op 25 Februarie is een sodanige konvooi tussen Yzer- en Jagspruit tussen Wolmaransstad en Klerksdorp deur die Boerekommando's onder generaals De la Rey, Cilliers, Liebenberg en Kemp aangeval en 'n vernietigende slag toegedien. Uit weerwraak het Kekewich Wolmaransstad verder verwoes en die dorp toe op 1 Maart laat ontruim sodat Von Donop ook met die agtervolging

[73] Ambtelijke verslagen van generaal J.H. de la Rey en Generaal J.C. Smuts, alsook andere stukken betreffende den oorlog in Zuid-Afrika, kort geleden ontvangen door de Boerenvertegenwoordigers in Europa, en met hun toestemming openbaar gemaakt, p.6.

[74] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.172.

[75] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.173-174.

[76] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.166-171.

van De la Rey kon help.[77] Op 31 Maart het die Wolmaransstadters onder genl. Du Toit en die kommando's van Kemp, De la Rey en Liebenberg by die sameloop van die Brakspruit en die Hartsrivier 'n onsuksesvolle aanval op 'n Engelse troepemag onder Cookson uitgevoer. Die Wolmaransstadse kommando het in hierdie geveg byna 'n tragedie veroorsaak toe hulle weens 'n misverstand op genl. Kemp se manne losgebrand het.[78]

Die Wolmaransstadse kommando het tot aan die einde van die oorlog bly veg deurdat hulle aan die heel laaste veldslag van die oorlog, naamlik dié te Rooiwal op 11 April 1902, deelgeneem het. Die oorlog sou egter vir hulle op 'n tragiese noot afgesluit word, want tydens genoemde slag het kmdt. Potgieter en 23 van hulle burgers gesneuwel. Dit was vir hulle 'n hoë tol om te betaal, des te meer nog so, aangesien die vredesonderhandelinge toe reeds aan die gang was. Vir hulle was daar egter die troos dat hulle kommandant deur die vreeslose en onverskrokke wyse waarop hy tydens die slag vooraan sy kommando in die spervuur van die vyand ingejaag het, sy naam in die annale van die Boerehelde van die Afrikanervolk verewig het.[79] Met hierdie veldslag beëindig, was alle militêre konfrontasie tussen die twee Boererepublieke en Brittanje dus afgesluit. Volgens die verslag van genl. S.P. du Toit wat hy tydens die Vredesvergadering te Vereeniging op 15 Mei ingedien het, het sy kommando nog 450 berede krygsmanne tot sy beskikking gehad.[80]

[77] J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.182-183.

[78] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.593.

[79] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.604-605.

[80] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.610.

Terugskouend oor die voorgaande verslag van die burgers van Wolmaransstad se betrokkenheid by en die aandeel in die verdediging van hulle vaderland, blyk dit dat hulle hul kant terdeë gebring het. Nie net het die meerderheid onder hulle hul eie distrik na die beste van hul vermoë beskerm nie, maar ook was hulle bereid om vir die grootste deel van die oorlog die stryd ver en wyd buite die grense van hul distrik te gaan voer sonder om terug te deins vir die offers wat aldus noodwendig van hulle gevra sou word. Bittereinders was hulle dus in die ware sin van die woord.

Die relaas van die aktiwiteite van die burgers op kommando vorm egter net een deel van die verhaal van die oorlog. Daar was ook ander fasette van die oorlog, asook andere op die tuisfront wie se wel en wee eweneens help skrywe en substansie gegee het aan die geskiedenis van die oorlog soos dit Wolmaransstad, sy distrik en sy mense geraak het. Hierdie ander deel van die verhaal van die oorlog, naamlik die allesomvattende en vernietigende impak wat dit op die verskillende terreine van die burgerlike lewe in die dorp en distrik gehad het, sal voorts uitgelig en belig word.

Inligtingsbronne ter stawing en opheldering hiervan is beperk as gevolg van onder andere die sluiting van skole en staatskantore gedurende die oorlog wat die skepping van dokumente verhinder het, die vernietiging van die meeste van die kerklike dokumente en die feit dat oorlogsberigte alle ander tipe nuus in die koerante oorheers het. Die plaaslike koerante wat Wolmaransstad en distrik se nuusgebeure gewoonlik gedek het, naamlik De Potchefstroomer, het tydens die oorlog ook net tot 31 Mei 1900 verskyn en het tot op dié datum ook geen berig oor gebeure in en om Wolmaransstad geplaas nie. Gevolglik word Thos Leask se herinneringe weer eens as kernbron aangewend.

Oor die verloop van gebeure in die distrik gedurende die eerste paar maande van die oorlog is min bekend. Oor dié tydperk berig Leask slegs van die probleem van die traagheid van sommige burgers om

kommandodiens te verrig.[8.1] Die lewe het skynbaar sy normale gang gegaan, veral omdat die operasionele gebied in daardie stadium verafgeleë was. Met die boerdery het dit in die woorde van J.F. van Wyk ook toe nog "klopdisselboom" gegaan.[8.2] Die onderwys is egter onmiddellik ontwrig omdat die meeste onderwysers vir militêre diens opgeroep is en die skole gevolglik moes sluit. Sover vasgestel kan word het slegs vier van die twaalf skole wat in 1899 in die distrik bestaan het, begin 1900 heropen. Hulle is in elk geval toe almal in die loop van die eerste semester van die jaar gesluit.[8.3] Hesse se Ebenhaezerskool te Wolmaransstad het tot na die uitbreek van die oorlog bestaan, maar daar kan nie vasgestel word presies wanneer dit gesluit is nie. Die skoolgebou is in elk geval tydens die oorlog deur die Engelse vernietig.[8.4]

Met die uitbreek van die oorlog was sers. Campher in bevel van die polisiestasie. Die oorlogsituasie het soveel werk meegebring dat hy dit nie alles kon behartig nie en die landdros verplig was om, onder dekking van oorlogsmaatreëls, 'n groep spesiale polisie te benoem. Van die burgers wat in hierdie hoedanigheid diens gedoen het, was onder meer J.F. Scholtz, broer van F.J. Scholtz van Uitkyk, en "Klein" Piet le Roux. Een van die pligte van hierdie polisie was onder andere om, by gebrek aan bewaarders en fasiliteite, verraaiers aan Boerekant self te bewaak.[8.5] Dienslewering deur die poskantoor sou tot Mei 1900

[8.1] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.23-26.

[8.2] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.27.

[8.3] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.47-48 en 57-58.

[8.4] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.63.

[8.5] P.H.S. van Zyl, Geskiedenis van Wolmaransstad, p.106.

[8.6] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.89.

voortgaan.[86] Ook was landdros De Waal met die eerste besetting van die dorp deur die Engelse in Junie 1900 nog steeds in sy amp. Van die kerklike bedrywighede is, as gevolg van die vernietiging van kerklike dokumente tydens die oorlog, min bekend. Ons weet wel dat ds. M.P.A. Coetsee van die NH of G-Kerk nog tot in Mei 1901 in die dorp woonagtig was.[87] Uit rekords van die NH-Kerk blyk dit dat die doop gedurende 1900 en 1901 onderskeidelik twee en drie maal in Wolmaransstad bedien is en wel deur di. Strasheim en Coetzee.[88] Oor die bedrywighede van die Gereformeerde Kerk is geen inligting beskikbaar nie. Die kerkgeboue van beide die NH of G-Kerk en die NH-Kerk is tydens die oorlog erg beskadig toe dit deur die Engelse as forte en een selfs as perdestal gebruik is.[89]

Die uitbreek van die oorlog het ook die werk aan die dambouprojek, 'n lewensbelangrike onderneming vir dorpsontwikkeling, onmiddellik tot stilstand gebring. Die handel in die dorp sou nie dadelik ontwrig word nie, maar sou logieserwys algaande kwyn soos die voorrade deur die toedoen van die oorlog algaande skaarser en later onverkrygbaar sou word. So byvoorbeeld was vuurhoutjies teen die begin van 1901 al onverkrygbaar en is van tonteldose, wat deur J.F. de Beer vervaardig is, gebruik gemaak.[90] Leask wat ook in hierdie oorlog neutraal gebly het, het goeie sake met die kommando's gedoen. Om sy skulde van die regering van die ZAR te verhaal, moes hy egter in Maart 1900 na Pretoria toe reis waar hy in goud betaal is. Vir dié besoek moes hy 'n paspoort

87 Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.77.

88 Doop-boek der N.H. Gemeente van Wolmaransstad/Makwassie 1892 - 1 Januarie 1911, ongepagineer.

89 P.H.S. van Zyl, Geskiedenis van Wolmaransstad, pp.121 en 124.

90 Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.172.

van landdros De Waal verkry.[91] Te midde van die donker oorlogswolke wat teen April op die distrik begin aanrol het, het die natuurkragte ook vir 'n tragedie van 'n meer persoonlike aard gesorg toe twee kinders van Gert Visser in die maand in die dorp deur weerlig gedood is.[92]

Die eerste voorteken dat die oorlog na Wolmaransstad toe aan die naderskuif was, was teen Mei 1900 duidelik waarneembaar toe die Boerekommando's na genl. Cronje se oorgawe by Paardeberg noordwaarts begin terugval het en landdros De Waal toe opdrag gekry het om sy kantoorboeke en -rekords na Klerksdorp te neem. Die sowat 200 pond (R400,00) wat hy nog voorhande gehad het, het hy aan kmdt. Cronje oorhandig. Vanaf Klerksdorp is die dokumente toe per trein na Pretoria gestuur. Die trein is egter by Rietfontein deur die Engelse onderskep en net die huweliksregister het na die oorlog weer sy weg na die kantoor te Wolmaransstad teruggevind.[93] Dit dien hier vermeld te word dat pas na die uitbreek van die oorlog landdros De Waal die skuldbewyse vir donkies wat deur die burgers van die staat gekoop is, verbrand het. Dit het later geblyk 'n versiende stap te gewees het, want na die oorlog was die burgers van die distrik gevrywaar teen die eise van terugbetaling van die skuld aan die Koloniale owerheid, soos wat dit wel in die ander distrikte van die Transvaalkolonie die geval was.[94] Landdros De Waal het ook van pres. Kruger telegrafies opdrag gekry om met 50 man na Wolmaransstad terug te keer, alle oorgeblewe burgers in die distrik bymekaar te maak en Lord Roberts se proklamasie, waarin die burgers van die ZAR aangeraai is om die wapen neer te lê en 'n eed van neutraliteit af te lê, te opponeer. Die jurisdiksie van die distrikte

[91] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.34.

[92] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.42.

[93] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.55.

[94] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.52-53.

Lichtenburg en Bloemhof is ook skriftelik deur kommandante Hendrik Vermaas en Tollie de Beer aan De Waal opgedra.[95]

Tussen 16 en 19 Mei het Wolmaransstad die eerste van vele besoeke van 'n militêre mag ontvang toe die Krugersdorpse kommando onderweg van Veertien Strome hier oorgebly het.[96] Met die oog op die aantog van die Engelse magte uit die Suide het die regering dit gerade geag om op 23 Mei die telegraafkantoor op Wolmaransstad te sluit. Die pos- en telegraafklerk, R.W. Thornton, moes toe ook maar noodwendig sy ontslag neem. Die laaste poskar na die dorp het op 24 Mei aangekom en weer dieselfde aand na Klerksdorp teruggekeer. Die telegraafkantoor is egter weer tussen 28 Mei en 8 Junie deur die regering van die ZAR vir militêre dienste gebruik en ook weer vir 'n klein tydjie tydens Huddleston se besetting van die dorp.[97]

Wolmaransstad het op 15 Junie 1900 die eerste maal sy vryheid verloor toe dit deur 'n afdeling Engelse soldate onder bevel van luit. C.G. Huddleston ingeneem is. Voor die inname het Huddleston van die Vrystaatse kant van die Vaalrivier af 'n boodskap aan die inwoners van die dorp gestuur dat van die Boere-offisiere hom en ongeveer twaalf soldate by die Vaalrivier moes kom ontmoet, na die dorp geleide moes doen en dat die Boere dan hul wapens daar moes neerlê. Indien hulle nie tot hierdie stappe bereid was nie, sou hy 'n groot aantal troepe instuur om die dorp en die omgewing te verwoes. Weens die afwesigheid van die distrikskommando het die inwoners op die tydstip nie juis veel van 'n keuse gehad nie en het toe aan die eise moes toegee. Kmdt. Thinus Rensburg en veldkornet N.J. Basson is toe gestuur om Huddleston en sy soldate van die Vaalrivier af na die dorp toe geleide te doen. Die twee burgers is egter 'n paar dae lank deur die Engelse aangehou ten einde

[95] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.54-55.

[96] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.88.

[97] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.89.

die soldate se veiligheid te waarborg. By hulle aankoms in die dorp het die soldate dadelik 'n klein Union Jack gehys. Huddleston het nie van die vlagpaal voor die winkel gebruik gemaak nie, maar 'n eie vlagpaal op die hoek van 'n agterkamer van Leask se winkel opgerig. Hierdie vlag is eers weer gestryk toe Huddleston die dorp ontruim het. Landdros De Waal en ene mev. Hesse het die vlag gestryk, by welke geleentheid mev. Hesse, uit skynbare minagting daarvoor, dit op die grond vertrap het. Hierdie optrede het haar duur te staan gekom. Dit moes skynbaar die ore van die Engelse bereik het, want toe Methuen se kolonne die dorp hierna weer aangedoen het, is sy sonder meer deur hulle weggevoer.

By sy aankoms in die dorp het Huddleston die landdroskantoor beset. Aan die groot groep mense wat voor die kantoor versamel het, het hy nou Lord Roberts se proklamasie laat voorlees.[98] Volgens Leask het landdros De Waal dit voorgelees en vertaal. De Waal het egter sodanige optrede ontken, skynbaar uit vrees vir konfrontasie met die Boere wat dit tot gevolg kon hê. Hierna moes elke manlike burger, ongeag sy nasionaliteit, voor Huddleston die eed van neutraliteit by wyse van sy handtekening in 'n boek, aflê. Huddleston het die burgers ook meegedeel, dat aangesien Pretoria in die hande van die Engelse was, die oorlog dus teoreties beëindig was. Van die burgers sou slegs verlang word om hulle wapens en ammunisie in te lewer, huis toe te gaan, daar te bly en nie rond te gaan en nuus te versprei nie. Meer as 100 gewere, hoofsaaklik voorlaaiers, maar ook 'n paar Mausers, is as uitvloeisel van dié opdrag deur die burgers te Wolmaransstad aan die Engelse oorhandig. Die Mausers is stuksgewys na Kroonstad gestuur, terwyl die voorlaaiers se lope gebuig, op 'n hoop gegooi en aan die brand gesteek is.[99] Die dorpsbewoners moes ook al hulle wapens en ammunisie inlewer. Leask het egter van Huddleston verlof gekry om sy rewolwer te behou.[100] I.D.

[98] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.43.

[99] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.44-45.

[100] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.46-47.

Bosman, die staatsaanklaer, het aan Huddleston 'n plek aangewys waar die Boere 'n hoeveelheid ammunisie begrawe het. Vir hierdie optrede is Bosman toe later deur die Boere in hegtenis geneem en van hoogverraad aangekla.[101]

Op die dag toe Huddleston die dorp beset het, het een van die poskantoorbeamptes met die hele voorraad seëls van die kantoor uit die dorp padgegee. Huddleston het toe op al die seëls in Leask se winkel beslag gelê. Hy het egter al die seëls met 'n stempel wat hy toe laat maak het, oorgestempel om daardeur aan te toon dat die dorp onder Britse beheer was.[102] Die pos- en passasiersdiens wat deur Masureik bedryf is, was toe nog in werking.[103] Huddleston het die dorp tot op 17 Julie 1900 beset. Omdat die akkomodasie in die hotel hom nie geval het nie, het Leask hom gehuisves. Hy was 'n arrogante, onvergenoegde en veeleisende karakter wie se optrede menige kwaai berisping van mev. Leask ontlok het. By die burgers was hy ewe ongewild weens die minagting en ongevoeligheid waarmee hy hulle behandel het.[104] Die uitreiking van passe vir swartes wat hy aan Leask opgedra het, het ook aanleiding gegee tot die arrestasie van laasgenoemde in Augustus 1900 deur die Boeremagte op 'n klag van hoogverraad waarvoor hy egter net 'n skrale boete van vyf pond (R10,00) opgelê is.[105]

Huddleston het ook swartes aangestel om deur die distrik te gaan en inligting by swart plaasarbeiders oor die bewegings en aktiwiteite van die Boere en ook oor moontlike versteekte ammunisie te bekom. Hy het

[101] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.47.

[102] J. Orford-versameling, verw. 41, p.89.

[103] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.202.

[104] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.45-46.

[105] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.49.

dan ook op grond van inligting wat hy op die wyse bekom het na sogenaamde versteekte ammunisie op die plaas Bezuidenhoutskraal van Jac Geldenhuys gaan soek. Die gewaande ammunisie was toe egter niks meer as breekgoed nie.[106] Huddleston het Wolmaransstad op 27 Julie in aller yl ontruim nadat hy inligting bekom het dat 'n Boerekommando onder genl. Piet Liebenberg Klerksdorp ingeneem het en die verdedigende Britse soldate gevange geneem het. Van Leask het hy 'n paar perde, 'n perdekar en 'n Boesmandrywertjie opgekommandeer. Van hulle sou Leask nooit weer enige taal of tyding ontvang nie.[107] Tydens sy verblyf in die dorp het Huddleston ook 'n aantal waens wat van Kimberley af onderweg was met voorrade bestem vir Leask se winkel, by Bloemhof laat voorkeer en na Kimberley teruggestuur. Volgens Leask is hy, ondanks kwitansies wat hy van die Engelse ontvang het vir voorrade wat hulle van hom opgekommandeer het, nie deur hulle vergoed nie.[108] Genl. S.P. du Toit het ook kwitansies vir goedere wat deur sy kommando's opgekommandeer is, verskaf, maar die was van weinig waarde omdat die regering van die ZAR dit in elk geval in hierdie stadium nie meer sou kon betaal nie.[109]

Met sy vertrek het Huddleston 'n groot hoeveelheid ammunisie in die dorp agtergelaat. Leask was bang dat dit in die hande van die Boere kon val en dat hy dan van hulpverlening aan die Boere deur die Engelse beskuldig kon word. Daarom het hy en Jacob Clouston die ammunisie probeer versteek deur dit deur die luggate in die buitemuur onder die vloer van Leask se huis in te gooi. Toe hulle egter berig ontvang het dat genl. De Wet in die omgewing was en hy die gebruik gehad het om

[106] Wolmaranstad-versameling, verw. 6, p68.

[107] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.171.

[108] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.171. (Kyk Bylae A vir voorbeeld van kwitansie deur Engelse uitgereik.)

[109] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.171.

plankvloere te lig op soek na onder meer ammunisie en vuurwapens, het hulle dit gerade geag om 'n gat in die vloer te saag, die ammunisie weer uit te haal en gedurende die nag in die spruit te gaan gooi.[110] Op 14 Augustus het genl. S.P. du Toit die dorp toe weer ingeneem, 'n aantal persone van wie die name reeds verstrek is, gearresteer en weer 'n landdros en 'n staatsaanklaer aangestel.[111]

Enkele dae tevore, op 10 Augustus, is vyftien ZAR-burgers vanaf Klerksdorp na Wolmaransstad oorgeplaas om hier voor 'n militêre krygsraad op 'n aanklag van hoogverraad tereg te staan. Die Ebenhaezerskool het in hierdie geval as gevangenis gedien. Die militêre hof het bestaan uit ene Rothman van Klerksdorp as staatsaanklaer, Cornelis Watermeyer as klerk van die hof en uit kmdt. C.M. Doughwaite van Potchefstroom, en landdros W.H. Neethling en Koos Boshof, beide van Krugerdorp as regters.[112] Vyf van die beskuldigdes, te wete R. McLachlan, J.P.D. Theunissen, H. Ahrens, R.Boyd en C.J. Matthysen, is die doodstraf opgelê. Ondanks 'n petisie om begenadiging wat deur 218 burgers onderteken is, is die vonnis op 23 Februarie 1901 te Wolmaransstad voltrek.[113] Die wyse waarop die vuurpeloton onder bevel van George Bredenhan die beskuldigdes tereggestel het, naamlik èen-een en nie gelyktydig nie, en die feit dat Boyd, wat, na die eerste sarsie hom getref het, nog gelewe het en toe deur landdros Pearson met 'n rewolwer in die graf waarin hy geval het, doodgeskiet is, het aan die hoogverraadsaak 'n weersinwekkende nadraai gegee. Op 27 Februarie is vier van die lyke opgegrawe, in kiste geplaas wat deur naasbestaandes

[110] J.Orford-versameling, verw. 41, p.90.

[111] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.49.

[112] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp. 50 en 56-59.

[113] A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p.38.

gebring is en toe weer begrawe. Twee jaar later op 29 Oktober 1903 sou die kiste weer opgegrawe en op Klerksdorp herbegrawe word.[114]

Gedurende Oktober en November 1900 is verskeie Engelse offisiere te Wolmaransstad gevange gehou. Die gewondes onder hulle is deur Leask behandel. Toe die gevangenes later na die Engelse magte te Christiana oorgeplaas is, het Leask briewe wat vir sy kinders in Engeland bestem was, in 'n uitgeholde kruk wat deur een van die beseerdes gebruik is, na die Engelse deurgesmokkel.[115] Op 4 Februarie 1901 is Leask skriftelik deur genl. J.C. Smuts versoek om burgerlike- en krygsgevangenes waar nodig in Wolmaransstad geneeskundig te behandel.[116] Reeds van Julie 1900 tot Julie 1901 het Leask ook geneeskundige hulp aan gewonde en behoeftige burgers van die distrik teen betaling van tien sjielings (R1,00) per dag verskaf. Tydens dié periode is die eise wat hy hiervoor teen die regering van die ZAR ingedien het, onderskeidelik deur H.L. de Waal, F. Pearson en genl. S.P. du Toit as waarnemende landdroste onderteken.[117] Waar die regering van die ZAR tydens die Anglo-Boereoorlog nie in 'n posisie was om die eise uit te betaal nie, wou die Britse regering ook nie na die oorlog vir dié eise aanspreeklikheid aanvaar nie.[118]

Na Huddleston se vertrek het meer as ses maande verloop waarin die Engelse nie hul opwagting in die dorp gemaak het nie. Op 11 Februarie het dit toe bekend geword dat Methuen met 'n groot troepemag uit die Suidweste na die dorp onderweg was. Genl. Du Toit wat op hierdie

[114] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.56-58.

[115] J. Orford-versameling, verw. 41, p.94.

[116] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.62.

[117] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.181-193.

[118] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.178.

tydstip in die dorp was, het Methuen net buitekant die dorp gaan voorlê. Die Engelse oormag was egter skynbaar veels te groot, want teen dagbreek die volgende oggend was dit Du Toit en sy manskappe wat inderhaas in die rigting van Driefontein op die vlug moes slaan. Die troepemag onder bevel van kol. Wright kon die dorp toe sonder enige weerstand inneem. Die ontsetting van die hoogverraadgevangenes was hulle vernaamste doelwit. Hierin is hulle egter gedwarsboom, aangesien die gevangenes reeds die vorige dag na 'n onbekende bestemming verskuif is. Hulle sou Pearson ook bitter graag vir sy aandeel aan die hoogverraadsaak wou vang, maar hy het net betyds met kar en perde uit die dorp kon vlug.

Tussen Leask en die Engelse was daar skynbaar 'n redelike verstandhouding. Van die offisiere het byvoorbeeld by hom oornag terwyl hy weer sy mediese voorraad by hulle Rooi Kruis aangevul het. Kol. Wright het ook die kerk se nagmaalbeker wat deur die troepe gebuit was, aan Leask besorg. Hy was glo daarop gesteld dat kerke onaangeraak gelaat moes word. Sy troepe het egter by die deursoek van geboue groot vernielsug aan die dag gelê, deurdat hulle deure nie oopgemaak het nie, maar eenvoudig met geweerkolwe oopgekap het. Hiervan sou die stukkende deure aan die agterkant van Leask se huis later getuig. Die Engelse het op die markplein en by die dam gekampeer. Op die 14de was die troepe by die dam in 'n kort skermutseling met die Boere, wat hulle van Driefontein se kant af aangeval het, betrokke. Met hul vertrek na Klerksdorp op 15 Februarie het die Engelse dit nodig gevind om nog eers op twee sakke na al Leask se koring te verbrand en op een koei na al sy vee weg te voer. Kol. Kelly het landdros De Waal se huis geplunder, maar is deur Leask se tussenkoms verhinder om die buit saam te neem.[119]

Teen voordag van 6 Maart het een van Methuen se kolonne die dorp weer binnegetrek. Hulle het gehoop om die Boere, waarvan daar egter toe geëneen was nie, in die donker te verras. Wronsky en Pearson het egter

[119] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.65-68.

die slag in die Engelse se hande beland. Op grond van aantygings teen hom was Leask ook die dag in 'n staat van arres totdat mev. I.D. Bosman die beskuldiging teen hom as onwaar ontmasker het en hy weer vrygelaat is. Voor hulle vertrek het die Engelse ook die tronk en Edeling se meule afgebrand.[120] Die volgende dag het genl. J.C. Smuts en die dag daarna genl. De la Rey met hulle kommando's hulle opwagting in die dorp gemaak. Die generaals het hul etes, wat as gevolg van kosskaarste, hoofsaaklik uit variante van mieliemeelgeregte bestaan het, by die Leasks genuttig, maar elders in die dorp oornag. Leask het egter sy winkel "per ongeluk" oopgelos, sodat die generaals hulself aan komberse kon help. Leask het 'n paar gewonde burgers verpleeg en aan De la Rey medisyne teen malaria verskaf. Die kommando's het weer op 10 Maart vertrek. 'n Paar dae daarna het die Leasks, as beloning vir hulle gasvryheid, van genl. Smuts 'n halfsak boermeel as geskenk bekom.[121] Van Smuts het Leask ook 'n skriftelike bewys gekry waarvolgens hy gevrywaar moes word teen molestering of wegvoering deur die Boerekommando's.[122]

Op 22 Mei het 'n Engelse troepemag onder kol. Henry Rawlinson die dorp aangedoen. Van die Engelse het Leask, in ruil vir 'n vrag hout, 'n hoeveelheid tee en suiker bekom, asook 25 skape wat egter almal weer die volgende dag gesteel is. Leask het in daardie stadium nog hout teen een pond vyf (R2,50) 'n vrag opgekoop.[123] Van die Engelse het Leask toestemming gekry om die mielies op sy plaas Weltevreden 33 te gaan oes. Hierin is hy egter deur 'n ander Engelse kolonne voorgespring. Voor hulle vertrek het die Engelse nog sowat 400 skape wat te swak was om die trek na Klerksdorp te kon meemaak, doodgemaak. Vir die vroue van die dorp was die skaapkarkasse wat die Engelse net so laat lê het, wat

[120] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.69-71.

[121] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.82-82.

[122] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.42.

[123] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.169.

voedsel aanbetref, 'n groot uitredding, hoewel hulle hoofsaaklik net die vet kon benut.[124]

Die finale nekslag vir die gemeenskap te Wolmaransstad is op 25 Julie 1901 deur die Engelse toegedien toe hulle alle inwoners uit die dorp weggevoer het. Twee dae tevore het die kolonne van kol. G. Hamilton die dorp binnegetrek. Soos hulle getrek het, het hulle in die tradisie van die "verskroeide aarde-beleid", 'n spoor van verwoesting in die distrik nagelaat. Van Wolmaransstad af kon byvoorbeeld die rookwolke wat van die brandende huise te Driefontein opgestyg het, gesien word. Op die 24ste is die inwoners aangesê om net met hulle beddegoed dam toe te gaan waar hulle toe ook in die buitelug oornag het. Die volgende oggend het Leask weer by sy huis aangegaan, net om dit gestroop en in 'n toestand van algehele wanorde en vernieling aan te tref. Selfs hulle klavier was gebuit en was reeds op een van die waens gelaai.

Die tien families se besittings is op een wa gelaai. Die Leasks het in 'n spider gery wat agter aan die wa gekoppel was. Die tog na Klerksdorp, wat oor Brandewijnskuil gegaan het, het 'n volle week geduur. Toe die konvooi by Afrikaskop verbygetrek het, het hulle op 'n klompie burgers wat daar saamgetrek was, losgebrand en hulle verjaag. Onderweg is honderde skape op die plase gebuit en vir die daaglikse proviand geslag. Rooi Jan Jonker se vrou is op haar plaas gevang en saamgeneem. Sy het egter nog sommer die eerste nag na hul aankoms in Klerksdorp uit die konsentrasiekamp ontsnap en teruggeloop plaas toe. In Klerksdorp is die Wolmaransstadters in 'n konsentrasiekamp geplaas. Die Leasks het egter toestemming verkry om op eie koste by privaatpersone in die dorp te gaan bly. Hulle het onder andere ook by mnr. Hesse, die gewese onderwyser van Wolmaransstad, wie se vrou elders in 'n kamp was, tuisgegaan.[125] Op die hakke van Hamilton se kolonne het dié van Williams deur Wolmaransstad getrek en die plundering aldaar voortgesit. So

[124] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.78-80.

[125] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.94-100.

byvoorbeeld is 'n aantal van Leask se foto's in besit van soldate van William se troepemag gevind toe hulle Klerksdorp aangedoen het.[126]

Met Wolmaransstad ontruim en die distrik sodanig verwoes, verlate en ontvolk, het daar nou 'n periode aangebreek wat meer as tien maande sou duur waarin daar, wat die burgerlike lewe in die distrik aanbetref, niks en niemand juis was om oor te rapporteer nie en ook met Leask in Klerksdorp woonagtig, niemand om gebeure te kon boekstaaf nie. Afgesien van die militêre aktiwiteite wat tydens die res van die oorlog in die distrik voorgekom het, dra ons wel kennis van die verdere verwoesting van die dorp in Februarie 1902 deur Von Donop en dat pres. M.T. Steyn van die einde van April tot begin Mei 1902 eers op 'n plaas en toe in 'n verwoeste huis in die dorp geskuil het ten einde fisies aan te sterk.[127] Hierdie andersins "geskiedenislose" fase sou tot op 11 Junie 1902 duur, die dag waarop die Wolmaransstadse burgers hulle wapens in die dorp kom neerlê het en ook waarop Leask na die dorp teruggekeer en weer gebeure van die dag begin opteken het.[128]

Seker die belangrikste faset van die burgerlike lewe van 'n plattelandse gemeenskap soos Wolmaransstad was sy boerderybedryf. Voorts sal nagegaan word hoedat militêre aktiwiteite boerdery ontwrig, ondermyn, laat kwyn en stagneer het en uiteindelik totaal verwoes het en die toestand weer op sy beurt belemmerend op die Boere se oorlogspoging ingewerk het. Vir bykans die eerste jaar het die oorlog weinig invloed op die boerderypatroon gehad. In die verband verklaar P.H.S. van Zyl dat die meeste huisgesinne in die distrik tot aan die einde van 1900 slegs van die oorlog bewus was in soverre hul vaders en seuns op kommando was en die feit dat die moeders self die boerdery moes behartig. Vir

[126] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.104.

[127] J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p.259.

[128] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.127.

dié taak was die vroue goed opgewasse en oorlogstoestande was ook nog sodanig dat hulle dit redelik ongehinderd kon voortsit.[129] Ook het baie burgers na die grootskaalse wapenneerlegging in Junie 1900 na hul plase teruggekeer en 'n paar maande lank hul normale boerderyaktiwiteite voortgesit. 'n Deel van die oeste is privaat verkoop, maar is verder hoofsaaklik vir militêre gebruik deur die Boere opgekommandeer.[130]

Die posisie sou egter ingrypend verander na die implementering van die "verskroeide aarde-beleid" van Kitchener wat van Desember 1900 af van stapel gestuur is. Dié beleid wat 'n reaksie op die guerilla-oorlogvoering van die Boeremagte was, was daarop gemik om die Boere se weerstand finaal te probeer breek deur hulle bronne van voedselvoorsiening en ander lewensmiddele te vernietig. Alle vee op die plase is òf weggevoer òf doodgeskiet of met die swaarde of bajonette doodgesteek. Dieselfde lot het perde, wat nie deur die Engelse benodig was nie, getref. Hierdie slagting onder die perde het die Boerekommando's swaar getref, aangesien perdesiekte ook nog tydens die oorlog sy tol onder die Boere se troppe geëis het.[131] Die ZAR was dan ook verplig om tydens die oorlog perde en slagvee in die Vrystaat te gaan opkoop. Die diere is deur die krygskommissaris tot in Wolmaransstad gebring en van hier af onder die verskillende kommando's versprei.[132] Van die gebruiklike plekke in die distrik waar vee bymekaargemaak en van kant gemaak is, was ten weste van die dorpsdam, op Driefontein en op Waagkraal.[133]

[129] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.137.

[130] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.28.

[131] J. Oosthuisen, *Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog*, p.524.

[132] J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en reg*, p.383.

[133] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.52.

Op landbougebied het die Boere nog so lank moontlik probeer ploeg en saai. Die gesaaides is egter gewoonlik, sodra dit op was, òf deur die Engelse vernietig òf deur hulle diere afgewei. Die ryp gewasse is òf vernietig òf geroof. Die Engelse het hulle dan ook spesiaal daarop toegelê om meulens, dorsmasjiene en ander landbougereedskap te vernietig.[134] Plaaswonings en buitegeboue is vernietig deur dit aan die brand te steek of selfs met dinamiet op te blaas.[135] Toe die afbrand van wonings in die distrik 'n werklikheid begin word het, het die Boere van hulle waardevolste besittings begrawe of op allerlei oorspronklike wyses versteek. Veldkornet Van Wyk het byvoorbeeld meubels en 'n groot voorraad voedsel en voer in 'n "blinde" vertrek sonder deure en vensters aan sy huis toegebou.[136]

Die eerste geval van huisverbranding in die distrik was egter die uitvloeisel van 'n gekskeerdery van twee burgers, Cornelius van Wyk en Ben Greyling, met die Engelse. Hulle was twee wagte wat die Engelse troepebewegings vanaf 'n koppie op Uitkyk dopgehou het. Spelenderwys het hulle toe skynbaar 'n sakdoek aan 'n stok gehys om die Engelse se aandag te trek. Toe die Engelse kom ondersoek instel het, moes hulle vlug. Die Engelse het hulle tot op Leeuwfontein agtervolg waar hulle die burgers se identiteit opgespoor het. Uit weerwraak is Cornelius se ouerhuis toe afgebrand.[137] Reeds in Desember 1900 het die burgers van die distrik 'n voorsmakie van wat die "verskroeide aarde-beleid" geïmpliseer het, gekry. Aan die hand van die dagboek van H.L. Graen, 'n plaasbesoekende onderwyser wat hom teen Kersfees op die plaas Brandhoek van Piet Fouche bevind het, word 'n strooptog wat op Kersdag

[134] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.524.

[135] E. Hobhouse, Die smarte van die oorlog en wie dit gely het, p.256.

[136] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.96-97.

[137] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.93.

deur die Engelse op dié plaas uitgevoer is, beskryf. Die Engelse het op al wat leef en beef op die plaas losgetrek, selfs met kanonne. Honderde beeste is weggevoer, die huis is omgedolwe en al die voedselvoorrade gebuit. Die werf is ook van hoenders, ganse en eende gestroop.[138]

Die volskaalse vernietiging van huise, vee, voedselvoorrade en gesaaides sou egter die distrik eers teen Mei 1900 tref. Op die 22ste van dié maand het die Engelse op Witpoort toegeslaan, huise verbrand, 2-3000 skape gedood of vermink en die vrouens, kinders en beeste weggevoer. Volgens Graen se dagboek was die Engelse se uitwissingskolonne tot en met die einde Julie baie bedrywig in die gebied tussen die dorp en die Vaalrivier. Brandhoek en Matjiesspruit word dan ook onder andere in die dagboek vermeld as plase wat in die slag gebly het.[139] Die westelike deel van die distrik het teen die einde van Julie onder die vernielsug van die kolonne onder kol. G. Hamilton deurgeloop Hy het Wolmaransstad uit 'n westelike rigting genader en alles in sy weg in puin gelê. Tereg word daar dan in Leask se herinneringe na hom as 'n "burning Jonnie" (sic) verwys.[140] Op die dorp self het hy byvoorbeeld John Clouston se huis laat afbrand.[141]

Met die ontruiming van Wolmaransstad op 25 Julie 1901 was die "verskroeide aarde-beleid" ten opsigte van die distrik haas volvoer. Vrouens en kinders wat nie op vlug was nie, was reeds in konsentrasiekampe gewees, terwyl daar gewis weinig plaaswonings was wat nog ongeskonde was. Die enigste geval bekend waar wonings in die distrik tydens die res van die oorlog afgebrand is, was aan die hand van

[138] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.142-143.

[139] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.144-144.

[140] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.94.

[141] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.160.

Von Donop in Februarie 1902 in Wolmaransstad self. Die vernietiging van die veekuddes en die oeste, as synde die voedselbronne vir die burgers en hulle perde, sou logieserwyse verlammend op die Boere se oorlogspoging ingewerk het en het beslis tot die latere kapitulasie van die Boere bygedra. Tog was dié faktor by die bittereinders nie die deurslaggewende een wat hulle beweeg het om die wapen neer te lê nie. 'n Belangriker beweegrede hiervoor is eerder te vinde in die ontberings van hulle vrouens en kinders op die plase, as voortvlugtendes en in die konsentrasiekampe waaraan die burgers nie langer hul geliefdes deur die voortsetting van die stryd wou blootgestel het nie.

Hierdie faktor sou ook wel deeglik ten opsigte van die vrouens en kinders van die Wolmaransstadse distrik geldend wees. Die stryd om oorlewing het vir meeste gesinne met die implementering van Kitchener se uitwissingsbeleid ingetree. Daar was egter ook diegene wat reeds met die uitbreek van die oorlog in 'n bestaanskrisis beland het. Talle Boeregesinne was, om redes soos in hoofstuk vier aangetoon, op die vooraand van die oorlog in 'n staat van verarming. Dadelik na die opkommandering van burgers in Oktober 1899 moes elke distrik verslae by die regering indien met die oog op voedselvoorsiening aan agtergeblewe vrouens en kinders. Uit die rapport wat van Wolmaransstad ontvang is, het dit geblyk dat daar sowat 200 gesinne in die distrik was wat nie in hul eie behoeftes kon voorsien nie. Die nood van dié gesinne sou in die loop van die oorlog dus noodwendig net kon vererger.[142] Die eerste saamgroepering van vlugtende vroue en kinders in die sogenaamde "vrouelaers" het in Mei 1900 in die distrik voorgekom. Dit was die families van Griekwalanders wat hulle by die republikeinse magte aangesluit het en wat nou noordwaarts voor die oprukkende Engelse gevlug het. Die nood in hulle geledere was hoog en gevolglik is baie voedsel, klere en medisyne vir hulle gekollekteer.[143] In die distrikte Bloemhof en

[142] A.N. Pelzer, Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek..., Historiese Studies, jrg. 3, pp.55-56.

[143] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.32.

Wolmaransstad self was daar ook sodanige paniek dat baie gesinne hulle huise verlaat en by genl. Du Toit se kommando beskerming gaan soek het.[144] Na die wapenneerlegging in die distrik in Junie 1900 en die terugkeer van baie burgers na hul plase, het daar vir die res van die jaar vir die vroue en kinders 'n tydperk van relatiewe gemoedsrus ten opsigte van hulle veiligheid geheers.

Vanaf begin 1901 het die Engelse egter die vroue en kinders indirek ook die stryd aangesê deur hulle van hulle tuistes weg te voer met die oog op plasing in, wat hulle "vlugtelingkampe" genoem het.[145] Ter regverdiging van hierdie optrede het hulle aangevoer dat die plasing van die vroue en kinders in dié kampe in hulle eie beswil was, omdat hulle op die plase onder andere aan die gevaar van aanvalle deur swartes blootgestel was. Die ware motief was egter dat hulle die Boerekommando's se bronne van voedsel en ander lewensmiddele totaal wou vernietig. Ten einde die oogmerk te bereik het hulle dan ook sover moontlik alles bruikbaars op die plase vernietig. Noodwendig moes die boeregesinne nou weggevoer word om in konsentrasiekampe gehuisves te word.

Soms is hulle egter weke lank in trollies saam met die Britse kolonne rondkarwei. Hiervoor was daar ook wel 'n laakbare rede. Snags is die vroue naamlik reg om die Britse kamp geplaas om die Engelse van 'n nagaanval deur die Boere te vrywaar. Toe die vroue hierdie taktiek van die Engelse agtergekom het, het baie probeer ontsnap. Die Engelse het egter nie geskroom om op die ontsnaptes te vuur nie. In die proses het baie vroue dan ook die lewe gelaat.[146] Vrouens wat ontsnap het, is

[144] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.294.

[145] E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het*, p.108.

[146] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, pp.524-525.

gestraf deur hulle besittings te verbrand.[147] Reeds vanaf begin 1901 het vroue en kinders van hulle plase af begin vlug. Aan die hand van die herinneringe van 'n paar vroue sal gepoog word om enigsins 'n beeld van die ontberinge van die vroue en kinders van die distrik tydens die oorlog weer te gee. Mev. P.B. Wolvaardt het in Januarie 1901 van haar plaas af met vyf van haar kinders gevlug. Na sewe maande se rondswerwe is sy by Brandfort gevange geneem en aldaar in 'n konsentrasiekamp geplaas. Tydens die vlug en die verblyf in die kamp het vier van haar kinders gesterf. In Augustus 1902 het sy na die plaas en haar nou afgebrande huis teruggekeer.[148]

Mev. Hester Jacobs van die plaas Cyferfontein, distrik Hartbeesfontein, is op 22 Julie op die plaas Klipfontein, distrik Wolmaransstad met haar twee kinders van drie jaar en jonger en vyf ander vroue gevange geneem. Onderweg na Wolmaransstad is nog vroue en kinders weggevoer. In haar herinneringe gee sy op 'n roerende wyse weer hoedat hulle op die tog weens hitte en koue, maar veral weens dors gely het. Op sadistiese wyse het die Engelse die water, waaraan daar geen gebrek was nie, gerantsoeneer. Die gesoebat van die kindertjies om water het weinig indruk op hulle of die swart wadrywers gemaak. Sy berig van die geween en die gekerm wat van die vrouens en kinders opgegaan het toe hulle hul huise in Wolmaransstad moes ontruim. Op die tog na Klerksdorp is daar 'n baba vir mev. C. Bornman gebore. Die betrokke nag moes die vrouens en die kinders in die bittere koue op die oop waens bly sit terwyl daar getrek is en ook nadat laer getrek is. Hulle moes die vernedering ervaar om in hulle toestand van verkluiming en dors te moes aanskou hoedat die swart wadrywers om die waens om die vuur sit en koffie drink en met die vrouens en kinders se nood die spot gedryf het. Eers teen vieruur die middag (16h00) is hulle toegelaat om van die waens af te klim.

[147] Ambtelijke verslagen van generaal J.H. de la Rey en generaal J.C. Smuts..., p.5.

[148] Anon (oorlogservaringe deur mev. Postma versamel), Stemme uit die vrouekamp, p.12.

Op 27 Julie het die Engelse sonder meer op die waens van vlugtelingfamilies losgebrand en die driejarige seuntjie van die Niemand-gesin gedood. Nege families is by die geleentheid gevange geneem. Met hulle aankoms in Klerksdorp was hulle in die woorde van mev. Jacobs "moedeloos, afgemat, vuil, ja swart van vuilis, met harte ineengekrimp van vrees en angs vir die toekoms".[149] Baie van die vroue en kinders wat hierdie tog meegemaak het, sou nie die ontberings in die kamp te Klerksdorp en Merebank, Natal, waarheen sommige oorgeplaas is, oorleef nie.[150]

Mev. E.J. van Rensburg was ook ten tye van die ontruiming van Wolmaransstad in die dorp woonagtig. Reeds by twee vorige geleenthede het sy uit die dorp gevlug as die Engelse in aantog was. Nou egter kon sy nie, daar sy haar skoonsuster, mev. Kies, wat ernstig siek was, by haar verpleeg het. Mev. Van Rensburg het die gedrag van Hamilton se plunderende soldate met die van 'n trop wilde honde vergelyk. Sy berig ook hoe tant Sanna Coetzee en haar dogtertjie deur twee perderuiters na die markplein aangejaag is en dat een van die ruiters, omdat sy nie vinnig genoeg kon beweeg nie, haar deur die perd laat raaktrap het. Aan die siek mev. Kies is geen genade betoon nie. Die Engelse het haar eenvoudig uit die huis laat dra en toe die huis aan die brand gesteek nadat hulle dit met olie bespuit het. Mev. Van Rensburg het in die Klerksdorpse en later die Merebankse konsentrasiekampe beland waar sy drie kinders aan die dood afgestaan het.[151]

Mev. Klazinga, eggenote van die waarnemende hoof van die Wolmaransstadse ambulans en 'n neutrale Hollandse onderdaan, is ook nie deur die Engelse ontsien nie. Op 1 Augustus 1901 is haar huis op

[149] E. Neethling, *Mag ons vergeet*, pp.153-159.

[150] E. Neethling, *Mag ons vergeet*, pp.159-163.

[151] Anon (oorlogservaringe deur mev. Postma versamel), *Stemme uit die vrouekamp*, pp.29-36.

Welverdiend deur hulle afgebrand nadat hulle eers haar man se apteek gestroop het. Sy en haar twee kinders, waarvan een 'n baba van twee maande, is toe na Taungs weggevoer en van hier in bees- en kooltrokke na Mafeking (Mafikeng) geneem. Haar verhaal oor die tog is een van koue, honger, dors, mishandeling en vernedering. Die lewe in die konsentrasiekamp in Mafeking het sy beskryf as synde 'n "stadige hongerdood en besmetting".[152] Die ontberinge wat die lewe in die kamp meegebring het, val buite die veld van hierdie studie. Daarom word volstaan met die opmerking dat, hoewel stawende dokumente in die verband ontbreek, die distrik Wolmaransstad, soos elke distrik in die twee Boererepublieke, in die konsentrasiekampe gewis ook 'n onberekenbare hoë prys aan vroue- en kinderlewens moes betaal.

'n Ander faset van die vrouens en kinders se stryd om oorlewing was die staat van vlugtelingskap waarin talle van hulle maandelank verkeer het. H.L. Graen se dagboek bied 'n kykie in die lotgevalle van sodanige vlugtelinggesinne op plase tussen Witpoort en die Vaalrivier. Hy berig hoedat hy en Piet Fouche en gesin met die vee in die nag van 13 Mei in die koue en donker vanaf Brandhoek na die plaas Leeuwbosch moes vlug. Hy vermeld hoedat, na 'n strooptog op Witpoort op 22 Mei toe huise verbrand en vee doodgemaak is, twee siek vroue aan die genade van twee ander vroue - waarskynlik ook sonder voedselvoorrade - aldaar gelaat is. Op 23 Mei was volgens Graen alle huise tussen die Makwassierante en die Vaalrivier ontruim, terwyl talle gelaaide waens van vlugtelinge langs die Vaalrivier gestaan het. Tot einde Julie het Graen en die groepie vlugtelinge by wie hy hom bevind het, in die distrik die Engelse bly ontduik. Hy meld van die verskriklike koue wat hulle tydens Julie ondervind het. Op 17 Julie was die groepie op die plaas Wildebeestkantoor waar die Boere graan versteek het. Die Engelse het dit skynbaar opgespoor, want dit was vernietig. Volgens hom was daar

[152] E. Hobhouse, Die smarte van die oorlog en wie dit gely het, pp.255-257.

toe eenvoudig niks meer om van te lewe nie. Hulle het nou die Vrystaat ingevlug waar hulle op 2 Augustus gevange geneem is.[153]

Die meeste vrouens en kinders wat gevlug het, - gewoonlik met ossewaens - het in sogenaamde "vrouelaers" saamgetrek. Die laers het gewoonlik snags getrek en bedags stilgelê. Die laers het periodiek die beskerming van rondtrekkende Wolmaransstadse kommando's geniet. 'n Grootskaalse vlug vanaf die plase het in Julie 1901 voorgekom toe kol. Rawlinson se kolonne Wolmaransstad uit die Weste genader het. In een stadium was daar soveel as 60 waens in die laer op Leeuwfontein bymekaar. Dit was egter 'n moeilike taak om met die waens lank uit die kloue van die berede Engelse troepe te bly. Waar die Engelse 'n vrouelaer verower het, het hulle die oortollige waens uitgebrand en die osse wat nie meer die pas kon volhou nie, doodgeskiet. By die verowering van die vrouelaers het die Engelse nie gehuiwer om van geweer- of selfs kanonvuur gebruik te maak nie.[154] Hoewel die Engelse vanaf Julie 1901 slegs periodiek in die distrik militêr bedrywig was, het hulle geensins hul jagmaak op vrouens en kinders verslap nie. Gevolglik was daar families soos die van oom Ockert Koekemoer wat vir die duur van die oorlog voortvlugtig was en nie in die Engelse se hande geval het nie.[155] Die ontberings van die voortvlugtige families sou egter nooit kon opweeg teen die lot van die ongelukkiges wat gevang sou word en in die kampe te Klerksdorp, Merebank of Howick sou beland nie.[156]

Talle krygsgevange mans en seuns van die distrik het eweneens hul weg na kampe gevind, kampe egter ver buite die grense van hul vaderland

[153] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.143-145.

[154] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.101-112.

[155] O. Koekemoer, Mondelinge mededeling aan outeur te Wolmaransstad in 1985.

[156] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.146.

waar hulle bannelinge was wat na die oorlog slegs na hul land kon terugkeer indien hulle bereid was om die eed van getrouheid aan Groot Brittanje af te lê. Wolmaransstadse burgers is na kampe op St. Helena, in Indië en op Bermuda weggevoer. In Bermuda was daar onder andere burgers Izak Potgieter, Coenraad Bezuidenhout, Nicolaas Campher en Karel Zastron. (Kyk foto op volgende bladsy.) Landdroste De Waal en Pearson,[157] asook J.F. van Wyk, outeur van *Die Mauser knal*, en sy broer Adrian het byvoorbeeld weer in Indië beland.[158]

Toestande in dié krygsgevangenekampe was nie naastenby so haglik soos in die konsentrasiekampe nie. Desondanks het hulle ook hulle kwota aan ongevalle opgelewer. Ook van die burgers van Wolmaransstad het sommige 'n graf in die vreemde gevind. Burgers J.H. Broese en J.D. van der Westhuysen is byvoorbeeld in ballingskap op St. Helena oorlede.[159] Burger Cornelis Claassen is reeds tydens die seereis onderweg na Indië aan masels oorlede en ter see begrawe.[160] Hoewel vrede reeds in 1902 gesluit is, sou 'n klompie krygsgevangenes, onder meer ook 'n aantal Wolmaransstadse burgers eers weer in Januarie 1903 in Suid-Afrika voet aan wal sit.[161]

Die Anglo-Boereoorlog is formeel met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 beëindig. By dié geleentheid was genl. S.P. du Toit van Wolmaransstad ook 'n afgevaardigde. In die Wolmaransstadse distrik het die oorhandiging van wapens eers op 11 Junie geskied. Wapens is op die dorp aan kol. Kekewich oorhandig waarna 'n

[157] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.71.

[158] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.220.

[159] C.R. Kotze, *My ballingskap*, opgepagineerde bylae.

[160] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.213.

[161] J.F. van Wyk, *Die Mauser knal*, p.220.



Krygsgevangenes van Wolmaransstad te Bermuda, 1901

Agter: Heel regs: Izak Potgieter
Middel: 6e en 7e van links: P.F. Britz en Coenraad Bezuidenhout
Voor: v.l.n.r.: Nicolaas Campher en Karel Zastron

(Staatsargief, Pretoria)

eed van getrouheid aan Groot Brittanje afgelê is. Hierna het alle offisiere weer hul wapens teruggekry.[162] Vervolgens is, as gebaar van welwillendheid, elke burger wat hom dit laat welgeval het, op 'n sopie whisky deur Kekewich getrakteer.[163] Hierna was elke burger vry om na die ruïnes van sy gewese plaas terug te keer.

Die oorlog het 'n hoë tol aan mense- en dierelewens en aan persoonlike besittings geëis. Honderde inwoners van die distrik het die lewe op die slagveld, in aanhoudingskampe of tydens vlugtogte gelaat. Sommige is vermoor terwyl 'n paar voor die vuurpeloton gesterf het. Op stoflike gebied het die skade wat die burgers aan vernietigde eiendom en vee gely het teen Desember 1901 reeds 482988 pond (R965976,00) bedra.[164] Die dorp self was ook nie veel meer as 'n ruïne nie. Met die vredesluiting is 'n einde gemaak aan die verwoestingsoorlog van meer as twee en 'n half jaar. 'n Skrale troos was dit egter voorwaar, want 'n veel langer stryd om die heropbou van plase, eiendomme en veekuddes, die heraanpassing as onderdane van die gehate Britse bewind en die aanvanklike stryd om blote oorlewing het onmiddellik weer 'n aanvang geneem.

Die beëindiging van die oorlog het, met die spoor van verwoesting wat dit nagelaat het, die voltooiing van 'n siklus in die ontwikkelingsgang van die Wolmaransstadse distrik verteenwoordig. Die siklus het naamlik sy beginpunt gehad in die periode toe die Voortrekkers hulle na die Groot Trek in die woeste ongetemde wildernis benoorde die Vaalrivier gaan vestig het. Oor die volgende meer as 'n half eeu is die gebied toe beskaaf en ontwikkel sodat dit met die uitbreek van die oorlog 'n gevestigde en lewensvatbare gemeenskap was. Die verwoestende effek van die oorlog

[162] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.126-127.

[163] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.132.

[164] J. Oosthuisen, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog, p.642.

was egter van sodanige omvang dat die algemene lewenspeil en die boerderybedryf afgetakel en teruggedwing is tot op die vlak van die pioniersera, maar met die morbiede verskil dat die Boer eintlik nou veel swakker daaraan toe was, synde nou ontdaan van die vroeëre wildparadys as bron van voedsel, gestroop van sy huisraad, vee en ander lewensmiddele met hoogstens net die wil om te oorlewe en 'n stuk verskroeide aard waarop hy en sy dierbares wat die oorlog oorleef het, 'n nuwe begin moes probeer maak.

Die prys wat die burgers van ook die Wolmaransstadse distrik tydens die oorlog en jare lank daarna vir hulle aandeel aan die stryd om die behoud van die vryheid van hul geliefde ZAR moes betaal, was dus voorwaar hoog, vir vele te hoog, sodat hul spoedig noodgedwonge hul heil buite die grense van hul distrik sou moes gaan soek, 'n soeke wat te dikwels slegs 'n trap af na die geledere van die armblankedom was.

## HOOFSTUK 8

## DIE ERA VAN HEROPBOU VANAF VREDESLUITING TOT UNIEWORDING

Met die ondertekening van die Verdrag van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 is die militêre stryd tussen die twee Boererepublieke en Brittanje amptelik beëindig. 'n Ander stryd, naamlik om die nou gewese Republieke en hulle burgers uit die as en die puin van die oorlog te laat opstaan, het egter onmiddellik weer begin. Hierdie stryd om heropbou op alle terreine van die lewe, wat in wese lank na Uniewording nog gestry sou word, sou 'n magtige poging van al die betrokkenes verg, want die oorlog het die twee Republieke voorwaar, in Bybelse terme, "woes en leeg" gelaat. Selfs van Britse kant af was daar erkenning van die ontsettende omvang wat die oorlogsverwoesting aangeneem het. So byvoorbeeld het die Britse parlementslid, sir Campbell-Bannerman, die nood in die twee nuwe Britse kolonies in die volgende beskrywing probeer skets: "The whole country in the two beligerent states outside the mining towns is a howling wilderness. The farms are burnt, the country is wasted. The flocks and herds are either butchered or driven off; the mills are destroyed, furniture and instruments of agriculture smashed."[1]

As synde 'n landelike boeregemeenskap waar boerdery die spil van die ekonomiese aktiwiteite uitgemaak het, sou die proses van heropbou in die Wolmaransstadse distrik hoofsaaklik om die morele en materiële opheffing van die boer en die heropbou van sy plaas en boerdery wentel. Hierdie faset sal dus noodwendig die kern uitmaak van die relaas van Wolmaransstad en distrik se stryd om herrysenis uit die puinhope van die Anglo-Boereoorlog. In die proses van heropbou sou die boer in sy

[1] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.50.

bedryf met basies dieselfde problematiek as voor die oorlog moes worstel, met egter die verskil dat hy nou, as gevolg van die verwoestingswerk van die oorlog, oneindig meer kwesbaar en weerloos teen die impak van die probleme op hom en sy boerdery gestaan het.

Voordat die boer egter letterlik en figuurlik weer op sy plaas die hand aan die ploeg kon slaan, moes hy eers hierheen gerepatrieer word. Hierdie repatriasie van die burgers na hulle tuistes was volgens die vredesverdrag die eerste na-oorlogse taak wat die Britse owerheid in twee nuwe kolonies moes aanpak. Volgens dié verdrag moes alle burgers na wapenneerlegging na die konsentrasiekampe gaan om hulle gesinne daar te gaan haal. Die repatriasiewerksaamhede sou dan vanuit die konsentrasiekampe geskied. Dieselfde reëlings sou ook vir Boerekrygsgevangenes na hulle terugkeer vanaf die oorsese bannelingkampe geld.[2] By die kampe kon elke burger of gesin proviand vir 'n maand bekom. Voorrade was egter nie geredelik beskikbaar nie omdat dit van die kus af aangebring moes word. Die meeste burgers was dan ook nie geneë om op voorrade te wag nie en het gevolglik met leë hande na hulle plase vertrek.[3]

Die kampowerhede het groot probleme met die repatriasie van diegene wat geen heenkome gehad het nie, ondervind. Onder diegene het getel veral die weduwees en die wese wat nog nie gehólpe was nie en gesinne wat voor die oorlog bywoners op plase was en nou nie weer na dié betrokke plase kon terugkeer nie. Die verarmde plaaseienaars was nou net nie meer in staat om bywoners op hulle plase te kon akkommodeer nie. Die koloniale owerheid was naamlik die mening toegedaan dat hulle

[2] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.58.

[3] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.59.

geen verpligting teenoor die eertydse bywoners gehad het nie, aangesien hulle in elk geval tog niks voor die oorlog besit het nie.[4]

Nogtans het die owerheid hulle tegemoet probeer kom deur landbounedersettings op te rig waar hulle hul kon gaan vestig.[5] Hierdie nedersettings het egter weinig uitkoms gebied daar die burgers alhier vanuit die staanspoor tot 'n sukkelbestaan gedoem was.[6] Weeskinders sonder heenkome is in regeringsweeshuise, wat spesiaal vir dié doel opgerig is, geplaas. Weduwees was egter vir 'n dak oor hul kop ten volle aan die genade en ontferming van hulle mede-burgers aangewys.[7] Van die Boereleiers het 'n insamelingsveldtog vir die weduwees en wese van stapel gestuur en selfs in Europa fondse gaan insamel. Hulle het ook voortgegaan om by die koloniale owerheid vir die saak te agiteer totdat die weduwees ook in die repatriasieskema ingesluit is.[8] Ondanks die struikelblokke wat in die uitvoering van die repatriasieprogram opgeduik

[4] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.62-64.

[5] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.62-63.

[6] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.83.

[7] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.62-63.

[8] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.88-89.

het, was die program teen Februarie 1903 afgehandel en kon die konsentrasiekampe in die loop van die maand gesluit word.[9] By gebrek aan stawende dokumente en ander inligtingsbronne kan ongelukkig nie enigsins 'n beeld gegee word van die wel en wee wat die burgers van die Wolmaransstadse distrik tydens hul repatriasie beleef het nie.

Die volgende stap in die heropbouproses in die Transvaalkolonie was die hulpverlening aan oud-burgers van die ZAR soos in die vredesverdrag van 31 Mei 1902 bepaal is. Volgens dié verdrag sou die Britse regering 3 miljoen pond (R6 miljoen) bewillig om die burgers van die twee gewese Republieke te vergoed vir skades gely en hulle weer op die been te probeer bring. Die implementering van dié hulpverleningskema is in elke distrik deur 'n kommissie onder voorsitterskap van 'n distriksmagistraat behartig. 'n Geregtelike kommissie is aangestel om die bewyse van oorlogskade te ondersoek ten einde te kon bepaal wie as gevolg van die oorlog skade gely het en op hulpverlening geregtig sou wees. In die tussentyd moes die kommissies met hulpverlening voortgaan.[10] Die hulpverlening is dan deur die Repatriasiedepartement, op aanbeveling van die kommissies gedoen. Die Departement het in elke distrik 'n depot opgerig waar vee, trekdiere, landbougereedskap, saad, voedsel, waens en karre vir uitreiking aan die boere, aangehou is.[11] By Wolmaransstad

[9] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.64.

[10] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.66.

[11] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.68.

is die ou vendusiekrale net buite die dorp tussen die Witpoortpad en die Makwassiespruit vir sodanige depot gebruik.[12]

In die hulpverleningskema was daar egter leemtes ingebou wat nie net wanpraktyke in die hand gewerk het nie, maar as sodanig 'n bron van groot verleentheid was. Eerstens het die vredesverdrag nie gestipuleer wie vir hulpverlening in aanmerking sou kom nie. Gevolglik was daar groot ontnugtering en verbittering onder die burgers toe dit begin deurskemer het dat vir die doel van vergoeding die burgers in drie klasse ingedeel sou word en dat slegs aan die groepe wat feitlik al hul vee verloor het en wie se huise totaal vernietig is, hulp verleen sou word. Hierdie vertolking van Britse kant van die artikel van die vredesverdrag was in skrille kontras met 'n rapport van die Repatriasiedepartement waarin verklaar is dat nie eens vyf persent van die landelike bevolking sonder regeringshulp weer op die been sou kon kom nie. Na herhaalde vertoë het die koloniale owerheid toe egter toegestem dat die persone van die ander klasse vir hulp kon kwalifiseer in die sin dat hulle voedselvoorrade en implemente by die depots op rekening kon koop. Hierdie vorm van hulpverlening was egter vir baie burgers eerder 'n bron van ellende want spoedig was hulle by hulle nuwe regering diep in die skuld gedompel en dit bloot om net in hulle daaglikse behoeftes te kon voorsien.[13]

Daar was ook groot bitterheid onder die burgers toe dit geblyk het dat ook die "Nationale Scouts", dit is die burgers van die twee Republieke wat tydens die Anglo-Boereoorlog teen betaling in diens van die Britse troepemagte getree het, begunstigdes sou wees.[14] 'n Verdere bron van

[12] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.53.

[13] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.70-71.

[14] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die

wrewel was die samestelling van die distrikskommissies wat moes toesien dat die hulpverlening in elke distrik behoorlik geskied. Die beswaar in die verband was dat slegs een van die lede van die kommissie die oud-burgers regstreeks verteenwoordig het en dat daar op elke kommissie ook 'n lid van die "National Scouts" gedien het. 'n Ander leemte was dat die distriksmagistraat wat as voorsitter van die kommissie opgetree het gewoonlik nie in voeling met die nood en behoeftes van die boere was nie, daar hulle weinig met hulle in aanraking gekom het.[15] Buiten die 3 miljoen pond (R6 miljoen) kompensasiegeld wat hy bewillig het, het die Britse regering ook nog in die vorm van lenings hulp aan die boere verleen. Die lenings is vir 'n tydperk van twee jaar rentevry toegestaan. Daarna was dit oor drie jaar teen drie persent rente terugbetaalbaar.[16]

Die repatriasiebeamptes het kort nadat magistraat Blacklock in Junie 1902 in Wolmaransstad diens aanvaar het, ook alhier aangeland. 'n Tydlank het hulle 'n huis met hom en sy personeel gedeel voordat hulle 'n sinkgeboutjie aan die oostekant van Makwassiespruit opgerig het.[17] Toe die hulpverleningskema eers in werking getree het, sou verskeie verdere aspekte daarvan, wat ook ontevredenheid en frustrasie by die burgers sou skep, na vore tree. Hieronder het geresorteer klagtes dat die vleisvoorrade wat verskaf is, vir menslike gebruik ongeskik was, dat die saad wat verskaf is, niks anders as veevoer was nie, dat die verskaffing van boumateriaal erg vertraag was en dat die voorsiening van ploeë sodanig vertraag was dat die eerste ploegseisoen verbygegaan het sonder dat daar geploeg kon word en dit net omdat die owerheid slegs

gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.67.

[15] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.66-67.

[16] J.H.M. van Aardt, Die Botha-bewind in Transvaal 1907-1910, p.370.

[17] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.144.

Britsvervaardigde ploeë wou aankoop. By die uitreiking van 'n wa of kar het die koper ook geen geleentheid gehad om uit te soek nie. Hy moes eenvoudig die voertuig neem wat hom aangebied is, ongeag die toestand daarvan. Die trekdiere wat aanvanklik te koop aangebied is, was ook as gevolg van die diens wat hulle gedurende die oorlog vir die Britse troepemagte gelewer het, in 'n baie swak toestand.[18]

Baie perde het skurf- en galsiekte onder lede gehad asook 'n onbekende siekte wat die nagevolge was van oordosisse arseen wat tydens die leërdiens aan hulle toegedien is. Droes was weer by die muile aanwesig. Talle van die ingevoerde donkies wat die boere deur die repatriasieskema bekom het, het ook aan galsiekte en wurms gevrek.[19] By die aankoop van die diere moes die boere ook eenvoudig vat wat hulle aangebied is. Nadat die depots van die swakste vee ontslae geraak het, is 'n beter tipe dier die boer aangebied. Dié diere is egter eers sowat tien maande na vredesluiting aan die boere beskikbaar gestel.[20] Hierbenewens was die pryse wat die boere vir dié vee moes betaal ook nog buitensporig hoog. In 'n verslag wat voor die Transvaal Indigency Committee gedien het, is dit selfs as "extortionate and ruinous"[21] bestempel. In Junie 1902 is vee

[18] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.71-74.

[19] Report of the Committee of enquiry on Repatriation Debts (Transvaal) 1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.20.

[20] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.71-74.

[21] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.396.

en voertuie byvoorbeeld teen die volgende gemiddelde pryse aan die boere verkoop: Osse teen tien pond (R20,00), muile teen 27 pond (R54,00), donkies teen agt pond (R16,00), ossewaens teen 40 pond (R80,00), muilwaens teen 30 pond (R60,00), trollies teen vyf pond (R10,00) en perdekarre teen vyftien pond (R30,00) stuk.[22] Teen November 1903 was veepryse egter meer realisties. Tydens 'n veiling wat in dié maand in Wolmaransstad gehou is, is muile byvoorbeeld teen gemiddeld veertien pond tien (R29,00), perde teen 15 pond (R30,00) en beeste teen vier pond tien (R9,00) stuk verkoop.[23]

Sommige boere in die Wolmaransstadse distrik het ook beeste by Joodse smouse gekoop. Dit was diere wat tydens die oorlog deur die Engelse op die boereplase gebuit en toe aan die smouse verkoop is. Volgens die koopkontrakte kon die boere die smouse na die oes betaal. Aangesien daar aanvanklik talle misoeste was, was daar boere wat gedwing was om hulle plase te verkoop, ten einde die skuld op die diere te kon vereffen. Van die distrik se boere het ook reeds teen 1902 "saadmielies" by Joodse handelaars gekoop en geplant. Die mielies het egter nie opgekom nie, omdat dit Argentynse mielies was wat vir die Britse troepemagte ingevoer en toe glo gebak is om kalanders uit te hou. Hierdie slenter het verskeie boere se ondergang in die distrik beteken.[24]

Seker die grootste ontnugtering wat die repatriasieskema vir die burgers ingehou het, was die besluit van die Geregtelike Kommissie in 1903 dat aan elke eiser om skadevergoeding, ongeag die bedrag wat geëis is, net

[22] Report of the Committee of enquiry on Repatriation Debts (Transvaal) 1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.58.

[23] Report of the Committee of enquiry on Repatriation Debts (Transvaal) 1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.25.

[24] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, p.241.

25 pond (R50,00) uitbetaal sou word. As daar, nadat alle eise van die bedrag van 3 miljoen pond (R6 miljoen) afgetrek is, nog geld sou oorbly, sou verdere eise uitbetaal word gelykstaande aan twee sjielings uit die pond (twintig sent uit twee rand). Eise sou ook eers uitbetaal word nadat alle repatriasieskulde afgetrek is. Die toekenning van 'n bedrag van 25 pond (R50,00) skadevergoeding was voorwaar 'n belaglike niksseggendheid, want dit was die prys waarteen die Geregtelike Kommissie in daardie stadium 'n perd gewaardeer het.[25] Dié bepaling was egter nie van toepassing op eise deur die sogenaamde "beskermde burgers" nie, dit wil sê burgers wat die wapen neergelê en die eed van neutraliteit afgelê het. So byvoorbeeld het in die Wolmaransstadse distrik beskermde burgers J.L. du Toit van die plaas Weltevreden, J.J.J. van Vuuren van die plaas Jakkalsfontein en J.H. Berg van Witpoort onderskeidelik 60 pond (R120,00), 100 pond (R200,00)[26] en 50 pond (R100,00) ontvang.[27] Aan Thos Leask, wat tydens die oorlog neutraal gestaan het, is so veel as 1000 pond (R2000,00) uitbetaal.[28]

Die repatriasieskema het finansiële verligting van hoogs tydelike aard vir die Transvaalse burgers ingehou. Dit kon geen langtermynoplossing van die noodtoestand bring nie, aangesien die repatriasiekomitee nie vir hulle taak opgewasse was nie en dit op hoogs ondoeltreffende en onekonomiese wyse verrig het. Duisende pond (rand) is byvoorbeeld alleenlik bestee om die skema te administreer. Die leemtes in die skema en die

[25] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.76.

[26] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 585, AG485/0.

[27] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 611, AG666/04.

[28] Wolmaransstad-versameling, verw. 6. p.162.

ondoeltreffende wyse van uitbetaling van kompensasie-eise was volgens ds. H.S. Bosman, moderator van die NH of G-Kerk van Transvaal, in sy verklaring aan die Transvaal Indigency Committee, een van die vernaamste bydraende redes vir die staat van verarming waarin vele burgers na die oorlog verval het.[29]

Die rapatriasieskema het ook talle burgers aan die regering "verslaaf", want toe die repatriasiedepots aan die begin van 1904 gesluit is, was die Transvaalse burgers reeds met meer as 2 miljoen pond (R4 miljoen) by die koloniale owerheid in die skuld.[30] Die repatriasiehulp het 'n verdere negatiewe nawerking gehad. 'n Deel van die boerderybevolking was naamlik tydens die periode van hulpverlening ekonomies grootliks onaktief en het sodanig op dié hulp gesteun dat hulle hul onafhanklikheidssin prysgegee het. Toe die hulp beëindig is, sou baie nie in staat wees om op eie stoom sonder regeringshulp hul boerdery voort te sit nie. Diegene sou gevolglik logieserwys hul grond moes prysgee en elders 'n heenkome gaan soek.[31]

In die Wolmaransstadse distrik het die delging van die repatriasieskuld ook maar teen 'n stadige tempo geskied sodat daar teen Junie 1907 nog 'n bedrag van 52259 pond (R104518,00) uitstaande was.[32] Gedurende 1908

[29] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.386.

[30] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.91.

[31] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.13.

[32] Report of the Committee of enquiry on Repatriation Debts (Transvaal)

het 'n regeringskommissie egter bevind dat die pryse waarteen die burgers die vee van die Repatriasiedepartement gekoop het gans te hoog was. Gevolglik het die regering toe gedeeltelike kwytskelding van die repatriasieskulde wat nog uitstaande was, verleen.[33]

Gesien in die lig van die voorgaande hoogs ongunstige en demoraliserende omstandighede waarin die plaas ook andersins nog heropgebou moes word en die trauma en die leed wat deur die oorlog geskep is, ook nog verwerk moes word, moes die eerste jaar na die oorlog vir die boer van die Transvaalkolonie en Wolmaransstadse distrik voorwaar 'n stryd om oorlewing verteenwoordig het, 'n stryd wat die hoogste eise ooit aan sy liggaamlike en geestelike kwaliteite en vermoëns sou stel. Gedurende dié periode kon die boer egter darem nog in 'n mate op die repatriasiehulp steun. Toe hierdie bron van lewensonderhoud egter in Februarie 1903 met die beëindiging van die repatriasiehulp opgedroog het, het menige burgers spoedig in 'n toestand van algehele armoede verval. Teen Junie 1903 was die posisie so haglik dat 'n petisie om voedselvoorrade aan die hulpbehoewendes van die distrik te verskaf deur 111 burgers van die distrik onderteken en aan die Koloniale Sekretaris gestuur is.[34] In Augustus 1903 het ds. P.J. Winter van Hartbeesfontein 'n berig wat tiperend van die ekonomiese en maatskaplike nood van die plattelandse bevolking van die hele Wes-Transvaal was, aan De Vereeniging, die kerklike orgaan van die NH of G-Kerk, gestuur. In die verslag het hy die nood en ellende van sy gemeentelede as "onbeskryflik groot"[35] uitgestippel.

1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.41.

[33] J.M.H. van Aardt, Die Botha-bewind in Transvaal 1907-1910, p.409.

[34] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. CS, 325, 6335/0.

[35] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.91.

In Wes-Transvaal het broodsgebrek sodanige afmetings aangeneem dat baie burgers vir 'n bron van voedsel hulle toevlug tot die vang van meerkatte en springhase en ander beskikbare veldkosse moes neem.[36] In dié opsig was die Wolmaransstadse distrik geen uitsondering nie want ook hier is springhase, wat vroeër as 'n plaag verfoei is, na die oorlog as bron van voedsel en as 'n ware seën beskou.[37] Vir baie armlastige gesinne wat langs die Vaalrivier woonagtig was, moes vis uit dié rivier by tye as stapelvoedsel dien.[38] Gedurende 1903-1904 het die regering onderstandswerk ingestel ten einde behoeftige burgers finansieel te help. Hulle is as dagloners deur die Spoorweë in diens geneem, terwyl ander weer as padbouarbeiders diens gedoen het.[39] Uit die Wolmaransstadse distrik sou veral baie armlastiges by die dambouprojek betrek word. Volgens die magistraat van Wolmaransstad se verslag vir Augustus 1904 het hy in dié stadium toe reeds skynbaar vir dié betrokke jaar oor die 400 aansoeke om noodleniging van burgers uit die distrik ontvang.[40]

Die verwoestende naweë van die oorlog sou hulle nog lank daarna laat geld. Ten 1907 byvoorbeeld het die verslae van die Transvaal Indigency Committee aangetoon dat die armoede onder die plattelandse bevolking

[36] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.96-97.

[37] J.F. van Wyk, Die Mauser knal, pp.242-243.

[38] South African Colonies Transvaal Handbook, p.52.

[39] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.90.

[40] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 568, AG190/04.

steeds aan die toeneem was.[41] In sy verslag aan dié komitee het mnr. T.F. Nicholson, sekretaris van die Transvaalse Landbou-Unie, in April 1907 berig van gevalle deur hom persoonlik waargeneem waar blanke plaaskinders, ter aanvulling van die gesin se voedselvoorrade, sprinkane gedroog en dit vir mielies van die swartes geruil het. Hy het uitgewys hoedat mieliemeel vanaf vredesluiting vir talle gesinne die enigste bron van voedsel was en selfs as grondstof vir die maak van koffie gedien het. Hy het die nood op die platteland saamgevat in sy verwysing daarna as synde 'n toestand van "the keenest poverty and the direst want".[42]

In die Wolmaranstadse distrik het die materiële nood skynbaar in hierdie stadium nie sulke afmetings aangeneem nie, altans nie volgens die verslag van resident-magistraat H. Britten van Wolmaransstad wat hy in November 1906 aan die Transvaal Indigency Committee voorgelê het nie. Uit die verslag blyk dit dat daar toe slegs geïsoleerde gevalle van volslae armlastigheid in die distrik voorgekom het. Daar was byvoorbeeld net vyf families in die distrik aan wie finansiële bystand deur die owerheid verleen is. Baie gevalle het egter voorgekom waar armlastiges deur hulle families onderhou is. Mnr. Britten het onder andere die groot gesinne en die onderverdeling van plase as bydraende faktore tot die verarmingsproses onder burgers van die distrik bestempel.[43]

[41] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.13.

[42] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, pp.250-251.

[43] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.382.

Die instelling van verantwoordelike bestuur in Transvaal in 1906 en die daarmee gepaardgaande opheffing van die boerdery in die algemeen deur genl. L. Botha, het weldra 'n aansienlike bydrae gelewer om die materiële nood van die burgerlike bevolking in Transvaal te verlig. Dié afleiding kan gemaak word uit die verslag wat die Transvaal Indigency Committee in 1908 oor armsorghulp in die platteland uitgebring het en waarin hulle bevind het dat daar toe nie meer 'n behoefte aan sodanige hulp bestaan het nie.[44] Naas die ekonomiese en maatskaplike ellendes en -nood wat vir die boer uit die repatriasieskema voortgespruit het, het hy in die proses van heropbou verder ook met die normale probleme aan boerdery van dié era verbonde, te kampe gehad. Die mees prominente hiervan was die stryd teen die natuurelemente, veral droogtes, gebrekkige arbeidsvoorsiening en bemarkingsgeleenthede en veesiektes.

Gedurende 1902 en 1903 het ernstige droogtes in die Wolmaransstadse distrik voorgekom. In Oktober 1903 het 'n korrespondent aan *De Potchefstroomer* berig dat die damme in die distrik leeg was, dat daar so te sê niks vir die vee te vreet was nie en dat die boere nie gesaai het nie.[45] Volgens die *South African Year-Book 1903-1904* was ook die 1903-mielieoes 'n algehele mislukking en was daar weens die droogte, buiten op die erwe te Witpoort, geen kans vir die verbouing van wintergewasse nie.[46] Die waternood is vererger deur die feit dat talle damme tydens die oorlog deur die Engelse vernietig is en hulle nog nie

[44] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, *Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908*, p.113.

[45] *De Potchefstroomer*, 21.10.1903.

[46] S.W. Gluckstein (edit.), *South African Year-Book 1903-1904*, p.129.

weer herstel was nie.[47] Hoewel 1904 'n goeie reënjaar was,[48] het die verslag van die magistraat ten opsigte van November 1905 weer van 'n ernstige droogte in die distrik vermeld.[49] Hierna het die distrik vir etlike jare goeie reëns ontvang. Op verskeie plase in die distrik, onder andere Vaalboschfontein, Uitkyk, Kareebosch en Matjiesspruit is metereologiese stasies opgerig. In die tydperk Julie 1906 tot Junie 1907 het ses van die stasies byvoorbeeld 'n gemiddelde reënval van meer as 25 dm. (625 millimeter) geregistreer.[50]

Weens die onbestendige reënvalpatroon in Wes-Transvaal het 'n stelsel van doeltreffende watervoorsiening in die gebied 'n dringende noodsaaklikheid geword. Dit was dan ook een van die prioriteite op landbougebied waarmee die Transvaalse Verteenwoordigende Raad hom gedurende die tydperk 1903 tot 1906 besig gehou het. Die regering het naamlik boormasjiene vir boorwerk op regeringsplase en vir gebruik deur munisipaliteite beskikbaar gestel.[51] Dié diens is skynbaar later na die boere uitgebrei. Dié feit spreek uit die verslag van die Sekretaris van

[47] Military reports on the Transvaal, p.377.

[48] Military reports on the Transvaal, p.379.

[49] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 573, AG190/04.

[50] Metereological Department Transvaal, Annual report for the year ended 30th June 1907, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.49.

[51] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.191-192.

die Interkoloniale Besproeiingskommissie wat op 28 April 1906 'n aantal boere in die hofsaal in Wolmaransstad oor die kwessie toegelig het.[52]

Tydens die bewind van die Botha-regering, 1907-1910, het die kwessie van waterbewaring en watervoorsiening ook voorrang geniet. Die regering het byvoorbeeld 'n ingenieur aan die boere beskikbaar gestel om met die bou van plaasdamme behulpsaam te wees. Die koste vir die sink van boorgate is ook verlaag. Dié vorm van hulpverlening sou egter nogtans onvoldoende blyk te wees om daadwerklike vordering in die oplossing van die probleem te bewerkstellig.[53]

In die Wolmaransstadse distrik het die windpomp spoedig na die koms van die boormasjien sy verskyning gemaak en wel eerste op die plaas Boschrand en daarna op Thos Leask se plaas Weltevreden[54] Hoewel die windpomp 'n veel meer ekonomiese manier van watervoorsiening gebied het, sou dit egter nog baie jare duur voordat hy die oud-modiese bakkiespomp heeltemal sou vervang. Die oorskakeling na windpompe sou egter op die lang duur sy tol eis, omdat, as gevolg van die bou van sementwalle die keerwalle in spruite en grondwalle nie meer herstel is nie en reënwater gevolglik onbenut weggevloei het. In die proses is die ondergrondse watertafel dus nie aangevul nie.[55] Benewens droogtes het hael ook periodiek voorgekom. Een sodanige healstorm het die distrik in Februarie 1904 getref. Die verwoesting wat dit aan gesaaides en

[52] Final report of the Inter-Colonial Irrigation Commission, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.60.

[53] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.204-205.

[54] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.48.

[55] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.48-49.

vrugteboorde aangerig het, was van sodanige omvang dat die magistraat dit in sy verslag aan die Landboudepartement in Pretoria vermeld het.[56]

Die arbeidsprobleme waarmee die boere na die oorlog te kampe gehad het, asook die aanleidende oorsake daarvoor, was identies aan dié van voor die oorlog. Nou was dit egter net meer akuut, omdat die verhouding tussen die Boere en die swartes tydens die oorlog erg vertroebel is deurdat talle swartes die Engelse troepemagte dienstig was en selfs die wapen teen die Boere opgeneem het.[57] Die tekort aan plaasarbeiders was inderdaad so ernstig dat die owerheid dit nodig geag het om na die oorlog 'n kommissie van ondersoek na die omvang van en die redes vir die probleem aan te stel.[58] In die Wolmaransstadse distrik het die probleem ook sodanig gekwel dat dit die magistraat in 1907 genoop het om by die owerheid toestemming en hulp te vra vir die verkryging en verskaffing van swart plaasarbeiders uit ander distrikte.[59] Volgens die verslag van die Transvaal Indigency Commission was swart arbeid teen 1906 in die meeste Transvaalse distrikte feitlik onverkrygbaar en die wat wel beskikbaar was, was baie duur omdat die boer met die hoë lone wat veral deur die myne betaal is, moes kompeteer.[60]

[56] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 568, AG190/04.

[57] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.99.

[58] P.A. Naude, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899, p.227.

[59] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LC, 74, T128/03.

[60] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906,

Volgens mev. Poultney, presidente van die Johannesburgse tak van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, se verslag aan die Transvaal Indigency Commission was hierdie arbeidsprobleme een van die belangrikste bydraende faktore wat tot die verarming van die Transvaalse boer gelei het.[61] Teen September 1909 was die arbeidsprobleem in die Wolmaransstadse distrik so knellend dat 'n deputasie van drie boere van die Leeuwdoorns Boerevereniging na die Direkteur van Landbou afgevaardig is om onder andere dié probleem onder sy aandag te bring.[62]

Boerdery in die Transvaalkolonie is verder ernstig deur bemarkingsprobleme gekortwiek. Aan die Witwatersrand was daar wel 'n groot potensiële mark, maar die beheermaatreëls wat in die jare 1902-1903 gegeld het om die bestryding van veesiektes te bekamp, het die vryelike transportryery met plaasprodukte na die Rand ernstig aan bande gelê. Verder was die produsente tot en met 1907, toe die markte van Pretoria en Johannesburg deur hulle betrokke munisipaliteite oorgeneem is, grootliks aan die genade van private konsessionarisse oorgelewer. Markpryse was nie net laag nie, maar ook uiters onbestendig. Op die platteland was die bemarkingsmoontlikhede ook maar gering, aangesien so vele burgers in hulle eie behoeftes voorsien het. Tot en met 1907 was daar ook nie juis sprake van uitvoer nie, aangesien die produksie so beperk was.[63]

Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.12.

[61] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.394.

[62] The Potchefstroom Herald, 17.9.1909.

[63] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.194.

In die na-oorlogse jare het veesiektes grootliks tot die problematiek van boerdery bygedra. Runderpes was nou heeltemal onder beheer, maar rooiwater en bosluiskoors het nou die nuwe bedreiging vir veeteelt geword. In Oktober 1903 het die gevaar bestaan dat die siektes na die Wolmaransstadse distrik kon versprei. Ter voorkoming hiervan is 'n kordon gevolglik op Wolmaransstad se distriksgrense met Lichtenburg en Potchefstroom getrek.[64] In 1903 was daar uitbrake van longsiekte op die plase Vlakfontein[65] en Klipkuil.[66] Dat die siekte wel in die distrik uitgebreek het, moes beslis verband gehou het met die feit dat van die vee wat in 1903 deur die repatriasiedepots verkoop is, met die siekte besmet was.[67] In sy verslag van Mei 1904 het die magistraat van Wolmaransstad ook melding gemaak van die perdesiekte in die distrik en die groot verliese wat dit meegebring het.[68] In Maart 1907 het bloutong, skynbaar as uitvloeisel van die goeie reëns van dié seisoen, in die distrik uitgebreek.[69] Teen Mei 1908 het die voorkomste van lam- en galsiekte sodanige afmetings in die distrik aangeneem dat die magistraat by die Departement van Landbou aanbeveel het dat 'n staatsveearts vir die

[64] The Transvaal, Minutes of meetings of the Executive Council July to December 1903, vol. 3, verw. L.D. 163/0, res. 854, p.93.

[65] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. CS, 277, 3523/03.

[66] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. CS, 300, 4923/03.

[67] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 255, AG35/03.

[68] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 568, AG190/04.

[69] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 572, AG190/04.

bekamping van dié siektes na die distrik gestuur word.[70] Sprinkaanplae was ook 'n periodieke verskynsel. Die probleem het egter sodanig geëskaleer dat dit teen 1907 op 'n landswye grondslag beveg is. Vir sy aandeel aan die veldtog het die Transvaalse owerheid 10000 pond (R20000,00) bygedra.[71] Waar die Wolmaransstadse distrik so dikwels reeds die sprinkaan ten prooi geval het, is dit seker geregverdig om aan te neem dat die jaar 1907 in dié verband ook geen uitsondering sou wees nie.

Die boer se lewe is ook nog steeds deur die jakkals vergal. Die plaag sou nog tot in die twintigerjare, toe daar vir die eerste maal georganiseerde jakkalsjagte in die distrik onderneem is, vir die boer 'n groot kopseer bly.[72] In die na-oorlogse jare was daar nog talle onomheinde plase wat die probleem van rondlopervee 'n ware turksvy gemaak het. In die hantering van die probleem het die skut in die verlede 'n nuttige rol gespeel. Gevolglik is die instelling so gou doenlik na die oorlog, en wel in 1903, weer in Wolmaransstad in ere herstel.[73]

In die stryd om heropbou het die boer ook spoedig begin besef dat hy, ten einde weer op die been te kon kom, grootliks op homself en sy eie inisiatief aangewys was en nie in dié verband sy hoop op staatshulp moes vestig nie. Die besef dat die boer se heil in saamstaan en onderlinge samewerking gelê het, het begin posvat, 'n besef waaruit die idee en stigting van die boerevereniging ontwikkel het. In die Transvaalkolonie

[70] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 572, AG190/04.

[71] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.205.

[72] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.55.

[73] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. CS, 2606/03.

was daar teen 1903 reeds weer 'n georganiseerde landbou-unie, een wat in wese slegs die herlewing was van die bestaande unie uit die dae van die ZAR.[74] Die jaarlikse kongresse wat gehou is, was vir die Afrikanerboer van wesentlike belang want hier is na sy belange deur sy eie mense omgesien.

Die idee van die stigting van boereverenigings het ook van die kant van die koloniale landboudepartement aanmoediging gekry. Die vernaamste doelstelling sou moes wees om tentoonstellings van produkte van die betrokke distrik te hou en die nuutste landbougereedskap bekend te stel.[75] In die Wolmaransstadse distrik was die Makwassie-Boerevereniging die eerste om tot stand te kom. Dit is naamlik in 1905 gestig met mnr. McMillin van Rustkraal as voorsitter en mnr. E. Brown van Rondevlei as sekretaris. Die vereniging het hom onder andere ten doel gestel om maandeliks vendusies te hou, die gee van lesings oor onkruidbestryding, die uitroei van ongediertes, die verbetering van veestapels en die omsien na ander diverse landbouaangeleenthede.[76]

In 1906 het die Leeuwdoorns Boerevereniging tot stand gekom. Mnr. S.P. du Toit was die eerste voorsitter. Ander bestuurslede was mnre. H. de Waal, M. van Rensburg, Karel Roos, S. Hyde, A. Rutherford, F. Flemming, H. Kemp, J. Pretorius en W.H. Pilkington. Die vereniging het hom vir die verbetering van die veestapel beywer deur die aanbieding van lesings deur bees- en skaapdeskundiges en vir die verbetering van landbou deur demonstrasies van progressiewe bewerkingsmetodes. Demonstrasies vir die skeer van skape en die bewerking van wol is gereël. Boeredae, waarop landbouprodukte en lewende hawe beoordeel

[74] Die Boere van Transvaal en hulle organisasies 1897-1957, pp.11-12.

[75] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.196.

[76] Die Boere van Transvaal en hulle organisasies 1897-1957, pp.296-297.

is en pryse uitgeloof is, is gehou. Deur die toedoen van die vereniging is drie spesiale inspekteurs aangestel om brandsiekte in die distrik te bestry. Omdat veediefstal in die distrik ernstige afmetings aangeneem het, is op aandrang van die vereniging meer polisie aangestel en swaarder strawwe vir dié misdaad opgelê. Die vereniging het ook 'n volbloedperd aangekoop en tot die beskikking van sy lede gestel ten einde die ras te verbeter.[77]

Op landbougebied in die Transvaal kan die jaar 1907 as 'n tipe waterskeiding beskou word, omdat dié jaar 'n era van relatiewe groei en vooruitgang ingelei het. In 1907 het genl. L. Botha Eerste Minister van die Transvaal geword. Terselfdertyd sou hy ook die portefeulje van Minister van Landbou behartig. Toe hy dié amp aanvaar het, was die prentjie op landbougebied alles behalwe rooskleurig. Brandsiekte het onder die skaap gedy. 'n Gesonde samewerking tussen die boer en die Engelse landboubeampte het ontbreek. Talle boere was as gevolg van misoeste, die eise om die terugbetaling van lenings en die onvermoë om drukkende skulde te betaal op die rand van bankrotskap en sou hulle plase moes prysgee om hulle finansiële nood te kon verlig. In die omstandighede het baie boere dan ook slagoffers van gewetenlose grondspekulante geword. Talle boere het hulle as werksoekers in die stede bevind, omdat hulle, hoewel hulle nog hulle plase besit het, nie oor die nodige kapitaal beskik het om die middele aan te skaf om hul boerdery weer aan die gang te kry nie.[78]

Genl. Botha, synde self 'n boer, het egter besef dat die sleutel tot die oplossing van die boerderyproblematiek in die oorskakeling na wetenskaplike landboumetodes geleë was. Hy het hom met oorgawe aan die implementering van hierdie opvatting van hom gewy. Sy pogings is dan toe ook met beduidende welslae bekroon. Die eerste maatreël wat hy getref het om die boere uit hulle finansiële nood te probeer uitlig,

[77] Die Boere van Transvaal en hulle organisasies 1897-1957, p.297.

[78] J.M.H. van Aardt, Die Botha-Bewind in Transvaal 1907-1910, p.377.

was die aanname van 'n landbankwet in 1907. Die wet het boere, wat behoorlike sekuriteit kon bied, in staat gestel om landbanklenings te bekom. Die lenings kon verbeterings op plase, die bou van damme, die oprigting van geboue, die omheining van plase en vir die aflossing van verbande aangewend word.[79] Vir boere wat wel vir die lenings gekwalifiseer het, moes dit beslis 'n groot bate gewees het. In die Wolmaransstadse distrik was daar egter skynbaar nie veel sodanige boere nie, aangesien die totale lenings wat aan boere alhier toegestaan is teen Junie 1909 slegs op die relatief geringe bedrag van 18850 pond (R37700,00) te staan gekom het.[80]

Landbouverenigings sou voortaan toelaes van owerheidsweë ontvang. In die geval van Wolmaransstad het die verenigings byvoorbeeld gedurende die 1907-1908 boekjaar 'n bedrag van 158 pond 10 sjielings (R317,00) ontvang.[81] In 1907 het Botha, op aandrang van die Transvaalse Landbou-Unie, vervoertariewe vir landbouprodukte verlaag. Aldus is produksie- en verspreidingskoste tot voordeel van die boer ook verlaag.[82]

[79] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.201-202.

[80] Transvaal Land and Agricultural Report for the year 1st July 1908 tot 30th June 1909, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910, p.1.

[81] Finance accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.57.

[82] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.205.

Die volgende stap in Botha se landbouprogram was die aanname van die wet op Koöperatiewe Landbouverenigings waarmee beoog is om aan die boere leiding betreffende organisasie te gee ten einde hul beter te kon verenig en in die proses hulle belange te kon beskerm. Deur samewerking sou hulle dan by magte wees om hulle produkte volgens die voordeligste voorwaardes te bemark en mislukkings makliker uit te skakel. Die oogmerk was verder ook om die landboubevolking in spesifieke aspekte van die landbouwese op te voed.[8.3] Die koöperatiewe idee in die landbou het in die Wolmaransstadse distrik spoedig inslag gevind, want die Wolmaransstadse Distriks Koöperatiewe Vereniging is gestig en kon teen Januarie 1909 al met 'n kaptaal van 5000 pond (R10000,00) spog. Dit het dertig morge grond by die spoorwegstasie te Leeuwdoorns besit waar hulle beplan het om 'n slagplaas en 'n koelkamer op te rig.[8.4] Tydens genl. Botha se dienstyd as Minister van Landbou is ook groot vordering deur dr. A. Theiler by Onderstepoort met die verbetering van metodes van bekamping van veesiektes gemaak.[8.5]

Teen 1907 was daar baie boere in die Transvaalkolonie wat nog aan die ou beproefde tipe onderhoudsboerdery bly kleef het en net nie vir die progressiewe boerderymetodes vatbaar was nie. Volgens die Transvaal Indigency Committee se verslag was die toedrag van sake 'n vername bydraende faktor tot die staat van verarming waarin baie boere toe nog verkeer het.[8.6] Reeds in 1902 het die koloniale owerheid 'n landboudepartement in die lewe geroep wie se taak tot 1907 hoofsaaklik

[8.3] J.M.H. van Aardt, Die Botha-Bewind in Transvaal 1907-1910, pp.387-388.

[8.4] The Potchefstroom Herald, 1.1.1909.

[8.5] J.M.H. van Aardt, Die Botha-Bewind in Transvaal 1907-1910, p.397.

[8.6] Minutes of evidence of the Transvaal Indigency Committee 1906, Annexures tot the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.54.

voorligtend van aard sou wees.[87] Dat dié Departement egter weinig vermag het, spreek duidelik uit die agterlike stand van boerdery teen 1907 soos hierbo uitgestippel. Voorligtingsdienste deur die Departement aan Wolmaransstad gelewer, het ingesluit 'n demonstrasie van 'n skottelploeg en 'n lesing oor veesiektes deur 'n veearts gedurende Mei 1904.[88]

'n Landboujoernaal wat beter boerderymetodes by die boere moes tuisbring, het ook teen 1903 die lig gesien. Sy trefkrag was egter uiters gering aangesien dit tot in 1907 slegs in Engels verskyn het.[89] Die verbeteringe van boerderytoestande in die algemeen na 1907 het stimulerend na die vlak van wetenskaplike boerderymetodes deurgewerk. Veral het die waarde van goeie stoetvee by die boere begin ingang vind. Gevolglik is 'n begin gemaak met die invoer van veral stoetskape vanuit die Kaapkolonie. So byvoorbeeld het A.B. Burret van die plaas Kareebosch[90] en T.W. Coetzee van die plaas Klipkuil skape met behulp van staatslenings van Cradock en Porterville af ingevoer.[91] Op landbougebied het 'n groot eer Wolmaransstad in 1908 te beurt geval toe een van die seuns van die distrik, G.J. Bosman, een van agt leerlinge

[87] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.169.

[88] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 568, AG190/04.

[89] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.169.

[90] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. TAD, 675, G2936/49.

[91] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. TAD, G2936/83.

was wat deur die regering gekies is om 'n landboukursus aan 'n oorsese landboukollege in òf Engeland òf die VSA te gaan volg.[92] Ongelukkig is dit nie bekend in watter mate daar terugploeging van die landboukundige kennis deur dié student opgedoen, in die distrik geskied het nie.

Teen 1908 het die keerpunt wat daar die vorige jaar op die boerderyterrein ingetree het, merkbare momentum en gestalte gekry en is in die algemene opbloei in die bedryf weerspieël. Tot hierdie toedrag van sake het veral die goeie reëns en die suksesvolle bekamping van veesiektes bygedra. Ook die Wolmaransstadse distrik het in hierdie opbloei gedeel. So byvoorbeeld was die magistraat is sy landbouverslag van Mei 1908 baie optimisties oor die verwagte kafferkoring- en mielieoeste en goeie kondisie van die vee.[93] In die Transvaalkolonie het die graanproduksie sodanig toegeneem dat dit teen 1908 in sy eie behoeftes kon voorsien. Op die terrein van veeteelt was daar ook merkbare vooruitgang. Teen 1908 het die skaapgetalle byvoorbeeld reeds weer die drie miljoenkerf oorskry[94] en het die waarde van woluitvoer teen 1910 op so veel as 3,5 miljoen pond (R7 miljoen) te staan gekom.[95] Van 1908 af het die Transvaalse boere 'n groter aandeel aan die mark gehad en kon hulle selfs voorbly om die Johannesburgse mark van vleis te voorsien.[96] Vermelde oplewing in boerdery sou noodwendig na ander

[92] The Potchefstroom Herald, 4.9.1908.

[93] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 572, AG190/04.

[94] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.207.

[95] J.M.H. van Aardt, Die Botha-Bewind in Transvaal 1907-1910, p.415.

[96] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die

fasette van die boerdery uitkring. Dit sou veral die boer in staat stel om meer en beter plaasmasjinerie te kon aankoop. 'n Uitvloeisel hiervan was weer dat opbrengste verhoog sou kon word. Dit was dan ook in der waarheid die geval. Sprekend hiervan was die 1910-mielieoes wat dubbeld so veel as die van die vorige jaar was.[97]

Die Wolmaransstadse distrik sou ook in 'n geredelike mate in die oplewing in die Transvaalkolonie deel. 'n Weerspieëling hiervan is in die boerderystatistieke van die distrik soos teen Desember 1908 te vinde. In hierdie stadium kon die distrik reeds weer met 'n indrukwekkende getal plaasdiere spog, naamlik 1370 perde, 149 donkies en muile, 16760 stuks vee, 147731 skape en bokke, 2173 varke en oor die 22000 stuks pluimvee. Daar was 395 morg land onder besproeiing terwyl 7864 morg vir droëlandboerdery aangewend is. Die 634955 lb. (288616 kg.) wol wat die distrik in 1908 geproduseer het, was die vierde hoogste opbrengs vir Transvaal dié jaar. Die mielie- en kafferkoringoes vir 1908 het onderskeidelik 51929 en 3054 sak opgelewer. Hierbenewens is ook 'n bietjie hawer en koring verbou, terwyl daar in 'n stadium ook reeds bykans 17000 vrugtebome in die distrik aangeplant was.[98]

Uit hierdie statistieke mag met 'n mate van versigtige optimisme afgelei word dat die boer van die distrik, te danke aan veral die progressiewe en wetenskaplike landboubeleid van genl. L. Botha, op die vooraand van Uniewording skynbaar besig was om weer sy voete te vind en bo die puin en as van die oorlogsverwoesting uit te styg. Hierdie slotsom moet egter nie as geldend vir die deursnee boer van die distrik beskou word nie, maar slegs vir dié boer wat die oorlewingstryd in die jare van heropbou suksesvol gestry het. Dat almal nie hierin geslaag het nie, spreek uit die feit dat, volgens Esterhuizen, daar teen 1910 nie meer as een derde

gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.207.

97 J.M.H. van Aardt, Die Botha-Bewind in Transvaal 1907-1910, p.414.

98 Het Zuid-Afrikaansche Jaarboek en Algemeene Gids, 1910, pp.206-207.

van die boerende bevolking van Transvaal 'n menswaardige bestaan gemaak het nie.[99]

Dit was egter nie net boerdery wat 'n proses van heropbou moes deurloop nie. Die dorp Wolmaransstad moes letterlik weer uit die grond uit herbou word, omdat daar van die vooroorlogse dorp weinig behoue gebly het. Die presiese omvang van die skade wat tydens die oorlog aan geboue in die dorp aangerig is, is moeilik te bepaal aangesien daar verskeie weergawes hiervan bestaan, waarvan sommige 'n ietwat wyd en vaag gestel is. Die geheelbeeld wat egter uit die weergawes spreek, is een van feitlik totale verwoesting van die dorp. In sy verslag aan die Staatspresident van die ZAR het genl. J.H. de la Rey byvoorbeeld onder andere berig dat in Wolmaransstad alle geboue, buiten die wat deur die Engelse beset en benut was, afgebrand was.[100] Leask se dagboek beaam grootliks hierdie stelling, want volgens hom was daar teen Junie 1902, buiten sy eie huis, slegs een ander huis in Wolmaransstad wat in 'n bewoonbare toestand was.[101] Volgens Leask is die verwoestingswerk deur Von Donop se kolonne aangerig toe hulle hulle in een van die kerke wat hulle gefortifiseer het, teruggetrek het en toe alle huise in 'n sekere straal van die kerk vernietig het om die Boeremagte van skuiling en dekking tydens 'n aanval te beroof.[102] Die mees verdoemende uitspraak

[99] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.202.

[100] Ambtelijke verslagen van generaal J.H. de la Rey en generaal J.C. Smuts..., pp.3-4.

[101] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.139.

[102] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.137.

oor die verwoesting is egter deur S.B. Spies gemaak. Volgens hom is Wolmaransstad tydens die oorlog "virtually razed to the ground".[103]

Die begin van die herrysenis van die dorp uit sy ruïnes was op 11 Junie 1902 toe Thos Leask en Jacob Clouston saam met 'n afdeling Engelse troepe onder kol. Kekewich hierheen teruggekeer het. Leask se huis en winkel het behoue gebly, maar was erg verniel. Al sy meubels en die rakke en toonbanke in die winkel was ook verwyder of verwoes.[104] Leask het besef dat die hervatting en hervestiging van die handelsbedrywighede op die dorp die vernaamste prioriteit was ten einde die gemeenskap alhier weer lewensvatbaar te maak en op die weg na heropbou te plaas. In die proses sou die winkel weer, soos in die dorp se wordingsjare, die slagaar van die gemeenskap moes word. Leask het dan ook geen tyd verspil nie en reeds op 20 Junie 1902, toe hy die eerste voorrade van Klerksdorp ontvang het, weer begin handeldryf.[105]

Die koopkrag van die inwoners van die distrik sou egter vir geruime tyd maar gering wees as gevolg van die staat van verarming en hulpbehoewendheid waarin hulle na die oorlog verkeer het. Goeie sake is egter met die afdeling van die South African Constabulary, wat 'n tydlank net buite die dorp gestasioneer was, gedoen. Ingemaakte voedsel en kruideniersware was groot in aanvraag. Aan elke winkelier is egter 'n maandelikse kwota van net vyf ton handelsware en boumateriaal toegestaan. Gevolglik kon Leask eers teen Junie 1903 die herstelwerk aan sy winkel voltooi. Die toevoer van voorrade is aanvanklik ook belemmer deurdat die transportverbindings met Veertien Strome eers op 2 September 1902 weer herstel is. Brandhout was aanvanklik uiters skaars en gesog op die dorp. Gert van Vuuren het egter dié nood in 'n sakegeleentheid omskep deur hout teen een pond vyf (R2,50) per

[103] S.B. Spies, Methods of barbarism, p.176.

[104] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.127-131.

[105] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.134.

wavrag in die dorp te lewer.[106] Leask se winkel het stadig op dreef gekom. So vroeg as September 1902 kon hy 'n eerste besending wol, wat die vernietiging van die oorlog in sy wolstoor oorleef het, na Durban versend.[107] Soos die gemeenskap weer geleidelik op die been gekom het, het die ekonomiese aktiwiteite toegeneem. So byvoorbeeld was daar teen die einde van 1904 reeds weer drie winkels wat in Wolmaransstad sake gedoen het.[108] Die voltooiing van die spoorlyn tussen Veertien Strome en Klerksdorp in April 1906[109] sou aan die plekkies Leeudoringstad en Makwassie, wat aan dié spoorlyn geleë was, 'n ekonomiese oplewing besorg wat 'n kwynende uitwerking op die handel in Wolmaransstad gehad het.[110] So byvoorbeeld het Makwassiestasie binne 'n maand na die oopstelling van die spoorlyn 'n groot veeverkoping waartydens meer as 1750 stuks vee verhandel is, aangebied. Die verkoping is deur F.W. König aangebied.[111]

Die koms van die trein na die distrik het die era van verdringing van die poskoets en die transportryer ingelei. Die tipe verkeer deur Wolmaransstad het dus beduidend afgeneem en die handel dienooreenkomstig beïnvloed. Die balans sou eers met die koms van die vragmotor enigsins herstel kon word. Die Wolmaransstadters het nou die dringende noodsaaklikheid van 'n eie spoorlyn vir die ontwikkeling van hul dorp ingesien en daarvoor begin agiteer. Hul saak is in April 1910 deur H. de Waal, Wolmaransstadse lid van die Wetgewende

[106] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.136-137.

[107] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, pp.130 en 136.

[108] Military reports on the Transvaal, vol. 2, p.386.

[109] A.L. van Lingen, 'n Eeu van vervoer 1860-1960, p.ix.

[110] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.58.

[111] Western Chronicle and Potchefstroom Budget, 28.4.1906.

Vergadering, in die Parlement voorgelê. Van sy mosie dat 'n spoorlyn oor Wolmaransstad na Schweizer Reneke gebou moes word, het egter as gevolg van gebrek aan fondse niks tereggekom nie.[112] Met die verskaffing van hierdie fasiliteite aan die dorp sou dan ook nog tot 1927, toe die spoorlyn oor Wolmaransstad na Ottosdal gebou is, gesloer word.[113]

Ondanks die ekonomiese slapte wat in Wolmaransstad na die spooraanleg deur die distrik ingetree het, het die behoefte aan bankfasiliteite die Bank of Africa, die latere Barclays Bank, beweeg om in 1907 'n takkantoor in die dorp te open.[114] Die bank was in die gebou net langs die Hotel Makwassie gehuisves. Die hotel het wel voor Uniewording sake gedoen, maar wanneer dit weer na die oorlog heropen is en wie toe die eienaar was, kan nie met sekerheid vasgestel word nie.[115] Op die gebied van die handel het die dorp en distrik 'n gevoelige verlies gely toe F. Wronsky, een van die pionierhandelaars van die distrik en 'n leidende figuur in die dorp se gemeenskapslewe, in Januarie 1909 op grusame wyse gesterf het toe hy net buite Makwassie skynbaar van die trein geval, onder die wiele beland het en in die proses vergruis is.[116]

Ewe onmisbaar as die winkel, in die proses van heropbou, was die rol van die posdiens. Daarom is gepoog om dit so spoedig moontlik weer na die oorlog te laat funksioneeer. Alhoewel die presiese datum waarop die

[112] Notule van die Debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal 1910, pp.392-393.

[113] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.61.

[114] Military reports on the Transvaal, vol. 2, p.342.

[115] Kyk op volgende bladsy vir foto van die Hotel Makwassie en die Bank of Africa.

[116] The Potchefstroom Herald, 8.1.1909.



Die Hotel Makwassie (links) en die Barclays Bank,

Wolmaransstad om en by 1910

(dr. I.L. Firth, Wolmaransstad)

posdiens heringestel is, nie bekend is nie, is daar skynbaar dadelik tot die stap oorgegaan, want reeds op 20 Junie 1902 het Leask al weer vir hom 'n telefoon laat installeer.[117] Ook vermeld Leask dat hy op 30 Junie pos- en inkomsteseëls aangekoop het. Die pos- en telegraafkantoor is aanvanklik in König se ou kantoor gehuisves en hierna in 'n hout- en sinkgebou totdat 'n klipgebou in Krugerstraat vir die doel gebou is.[118] Die amptelike poskarweidiens, met Adriaan Coetzee as posryer, is in Julie 1902 hervat.[119]

Teen 1904 was daar 'n gereelde poskardiens tussen Klerksdorp en Veertien Strome wat Wolmaransstad twee keer per week aangedoen het.[120] Die diens is uitgebrei sodat daar teen 1907 'n daaglikse posdiens tussen Wolmaransstad en Makwassie was en 'n diens twee keer per week tussen Wolmaransstad en Bosmansrust (Witpoort).[121] As gevolg van die ekonomiese maer jare na die oorlog is die besnoeiing van uitgawes van owerheidsweë ook op die terrein van die poswese gevoel. So byvoorbeeld is daar gedurende die 1908-1909 belastingjaar slegs 371 pond 10 sjielings (R743,00) deur die Departement in Wolmaransstad bestee.[122] Nadere inligting oor poskantooramptenare en die funksionering van die posdiens alhier tot en met Uniewording is ongelukkig nie bekombaar nie.

[117] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.114.

[118] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.137.

[119] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.134.

[120] South African Colonies. Transvaal Handbook 1904, pp.50-51.

[121] Annexures to the Minutes of Proceedings of the Legislative Council 1908, vol. 4, pp.13-14.

[122] Finance accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1909, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910, p.184.

Betreffende die distrik kan vermeld word dat Makwassie van 1906 af sekere akkommodasie van die Spoorweë vir poskantoordoeleindes gehuur het[123] en dat Leeudoringstad eers in 1914 'n telefoonsentrale verkry het.[124] Wolmaransstad sou self ook tot 1912 vir die verkryging van sodanige fasiliteite moes wag.[125]

Die tempo waarteen die dorp na die vlak van 'n lewensvatbare gemeenskap sou ontwikkel, sou onder meer afhang van die bevolkingsgroei van veral die dorp. Dié groei na die oorlog was dan ook so indrukwekkend dat dit beslis as 'n stimulus vir die dorpsontwikkeling moes dien. Waar daar byvoorbeeld op die vooraand van die oorlog skaars twintig gesinne in die dorp woonagtig was, het sy blanke inwonertal teen November 1904 op 357 te staan gekom. In dié stadium was daar ook reeds 180 inwoners in die nie-blanke lokasie.[126] Die 1904-bevolkingsensus het egter getoon dat Wolmaransstad en distrik met 'n totale bevolking, insluitende die nie-blankes, van 15905 die dunste in die Transvaal bevolk was.[127] Die geboortesyfer van die dorp en distrik vir die jare 1902 en 1907 onderskeidelik, naamlik 91 en 1158, wys 'n progressiewe geboorteaanwas uit.[128] Die blanke bevolking sou 'n konstante toename toon sodat, volgens die 1911-sensus, die 7000 kerf toe oorskry is.[129]

[123] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.116.

[124] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.112.

[125] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.109.

[126] Military reports on the Transvaal, vol. 2, p.386.

[127] Het Zuid-Afrikaansche Jaarboek en Algemeene Gids 1906, p.77.

[128] Statistics of the Transvaal Colony for the years 1902-1907, Annexures to the Minutes of the Legislative Assembly 1908, pp.5-6.

[129] Official Year Book of the Union of South Africa 1910-1916, p.164.

Die verwagte positiewe bydrae wat die toename in inwonertal van die dorp tot die groei en ontwikkeling van die gemeenskap sou lewer, is grootliks deur hul swak koopkrag geneutraliseer. Die ekonomiese posisie van die meeste Afrikaanssprekende inwoners van die plattelandse dorpies was naamlik na die oorlog uiters haglik en wel as gevolg van die feitlik totale afwesigheid van werkgeleenthede vir hulle. Een van die redes hiervoor was dat met die instelling van die Britse koloniale owerheid in die Transvaalkolonie na die oorlog, die oud-republikeinse amptenare nie in die nuwe staatsdiens opgeneem is nie, behalwe as hulle gedurende die oorlog 'n beskermde burger of 'n National Scout was. 'n Uitvloeisel hiervan was dat vele van die oud-amptenare na die oorlog gevolglik 'n sukkelbestaan gevoer en op allerlei wyses 'n bestaan probeer maak het.[130] Baie het hulself deur die verbouing van produkte en die aanhou van 'n melkkoei op hul dorpserwe probeer onderhou.[131]

In dié opsig was Wolmaransstad oog geen uitsondering nie. So byvoorbeeld het die Inligtingskantoor vir Britse Immigrasie teen 1904 berig dat daar in dié stadium geen onmiddellike aanvraag vir geskoolde arbeid, huisbediendes of klerke in die dorp bestaan het nie.[132] In Wolmaransstad sou die boerderytjies van die dorpsbewoners egter nog tot 1908 met die finale ingebruikneming van die dorpsdam deur die gebrek aan voldoende besproeiingswater gekortwiek word. Die krisis betreffende die indiensneming van Afrikaanssprekendes in die staatsdiens sou nog tot tydens die era van verantwoordelike bestuur tussen 1907 en 1910 voortduur en wel as gevolg van die oorbelading van die staatsdiens met

[130] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.145.

[131] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie1900-1910, p.100.

[132] South African Colonies. Transvaal Handbook 1904, p.53.

Engelse amptenare in die jare 1902-1903.[133] Vir 'n paar van Wolmaransstad se oud-ZAR-amptenare het daar darem deur bemiddeling van genl. L. Botha 'n mate van finansiële verligting gekom toe 'n deel van die pensioengelde wat nog uit die dae van die ZAR-regering aan hulle verskuldig was, aan hulle toegestaan is. Aan H.L. De Waal en J.C. Bornmann (sr.) is in 1908-1909 'n jaarlikse pensioen van onderskeidelik 45 pond (R90,00)[134] en 90 pond (R180,00) toegestaan.[135]

In die proses van heropbou was die voltooiing van die dorpsdam, met die verwagte groei en welvaart wat dit vir die gemeenskap sou meebring, die spil waarom die hoop en verwagting gesentreer het. Gevolglik was die voltooiing van die projek wel hoog op die na-oorlogse voorkeurlys van die owerheid. Aan arbeiders was daar geen gebrek nie, want talle van die verarmde lede van die gemeenskap was maar te gewillig om vir so min as 1/6 (vyftien sent) per dag hul dienste vir dié projek aan te bied.[136] Die dam was teen 1904 reeds voltooi, maar omdat die wal as onveilig beskou is, is 'n deel daarvan afgebreek en gedurende 1905 weer herbou.[137] Die dam het egter nog steeds nie aan die dorp se behoeftes voldoen nie. Gevolglik is 'n rekonstruksie van die dam teen 'n koste

[133] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, p.151.

[134] South African Republic Officials's Pension Commission Seventh Report, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910, p.14.

[135] South African Republic Officials's Pension Commission First Report, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.14.

[136] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.47.

[137] H.T.M. Bell & A. Lane (eds.), A guide to the Transvaal, p.47.

van 8500 pond (R17000,00) uitgevoer. Die geld vir die projek is deur die regering aan die munisipaliteit voorgeskiet en was terugbetaalbaar teen 'n paaiment van 300 pond (R600,00) per jaar plus drie en 'n half persent rente. By die projek is slegs van die arbeid van noodlydendes van die distrik gebruik gemaak. Op 31 Januarie 1908 was die dam finaal voltooi.[138]

'n Pos van opsigter oor die dam is geskep. Aan die pos was 'n jaarlikse vergoeding van slegs 20 pond (R40,00) verbonde.[139] Die damwater is in leivore deur die dorp versprei. Die instandhouding van die leivore het baie aandag geverg en die koste daaraan verbonde het in 1909 byvoorbeeld 109 pond (R218,00) bedra.[140] Ten opsigte van watervoorsiening het die dorp in Oktober 1908 'n verdere mylpaal bereik toe Thos Leask die eerste windpomp in die dorp opgerig het en wel teen 'n koste van 158 pond (R316,00).[141] Die onderneming het skynbaar geblyk 'n sukses te wees, want die voorbeeld is in so 'n mate nagevolg, dat Wolmaransstad in die woorde van P.H.S. van Zyl, later "by uitstek die windpompparadys" van Wes-Transvaal was.[142]

[138] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. AGT, 111, 702/07.

[139] Finance accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1909, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.139.

[140] Finance accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1909, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910, p.156.

[141] Wolmaransstad-versameling, verw. 8, p.67.

[142] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.48.

Namate die gemeenskapslewe na die oorlog weer na normaal begin terugkeer het, het die noodsaaklikheid van en behoefte aan gekoördineerde beheer daaroor ook toegeneem. Om in dié behoefte te voorsien, is die stigting van 'n stedelike distriksraad vir Wolmaransstad op 10 Desember 1903 goedgekeur. Dié instelling het dus die vooroorlogse gesondheidskomitee vervang. In 1904 is 'n dorpsraad bestaande uit T.S. Leask, voorsitter, F.W. König, sekretaris, dr. Dundon, mediese beampte, J. King, P. van Rensburg en P. de Villiers gekies.[143] By gebrek aan enige akkommodasie is die administratiewe werk en raadsvergaderings in 'n kamer aan Thos Leask se winkel verrig. Die dorp se bestuur was in goeie hande, aangesien die raadslede bekwame en veelsydige persone was. In 1908 is hulle geledere aangevul en versterk deur die toetrede tot die raad van wetsagent, W. de Greef.[144]

In 1905 het die dorp munisipale status gekry.[145] As uitvloeisel hiervan is daar in 1906 nuwe ampte geskep, naamlik dié van burgemeester en stadsklerk onderskeidelik gevul deur F. Wronsky en F.W. König.[146] Ondanks die feit dat die munisipaliteit in die moeilike jare van heropbou begin funksioneer het, het die boeke van meet af geklop. So byvoorbeeld was die uitgawes vir die boekjare 1904-1905, 1905-1906 en 1906-1907 onderskeidelik 636 pond (R1272,00), 497 pond (R994,00) en 480 pond (R960,00) teenoor die inkomste van dié jare van onderskeidelik 853 pond (R1706,00), 599 pond (R1198,00) en 605 pond (R1210,00). Teen 30 Junie

[143] Minutes of the meetings of the Executive Council July to December 1903, vol. 3, verw. C.S., U.A., 552/03, Res. 1086, p.153 (kyk foto op volgende bladsy).

[144] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.92.

[145] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.163-164.

[146] Het Zuid-Afrikaansche Jaarboek en Algemeene Gids, 1906, p.376.



DORPSRAAD VAN WOLMARANSSTAD - 1904

Voorste ry: J. King. F. Wronsky. T. Leask, P. van Rensburg, P. de Villiers
Agterste ry: Dr. J.C. Dundon, F.W. König (sekretaris) en J. Dunn (toesighoudende amptenaar)

P.H.S. van Zyl. "Die geskiedenis van Wolmaransstad")

1907 het die munisipale waardasie van geboue in Wolmaransstad ook reeds 24383 pond (R48766,00) bedra.[147] Om insig te verskaf in die aard van munisipale aktiwiteite en finansiële sake word in Bylae B die staat van munisipale inkomstes en uitgawes vir die 1908-1909-boekjaar weergegee.[148] In die staat word die aandag veral gevestig op die feit dat die 1910-boekjaar met 'n gunstige saldo van bykans 650 pond (R1300,00) betree is. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die munisipale bestuur doeltreffend gefunksioneer het en dat die geldsake kerngesond was. Dit het vertroue in hul doeltreffendheid en bekwaamheid ingeboesem en daar kon dus met optimisme vorentoe gekyk word op die pad van ontwikkeling tot 'n volwaardige en gevestigde instelling met die nodige geriewe en fasiliteite.

Op mediese gebied was die gemeenskap bevoorreg om direk na vredesluiting, in die persoon van Thos Leask, oor die dienste van 'n gelisensieerde mediese praktisyn te kon beskik. Leask se lisensie om as geneesheer te praktiseer wat nog deur die ZAR-regering aan hom toegestaan is, is deur die koloniale owerheid erken en reeds op 11 Junie 1902 deur kol. Kekewich geteken en die geldigheidsduur daarvan verleng.[149] Hierdie aanstelling is in 1905 herbekragtig en wel deur die toenmalige Koloniale Sekretaris, Sir Patric Duncan.[150] Op 18 Maart 1904 is die mediese dienste op die dorp deur dr. J. Dundon, wat hom toe alhier

[147] Statistics of the Transvaal Colony for the years 1902-1907, Annexures to the Minutes of Proceedings of the Legislative Council 1908, pp.113-115.

[148] Transvaal Municipal Accounts, Financial Year 1908-1909, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910, 1910 (kyk Bylae B).

[149] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.129.

[150] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.86.

gevestig het, aangevul.[151] Vir baie jare sou dr. Dundon die gemeenskap as medikus, maar ook op andere terreine, op onbaatsugtige wyse dien. Tereg dat ter ere van hom, een van die dorp se strate later sy naam sou dra.[152] Van 1902 af het die distrik ook nog die dienste van 'n distriksgeneesheer in die persoon van dr. Jameson bekom.[153] Vir die voorreg om oor die dienste van 'n eie hospitaal te kon beskik, sou die Wolmaransstadters egter nog tot in 1929 moes wag toe 'n agt-bed hospitaaltjie alhier opgerig is.[154]

'n Belangrike mylpaal in die dorp se geskiedenis was die ingebruikneming van die dorp se biblioteek op 30 Junie 1907. Dit het egter maar 'n nederige begin gehad met 'n boekevoorraad van net 450 boeke.[155] By gebrek aan die nodige akkommodasie is 'n vertrek in die skoolgebou as biblioteek ingerig. 'n Aantal Engelse tydskrifte is ook in voorraad aangehou en is, nadat dit gelees is, per publieke veiling te koop aangebied. Die biblioteek het onder beheer gestaan van 'n biblioteekkomitee wat uit die voorsitter, magistraat E.H. Hogge, die sekretaris, skoolhoof L. Lee, en nog vyf ander lede bestaan het. 'n Aanvangskapitaal van 25 pond (R50,00) moes deur die komitee self

[151] Transvaal Goverment Notice 198/1905, p.311 EN Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.144.

[152] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.86.

[153] Executive Council Transvaal, Minutes from 21st June 1902 to 31st December 1902, vol. 1, p.66.

[154] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.87.

[155] Statistics of the Transvaal Colony for the years 1902-1907, Annexures to the minutes of Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.124.

byeengebring word.[156] Hierna het die biblioteek egter jaarliks ook nog 'n toelaag van die Provinsiale Administrasie ontvang. Vir die jare 1908 en 1909 was dit byvoorbeeld onderskeidelik 49 pond 17 sjielings en 6 pennies (R99,75)[157] en 37 pond tien (R75,00).[158] Die hart van die biblioteek was mej. G. Hoole wat sedert 1908 baie jare lank as sekretaresse-tesouriere die belange daarvan op die hart gedra het.[159]

Om te voorkom dat die gees van die burgers nie onder die traumatiese lewensomstandighede van die na-oorlogse jare sou knak nie, was dit noodsaaklik dat die burgers hulself en hul identiteit so spoedig moontlik weer moes vind. 'n Faktor wat deels sou meehelp tot die vervulling van hierdie strewe was naamlik die terugkeer na en die beoefening van die tradisionele lewenswyse op kerklike, sosiale en maatskaplike gebied. Tot die navolging van hierdie weg sou die onblusbare gees van die Boer van weleer hom egter gelukkig geredelik leen en sou hy dus op hierdie terrein nie te lank in sak en as bly sit nie.

Op kerklike terrein het die burgers mekaar spoedig weer die hand gereik en sou die Kerk soos voorheen weer die spil uitmaak waarom die gemeenskap se lewe gedraai het en vanwaar die geestelike, morele en materiële onderskraging uitgegaan het. Die nagmaal sou ook weer sy ereplek inneem as geleentheid waar elke drie maande familiebande en bande van geloof, vriendskap en liefde gevoed en verstewig is. Die Skool

[156] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.96.

[157] Finance accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.124.

[158] Finance accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1909, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910, p.98.

[159] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.96.

sou ook weer geleidelik sy plek as 'n fokuspunt van die belange van ouers met skoolgaande kinders inneem en as sodanig as middel tot sosiale verkeer dien. Die dansparty het gou weer sy plek as bron van ontspanning ingeneem. So vroeg reeds as Mei 1903 het ons verneem van 'n bruilof met 'n gepaardgaande dansparty.[160]

Op 23 September 1903 is die eerste na-oorlogse verskeidenheidskonsert, en wel ten bate van die skoolsport, in een van Thos Leask se store aangebied. Dit het egter nie juis die stempel van die Boeregemeenskap gedra nie aangesien al die kunstenaars wat deelgeneem het Engelssprekend was. Die goeie saad vir die stimulering van hierdie tipe vermaak was egter nogtans hierdeur gesaai. Die funksie is ook met 'n dansparty afgesluit.[161] Origens was daar geen ander vorme van georganiseerde ontspanning nie. Die beoefening van sport was skynbaar tot die skole beperk, aangesien daar geen verwysing na georganiseerde spele op die dorp tot en met Uniewording gevind kan word nie. Van die voor-oorlogse wapenskoue het daar onder die nuwe politieke bedeling skynbaar niks meer tereg gekom nie. Later sou dit egter weer deels in die gedaante van die sogenaamde "Skietkommando's" herleef. Van ongeveer 1907 af sou die jaarlikse landbouskoue op 'n meer gereelde grondslag aangebied word en het dit 'n verdere geleentheid tot sosiale verkeer en sosiale kontak gebied. Kort voor Uniewording, naamlik op 28 Februarie 1910 het die dorp op die terrein van vermaaklikheid 'n mylpaal bereik toe 'n sirkus, naamlik dié van Pagel, die eerste maal die dorp besoek het.[162]

Vir bykans die eerste nege maande na vredesluiting is wet en orde in die dorp en distrik skynbaar deur die Britse troepemag wat in 'n tentdorp

[160] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.18-20.

[161] *Potchefstroom Budget*, 30.9.1903.

[162] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.66.

in Wolmaransstad gestasioneer was, gehandhaaf. Hierna het die polisie hulle rol oorgeneem. Die dorp is deur die sogenaamde "Transvaal Town Police" bedien terwyl die distrik deur die "South African Constabulary" gepatrolleer is. In 1908 is beide hierdie polisiemagte deur die "Transvaal Police" vervang.[163] Op Wolmaransstad was sers. Quilt die eerste bevelvoerder van die polisiestasie wat in 'n sinkgeboutjie gehuisves was.[164] Die polisie sou nog lank met hierdie huisvesting tevrede moes wees, want teen Januarie 1909 het magistraat I. Hull in sy verslag oor die minderwaardigheid en ondoeltreffendheid van die bestaande polisiekwartiere gekla.[165]

In Februarie 1903 is sewe akker grond net buite Wolmaransstad op die Brandewijnskuilpad aan die "South African Constabulary" toegeken waar hulle toe vir hulle 'n kamp ingerig het.[166] Die kwartiere is egter in Mei 1905 na die plaas Roodepoort verskuif.[167] In 1904 is 'n polisiepos ook by Brandewijnskuil opgerig.[168] In 1908 het sers. J.H. Snowdon die bevel

[163] D.J. Potgieter (ed.), Standard Encyclopedia of Southern Africa, vol. 8, p.625.

[164] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.106.

[165] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 568, AG190/04.

[166] Executive Council Transvaal, Minutes from 12th January 1903 to 24th June 1903, verw. CS 15, 771/02, Res. 126, p.35.

[167] Minutes of meetings of the Executive Council January to June 1905, verw. Res. 868, LD, 7,026/3, p.286.

[168] Military reports on the Transvaal, vol. 2, p.375.

van die polisiestasie op die dorp oorgeneem.[169] Skynbaar is die pos hierna afgegradeer, want in Januarie 1909 was magistraat Hull in sy verslag aan die regering hoogs beswaard oor die onbevredigende toestand in die polisiediens in die distrik, omdat die bevel toe in die hande van 'n korporaal berus het.[170] Oor verdere aktiwiteite van die polisie in die distrik tot en met Uniewording kon geen bruikbare bykomstige inligting opgespoor word nie.

Die amp van landdros is na die oorlog deur dié van magistraat vervang. Die eerste persoon om die pos in Wolmaransstad te vul, was J. Blacklock. Van 14 Junie 1902 af sou hy as resident-magistraat vir die distrik waarneem. Van 24 Augustus 1902 af het hy ook nog 'n assistent-magistraat in die persoon van H.M. Devitt bygekry.[171] Blacklock en sy klerke het die huis langs Leask s'n betrek en dit as residensie en hofsaal aangewend. Later het hulle na een van Leask se geboue agter die winkel verskuif.[172] Blacklock moes as hoofmagistraat die hele distrik deurreis om spesiale hofsittings te hou. Vir die doel is daar van 1903 af 'n toelaag van 255 pond (R510,00) per jaar deur die owerheid aan hom toegestaan en wel om 'n kar en twee perde, asook 'n saalperd aan te skaf.[173]

[169] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 1620, AG1879/08.

[170] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 572, AG190/04.

[171] S.M. Gluckstein (ed.), South African Yearbook 1903-1904, p.317.

[172] Wolmaransstad-versameling, verw. 6, p.144.

[173] Executive Council Transvaal, Minutes from 12th January 1903 to 24th June 1903, vol. 2, verw. 282, A.G. 916/03, p.81.

Teen die begin van 1903 was daar skynbaar sprake dat die setel van die magistraat uit Wolmaransstad kon verskuif. Die grondeienaars van die dorp en inwoners van die distrik het heftig hierop gereageer. Hulle het naamlik deur die bemiddeling van die "Wolmaransstad Urban Districts Board" 'n petisie, waarin gevra is om nie sodanige verskuiwing ten uitvoer te bring nie, aan die Luitenant-Goewerneur gestuur.[174] Blacklock is in Julie 1906 deur E. Hogge opgevolg[175] en hy weer in 1908 deur G.H. Hull.[176] Die petisie van 1904 om die magistraatsetel in Wolmaransstad te behou, was skynbaar nie baie suksesvol nie, want teen 1908 het die moontlikheid weer opgeduik dat dié kantoor na Makwassiestasie verskuif kon word. Aangesien die gebrek aan akkommodasie skynbaar een van die knelpunte in dié verband was, het Leask dadelik ingewillig om erwe nommers 291 en 292 met geboue teen 'n bedrag van 861 pond tien (R1723,00) aan die regering te verkoop vir die inrigting daarvan as 'n magistraatskantoor en -residensie.[177]

Die geledere van die Justisie-amptenare is gaandeweg aangevul deur die aanstelling van H.A. Nisbet as staatsaanklaer in 1903[178] en C.W. Black

[174] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LTG, 117, 105/32.

[175] K. Donaldson, South African Who's Who 1909, p.37 EN P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.104.

[176] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 572, AG190/04.

[177] Finance accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1908, p.204.

[178] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 367, AG1146/03.

as huweliksbevestiger vir Swartes in 1904.[179] Die dorp het na die oorlog weer die dienste van wetsagent F.W. König bekom. Ander wetsagente wat ook in Wolmaransstad nog voor Uniewording gepraktiseer het, was S.J.P. Daneel,[180] W. de Greeff[181] en H.J. Neethling-Dempers. Laasgenoemde was die eerste in die dorp om in sy praktyk van die benaming "prokureur" gebruik te maak.[182]

Die gevangenis van hout en sink uit die dae van die ZAR het waarskynlik tydens die oorlog in die slag gebly, want hierna is daar geen verdere verwysing na dié geboutjie nie. In 1902 is daar twee prisonierselle op die dorp gebou.[183] In 1905 is nog 'n sel bygevoeg.[184] Die fasiliteite was egter ontoereikend en prisoniers moes dikwels teen hoë koste na die gevangenis te Klerksdorp geneem word.[185] In 1908 het Thos Leask egter deur bemiddeling van Sekundus de Villiers, 'n regsgeleerde van Standerton met invloed in regeringskringe, genl. L. Botha oorreed om toe te stem dat 'n gevangenis in Wolmaransstad gebou kon word.[186] Oor

[179] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 624, AG734/04.

[180] F. van Zwieten-versameling, verw. 1.2/1, 31.7.1905.

[181] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.92.

[182] F. van Zwieten-versameling, verw. 1./23, 22.6.1908.

[183] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.34.

[184] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LD, 1127, AG3995/05.

[185] Transvaalse Staatsargiefbewaarplek, Pretoria, verw. LTG, 117, 105/32.

[186] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.59.

die funksionering van die gevangenisdiens op die dorp en die personeel wat daarby betrokke was, kon geen nadere besonderhede opgespoor word nie. Op die vooraand van Uniewording was die instansies betrokke by die handhawing van wet en orde in die distrik Wolmaransstad gevestig, maar was nog ernstig gekortwiek deur ondoeltreffende en ontoereikende akkommodasie.

Die Anglo-Boereoorlog het ook op kerklike gebied sy spoor van verwoesting en ontwrigting nagelaat. Gemeentes is deur die groot lewensverlies onder lidmate en deur die beskadiging van kerkeiendomme verarm. Na die oorlog was die meerderheid lidmate self verarm en hulpbehoewend en sou vir geruime tyd gewis nie in staat wees om finansieel tot die hervatting van gemeentelike aktiwiteite en die nakoming van finansiële verpligtinge van die gemeente by te dra nie. Die kerke se stryd om heropbou na die oorlog was dus nie net in die fisiese heroprigting en herstel van kerklike strukture geleë nie, maar ook in noodleniging en armsorghulp en in die geestelike onderskraging om die gemeentelede uit hul toestand van verslaenheid, moedeloosheid, rou en verbittering op te hef.

Met die uitbreek van die oorlog was daar twee Hervormde Gemeentes in die Wolmaransstadse distrik, naamlik te Witpoort en Wolmaransstad. Gedurende die oorlog is die kerkie te Wolmaransstad eers as fort en daarna as perdestal gebruik. In die proses is dit sodanig verniel dat dit na die oorlog aanvanklik onbruikbaar was. Aldus is die eerste kerkdienste na die oorlog in die plaashuis van Wessel de Beer op De Putte gehou. Ds. Van Belkum wat voor die oorlog as konsulent van die gemeente opgetree het, het na die oorlog nie sy weg oopgesien om met die werk voort te gaan nie. Ds. A. Murray van Ventersdorp het egter van 1903 af periodiek in die gemeente uitgehelp. Deur armoede gedwing, het die Witpoortse en Wolmaransstadse gemeentes in kombinasie getree en is beurtelings deur besoekende predikante bedien.[187] Besonderhede van die kerklike aktiwiteite van die twee gemeentes tussen 1902 en 1910 is

[187] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.124.

baie skraps, aangesien notuleboeke van kerkraadsvergaderings ten opsigte van dié periode nie behoue gebly het nie. Die enigste kerklike dokument wat die periode dek, is die "Doop-boek der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Wolmaransstad/Makwassie, 1892 - 11 Januarie 1911." Aan die hand van gegewens in dié register blyk dit dat die doop van 1903 af tot 1910 gereeld ten minste een keer, maar soms drie keer per jaar te Witpoort bedien is. Predikante wat alhier doopplegtighede waargeneem het, was onder andere ds. P.W. Ennis in 1906, ds. A. Murray in 1907 en 1908 en ds. K.T. van den Heever en E.J.J. van der Horst in 1909. Te Wolmaransstad het ds. P.A. Winter in 1902, ds. Ennis in 1906, ds. A. Murray in 1907 en 1908 en ds. F.S. du Toit in 1910 die doop bedien.

In die distrik is die doop gedurende 1904 by Brakspruit en De Putte deur ds. Goddefroy bedien. Te Rietvallei was daar gedurende 1906 ook 'n doopplegtigheid wat deur ds. F.S. du Toit waargeneem is. Indien die toename in die getal dopelinge die groei van die gemeentes in die distrik weerspieël het, was dit beslis indrukwekkend. So byvoorbeeld het dié getal by die Witpoortgemeente van elf in 1903 tot 41 in 1906 toegeneem.[188]

In 1908 het die Witpoortse en die Wolmaransstadse gemeentes saam die dienste van 'n eie predikant in die persoon van ds. K.T. van den Heever bekom. Hy het hom op Witpoort gevestig waar 'n pastorie toe vir hom gebou is. Die kerklike aktiwiteite het in toenemende mate om Witpoort begin sentreer. Toe die gedagte in 'n stadium uitgespreek is dat die kerk sy besittings op Wolmaransstad moet verkoop, het die Wolmaransstadse gemeente hom weer van die Witpoortgemeente losgemaak. Albei gemeentes is egter nog deur ds. Van den Heever bedien.[189] Teen 1910 het die Witpoortse en Wolmaransstadse gemeentes gesamentlik 'n

188. Doop-boek der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Wolmaransstad/Makwassie 1892 - 11 Januarie 1911, ongepagineer.

189. P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.124.

ledetal van 1409 siele en 683 lidmate gehad.[190] Op die vooraand van Uniewording het die Hervormde Kerk in die distrik grootliks weer sy voete gevind en was die voorgemelde statistiek oor die sieletal getuie dat die Kerk in die proses was om alhier weer goed gevestig te raak.

Vir die NG-Gemeente van Wolmaransstad, bekend as die Makwassiegemeente, het daar na vredesluiting ook 'n moeisame pad van heropbou voorgelê. Tydens die oorlog is die gemeentelike pastorie gedeeltelik afgebrand en die kerk erg verniel deurdat dit as fort deur die Engelse gebruik is. Skade ten bedrae van 2531 pond (R5162,00) is in die proses aan die kerkeiendomme aangerig.[191] Hulle vooroorlogse predikant, ds. M.P.A. Coetsee, is tydens die oorlog oorlede. Ds. P.A. Winter het tot Augustus 1903 as konsulent in die gemeente diens gedoen. Tot 29 November 1902, toe ds. Winter sy eerste besoek aan die gemeente gebring het, was die gemeente dus herderloos.[192] Op 8 Augustus 1903 het die gemeente die dienste van 'n vaste leraar in die persoon van ds. E.J.J. van der Horst bekom. Hy het tydens die oorlog in die Howickkonsentrasiekamp as onderwyser diens gedoen en was hierna aan die skool te Bloemhof verbonde. Hy sou tot en met 1925 die bediening in die NG-Gemeente te Wolmaransstad waarneem.[193]

Weens die totale gebrek aan amptelike stawende kerklike dokumente in die NG-Kerkargief te Pretoria ten opsigte van die periode 1902 tot 1910, is weinig oor die gemeentelike aktiwiteite in dié jare bekend. Die mate waarin daar groei en vooruitgang in die gemeente was, is byvoorbeeld aldus moeilik te bepaal. Dit is egter bekend dat dele van die gemeente in dié tydperk afgesny en aan die gemeentes De la Rey en Ottosdal

[190] Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika Almanak 1910, p.124.

[191] De Volkstem, 23.5.1903.

[192] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.83.

[193] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.121.

toegevoeg is.[194] Uit die gemeentelike statistieke vir die jaar 1910 blyk dit egter dat die gemeente in die stadium reeds sterk en goed gevestig was. Die getal siele in die gemeente het op 2170 te staan gekom, waarvan 878 belydende lidmate was. Die kerkraad het uit 24 lede bestaan. Die gemeente het ook oor die dienste van 'n orreliste in die persoon van mev. Rapmund beskik. Ds. G.F.C. Faustman het as konsulent vir die gemeente opgetree.[195]

Die Gereformeerde Kerk te Wolmaransstad was met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog maar enkele maande oud. In die stadium was daar nog nie 'n kerk of pastorie nie. Op die laaste kerkraadsvergadering voor die oorlog is daar wel besluit om die moontlikheid te ondersoek om Witstinkhoutboom as kerksentrum te bekom. Die oorlog het egter onderhandelinge in die verband op 'n dooiepunt laat uitloop.[196] Amptelike kerklike werksaamhede is eers weer op 23 Januarie 1903 hervat toe 'n kerkraadsvergadering te Blinkklip gehou is. By die vergadering was teenwoordig die konsulent, ds. J.L. Maury, ouderlinge W.M. Fleming, J.C. Rossouw, J.H. Fouche en T.J. van den Heever en diakens C.J. Rencke, L.J. Fouche en P. Venter. Die voorsitter het die broers na 'n skeiding van bykans vier jaar weer terugverwelkom en hulle tot broederlike samewerking aangemoedig. Hy het daarop gewys dat die meeste van die besluite van die laaste sitting van voor die oorlog weens die oorlog nie ten uitvoer gebring kon word nie.[197] Op dieselfde dag is daar ook 'n gemeentevergadering, wat deur veertien lidmate bygewoon is, gehou. Volgens die finansiële state was daar op dié dag ses pond (R12,00) in die gemeentekas voor hande, terwyl die gemeente met elf pond

[194] Ons Kerk Album, p.232.

[195] Nederduitsch Gereformeerde Kerk Almanak 1910, p.112.

[196] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, pp.126-127.

[197] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.11-12.

(R22,00) in die skuld was. Drie dae later het die kerkraad weer vergader en ses kerkraadslede as afgevaardigdes na die Algemene Kerkvergadering wat in April 1903 in Johannesburg gehou sou word, gekies. By die geleentheid is ouderling Van den Heever ook as kassier en skriba gekies.[198]

'n Volgende vergadering is op 1 Mei op Wolvenkop gehou. By die vergadering is bekend gemaak dat die gemeente twee van sy erwe op die dorp teen 25 pond (R50,00) stuk verkoop het. Dat die kerkraad erns gemaak het met die bewaking van die sedes in die gemeente, spreek uit 'n klag ingedien by die vergadering dat daar by die bruilof van oud-ouderling Van Locherenberg se dogter gedans is.[199] Die gemeente is in Mei 1903 ook by die Kerk se Sinodesitting in Pretoria verteenwoordig en wel deur ouderling Barnard en diaken Van Rensburg.[200]

Tot en met 1903 is die gemeente deur ds. J.L. Maury van Potchefstroom as konsulent bedien.[201] Op 'n gemeentevergadering op 6 November 1903 te Wolvenkop is ds. J.D. du Toit van Potchefstroom in sy plek as konsulent verkies.[202] In die hoedanigheid sou hy die Wolmaransstadse gemeente tot en met 1911 bedien.[203] Finansieel het die gemeente noustrop

[198] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.14-16.

[199] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.18-20.

[200] De Volkstem, 2.5.1903.

[201] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.128.

[202] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.28.

[203] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.128.

getrek. Desondanks is tydens 'n kerkraadsvergadering gehou op 5-6 Februarie 1904 te Brandewijnskuil, 30 pond (R60,00) vir die saak van die verskuiwing van die Teologiese Skool na Potchefstroom bewillig. Ook is besluit dat die lidmate sou oorgaan tot die gee van 'n tiende van hul vee en graan aan die kerk.[204]

Aan die begin van 1905 was die gemeente se finansiële nood so groot dat die kerkraad besluit het dat die bewyse in die Kerk se besit ingevorder sou moes word. Uit 'n notule van 'n kerkraadsvergadering gehou op 17 Januarie 1905 het dit geblyk dat die "kas in zeer behoeftigen toestand verkeert".[205] In hierdie stadium is datums van kwartaallikse kerkdienste reeds lank voor die tyd bepaal. So byvoorbeeld is tydens die kerkraadsvergadering van 7 Januarie 1905 te Brandewijnskuil bepaal dat die volgende diens op die derde Sondag van April 1905 te Rietvlei gehou sou word.[206] Teen Augustus 1905 was die gemeente in vier wyke, naamlik Brandewijnskuil, Wolvenkop, Blinkklip en Leeuwbosch ingedeel. Onderskeidelik het die wyke 21, 24, 32 en 18 lidmate elk gehad. Gedurende 1905 het die gemeente elke kwartaal drie pond agt (R6,80) vir die Teologiese Skool en 11/6 (R1,15) vir die weduweefonds bewillig.[207]

Die kwessie van 'n vaste kerkplek is tydens 'n kerkraadsvergadering op 3 Februarie 1906 te Rietvallei opgelos toe J.A.J.P. Jonker van Rietvallei

[204] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.32-33.

[205] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.38.

[206] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.38.

[207] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.42.

sy plaas en waenhuis vir dié doel beskikbaar gestel het. Hierdie waenhuis sou tot in 1911, toe 'n kerkie in Makwassie opgerig is, as kerk diens doen.[208] Die "kerk" het skynbaar 'n misvloer gehad, want op 'n kerkraadsvergadering gehou op 3 Augustus 1906 is die beloning vir die uitsmeer en afstof van die gebou op vier sjielings (veertig sent) vasgestel.[209] Gedurende 1907 was daar 'n gestadigde groei in die gemeente waarneembaar. Gedurende Mei is sewe lampe vir die kerk in ontvangs geneem en is 'n kommissie vir die bou van 'n preekstoel saamgestel. Teen November 1907 het die gemeente se bates sy laste met twaalf pond sewentien sjielings en twee pennies (R25,71) oorskry.[210] Die kerkbouplanne het in Junie 1908 sy beslag gekry toe besluit is om 'n dorpskerk te bou waarvoor 250 pond (R500,00) gekollekteer sou word. Terselfdertyd is 'n boukommissie ook benoem.[211] Insameling van fondse het fluks gevorder sodat daar teen Augustus 1909 al 191 pond ses sjielings en ses pennies) (R382,65) ingesamel was.[212] Op 27 Mei 1910 is toe finaal besluit om 'n kerk te Makwassie op te rig mits daar weidingsregte beskikbaar sou wees.[213] In 1911 het die kerk toe hier

[208] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.127.

[209] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.52-53.

[210] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.60-63.

[211] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.71.

[212] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.84.

[213] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, pp.90-95.

verrys en is ds. W.J. de Klerk as eerste eie leraar bevestig.[214] Teen 1910 het die lidmaattal van die gemeente op 305 te staan gekom. Waar dit van 1905 af, toe dit slegs 95 beloop het, tot 1910 meer as verdriedubbel het, kan dit beslis as merkwaardige groei en vordering bestempel word.[215]

Lidmate van die Presbiteriaanse Kerk wat in die distrik woonagtig was, is vanaf Potchefstroom bedien. In Junie 1909 het leraar J.D. Buchan byvoorbeeld te Leeuwdoorns, Harrisburg en Wolmaransstad dienste gehou.[216] Op die vooraand van Uniewording het die NG-Kerk en die Hervormde Kerk hulle eie kerkgeboue gehad en oor die dienste van vaste leraars beskik. 'n Jaar later sou die Gereformeerde Kerk ook dié fasiliteite bekom. Met 'n getal van 1866 belydende lidmate was die drie Afrikaanse Kerke in die Wolmaransstadse distrik teen 1910 dus goed gevestig en toegerus om sy lidmate die nodige morele en materiële onderskraging te bied vir die eise wat die nuwe konstitusionele bedeling kon meebring.

Op onderwysgebied het daar na die oorlog vir die Transvaalkolonie 'n totaal nuwe bedeling ingetree. Die ou onderwysstelsel soos dit in die ZAR in swang was, is vervang deur 'n koloniale stelsel wat 'n volksvreemde karakter gehad het en wat as hoofmotief die anglisering van die Afrikaanse kind beoog het. Soos ook elders in die ZAR het die meeste skole in die Wolmaransstadse distrik spoedig na die uitbreek van die oorlog weens die opkommandering van die onderwysers gesluit. Tot in 1902 was daar in die ZAR geen sprake van georganiseerde onderwys nie. Toe daar in die begin van 1902 nog geen teken was dat die einde van die oorlog in sig was nie en daar toe al duisende kinders in die

[214] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.128.

[215] Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923, p.96.

[216] The Potchefstroom Herald, 28.5.1909.

konsentrasiekampe was, het die koloniale owerheid dit raadsaam geag om met onderrig in die kampe te begin. Gekwalifiseerde onderwysers was baie skaars en onderwysgeriewe en -fasiliteite in die kampe karig en primitief. Van die begin van 1902 af was daar egter 'n geredelike toevloei van onderwysers van oorsee af. Die vakke wat onderrig is, was beperk tot Bybel, Engels, Lees, Rekenkunde, Sang en "Musical drill." Die medium van onderrig was Engels, behalwe in die geval van Bybel en Geskiedenis wat deur medium van Hollands gegee mog word.[217] Een van die bekendste kamponderwysers was die latere ds. E.J.J. van der Horst van Wolmaransstad wat in die Howickkonsentrasiekamp 'n kampskool georganiseer het.[218]

Van vredesluiting in 1902 af tot en met Uniewording in 1910 is daar in die geskiedenis van die onderwys van die Transvaalkolonie twee duidelike periodes te onderskei, naamlik die periode tydens die kroonkoloniale bestuur, 1902 tot 1906, en die periode van selfbestuur, 1906 tot 1910. Gedurende die kroonkoloniale tydperk het daar twee tipes skole bestaan, naamlik staatskole en CNO-skole. Hierbenewens het die kampskole ook nog tot aan die einde van 1902 voortbestaan. Die staatskole het dadelik na vredesluiting hulle verskyning gemaak. Hulle is deur die Engelse onderwysers wat in kampskole onderrig gegee het, beman. In die reël is twee dames of een man na dié skole gestuur. Soms is 'n Engelssprekende onderwyser saam met 'n Afrikaanssprekende een in dieselfde skool geplaas.[219] Dit was die beleid van die owerheid om die inwoners van die kampe na hulle plase met onderwysers, tente, meubels

[217] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.70-72.

[218] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.132.

[219] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.76.

en skoolmateriaal te volg om aldaar klein skooltjies, soortgelyk aan die kampskole, te stig.[220]

In elke inspeksiekring is 'n distrikshoofonderwyser aangestel, wat die distriksinspekteur in 'n wye reeks sake behulpsaam moes wees. In die Wolmaransstadse distrik het ds. E.J.J. van der Horst as die distrikshoofonderwyser opgetree. Van hom het inspekteur Corbett later net met lof melding gemaak vanweë die besondere bydrae wat hy tot die vooruitgang van onderwys in die distrik en in die algemeen gelewer het.[221] Die heropbou van onderwys in die Wolmaransstadse distrik sou, soos dit die geval op alle ander terreine van die samelewing was, 'n lang en moeisame proses wees. Van die vernaamste struikelblokke wat die oprigting van skole teengewerk het, was die bepaling dat 'n skool minstens 30 leerlinge moes hê voordat gratis onderwys verskaf is en die feit dat die droogtes in die distrik 'n gedurige trek van boeregesinne meegebring het. Desondanks is die eerste na-oorlogse staatskool reeds op 21 Augustus 1902 in Wolmaransstad met 23 leerlinge onder die hoofskap van mnr. J. King geopen. Aangesien die Ebenhaezerskoolgebou gedurende die oorlog verwoes is, is 'n nuwe gebou wat in 1904 in gebruik geneem is, opgerig.

Gedurende 1903 is die oprigting van skole in alle erns aangepak. In dié jaar is nie minder as vyftien skole in die distrik geopen nie. Die skole is naamlik opgerig te Baviaanskrans, Brandewijnskuil, Cyferfontein, Doornpan, Kareeboschkuil, Klipfontein, Lakensvlei, Leeuwbosch, Leeuwfontein, Wildebeestkantoor, Witpoort, Wolmaransstad, Wolvenspruit, Zoutpan en Zendelingsfontein. Die gemiddelde aantal ingeskrewe leerlinge by die skole het gewissel van veertien by die Zoutpanskool tot 104 by die Wolmaransstadskool. Die skoolakkommodasie het bestaan uit onder andere markeetente, "Mafeking Shelters", -verskuifbare geboue-

[220] J.C.Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838-1937, p.82.

[221] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.76-77.

steengeboue en hout- en sinkstrukture. Volgens inspekteur Corbett het, op een na, geeneen van die strukture aan die vereistes ten opsigte van lig, ventilasie, konstruksie en lugruimte voldoen nie. Van die skole is dié te Wildebeestkantoor en Zoutpan weer gedurende 1903 gesluit.

Die gemiddelde skoolbesoek vir hierdie skole vir die jaar 1903 was 86 persent. As in gedagte gehou word dat daar geen verpligte skoolbesoek bestaan het nie, is dit 'n besonder goeie bywoningsyfer. As redes vir ongereelde skoolbesoek het inspekteur Corbett onder andere aangetoon die lang afstande van die skool, die gebruik van kinderarbeid by gebrek aan swart arbeid, armoede wat verhoed het dat die ouers die kinders van die nodige kos en klere kon voorsien, aansteeklike siektes en die voorbereiding van jongmense vir die aflegging van belydenis van geloof. Wat die algemene peil van onderrig in die Wolmaransstadse distrik vir die jaar 1903 betref, was die kritiek van die inspekteur oorwegend positief.[222]

Die inspekteur het egter nagelaat om aan te toon watter effek die onderrig van die leerlinge deur medium Engels op hulle skolastiese prestasies gehad het. Volgens P.H.S. van Zyl was die Hollandssprekende leerlinge hoegenaamd nie toegerus met genoegsame kennis van Engels om deur medium van dié taal suksesvol onderrig te word nie. Aan die einde van 1903 het mnr. King van die skool te Wolmaransstad melding gemaak van die ernstige probleme wat die leerlinge van standerd twee tot vyf met veral Rekenkunde, Stelwerk en Aardrykskunde ondervind het en die rol wat die taalprobleem daarin gespeel het.[223] Gedurende 1904 het die getal skole in die distrik konstant gebly deurdat skole te Klipdrift, Doornbult en Uitkyk geopen is, maar die skole te Leeuwbosch en Leeuwfontein weer gesluit is en die skool te Lakensvlei na die Lichtenburgse distrik oorgeplaas is. Die gemiddelde aantal ingeskrewe leerlinge vir 1904 was

[222] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.78-82.

[223] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.65.

net-net minder as die vorige jaar. Buiten vir die skool op Wolmaransstad wat vyf leerkragte gehad het, het al die ander skole net een of twee gehad.[224]

Die standaard van onderwys was volgens inspekteur Corbett gedurende 1904 hoër as die vorige jaar. In die plaasskole het die standaard van onderwys baie gewissel, deels omdat baie kinders weens hulle hoë ouderdom twee standerds in een jaar afgelê het. In sy vakverslag vir 1904 het mnr. Corbett die volgende knelpunte in die onderwys in sy kring, insluitende die Wolmaransstadse distrik, uitgelig: 'n Skaarste aan gekwalifiseerde Hollandse onderwysers, die swak gehalte van werk gelewer in Stelwerk, Rekenkunde, Tekene, Liggaamlike Opvoeding en Natuurstudie en van die verwaarlosing van Aardrykskunde as gevolg van gebrek aan handboeke. Die onderrig van vakke soos Lees, Sang, Skrif en Naaldwerk was egter deurgaans bevredigend.[225]

In die periode Januarie 1905 tot Junie 1906 is nog staatskole te Kliprif en Vaalbank geopen, terwyl die skool te Leeuwbosch gesluit is. Die skool te Brandewijnskuil is gesluit en heropen en dié te Leeuwfontein weer geopen. Die inspekteursverslag vir die tydperk het aangetoon dat die algemene peil van onderrig nie na wense was nie. Daar was 'n voldoende aantal laerskoolonderwysers vir die laer klasse, maar nie vir die hoëres nie. Volgens die inspekteur was daar tekens dat die antagonisme teen die Engelse staatskole besig was om te verdwyn. Die skerp daling in die getal ingeskrewe leerlinge in die skole van 1905 af tot 1906 het egter die teendeel bewys.[226] Die staatskole het juis ondersteuning begin verloor

[224] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.82-83.

[225] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.84-88.

[226] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.89-93.

toe leerlinge van 1904 af voorkeur aan die CNO-skole, waar Hollands die voertaal was, begin gee het. In die staatskool te Wolmaransstad moes mnr. R. Lee wat teen die begin van 1905 as skoolhoof aangestel is, van die intrapslag af toesien hoedat leerlinge uit skynbare wanhoop die werk in sy skool gestaak en na die CNO-skool toe oorgestap het (kyk foto van CNO-skool te Wolmaransstad op volgende bladsy). Teen die einde van 1905 het sy skool se leerlingtal tot so laag as 46 gedaal.[227]

Dit bring ons by die tweede tipe skool in die distrik gedurende die kroonkoloniebestuur, naamlik die CNO-skool. Hierdie skole het hulle ontstaan aan die pogings van 'n kommissie, wat homself die "Vriendekring" genoem het, te danke gehad.[228] Die kommissie het hom beywer vir 'n "Christelik Nasionale Onderwys na die gees en aard van die onderwys volgens die ou onderwyswette van die ZAR".[229] Die onderwys sou veral na die oorlog as teenvoeter teen Lord Milner se pogings om die skoolgaande Hollandse kinders deur middel van die skool te verengels, moes dien. Die grondlegger van die CNO-onderwys in die Wolmaransstadse distrik was ds. E.J.J. van der Horst van die NG-Kerk wat op 8 Augustus 1903 in die dorp as predikant bevestig is. Hy het dadelik die inisiatief geneem om 'n CNO-skool in die dorp op te rig wat as teenvoeter teen die Engelse staatskool moes dien. Daar was geen akkommodasie vir 'n skool nie aangesien die Ebenhaezerskool tydens die oorlog verwoes is. Onder sy inspirasie en leiding is daar spoedig 'n skooltjie deur die ouers self gebou. Die skooltjie, op die hoek van Retief-

[227] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.65.

[228] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.94.

[229] J.C. Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838-1937, p.95.



CNO-SKOOL, Wolmaransstad, 25.7.1905

(Staatsargief, Pretoria)

en Leaskstraat, is teen die begin van 1904 met mnr. J.L. du Preez as hoof geopen.[230]

Die CNO-skool het groot inslag gevind en soveel kinders van die staatskool op die dorp getrek dat laasgenoemde skool in die loop van die volgende twee jaar meer as die helfte van sy leerlinge verloor het. In die distrik is ook CNO-skole opgerig. Op Doornpan het Manie le Roux sy waenhuis, waarin die staatskool nog gehuisves was, as skoolgebou vir 'n CNO-skool aangebied. Die staatskool op Wildebeestkantoor is in Mei 1903 gesluit en deur 'n CNO-skool vervang. Op Kareeboschkuil het Martiens van Rensburg 'n CNO-skool begin, terwyl J.C. Theunissen as CNO-onderwyser te Witpoort bedrywig was. Op 15 Maart 1903 is 'n CNO-skool ook te Wolvenkop onder hoofskap van H.J. du Plessis geopen. Gedurende 1906 was mnr. Du Plessis weer aan 'n CNO-skool te Rietvallei verbonde. Dié tipe privaatskole het soms slegs enkele leerlinge gehad soos byvoorbeeld die ses van die Bezuidenhoutskraalskool waar W.A.J. Venter die onderwyser was. Op die meeste plekke in die distrik waar staatskole bestaan het, is ook CNO-skole opgerig, maar weens die groot finansiële las wat dit vir die ouers meegebring het, kon die CNO-skole nie hulle aanvanklike houvas bly handhaaf nie en kon hulle nie in stand gehou word nie. Die onvermydelike gevolg hiervan was dat die meeste CNO-skole toe weer gedurende 1906 gesluit moes word.[231]

Die onderwys in die Transvaalkolonie het in Desember 1906 'n nuwe bedeling betree toe selfbestuur aan die gebied toegeken is. Hierdie politieke verwikkeling het 'n ingrypende uitwerking op die voortbestaan van die CNO-skole gehad. Genl. J.C. Smuts as Minister van Onderwys het landswyd sy onderwyswet gepropageer en daarop gewys dat die CNO-idee ook in die nuwe wet beliggaam sou wees. Deur die toedoen

[230] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.95.

[231] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.95-97.

van sy propaganda en gekortwiek deur die gebrek aan fondse het die ondersteuning aan CNO-skole verflou. Aan die begin van 1906 was die CNO-skool te Wolmaransstad die enigste oorblywende skool van sy soort in die distrik.

Die skool het nog tot in 1907 voortbestaan. In Januarie 1907 het mnr. W. de Greef die hoofskap van die skool oorgeneem. Na langdurige samesprekings tussen die skoolkommissies van die twee skole oor die kwessie van moontlike amalgamasie, het die kommissie van die CNO-skool toegestem dat die skool op 23 Julie 1907 amptelik aan die staatskool oorgedra word. Teen September 1907 was die skoolkommissie van die geamalgameerde skool gekies en het soos volg daar uitgesien: J.C. Bornman (voorsitter), J.H. Lee (sekretaris), A.G.S. Erlank, P. van Rensburg, W. Boshof, ds. E.J.J.van der Horst en P.C. de Villiers.[232]

'n Nuwe onderwyswet, die sogenaamde Smuts-wet, is opgestel en het op 1 Oktober 1907 van krag geword. Besware teen die wet was dat dit die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys gehandhaaf het en die Afrikaanse beginsel van CNO-onderwys verwerp het.[233] Die wet het godsdiensonderrig op 'n gesonde grondslag geplaas, maar die bepalings ten opsigte van die taal en medium van onderrig het probleme geskep. Veral onbillik was die bepaling wat die kennis van en vordering in Engels as 'n voorwaarde vir bevordering van leerlinge gestel het, terwyl die voorwaarde nie vir Hollands gegeld het nie. Op die eerste skoolraadskonferensie in 1908 is 'n voorstel van twee afgevaardigdes van die Wolmaransstadse skoolraad, di. Van der Horst en Faustman, dat die

[232] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.106-109.

[233] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.98.

Hollandssprekende kinders van voorgenoemde bepaling onthef word, aangeneem.[234]

'n Onderwysinstelling wat reeds tydens die koloniale bewind in die lewe geroep is en onder die nuwe onderwyswet behou is, was die adviserende skoolrade. Die eerste vergadering van die Wolmaransstadse Adviserende Skoolraad het op 26 Augustus 1906 te Bloemhof plaasgevind. Die elf lede van die raad was oorwegend Engelssprekendes. Van die bekendste lede was magistraat J. Blacklock (voorsitter) en T.S. Leask. Blacklock sou egter nie die vergadering kon bywoon nie, omdat hy in dié stadium reeds na Middelburg, Transvaal verplaas was. Die eerste skoolraad van Wolmaransstad, aangestel in terme van die Smuts-wet, het op 7 Januarie 1908 vergader. Die raad was soos volg saamgestel: Ds. E.J.J. van der Horst (voorsitter), H.W.R. Kluever (sekretaris), genl. S.P. du Toit, L.E.L. Mussmann, C. Brink, T.S. Leask, M. van Rensburg, ds. G.F. Faustman, J. Greyling en Theo Potgieter. Die skoolraad het die amptelike beleid van sentralisasie van skole verder probeer voer deur by wyse van eksperiment 'n daaglikse vervoerskema deur middel van 'n muilewa in te stel waardeur die leerlinge van Leeuwfontein en Rooipoort aangery is om 'n sentrale skool op die dorp op te bou. Teen 1910 was dit egter die donkie wat die gewildste vervoermiddel van die kinders skool toe was. In baie gevalle het ouers byvoorbeeld voorkeur gegee aan die verskaffing van donkies bo die verkryging van losiesbeurse. Die nadeel van die beleid van sentraslisasie was die groot afstande wat die kinders daagliks met die donkiekar skool toe en terug moes aflê.[235]

Onder die nuwe onderwysbedeling het die standaard van onderwys mooi vooruitgang getoon, veral in die dorpskole. Tog moes inspekteur Corbett in 1908 nog bevind dat die algemene peil van onderwys, as gevolg van

[234] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.103-105.

[235] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.99-102.

die baie ongekwalifiseerde onderwysers en ongereelde skoolbesoek, nog veels te laag was. Hy het veral die gebrek aan geskikte Hollandse en Engelse leesboekies as 'n groot leemte in die onderwys uitgewys.[236] Tot en met Uniewording was daar weinig vordering in die gehalte van onderrig in die distrik. Volgens inspekteur J.P. Botha se inspeksieverslae ten opsigte van die periode 1908-1910 was slegs die onderrig in Hollandse Lees, Geskiedenis en Bybelse Geskiedenis enigsins op standaard.

Die onderwys het ook soms skade gely waar die onderwysers se aandag verdeel is tussen die skool en 'n deeltydse boerderytjie wat hulle dikwels bedryf het. Sprekend hiervan was die geval waar die hoofonderwyser van Witpoortskool, mnr. Pilkington, in April 1910 deur sy skoolraad op klagte van pligsversuim voor die hof gedaag is. Hy is weliswaar onskuldig bevind, maar die geval was so omstrede dat 'n aantal ouers hulle kinders uit die skool gehaal en hulle toe ook weer op hulle beurt deur die skoolbesoekbeampte aangeskryf is.[237] In 1910 is 'n sekondêre afdeling in die skool op Wolmaransstad ingestel. Volgens die inspekteur was die resultate bevredigend, aangesien 63,3% van die kandidate aan die einde van die eerste jaar in die Skoolverlaterseksamen geslaag het.[238]

In die periode van selfbestuur tussen 1906 en 1910 is skole by die volgende plekke in die Wolmaransstadse distrik opgerig of heropen:

1. Tot Junie 1907 : Bezuidenhoutskraal, Kliprif (heropen), Rietvallei, Welverdiend en Zoutpan (heropen),

[236] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.110-112.

[237] Debatten van de Wetgewende Raad van de Transvaal, 1910, pp.598-599.

[238] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.114-117.

2. Tot Junie 1908 : Leeuwdoorns, Rietkuil, Stroomdrift en Vliegenkraal,

3. Tot Junie 1909 : Kliprif (heropen), Uitkyk (heropen), Kareefontein, Diepkuil, Doorndam en Katbosfontein,

4. Tot Junie 1910 : De Put, Klipfontein 45, Palmietfontein, Rooipoort (heropen) en Wildebeestkantoor (heropen).

In die periode is vyf skole ook gesluit, te wete dié te Cyferfontein en Zoutpan in 1907, Leeuwfontein in 1908, Brandewijnskuil in 1909 en Kareeboschkuil in 1910. Daar was met die toename in die aantal skole ook 'n feitlik konstante toename in die gemiddelde aantal ingeskrewe leerlinge en skoolbesoeke soos uit die volgende tabel blyk:

| JAAR | 1906 | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 |
|---|---|---|---|---|---|
| AANTAL SKOLE | 15 | 16 | 18 | 20 | 24 |
| INSKRYWINGS | 459 | 459 | 585 | 718 | 884 |
| SKOOLBESOEK | 374 | 369 | 498 | 586 | 713 |

Faktore wat tot die toename in leerlinggetalle bygedra het, was onder andere die sluiting van die CNO-skole, die feit dat die ouers die staatsonderwysstelsel toenemend aanvaar het en die voorsiening van vervoer en losiesbeurse. Teen 1910 het die gemiddelde aantal ingeskrewe leerlinge van die skool op Wolmaransstad byvoorbeeld reeds op 107 te staan gekom. Teen 1910 was daar in die distrik egter nog baie kinders wat glad nie die skool besoek het nie. Bydraende faktore hiertoe was onder andere die uitgestrektheid van die distrik en die ylbevolktheid daarvan. Vir die skooljaar Julie 1909 tot Junie 1910 was die gemiddelde skoolbesoek vir die distrik, ondanks die baie belemmerende faktore, nogtans 'n pragtige 86%. Saam met die leerlinggetalle moes die onderwysersgetalle noodwendig ook toeneem. So byvoorbeeld het in die periode Julie 1909 tot Junie 1910 elf eenmanskole elk 'n tweede leerkrag bygekry. Die skool op die dorp het teen Junie 1910, in verhouding tot sy leerlingtal van oor die honderd, 'n relatiewe klein personeel van slegs

drie leerkragte gehad, wat uit die hoof, mnr. C.A. Winter, mnr. A. du Toit en mej. G. Hoole bestaan het.[239]

Ten opsigte van die verskaffing van skoolgeboue en -toerusting is daar in die periode 1906 tot 1910 groot vordering gemaak. Buiten vir die skoolgebou op Wolmaransstad, was daar teen 1907 ook doeltreffende geboue vir die plaasskole te Vaalboschbult, Baviaanskrans en Zendelingsfontein. Baie van die geboue het volgens inspekteur Corbett elke gesondheidswet geweld aangedoen omdat hulle te beknop, klam, donker en sonder plafonne en vloere was en sleg geruik het. Redes vir die toedrag van sake was onder andere dat persele vir die oprigting van skole moeilik bekombaar was en die buitensporige huur wat sommige eienaars vir bestaande geboue gevra het.[240] Sommige geboue is egter teen 'n billike huur bekom, soos byvoorbeeld die op die plase Kareefontein en Welverdiend no.13 wat onderskeidelik teen 27 pond (R54,00) en 20 pond (R40,00) per jaar vir die doel van onderwys gehuur is.[241] Die aanwending van vervoerbare geboue soos die "Mafeking Shelter" was nie 'n oplossing van die probleem van akkommodasie nie, veral weens die hoë koste en ondoeltreffendheid daarvan.

Wat die skooltoerusting betref, was die grootste leemte teen 1907 die gebrekkige voorsiening van swartborde. Die meubels was gewoonlik in

[239] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, pp.119-124.

[240] Transvaal Education Department, Report for the year ended 30th June 1907, pp.59-60.

[241] Finance Accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1909, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910, p.173.

ooreenstemming met die toestand van die gebou.[242] Teen 1910 het Wolmaransstad weer oor die fasiliteite van 'n skoolkoshuis beskik. 'n Uitvloeisel hiervan was dat die sekondêre afdeling van die skool uitgebrei het sodat dit in dié jaar tot 'n leerlingtal van 34 aangegroei het.[243] Die Onderwysdepartement het ruimskoots tot watervoorsiening vir die skole bygedra. Gedurende 1907 byvoorbeeld is 190 pond (R380,00) aan boorwerk by die skool op die dorp gespandeer.[244] In 1908 is 'n verdere 496 pond (R992,00) aangewend vir boorwerk by die skole te Brandewijnskuil, Baviaanskrans, Witpoort en Zendelingsfontein.[245]

Op die vooraand van Uniewording was volgens die Direkteur van Onderwys se verslag die vernaamste knelpunt in die onderwys in Transvaal, en implisiet in die Wolmaransstadse distrik ook, die onbevredigende peil van tweetaligheid. Die sentralisasiegedagte het vinnig veld gewen, terwyl die idee van 'n neutrale staatskool nou feitlik ten volle aanvaar was. Origens was geleidelike dog besliste vooruitgang in die onderwys te bespeur.[246]

[242] Transvaal Education Department, Report for the year ended 30th June 1907, pp.59-60.

[243] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.119.

[244] Report of the Auditor General for the year ended 30th June 1907, Annexures to the minutes of proceedings of the Legislative Council 1908, p.281.

[245] Finance Accounts of the Transvaal for the year ended 30th June 1908, Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909, p.182.

[246] G.J.M. Coetzee, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952, p.125.

Op die politieke terrein het Wolmaransstad en distrik ook in 1907 inspraak in landsake gekry. Die voormalige landdros, H.L. de Waal, kandidaat vir die Het Volk-Party, is naamlik tydens die algemene parlementêre verkiesing van die Transvaalkolonie wat op 20 Februarie 1907 gehou is, met 915 stemme teenoor die 123 van sy teenstander A.G. Erlank, 'n onafhanklike kandidaat, tot parlementêre verteenwoordiger vir die Wolmaransstadse kiesafdeling verkies.[247] Hy sou die amp tot met Uniewording beklee toe hy as Volksraadslid vir Wolmaransstad in die eerste Unieparlement opgeneem is.[248]

Benewens die dorp Wolmaransstad was daar teen 1910 nog 'n paar groeperings van mense waaruit later dorpies sou ontwikkel. Die gemeenskappies was naamlik by Witpoort en die latere Makwassie en Leeudoringstad. Die inwoners van Witpoort het reeds in die tagtigerjare van die negentiende eeu vir die proklamering van hulle dorp as distriksdorp geaspireer. Van die oorwegingspunte wat in die verband in die dorp se guns moes tel, was onder meer die waterrykheid van die omgewing en die feit dat die eerste kerk en skool in die distrik alhier opgerig is. Van die toekomsverwagtinge van die inwoners van dié gemeenskap het egter nie veel tereggekom nie, aangesien Wolmaransstad as distriksdorp geproklameer is en groei en ontwikkeling toe alhier gestimuleer is. Teen 1899 het Witpoort nog meer inwoners as Wolmaransstad gehad, maar die gemeenskap sou geleidelik kwyn, veral toe die handel na die voltooiing van die Kimberley-Johannesburg-spoorlyn in 1906 nadelig getref is. Gebrek aan werksgeleenthede sou die lewensvatbaarheid en die groeipotensiaal van die dorpie Witpoort verder ondermyn en die ekonomiese aktiwiteite tot hoofsaaklik selfversorgende tipe dorpsboerderytjies reduseer.

Leeudoringstad en Makwassie het in 1905, toe hulle spoorverbindings bekom het, die eerste tekens van gemeenskapslewe begin vertoon. In

[247] The Johannesburg Star Transvaal, 22.2.1907.

[248] P.H.S. van Zyl, Die geskiedenis van Wolmaransstad, p.102.

Makwassie, aangelê op die plaas Oersonskraal, is in dié jaar 'n paar sinkgeboutjies, wat die spoorwegstasie en -personeel en die winkel en slaghuis van mnr. C.L. Cherry gehuisves het, opgerig. Dit was egter eers na dorpstigting in 1910 dat daar alhier werklik sprake van dorpsontwikkeling sou wees en dit momentum sou kry.[249] Die koms van die spoorweg het 'n veel geringer stimulus aan die toenmalige Leeuwdoorns, die latere Leeudoringstad, gebied. Ekonomiese groei het so langsaam plaasgevind, dat dit teen Uniewording nog steeds 'n onbenullige plekkie was met geen beduidende statistiek om te boekstaaf nie. Eers in die twintigerjare, toe dit 'n gesondheidskomitee verkry het, het dit 'n lewensvatbare gemeenskappie geword.[250]

Die verhaal van Wolmaransstad en distrik se heropbou in die na-oorlogse jare sou egter onvolledig en onafgerond wees, as Thos Leask en die rol wat hy daarin vervul het, nie uitgesonder en uitgelig word nie. Soos in die wordingsjare van die dorp en distrik het hy in die era 1902 tot 1910 en natuurlik nog daarna ook, alles vir die gemeenskap feil gehad. Met onvermoeide ywer het hy die leiding geneem in die agitasie by die owerheid vir die verkryging van 'n verskeidenheid dienste en fasiliteite vir die dorp en distrik. Tydens die aanlê van die Klerksdorp-Kimberley-spoorlyn deur die distrik het hy byvoorbeeld by die spoorwegowerheid aangedring dat die lyn nader aan Wolmaransstad gebou moes word.[251] In die aanloop tot die goedkeuring vir die bou van die skool op die dorp het hy 'n leeue-aandeel gehad deurdat hy die saak persoonlik by die Administrateur gaan bepleit het.[252] In 1908 het hy verhoed dat die magistraatskantoor na Makwassiestasie verskuif het toe hy die verlangde akkommodasie aan die owerheid beskikbaar gestel het.

[249] Makwassie-versameling, verw. 1, ongepagineer.

[250] P.H.S. van Zyl, *Die geskiedenis van Wolmaransstad*, p.99.

[251] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, pp.32-33.

[252] Wolmaransstad-versameling, verw. 7, p.34.

Deur sy bemoeiing het die dorp in 1908 van die owerheid die belofte van die oprigting van 'n gevangenis verkry. Daarbenewens het hy die gemeenskap as lid van die skoolkommissie, die biblioteekkomitee en die dorpsraad en as winkelier en medikus gedien. Op onbaatsugtige wyse sou hy en sy eggenote, Katie, egter ook nog baie jare lank na Uniewording die gemeenskap van Wolmaransstad diensbaar wees en as alombeminde egpaar die siel daarvan vorm totdat sy in 1935 en hy in 1946 oorlede is.[253] By 'n terugblik oor die periode van 70 jaar wat Thos Leask aan Wolmaransstad en sy mense diensbaar was, kan tereg beweer word dat hy die betiteling van "Vader van Wolmaransstad" waardig was en daaraan inhoud gegee het en kan begryp word waarom sy naam met die geskiedenis van Wolmaransstad sinoniem is.

In die historiese ontwikkelingsgang van die Transvaalkolonie en van Wolmaransstad het die periode tussen vredesluiting in 1902 en Uniewording in 1910 in die teken van heropbou en herskepping van dit wat tydens die Anglo-Boereoorlog verwoes is, gestaan. Die heropbou van die dorp was 'n omvangryke poging omdat dit feitlik uit die grond uit herbou moes word. Dit was aanvanklik 'n pynlik stadige proses, wat egter geleidelik momentum gekry het. Teen 1910 het dit weer sy aangesig herwin en het selfs meer lewensvatbaarheid as voor die oorlog getoon. Dit het weer oor al die noodsaaklike openbare fasiliteite en dienste van weleer beskik, maar nou net op meer uitgebreide skaal weens die aansienlike toename in die inwonertal. Nuwe dienste wat vir die inwoners geskep is, was onder meer 'n biblioteek, 'n handelsbank en 'n munisipaliteit. Die drie Afrikaanse Kerke was weer goed gevestig terwyl die groot getal leerlinge in die staatskool van groei en die drang na vooruitgang getuig het. Die dorpsdam wat deur die gemeenskap as die sleutel tot toekomstige ontwikkeling beskou is, was nou voltooi en kon in dié verband sy stimulerende rol begin vertolk.

In die geheel beskou, het die dorp teen Uniewording ten volle uit die puin van die oorlog opgestaan en die naweë daarvan afgeskud en kon

[253] J. Orford-versameling, verw. 41, p.129.

die inwoners met 'n groter mate van optimisme as die boerebevolking die toekoms ònder die nuwe politieke bestel tegemoetgaan. Vir die boer was die pad na herstel veel meer moeisaam en steil. Vir hom was daar die keuse om saam met sy plaas en boerdery op te staan of om boedel oor te geen en sy heil elders te gaan soek. Menige boer wat geknak het onder die eise wat tydens die heropbou van sy boerdery aan hom gestel is, het in die stede en selfs buite die landsgrense 'n heenkome gaan soek. Diegene wat aan hulle grond vasgeklou het en die stryd om herrysenis kon volhou, kon teen Uniewording beslis ervaar dat die ergste krisis vir hulle afgeweer is, dat hulle besig was om weer hulle voete te vind en dat, as gevolg van die meer wetenskaplike grondslag waarop boerdery toe bedryf is, daar beslis in die bedryf vir hulle die spreekwoordelike lig voor in die wapad gebrand het.

Daarbenewens is daar seker met hoop en verwagting vooruitgesien na die nuwe politieke bedeling in die nuwe verenigde vaderland wat hopelik ook 'n positiewe impak op die boerderybedryf sou meebring en kon meehelp om dit vinniger op die pad na volledige herstel te plaas. Sodanige verwagtings het seer sekerlik wel vir sommige boere van die Wolmaransstadse distrik gerealiseer, maar vir vele sou die uitspraak van S.J. Esterhuizen, naamlik dat die armoedige toestande onder die plattelandse boeregemeenskap teen 1910 die begin van 'n rewolusie ten kwade verteenwoordig het, wel 'n nare werklikheid word.[254] Desondanks kan met stelligheid beweer word dat op die terrein van boerdery in die Wolmaransstadse distrik teen 1910 die weg wel reeds gedeeltelik gebaan was vir latere geslagte om op voort te bou en die boerdery in die distrik uit te bou tot op die vlak dat dit vandag die dorp en distrik 'n plek laat inneem in die geledere van die toonaangewende boerderygemeenskappe van die Wes-Transvaal.

[254] S.J. Esterhuizen, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910, pp.230-231.

# Memorandum.

From Serg^t Baddeley | July 20th 1900
To Mr Leask & Co
Walmaransstad

Please supply
88 Bundles Forage

# Memorandum.

From Serg^t J Baddeley | July 21st 1900
To Mr Leask
Walmaransstad

Please Supply
1 Bag mealies
24 Bundles Oat Straw

J Baddeley Sgt

## MINOR MUNICIPALITIES.

**Statement of Revenue** for the year ended 30th June, 1909.

| Wolmaransstad. 35. £ s. d. | |
|---|---|
| 200 2 6 | Sanitary Fees. |
| — | Water Rates. |
| 217 10 0 | Erf Tax. |
| 33 14 0 | Licences: Trade and General. |
| 11 0 0 | Dogs. |
| — | Vehicles. |
| 23 19 0 | Native Passes. |
| 14 10 0 | Location Rents and Native Settlers. |
| 14 15 0 | Estate Receipts. |
| 0 13 2 | Market Receipts. |
| 27 14 5 | Pound Receipts. |
| — | Cemetery Fees. |
| 7 15 0 | Court Fines. |
| — | Building Fees. |
| — | Miscellaneous Revenue. |
| £560 13 1 | £28,863. 14s. 4d. |
| — | Assessment Rate. |
| — | „ Interest. |
| — | Extraordinary Revenue. |
| — | Arrears of Erf Tax. |
| — | Miscellaneous. |
| £560 13 1 | £31,960. 7s. 5d. |
| 595 10 10 | Balance brought forward |
| — | „ carried forward |
| £1,156 3 11 | |

## MINOR MUNICIPALITIES.

**Statement of Expenditure** for the year ended 30th June, 1909.

| Wolmaransstad. 35. £ s. d. | |
|---|---|
| 121 13 6 | Sanitary Expenditure. |
| 23 0 0 | Public Health. |
| — | Cemetery Expenses. |
| — | Native Location. |
| 103 0 0 | Public Works: Roads. |
| 66 6 6 | General. |
| — | Street Lighting. |
| — | Parks and Tree Planting. |
| — | Market Expenses. |
| 1 7 0 | Pound Expenses. |
| — | Water Expenses. |
| — | Town Lands Expenses. |
| 181 1 0 | Office Expenses. |
| 10 0 0 | General Expenses. |
| — | Interest. |
| — | Redemption. |
| — | Miscellaneous. |
| £506 8 0 | £28,044. 10s. 7d. |
| — | Municipal Buildings. |
| — | Plant and Office Furniture. |
| — | Water Scheme. |
| — | Landed Property. |
| £506 8 0 | £30,064. 12s. 7d. |
| — | Balance brought forward. |
| 649 15 11 | „ carried forward. |
| £1,156 3 11 | |

# BIBLIOGRAFIE

## 1. LITERATUUR

ANON, Die Boere van Transvaal en hulle organisasies 1897-1957, 1957, Pretoria, Transvaalse Landbou-Unie.

ANON (oorlogsherinneringe deur mev. Postma versamel), 1925, Stemme uit die vrouekamp gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1902, Potchefstroom.

BELL, H.T.M. & LANE, C.A. (eds.), 1905, A guide to the Transvaal, Johannesburg, Johannesburg Reception Committee.

BREYTENBACH, J.H. (red.), 1949, Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, Kaapstad, NPB.

COETZEE, D.J., 1940, Spoorwegontwikkeling in die S.A.R. 1872-1899, Kaapstad, NPB.

COETZEE, G.J.M., 1953, Die geskiedenis van onderwys van Blankes in die Wolmaransstadse distrik, 1876-1952 (Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, PU vir CHO).

DE KOCK, W.J. (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek deel 1, Bloemfontein, Nasionale Boekhandel Bpk.

DU PLESSIS, J., 1965, Christian Missions in South Africa, Cape Town, Struik.

DU PLESSIS, J., 1920, Het leven van Andrew Murray, Kaapstad, Zuid-Afrikaansche Bijbelvereniging.

ENGELBRECHT, J.A., 1936, The Koranna, Cape Town, Miller.

ENGELBRECHT, S.P., 1942, Eeufees-album van die Nederduitch Hervormde Kerk van Afrika 1842-1942, Pretoria.

ENGELBRECHT, S.P., s.a., De Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom 1842-1942, Pretoria, De Bussy.

ENGELBRECHT, S.P. (samesteller), 1925, Paul Kruger's amptelike Briewe, Pretoria, Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.

ESTERHUIZEN, S.J., 1965, Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie 1900-1910 (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, UP).

GRONUM, M.A., 1974, Die bittereinders Junie 1901 - Mei 1902, Kaapstad, Tafelberg.

GROSSKOPF, J.F.W., 1932, Plattelandsverarming en plaasverlating, Stellenbosch, Pro Ecclesia (Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika: Verslag van die Carnegie-Kommissie deel 1, Ekonomiese verslag).

GRUNDLINGH, A.M., 1979, Die "Hendsoppers" en "Joiners", Pretoria, HAUM.

GUEST, H., 1939, Voortrekkerdorp, Klerksdorp Stadsraad, Klerksdorp.

HAASBROEK, D.J.P., 1955, Die geskiedenis van Potchefstroom 1838-1881 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, PU vir CHO).

HOBHOUSE, E., 1943, Die smarte van die oorlog en wie dit gely het (vertaal deur N.J. van der Merwe), Kaapstad, NPB.

HUYZER, J.D., 1936, Die naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, UP).

JEPPE, F., 1868, Die Transvaal'sche oder Südafrikanische Republik, Gotha, Oerthes.

KEMP, J.C.G., 1946, Vir vryheid en reg, Kaapstad, NPB.

KOTZE, J.S., 1972, Geskiedenis van die Wes-Transvaalse diamantdelwerye (Ongepubliseerde MA-verhandeling, PU vir CHO).

LION CACHET, F., 1882, De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald, Amsterdam, Höveker en Wormser.

LöTZ, W.P.N., 1974, Geskiedkundige ontwikkeling van internasionale spoorvervoer in Suider-Afrika, Pretoria, Afrika-Instituut.

LYE, W.F. and MURRAY, M., 1980, Transformations on the Highveld: The Tswana and Southern Sotho, Totowa, Barnes & Noble Books.

MARITZ, C.J., 1976, Voogbestuur en nasievorming by die Batswana van die RSA (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO).

MEARS, W.G.A., 1970, Wesleyan Barolong Mission in Trans Orangia 1821-1884, Cape Town, Struik.

MOLEMA, S.M., 1920, The Bantu - past and present, Edinburgh, Green.

MOOLMAN, J.F.P., 1975, Die Boer se siening van en houding teenoor die Bantoe in Transvaal tot 1860 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP).

MOUTON, J.A., 1957, Genl. Piet Joubert in die Transvaal se geskiedenis, Pretoria (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1957).

NAUDE, P.A., 1954, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899 (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UNISA).

NEETHLING, E., 1938, Mag ons vergeet, Kaapstad, NPB.

NORTHCOTT, C., 1961, Robert Moffat pioneer in Africa, London, Lutterworth Press.

OBERHOLSTER, J.J., 1972, Die historiese monumente van Suid-Afrika, Kaapstad, Kultuurstigting Rembrandt van Rijn.

Ons Kerk Album van Hollandsche Kerken en leeraren, 1916, Kaapstad, Ons Kerk Album Mpy..

OOSTHUIZEN, J., 1949, Jacobus Herculas de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO).

PELZER, A.N., 1950, Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek deel 1, Kaapstad, Balkema.

POTGIETER, D.J. (ed.), 1973, Standard Encyclopaedia of Southern Africa vol. 8, Cape Town, Nasou.

POTGIETER, F.J., 1955, Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886 (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO).

RAS, J.L., Die lewe en werk van ds. M.P.A. Coetsee (Jnr) (Ongepubliseerde M.Teol.-verhandeling, PU vir CHO).

RASMUSSEN, R.K., 1978, Migrant Kingdom : Mzilikazi's Ndebele in South Africa, Cape Town, Collings & Philip.

REX, H, 1971, Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico), Pretoria, Hervormde Gemeente Zeerust.

SCHOLTZ, G.D., 1956, Die geskiedenis van die Nederduitse of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885, Kaapstad, NG-Kerk-Uitgewers.

SCHüLER, G.M.K., 1965, Die Barolong van Thaba Nchu, OVS. 'n Studie van kultuurverandering (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Univ. van Stellenbosch).

SNYMAN, J.J., 1949, Die naturellestamme in Marico vanaf die 18e eeu tot die verdrywing van die Matebelestam in November 1837 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA).

SPIES, S.B., 1978, Methods of barbarism, Cape Town, Human & Rousseau.

SPOELSTRA, B., 1924, Ons Volkslewe, Pretoria, Van Schaik.

SPOELSTRA, C., 1915, Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek, Kampen, Kok.

STOW, G.W., 1910, The native races of South Africa, London, Sonnenschein.

STUART, J., 1854, De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, Amsterdam, Tielkemeyer.

TERBLANCHE, H.J., 1973, Die beleg van Kimberley (Ongepubliseerde MA-verhandeling, PU vir CHO).

THEAL, G.M., 1915, History of South Africa from 1795 to 1872 vol. 1, London, Allen & Unwin.

THOM, H.B., 1936, Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika, Amsterdam, Swets & Zeitlinger.

VAN AARDT, J.M.H., 1958, Die Botha-Bewind in Transvaal 1907-1910 (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif).

VAN JAARSVELD, F.A., 1959, Die ontwaking van Afrikaanse nasionale bewussyn 1868-1881, Johannesburg, Voortrekkerpers.

VAN JAARSVELD, F.A., 1950, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870CArgiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1971).

VAN LINGEN, A.L. (samesteller), 1960, 'n Eeu van vervoer 1860-1960, Johannesburg, Da Gama-Publikasies.

VAN ZYL, P.H.S., 1966, Die geskiedenis van Wolmaransstad, Wolmaransstad, Die Kultuurvereniging van Wolmaransstad.

VENTER, W.A., 1961, Die geskiedenis en invloed van die Wesleyaanse sending in die Transvaal gedurende die 19e eeu (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, UOVS).

VORSTER, J.D., 1939, Die verdedigingstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1864 (Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP).

## 2. LETTERKUNDIGE BRONNE

ANDERSON, A.A., 1974, Twenty-five years in a wagon, Cape Town, Struik.

COPE, R.L. (ed.), 1977, The journals of Rev. T.L. Hodgson, Johannesburg, Africa Institute.

DE LA REY, genl. J.H. en genl. J.C. SMUTS, Ambtelijke verslagen van Generaal J.H. de la Rey en Generaal J.C. Smuts, alsook andere stukken betreffende den oorlog in Zuid-Afrika, kort geleden ontvangen door de Boerenvertegenwoordigers in Europa, en met hun toestemming openbaar gemaakt, 1901, Amsterdam, Algemeen Nederlandsch Verbond.

EEN HOLLANDER (pseud.), 1898, Toen en thans, Kaapstad, Dusseau.

KIRBY, P.R., 1940, The diary of dr. Andrew Smith vol. 11, Cape Town, Van Riebeeck Society.

KOEKEMOER, O., 1985, Persoonlike mededelings aan outeur, Wolmaransstad.

KOTZE, C.R., 1942, My ballingskap, Bloemfontein, NPB.

VAN WYK, J.H., 1971, Die Mauser knal, Johannesburg, Perskor.

WARREN, SIR, C., 1902, On the veldt in the seventies, London, Isbister.

3. PERIODIEKE PUBLIKASIES

a) KOERANTE

The Johannesburg Star, 1907

Potchefstroom Budget, 1888-1903

The Potchefstroom Herald, 1909-1972

De Potchefstroomer, 1883-1903

Transvaal Argus, 1860-1869

Western Chronicle and Potchefstroom Budget 1906

De Volkstem, 1888-1903

b) JAARBOEKE

The Argus Annual and South African Directory, 1889 en 1892

South African Who's Who 1909

South African Yearbook 1903-1904

c) ALMANAKKE

Nederduitsch Gereformeerde Kerk Almanak 1910

Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika Almanak 1910

Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1897 en 1899

4. TYDSKRIFARTIKELS

PELZER, A.N., Die "Arm-Blanke" in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899 (Historiese Studies, deel 2, 1940 en deel 2, 1942).

5. REGERINGSPUBLIKASIES

Annexures to the Minutes of the Legislative Assembly 1908.

Annexures to the Minutes of Proceedings of the Legislative Assembly 1909.

Annexures to the Minutes of Proceedings of the Legislative Council 1908.

Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1909.

Annexures to the Votes and Proceedings of the Legislative Assembly 1910.

Eerste Volksraadsbesluite 1893 en 1894.

Executive Council Transvaal, Minutes from 21st June 1902 to 31st December 1902.

Executive Council Transvaal, Minutes from 12th January 1903 to 24th June 1903.

Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885.

Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890-1893.

Military reports on the Transvaal, no. 2, 1907.

Minutes of the meetings of the Executive Council July to December 1903.

Minutes of the meetings of the Executive Council January to June 1905.

Notule van die debatten van de Wetgevende Raad van de Transvaal 1910.

Notule van die Eerste Volksraad 1893, 1895, 1898 en 1899.

Notule van die Tweede Volksraad 1898

Notule van die Uitvoerende Raad 1897.

South African Colonies: Transvaal Handbook 1904.

Staats-courant der Zuid-Afrikaansche Republiek 1874-1898.

Transvaal Education Department, Report for the year ended 30th June 1907.

Transvaal Goverment Notice 1905.

Verslagen van den staat van het gesubsidiëerd- en van het staatsonderwijs in de Z.A.R. over het dienstjaar 1898.

## 6. ARGIVALE BRONNE

### a) GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

#### REGERINGSPUBLIKASIES

BREYTENBACH, J.H. (samesteller), Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal deel 3, 1854-1858.

BREYTENBACH, J.H. (samesteller), Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal deel 4, 1859-1863.

BREYTENBACH, J.H. en D.C. JOUBERT (samestellers), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 5, 1864-1866.

BREYTENBACH, J.H. (samesteller), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 6, 1866-1867.

JOUBERT, D.C. (red.), Suid-Afrikaanse Argiefstukke deel 7, 1867-1868.

KRYNAUW, D.W. en H.S. PRETORIUS (samestellers), Transvaalse Argiefstukke 1850-1853.

PRETORIUS, H.E. e.a. (samestellers), Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849.

b) ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1. ARGIEF VIR WES-TRANSVAALSE GESKIEDENIS, FERDINAND POSTMA-BIBLIOTEEK, PU VIR CHO

A.R. Fleischack-versameling

Makwassie-versameling

J. Orford-versameling

F. van Zwieten-versameling

Wolmaransstad-versameling

2. GEREFORMEERDE KERKARGIEF POTCHEFSTROOM

Notuleboek van die Gereformeerde Kerk Wolmaransstad, 1899-1923.

3. NEDERDUITS HERVORMDE KERKARGIEF, PRETORIA

Doopboek der Nederduitsch Hervormde Gemeente van Wolmaransstad/Makwassie 1892 - 11 Januarie 1911

4. STAATSAKTEKANTOOR

Landregister

5. TRANSVAALSE STAATSARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

Wolmaransstad-versameling

## ABSTRACT

There are two distinct stages in the history of Wolmaransstad before the establishment of the Union of South Africa, viz one before and the other after the Anglo-Boer War. The first stage brought the development of an established farming community and a viable village community with all basic public services required by the population of the district.

White settlement in the district dates back to 1823 when missionaries Broadbent and Hodgson of the Wesleyan Missionary Society settled among the Barolong near the present Witpoort. However, their missionary work was terminated in 1825 when they moved with the tribe to the Orange Free State. The Voortrekkers were the next whites to enter and to settle in the Wolmaransstad district in the forties. From 1845 onward they gradually moved westward from Potchefstroom te settle in the present Wolmaransstad district. This stage of settlement was completed around 1870 when all the farms available in the district had been occupied.

The Wolmaransstad district was in demand among the Boers because there were very few Blacks in the area and because the climate and the indigenous vegetation of the district were condusive to stock farming. Initially the Boers practised farming mainly for their own sustenance, but as the subdivision of the farms increased and more scientific and intensive farming methods were introduced because of the discovery of diamonds and gold, dry-land farming became more common and mixed farming was introduced in the district.

The history of farming in the Transvaal in the nineteenth century is the story of a long battle against all the problems which beset it. The problems of the pioneer days revolved around the process of taming the land and of settling on it. There was great poverty among the Boers which was brought about by the instability and disruption of the Great Trek. In the course of time some were able to overcome this problem, whilst others became labourers and city dwellers.

In the poineer days beasts of prey were a very real menace to the farmers' stock herds but this problem gradually disappeared as the district became settled. The Blacks created a very real problem from the fifties. This poor relationship was a menace to the Boer and his dear ones as well as to his property and it increasingly disrupted his farming activities. Relations between Boers and Blacks became very tense and came to a climax during the Anglo-Boer War when the Blacks joined the British forces against the Boers.

Furthermore farming activities were greatly hampered by a shortage of labour. To solve this problem the Boers turned to the Blacks and eventually came to lean so heavily upon them that black labour became an indispensable element of farming activities. Farmers were at a complete loss when many thousands of farm labourers were enticed away from the farms by higher wages after the establishment of the diamond and gold mines in the seventies and eighties. This problem was aggravated by sqautting on unoccupied farms and by the rinderpest through which many Blacks lost all their livestock and were driven from the farms to the cities. By the end of the nineteenth century it was the labour shortage which had the most crippling effect on farming.

Initially there was no shortage of water but it was gradually brought about by the subdivision of the farms. This problem was not to be solved within the period covered by this thesis. Windmills were introduced and put to general use only after the advent of the Union. During the first few decades farming was severely hampered by the absence of adequate marketing facilities which prevented the transition from sustenance farming to a more specialised form of farming. The possible advantages of markets created by the discovery of diamonds in Kimberley and of gold on the Witwatersrand were offset by the long distances and the bad roads. This problem was felt throughout the nineteenth century.

Nature and its elements also created certain farming problems. The farmers of the time were rather defenseless against and in fact often ruined by factors such as prolonged droughts, locusts and plant and stock diseases. The rinderpest alone mowed down more than 30000 head of cattle in the Wolmaransstad district. Many farmers snapped under

these losses and were driven off the farms. Then farmers had to face such problems as unfenced farms, the impoverishment of the soil and the shrinking of farms caused by ill-considered subdivision of land.

Farmers in the Wolmaransstad district had to face these problems which were very common in the nineteenth century. Some were solved successfully whilst others seemed to get worse. Towards the end of the nineteenth century the total impact of these problems placed the farming community in a precarious position which eventually brought financial ruin to many farmers when coupled with the crippling effect of the Anglo-Boer War on the agricultural industry.

Until 1876 when T.S. Leask opened a trading store at Makwassiespruit, farming was the only economic activity in the district. But this introduced a new era in which trading was practised in addition to farming. In effect the opening of the store was the establishment of the town. The store soon became a venue for traders, hunters, farmers and transport riders. And eventually there grew a settlement around the store which by the outbreak of the Anglo-Boer War had become the town of Wolmaransstad. Among the landmarks in this process of development of the town and district were the proclamation of the town in 1891, the proclamation of Wolmaransstad as a seperate magisterial district in 1894, the demarcation of district boundaries in 1895, the appointment of a magistrate in 1896 and the building of a gaol and police station in 1896 and 1897 respectively. The first hotel was erected in 1888 followed by the extension of postal amenities through the introduction of a telegraph office in 1889 and money-order facilities in 1891. A health committee was established in 1896 whilst a lawyer and a medical practitioner opened their practices in 1896 and 1899 respectively.

In the religious field the people of the district had to rely upon the services of visiting parsons from the three Afrikaans denominations from Potchefstroom. They conducted religious services in the Makwassie area at least once per year to administer the baptism, the Holy Communion and the confirmation. The Rev. D. van der Hoff of the Hervormde Kerk at Potchefstroom played a prominent rôle in this connection. However between 1878 and 1899 all three of the Afrikaans denominations founded

their own independent congregations in the district. The first was the congregation of the Hervormde Kerk founded at Witpoort in 1878. In 1892 it founded a congregation at Wolmaransstad as well. Later in 1878 the Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk also founded a congregation at Witpoort, but moved it to Wolmaransstad shortly afterwards where it erected its church building in 1891. The Rev. Paul Nel played a prominent rôle in the initial stages. The Wolmaransstad congregation of the Gereformeerde Kerk was founded in 1898. Because of the large area to be served, of its sparse population and the absense of the stimulating effect which could have been expected from schools in the area, the actual establishment of church congregations was extended over fairly lengthy periods.

In the Wolmaransstad district the Church paved the way for education. At Witpoort the first school was erected eight years after the foundation of the first congregation. This was the first to provide education on an organised basis. Formerly education had to be provided by the parents themselves or by migrant teachers, both methods producing rather poor results. Even the establishment of government schools did not really solve this problem. It was only after the passing of the Mansvelt law in 1892 that standards really improved. In fact it was until the outbreak of the Anglo-Boer War that education in this district was to be seriously hampered by the shortage of qualified teachers, suitable accomodation, parental indifference towards education and sheer poverty.

In the period before the Anglo-Boer War numerous small schools made their appearance in the district, but many of them were short-lived. At the outbreak of the War, fourteen school were still functioning - the largest being Wolmaransstad with an enrollment of 70. However the Anglo-Boer War soon caused the total collapse of the educational system.

The outbreak of the Anglo-Boer War in 1899 brought a gloomy ending to the nineteenth century history of the Wolmaransstad district. It brought about the undoing of all the creative work in the district over more than half a century. Even though the first clashes with the enemy in the district took place nine months after the outbreak of war the Wolmaransstad Commando whole-heartedly threw in its weight with the

Boer forces right from the beginning and it remained in the field until the end of the war. Under leaders such as General S.P. du Toit and Commandant F.J. Potgieter the commando faced the enemy in battles well beyond the district boundaries. They took part in the siege of Mafeking (Mafikeng) and of Kimberley and in the Battle of Paardeberg. These diehards even took part in the last battle of the War at Rooiwal where they sustained heavy losses. In the course of the War many members of the commando were taken prisoner and sent to prisoner-of-war camps overseas where some of them died.

In civilian life the people of Wolmaransstad suffered the same lot as did the rest of the South African Republic. Women and children were taken to concentration camps where many of them died. Most farms were destroyed and stripped of livestock. In July 1901 the British forced all the inhabitants of Wolmaransstad to evacuate the town before they raided and damaged it to near destruction. So both the town and the district were ruined by the war.

The post-war period demarcates a new stage of development, viz that of rebuilding and recreation. The beginning of this stage was a very low eb in the history of the town and the district. In every sense of the word the people of the town and district had to arise from the ashes of war. They had to rebuilt virtually every aspect of their lives. The burghers were plunged into a battle for survival as they were in the pioneering days, except that now they had to meet far greater demands.

Farming still presented the same problems as before the war, except that the impoverishment of the war left the farmers far more helpless and vulnerable than they were before. Rehabilitation aid provided by the government was completely inadeqaute. So in the rebuilding of his farm the farmer had to rely entirely upon his own resources and initiative. Many farmers were unable to live up to these demands and were forced off the land. Those who were able to meet the demands of this period of reconstruction could by 1910 reap the benefits of General Louis Botha's progressive agricultural policy and could begin to look forward to a brighter future.

The Church played an important rôle in the entire process of reconstruction. During the traumatic post-war years the burghers looked up to the Church for moral and material support. So all three Afrikaans Churches had to resume their activities in the district at the earliest possible time. But all the congregations were in dire financial need because of the poverty of their members, the decline in their numbers and damage to church property. The Church and its members therefor had to look to each other for mutual support. Fortunately the average church member was a person of substance who maintained high religious and moral qualities, who could make the sacrifices demanded by the lean years, who could survive and who could soon resume normal church activities. By 1910 all three Dutch Reformed denominations were again functioning in the district, were firmly established and two of them had their own full-time ministers and church buildings.

The town which had been virtually razed to the ground during the war was rebuilt and resumed its former character. By 1910 it again offered all its former services and facilities and even boasted a bank and a library. There were a marked increase in the population, the municipal dam was completed as an essential facility to the community and the town enjoyed municipal status. So, by contemporary standards the town had indeed become re-established and enjoyed bright prospects for the future. It had growth potential and waited only for a railway line to stimulate further economic activity.

Summing up it may be said that the history of Wolmaransstad may serve as a typical example of the story of the Voortrekkers and their descendants and of their pioneering work north of the Vaal River in taming, cultivating and settling the country. It reflects their initial battle against wild animals, savages, poverty, the elements of nature, stock diseases and finally against British imperialism. It is a story of courage, perseverance and an unquenchable driving force which spurred on the Boer in his battle of survival - a battle in which many perished. This pioneering history in which people like Thomas Spence Leask aquired undying fame is also the story of a community which after surviving the melting-pot of a destructive war, was strengthened by it to rise again

for rebuilding a town and district which would provide a viable foundation to future generations.